

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 58 | Volume 58 | **DESEMBER 2018**
Nommer 4-2 | Number 4-2 | **DECEMBER 2018**



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



4-2

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Suid-Afrika/South Africa

Desember / December 2018

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/
Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

Susan Meyer – Afrikaans (Opvoedingswetenskappe)/Afrikaans (Education Sciences)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese
Burgerskaponderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic
Citizenship Education

Internasionaal/International

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious
Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit
Leuven, België)

Ex officio: D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2018 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2018 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R350,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 58 Nommer 4-2, Desember 2018 / Volume 58 Number 4-2, December 2018

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2):

JS WESSELS EN JC PAUW

Die sogenaamde gaping tussen getuienis en beleid: Die geval van die De Lange-verslag / *The so-called "evidence-policy gap": The case of the De Lange report* 861

ENGELA PRETORIUS

Mans se rol in die stryd om genderegterigheid: 'n Historiese oorsig van antifeminisme en profeminisme / *Men's role in the quest for gender justice: A historical overview of antifeminism and profeminism* 887

JAKO OLIVIER

Die stand van aanlyn oop opvoedkundige hulpbronne in Afrikaans: Afrikaansonderrig as 'n gevallestudie / *The state of online open educational resources in Afrikaans: Afrikaans teaching as a case study*..... 905

FRANCOIS STEYN

Om na uitbuiting toe te vlug: Die geval van immigrante wat as motorwagte werk / *Fleeing to exploitation: The case of immigrants who work as car guards* 925

PIET STRAUSS

Kerk en staat in twee gereformeerde kerkordes: 'n Ontleding van die Kerkordes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Ned Geref Kerk ná 1962 / *Church and state in two reformed church orders: An analysis of the orders of the Reformed Churches in South Africa and the Dutch Reformed Church post-1962* 940

CILLIERS VAN DEN BERG

Die belyning van 'n kwartet-konfigurasie: Opmerkings oor mineur- en majeur letterkundes / *Outlining a quartet configuration: Notes on minor and major literatures* 955

KARLIEN CONRADIE

Die estetiese ingesteldheid as psigoterapeutiese kwaliteit in 'n hoofsaaklik apatiese, gedigitaliseerde omgewing / *The aesthetic disposition as psychotherapeutic quality in a mainly apathetic, digitalised environment* 976

HJ STEYN, CC WOLHUTER, ZL DE BEER EN D VOS

Produktiwiteit in die onderwysstelsel: Kan dit deurlopend verbeter? / *Productivity in the education system: Can it be improved on a continuous basis?* 992

AKTUEEL

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteursnota 1009

REINHARDT FOURIE

Duiwelsadvokate en die ekokritiek: 'n Respons op Carien Smith se ekokrities-filosofiese benadering van Riana Scheepers se kortverhaal “Katvoet” / *Devil's advocates and eco-criticism: A response to Carien Smith's ecocritical-philosophical approach to Riana Scheepers's short story “Katvoet”* 1010

TAALRUBRIEK

TOM MCLACHLAN

Oor 'n skryfwyse 1015

UITNODIGING

Suid-Afrikaanse dramavertalings en -verwerkings 1017

Die sogenaamde gaping tussen getuienis en beleid: Die geval van die De Lange-verslag¹

The so-called “evidence-policy gap”: The case of the De Lange report

JS WESSELS EN JC PAUW

Departement Publieke Administrasie en Bestuur

Universiteit van Suid-Afrika

Pretoria

E-pos: wessejs@unisa.ac.za

E-pos: koos.kerneels.makpou@gmail.com



Kobus Wessels



Koos Pauw

History is full of ‘accidents and conjunctures and curious juxtapositions of events’ and it demonstrates to us the ‘complexity of human change and the unpredictable character of the ultimate consequences of any given act or decision of men.

Butterfield soos aangehaal deur Feyerabend (2010:1)

| | |
|---|--|
| <p>JS (KOBUS) WESSELS (DPhil, Universiteit van Pretoria) is ’n navorsingsprofessor in Publieke Administrasie aan Unisa. Sy navorsing fokus op betekenisvolle kennis in Publieke Administrasie. Hy is mederedakteur van en bydraer tot verskeie vakkundige boeke, outeur en mede-outeur van meer as 40 portuurbeoordeelde bydraes, asook verskeie ander publikasies en verslae.</p> | <p>JS (KOBUS) WESSELS (DPhil, University of Pretoria) is a research professor in Public Administration at Unisa. His research focuses on meaningful knowledge in Public Administration. He is co-editor of and contributor to several scholarly books, and has authored and co-authored more than 40 peer-reviewed contributions as well as several other publications and reports.</p> |
| <p>JC (KOOS) PAUW is ’n buitengewone professor in Publieke Administrasie aan Unisa. Hy promoveer by die Randse Afrikaanse Universiteit in die Filosofie onder professor PGW du Plessis op grond van ’n proefskrif, “Die filosofie en die bewerking van kontekste”. Ná ongeveer 15 jaar as dosent word hy staatsamptenaar in 1985. By die Kempton Park-onderhandelinge, wat tot die 1993-Grondwet sou lei, het hy as amptenaar van die regering bygedra tot die skryf van die taalklausule. In 1995 word hy dosent aan Unisa.</p> | <p>JC (KOOS) PAUW is a professor extraordinaire in Public Administration at Unisa. He received his doctorate at the Rand Afrikaans University, under supervision of Professor PGW du Plessis, on account of a thesis dealing with the epistemology of philosophy. After 15 years as a lecturer, he joined the civil service in 1985. At the constitutional negotiations at Kempton Park, which led to the 1993 Constitution, he was co-author of the language clause in his capacity as a government official. He became a lecturer at Unisa in 1995.</p> |

¹ Dankie aan Johan Beckmann, Huw Davies, Professor Pieter de Lange, mnr JF Steyn, Danie van den Berg, Christa van Zyl, Roe Venter, Jo Muller en die keurders vir hulle bydrae. ’n Spesiale dank aan Jan Bosman en die Afrikanerbond vir toegang tot hul argief.

ABSTRACT***The so-called “evidence-policy gap”: The case of the De Lange report***

This article throws light on the literature about the evidence-policy gap in evidence-based or, as we are going to call it, research-informed policy following on the study of a classic case in South Africa, namely the so-called De Lange report on the provision of education in the RSA. The question is: to what extent did the said report serve as a basis for subsequent policy of the government of the day regarding education, and what was the role of the principal-agent relationship in this?

An ongoing theme in the literature regarding research-informed policy (evidence-based policymaking) is the apparent inability of academics to influence policy with the results of their research. An investigation of the De Lange report therefore promises to supplement or refute elements of the literature. At the same time, this report comes from a period in the South African history when it foreshadowed the great changes, which would come a decade later in a striking manner, and which might even have partially initiated these changes. Our article may therefore also have intrinsic historiographic value.

The article starts with a short overview of the literature, which is followed by an exposition of what we understand by the case study approach. After that, we discuss the origin, historical context, role players, course, results and outcome of the HSRC investigation into education. In searching for answers regarding the question about the extent to which the De Lange report gave direction to subsequent policy regarding education, we ask the following questions:

- *To what degree did the specific nature and intensity of interaction between members of the HSRC investigation and the policymakers determine the influence of the De Lange report on government policy?*
- *To what degree did the spirit of the times and divergent policy agendas hamper or promote the acceptance of the recommendations in the De Lange report?*

The question regarding the influence of the specific nature and intensity of interaction between the HSRC role-players and the policymakers in government policy is guided by the literature about research-based policymaking. The preponderance of studies on this topic focuses on the interaction and supposed distance between policy advisers (researchers) and policymakers as explanation for the degree to which researchers succeed in convincing policymakers of the value of the research results. Although the nature of the interest groups within our case study corresponds to a large degree with what is described in the literature, this case shows a distinct overlap of interests between the interest groups which narrowed the “theoretical” gap between them in practice. There was in this case therefore no mention of a gap, which had to be bridged to convince the principal of the value of research. The literature regarding the distance between policy advisers and policymakers therefore does not explain this particular case.

In order to promote the awareness and acceptance of the results and suggestions, the research team launched a comprehensive communication campaign, even before the official publication of the report. Probably as a result of its scientific integrity, the report could withstand the test of robust discussion and investigation. No conclusive evidence could be found that this campaign substantially strengthened the influence of the research report on the subsequent policy.

It seems from the literature that strong divergent ideas, policy agendas, and political ideologies and interest groups could also influence the official reception of research-informed evidence. Hence, the question regarding the influence of the spirit of the times and divergent policy agendas on the acceptance of the suggestions in the De Lange report for policy. The

interim education working party appointed by the government following the release of the De Lange report played a decisive role in preparing the research evidence for reception by government. This task team drafted a report, which translated the research report politically, before the official policy of government was published as a White Paper.

This study shows that where the political principal was a senior person within the context of the Afrikaner Broederbond as well as the scientific community, he was relatively junior within the caucus and cabinet of the governing party, with the resulting limited personal influence. This, together with other issues, which at the time created an unfavourable party political climate for the principal, explain in part the time lapse between the submission of the De Lange report to the Minister in July 1981 and the introduction of the eventual policy in November 1983. These events, which influenced the period and extent of integration of the scientifically grounded recommendations in government policy and even legislation, confirm the doctrine of limited rationality in terms of policymaking.

With its account of the HSRC investigation into education in South Africa, this article contributes to the use of the case study as approach to policy studies. Faithful to the nature of a case study, the article contributes to a context-rich description of the HSRC investigation into education as a case of research-backed policy. It is a distinctive case of how research results influence government policy. The extent and period of the influence between researchers and policymakers could clearly not be explained by means of the supposed gap between researchers and policymakers. The degree to which this research report did influence government policy also cannot be attributed to the appropriateness and validity of the scientific results. This study showed that the influence of the report on government policy could probably be attributed to the degree to which the integrity of the process could overcome the multiple party political obstacles within the specific historical context. The steady, fragmented, although sustained implementation of the results of the HSRC investigation into education in South Africa, is indeed a distinctive case which falls outside of the scope of the generally held theoretical views regarding research-backed policymaking.

KEYWORDS: evidence-based policymaking; evidence-policy gap; policy studies; principal-agent relationship; reception; De Lange report; evidence; provision of education; Human Sciences Research Council; Afrikaner-Broederbond; F W de Klerk; Gerrit Viljoen

TREFWOORDE: navorsingsgesteunde beleid; getuienis-beleidgaping; beleidstudies; prinsipaal-agentverhouding; resepsie; De Lange-verslag; getuienis; onderwysvoorsiening; Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing; Afrikaner-Broederbond; F W de Klerk; Gerrit Viljoen

OPSOMMING

Hierdie artikel belig die literatuur oor die gaping tussen wetenskaplike getuienis en beleid binne die konteks van bewysgebaseerde of, soos ons dit gaan noem, navorsingsgesteunde beleid vanuit die studie van 'n klassieke geval in Suid-Afrika, naamlik die sogenaamde De Lange-verslag na die onderwys van 1981. Ons vrae is: tot watter mate het die betrokke verslag wel gedien as grondslag vir die opdraggewer, naamlik die regering van die dag, se daaropvolgende beleid oor onderwys, en hoe kan die verhouding tussen die opdraggewer en agent verstaan word? Die De Lange-verslag en die daaropvolgende prosesse van beleidsformulering word in hierdie artikel gebruik as 'n geval om die diskoers oor navorsingsgesteunde beleid te beoordeel. Die verslag wat in 1981 verskyn het, is ons fokus. Ons ontleding van hierdie dokument is aangevul met

insigte vanuit sekondêre bronne wat oor die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN)-ondersoek na die onderwys gepubliseer is, asook deur persoonlike onderhoude en argiefwerk met rolspelers vanuit daardie tyd. Hierdie artikel lewer 'n tweërlei bydrae, naamlik tot die geskiedenis van navorsingsgesteunde beleidmaking in Suid-Afrika, en tot die sogenaamde gaping tussen twee gemeenskappe (navorsers en beleidmakers) as verklaring vir die beperkte invloed van navorsing op beleid. Die studie het bevind dat die mate waartoe die RGN-ondersoek na die onderwys wel regeringsbeleid beïnvloed het, 'n direkte gevolg was van die mate waartoe dit die veelvoud van partypolitieke hindernisse en navorser-beleidmaker kompleksiteite kon oorkom. Dit is inderdaad 'n eiesoortige geval wat buite die bestek van die algemeen geldende teoretiese beskouings oor navorsingsgesteunde beleidmaking val.

1. INLEIDING

Hierdie artikel belig die literatuur oor die sogenaamde gaping tussen wetenskaplike getuienis en beleid binne die konteks van bewysgebaseerde of, soos ons dit gaan noem, navorsingsgesteunde beleid (“evidence/research-based policy”) na aanleiding van 'n studie van 'n klassieke geval in Suid-Afrika, naamlik die sogenaamde De Lange-verslag na die onderwys van 1981: *Onderwysvoorsiening in die RSA* (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing [RGN] 1981), soms genoem die “RGN-ondersoek na die Onderwys”.² In die memorandum aan die Regering vooraan die hoofverslag van die De Lange-verslag (hierna die “Hoofverslag”) skryf die President van die RGN, dr. J G Garbers: “Ek vertrou dat hierdie ondersoek en die aanbevelings wat gemaak word, die nodige *basis* sal kan verskaf vir komende *besluitneming* oor die onderwys” (ons klem). Later moes dr. Garbers erken dat “daar tussen 'n navorsingsbevinding en aanbeveling en die uiteindelige implementering daarvan 'n baie ingewikkelde proses verloop. Nooit verloop hierdie proses eenduidig nie” (Garbers 1984:5). Die voor die hand liggende vrae is dus: tot watter mate het die betrokke verslag wel gedien as grondslag vir die opdraggewer, naamlik die regering van die dag, se daaropvolgende beleid oor onderwys, en hoe kan die verhouding tussen die opdraggewer en agent verstaan word?

Hierdie vraag sluit direk aan by die Publieke Administrasie-literatuur oor navorsingsgesteunde beleidsformulering wat oor die afgelope paar dekades 'n redelike omvang bereik het. 'n Deurlopende tema in die literatuur is die oënskynlike onvermoë van akademici om beleid te beïnvloed met hulle navorsingsresultate (Head, Ferguson, Cherney & Boreham 2014; Banks 2016; Cairney 2016a:129). Hierna word verwys as die “evidence-policy gap”. Een van die verklarings wat dikwels vir hierdie onvermoë aangebied word, is die veronderstelde gaping tussen navorsers en beleidmakers (Smith 2013:384; Cairney, Oliver & Wellstead 2016:399-402). Behalwe vir die twee Suid-Afrikaanse bydraes deur Cloete (2009, 2017) gaan die literatuur mank aan getuienis in die vorm van Suid-Afrikaanse gevallestudies van navorsingsgesteunde beleidsformulering.

'n Ondersoek na die De Lange-verslag belooft dus om dit wat reeds oor hierdie gaping geskryf is, aan te vul of te weerlê. Terselfdertyd kom hierdie verslag uit 'n wenteltydperk van die Suid-Afrikaanse geskiedenis waarin dit die groot veranderinge wat 'n dekade later sou

² In 1991 verskyn daar 'n verslag van die RGN deur C van Zyl: *The De Lange report: ten years on – an investigation into the extent of the implementation of the 1981 HSRC Investigation into Education*. In die voorwoord tot hierdie publikasie dui die navorsingsleier, De Lange, self aan dat dit gesien kan word as 'n gevallestudie oor navorsingsimplementering: “much could be learned about the nature of research implementation by means of such a case study” (Van Zyl 1991:ix).

uitspeel op 'n treffende manier voorafgeskadu en selfs gedeeltelik aan die gang gesit het. Ons artikel kan dus ook intrinsieke historiografiese waarde hê aangesien die De Lange-verslag moontlik in die algemene geskiedskrywing verwaarloos is.³ Ons begin met 'n kort oorsig oor aspekte van die literatuur. Dit word gevolg deur 'n kort uiteensetting van hoe ons die betrokke gevallestudie aangepak het. Daarna word die ontstaan, historiese verband, rolspelers, verloop, resultate, resepsie en afloop van die RGN-onderzoek na die onderwys bespreek. Die verhaal oor die RGN-onderzoek na die onderwys word dan op sy beurt gebruik om 'n bydrae tot die literatuur te maak en sekere gapings aan te vul of aanpassings aan te moedig.

2. WOORDKEUSE EN 'N TEORETIESE PERSPEKTIEF

In Engels is die algemeenste verwysing na “evidence-based policymaking” (Wyatt 2002:13; Edwards 2005; Head 2008, 2013; Rhodes 2015; Cairney 2016b), “research-based” beleidsadvies (Elliott & Popay 2000:463; Lomas & Brown 2009:903; Banks 2016:33), en “evidence-informed policymaking” (Parsons 2002; Wyatt 2002; Lomas & Brown 2009; Dicks et al. 2014; Cairney 2016a; Head 2016; Shergold 2016; Cloete 2017). Hoewel die terme as sinonieme gebruik word, stem ons saam met Lomas en Brown (2009:905) dat die genoemde beleidsadvies eerder 'n geval van inlig is as van baseer. Gevolglik gebruik ons in hierdie artikel die woord “gesteun” (met die bedoeling dat beleidmakers ingelig word deur getuienis oor 'n saak te lei) in plaas van “baseer”, ten spyte van die voorkeur wat in die Afrikaanstalige bronne aan “baseer” gegee word. In die diskoers van die RGN self oor hulle verslag, word daar van die “implementering” van navorsing gepraat (Garbers 1984; Van Zyl 1991).

Dit blyk voorts dat daar in Afrikaans twee terme vir die Engelse “evidence” gebruik word, naamlik “bewys” en “getuienis”. So word daar verwys na bewysgebaseerde gesondheidsorg (Universiteit van Stellenbosch [US] 2012:55; FGGW Bemarking & Kommunikasie 2016; Young 2017), geneeskunde (Universiteit van Pretoria 2016), onderwys (Barnard 2015), afrigting (Veldblom 2009), en beleid (Jules-Macquet 2016). Ander outeurs verwys weer na getuienisgebaseerde evaluering (US 2016:6), oplossings (Noordwes-Universiteit 2015), besluitneming of beleidsverbetering (US 2012:32; Wes-Kaapse Regering 2015:25). Waar die woord “bewys” oorwegend binne die mediese verband, soos hierbo, gebruik word en dikwels na die resultate van eksperimentele of kwasi-eksperimentele ewekansig gekontroleerde studies verwys (Cairney 2016a:52-53, 73-75; Cloete 2017:110), is dit nog nie bewyse in die streng sin van die woord nie. Daarom verkies ons om in hierdie artikel die woorddeel “gesteunde” te gebruik.

Die verskynsel waaroor dit hier gaan, neem verskillende vorme aan. Daar is 'n spektrum tussen beleid wat sogenaamd deur empiriese getuienis “bewys” word, aan die een kant, en beleid wat gesteun word deur die werk wat deur vakkundiges en/of navorsingsinstellings as navorsing (wat metanavorsing kan wees) aangebied word, aan die ander kant. Die De Lange-verslag wat ons hier bespreek, val aan laasgenoemde kant van die spektrum. Gevolglik gebruik ons in die res van die artikel die term “navorsingsgesteunde beleid”.

Dit blyk uit die omvangryke Publieke Administrasie-literatuur oor navorsingsgesteunde beleid dat die mate waarin navorsing beleid beïnvloed, 'n deurlopende vraagstuk bly (Marston & Watts 2003; Head 2008, 2016; Banks 2009, 2016; Cloete 2009, 2017; Bax, De Jong &

³ Giliomee ignoreer byvoorbeeld die Onderzoek in sy boek *Die Laaste Afrikanerleiers – 'n Opperste toets van mag*, terwyl ongeveer 17 bladsye aan die Wiehahn-kommissie en sy konteks gewy word (Giliomee 2012:151-168). Hierteenoor het Davenport (1988:459-460) wel kortliks aandag aan die verslag gegee.

Koppenjan 2010; Stanhope & Dunn 2011; Schorr, Farrow & Sparrow 2014; Watts 2014; Newman, Cherney & Head 2016; Cairney 2016a, 2016b; Cairney, Oliver & Wellstead 2016). Een van die oudste verklarings wat binne Beleidstudies gebruik word, is die sogenaamde twee-gemeenskap-teorie waarvolgens die mate waarin navorsing beleid beïnvloed bepaal word deur die aard en grootte van die gaping tussen navorsers en beleidmakers (Caplan 1979:460). Ten spyte van sterk kritiek teen hierdie teorie deur onder meer Wings (1990), word hierdie teorie steeds algemeen as 'n werkbare verklaring gebruik (Edwards 2005; Richardson 2013; Cairney et al. 2016; Arinder 2016). Gevolglik dien hierdie teoretiese perspektief as vertrekpunt vir ons poging om sin te maak van die mate waartoe die De Lange-verslag wel leiding verskaf het aan die daaropvolgende beleid oor onderwys. Ons het onself die onderstaande vrae afgeva:

- Tot watter mate het die spesifieke aard en intensiteit van interaksie (kyk in dié verband na Cairney et al. 2016:400) tussen die RGN-ondersoekspan en die beleidmakers die invloed van die De Lange-verslag op regeringsbeleid bepaal?
- Tot watter mate het die tydsgees, uiteenlopende beleidsagendas en dus ander rolspelers as die RGN en die regering-van-die-dag die aanvaarding van die aanbevelings in die De Lange-verslag vir beleid belemmer of bevorder?

Die De Lange-verslag en die daaropvolgende prosesse van beleidsformulering is na ons oordeel 'n ideale geval om die geldigheid van die begrip *navorsingbeleidgaping* binne die diskoers oor navorsingsgesteunde beleid te beoordeel. 'n Belangrike faktor by die keuse en ontleding van die geval is die geval se konteks (kyk in dié verband Cairney 2016b:29). Ons glo dat dit juis die uniekheid van hierdie verband is wat dit moontlik maak om deur middel van ryk beskrywings van die gebeure sin daarvan te maak.

Ten einde 'n diepgaande en genuanseerde ondersoek van die verskynsel binne die spesifieke verband waarin dit plaasgevind het, te doen, het ons die enkelgeval-navorsingsontwerp (Mnculwane & Wissink 2014:99; Yin 2009:47; Zongozzi & Wessels 2016:219-221) gebruik vir 'n ryk en omvattende historiese beskrywing van die geval. Gedagtig daaraan dat die De Lange-verslag reeds in 1981 verskyn het, het ons hoofsaaklik 'n hermeneutiese ontleding van primêre tekste (gepubliseerde ondersoekverslae, beleidsdokumente asook argiefstukke van die Afrikaner-Broederbond) gedoen. Die ontleding van hierdie dokumente is aangevul en toegelig deur enkele persoonlike onderhoude met rolspelers en kenners uit daardie tyd. Voorts is ons ontleding en interpretasie van die gebeure versterk met insigte uit sekondêre bronne oor die RGN-onderzoek na die onderwys sowel as algemene historiese werk oor die periode.

3. RGN-ONDERSOEK NA DIE ONDERWYS

Met inagneming van die klem wat Yin (2013:321) op die historiese en werklikheidsverband van 'n gevallestudie plaas, is 'n begrip vir die historiese verband, die aard en belange van die rolspelers, die verloop van die ondersoek, asook die omvang en inhoud van die daaropvolgende verslag van wesenlike belang vir 'n begrip van die moontlike invloed van die RGN-onderzoek na die onderwys op daaropvolgende onderwysbeleid. In vereenselwiging met Flyvbjerg (2006:224) se beskouing oor die waarde van konteksryke kennis, begin ons met 'n bespreking van die historiese verband van hierdie geval.

3.1 Historiese verband

Die Nasionale Party-regering het in 1980 die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) aangestel om 'n omvattende ondersoek na die onderwys in Suid-Afrika te doen. Die opdrag is op 25 Junie 1980 gegee volgens die adres (dekbrieff) aan die Eerste Minister, P. W. Botha, en sy kabinet vooraan die *Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die Onderwys: Onderwysvoorsiening in die RSA* van 1981 (RGN 1981). Die opdrag word gegee in die tydperk tussen die landswye algemene opstande begin deur leerders (“students”) in 1976 in Soweto teen pogings om Afrikaans as onderrigtaal in die Swart Onderwys af te dwing, en die aanvaarding van die 1983-Grondwet (Republiek van Suid-Afrika [RSA] 1983a). Die Soweto-opstande volg kort nadat die koloniale heerskappy in Mosambiek (op 25 Junie 1975) en Angola (op 11 November 1975) formeel tot 'n einde gekom het en in 'n tyd toe Suid-Afrika se bestuur van Suidwes-Afrika in die gedrang gekom het. 1980 is ook die jaar waarin ZANU-PF in Zimbabwe aan bewind kom.

In Suid-Afrika is die verslag van die Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep (die sogenaamde Erika Theron Kommissie) op 18 Junie 1976 in die Volksraad ter tafel gelê (Theron & Du Toit 1977:4). Voorts het die regerende Nasionale Party in 1977 besluit om drie afsonderlike wetgewers vir wit, bruin en Indiërgroepe in te stel.⁴ In dieselfde tydperk is die sogenaamde Riekert- en Wiehahn-kommissies werksaam, en lei tot die liberalisering van instromingsbeheer en arbeidswetgewing (De Clercq 1979).⁵ Die 1983-Grondwet (RSA 1983a) het nasionale Suid-Afrikaanse stemreg uitgebrei⁶ na “Indiërs” en “Kleurlinge”⁷ en was 'n erkenning dat die vanselfsprekende aanvaarding van Blanke senioriteit en die mag wat daarop gebaseer was, iets van die verlede was. Die feit dat die algemene opstande teen die Nasionale Party-regime in 1976 in die skole begin het en die besef van jong Swartes ('n tweede geslag van die *young lions*⁸) se hoë rewolusionêre potensiaal het die onderwys in dié tyd van baie meer as net sektorale belang gemaak.

'n Verdere faktor wat volgens ons bronne die regering genoopt het om radikaal na die onderwysstelsel te kyk, het te doen gehad met tekorte aan opgeleide tegnici (Van den Berg 2018). Voldoende getalle tegnici is nie in dié tyd in Suid-Afrika opgelei nie en dit het veral vir Swart jongmense gegeld: “Career education, in fact, never materialized in Black schools,

⁴ Kyk vir 'n meer uitgebreide bespreking na Giliomee (2004:557–558)

⁵ Die aanvaarding van sommige voorstelle van hierdie twee kommissies – maar ook van die RGN-ondersoek na die onderwys – kan op verskillende maniere verstaan word. As 'n mens die Afrikaanregering wil demoniseer, was dit gevalle van repressiewe toleransie (sien byvoorbeeld Marsh 1982); insgelyks is dit van regs as “boedel oorgee” geïnterpreteer. Die aanvaarding van die aanbevelings van die RGN-ondersoek na die Onderwys sou die regering morele hoë grond laat wen het met die oog op onderhandelinge in die toekoms. Stone (2014) skryf: “Daarom was die ANC dan ook bevrees dat sou die regering vriendeliker en toeskietliker word, dit die Alliansie se magsbasis sou ondermyn” (2014:68). Ons is daarvan oortuig dat die RGN-ondersoek na die onderwys 'n uiting was van links bewegende tendense binne Afrikaan-nasionalisme.

⁶ Die voorstelle vir die bestel wat deur hierdie Grondwet gereël is in kombinasie met die uitkoms van die drie genoemde ondersoeke en ander liberale tendense in die regering, het gelei tot die stigting van die Konserwatiewe Party op 20 Maart 1982, regs van die Nasionale Party.

⁷ Aanhalingstekens word gebruik omdat hierdie twee groepe nie etniese groeperinge was nie. Hulle is dit vandag ook nie, alhoewel die terme voortleef op vele vorms wat 'n mens moet invul. Vandag word die kategorieë gebruik om Blankes uit te sluit – dit terloops.

⁸ sien die hoofstuk “The young lions – South African children and youth in political struggle” (Liddell, Kemp & Moema 1994).

and it became one of the main causes of the 1976 Soweto riots. Black leaders termed the overly academic education their children were receiving as ‘irrelevant education’” (Van den Berg 1996:12). Die onluste het die gety al hoe meer teen die Regering gedraai. Die advertensies wat in oorsese publikasies geplaas is om tegnisi na Suid-Afrika te lok, is in meer as een Europese land gestop met nadelige gevolge vir die Suid-Afrikaanse industrie (Van den Berg 2018). Ons vermoed, op grond van die inligting deur ons bron verskaf (Van den Berg 2018), dat die Regering deur top industrialiste genader is om binne hierdie konteks die onderwys te hervorm, en dat dit ’n belangrike inset sowel in die formulering van die opdrag as die uitvoering daarvan kon gewees het. Dit strook met analyses deur links-radikales dat die ondersoek gedien het om die kapitalisme in Suid-Afrika te versterk (sien byvoorbeeld Chisholm 1983; Collins & Gillespie 1984).

Die onderwys was ook ’n terrein waar die groot ongelykhede in Suid-Afrika duidelik sigbaar was. Dit blyk, byvoorbeeld, uit die verskille in die destydse kwalifikasies van swart en wit onderwysers wat vandag byna ongelooflik klink (sien tabel 3.4 in die Hoofverslag, RGN 1981:62). “Die jaar 1980 is ook deur aanhoudende ontwrigting van onderwys in swart skole gekenmerk” (Stals 1998:539). Terselfdertyd is die regering gekonfronteer met sterk eise ten opsigte van salarisse van die kant van die Blanke georganiseerde onderwysprofessie (Garbers 1984:6). Die Nasionale Party-regering het besef dat onderwys hervorming sowel ’n morele plig as ’n oorlewingstrategie was. Daarom was die aanstelling van die Administrateur-Generaal van Suidwes-Afrika, dr. Gerrit Viljoen, as die Suid-Afrikaanse Minister van Onderwys op 26 Augustus 1980 van besondere belang.

Hierdie energieke en briljante man⁹ het hierdeur die prinsipaal en dus polities verantwoordelik in die Kabinet vir die RGN-ondersoek na die Onderwys geword. Alhoewel dr. Viljoen op die oog af nie die navorsingsopdrag geformuleer of gelaat formuleer het terwyl mnr. Punt Janson nog Minister van Nasionale Opvoeding was nie, weet ons dat hy deel van ’n netwerk was waarvan een van die nodes hoogs waarskynlik die opdrag geformuleer het.

Die regering se opdrag aan die RGN word hier woordeliks weergegee (sien bladsy 1 van die Hoofverslag (RGN 1981)):

U Raad moet in samewerking met alle belanghebbendes ’n wetenskaplike ondersoek op gekoördineerde grondslag instel en binne 12 maande aanbevelings by die Kabinet doen, oor:

- a) beginselriglyne vir ’n prakties uitvoerbare onderwysbeleid in Suid-Afrika ten einde –
 - i) sy inwoners se potensiaal te laat verwesenlik,
 - ii) die ekonomiese groei van Suid-Afrika te bevorder, en
 - iii) die lewensgehalte van al sy inwoners te verbeter.
- b) die organisasie- en beheerstruktuur en finansiering van die onderwys,
- c) die raadplegings- en besluitnemingsmeganismes in die onderwys,
- d) ’n onderwysinfrastruktuur om te voorsien in die arbeidsmarkbehoefte van Suid-Afrika en die selfverwesenliking van sy inwoners, en
- e) ’n program ter bereiking van ’n gelyke gehalte onderwys vir alle bevolkingsgroepe.

Die ondersoek moet uitgevoer word met inagneming van onder andere die bestaande onderwyssituasie, die bevolkingsamestelling in die Suid-Afrikaanse samelewing en die

⁹ Hy is onder andere bekend vir die suksesvolle daarstelling en eerste rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit in 1967, en as intellektueel van formaat [kyk ook na Giliomee (2004:536-537)].

middele wat binne die totale landshuishouding vir die onderwys beskikbaar gestel kan word. Die ondersoek moet gerig wees op alle vlakke van die onderwys, dit wil sê, pre-primêre, primêre, sekondêre en tersiêre onderwys.

Die bewoording en die intellektuele register van die opdrag dui op 'n skrywer of skrywers op senior vlak in die politiek-administratiewe bestel wie se teks aan die Eerste Minister voorgelê is. Dr. Viljoen was toe besig as Administrateur-Generaal in die destydse Suidwes-Afrika. Ons vermoed op grond van gesprekke in Mei 2018 met prof. Pieter De Lange en dr. Roe Venter (later in hierdie artikel genoem) dat dit die President van die RGN, dr. Johan Garbers kon gewees het. In die lig van die literatuur het hierdie opdrag oor verskeie interessante eienskappe oor navorsingsgesteunde beleid beskik waarop ons later ingaan. Hier is dit nodig om 'n paar politieke aspekte uit te wys. “Suid-Afrika” in die opdrag verwys nie na die Suid-Afrika van vandag nie, maar Suid-Afrika met die uitsondering van die sogenaamde TBV-lande (Transkei, Bophuthatswana en Venda) wat in daardie tyd in die oë van die Suid-Afrikaanse regering as onafhanklike state bestaan het. Dit sluit wel die sogenaamde Nasionale State in, naamlik KwaZulu, KwaNdebele, Gazankulu, Lebowa, KaNgwane, Qua-Qua en die Ciskei wat later daardie jaar onafhanklik verklaar is. Omdat hierdie politieke opset waarskynlik as gegewe beskou is in die lig van wie die opdraggewer was, is daar beswaarlik apartheidstaal en -begrippe in die opdrag. Daar is egter wel sprake van liberale aspekte in die sin dat die idees “potensiaal” en “selfverwesenliking” aan die een kant,¹⁰ en aan die ander kant “ekonomiese groei” en “arbeidsmarkbehoefte” in die opdrag voorkom. (Ons het nie die indruk dat die woord “selfverwesenliking” etnies bedoel was nie, alhoewel so 'n misverstand vir die regering nie noodwendig negatief wat betref kiesersteun sou gewees het nie). In die voorwoord van prof. De Lange kom die frases “openheid” en “geregtigheid in die voorsiening van onderwysgeleentheid” op hulle beurt voor. In die voorwoord gaan dit ook duidelik oor die onderwys van die individu. Die teks van die opdrag adem dus 'n klassiek-liberale gees.

Uit 'n politieke hoek is die laaste item van die opdrag, naamlik dat aanbevelings oor “gelyke gehalte onderwys” gemaak moet word, eintlik die opvallendste. In die lig van die destydse ingrypende rasgebaseerde verskille in finansiering wat in 'n (negatiewe) oorsaaklike verband met onderwysgehalte staan en in dié tyd gestaan het, en in die lig van die feit dat daar eers met verloop van tyd van gelyke onderwysfinansiering verwag kon word om gelyke gehalte te bewerkstellig, was hierdie item baie ambisieus in ag genome die historiese verband. Die ingrypende aard van hierdie aspek sou in 1980 nie die aandag van al die lede van die kabinet, met inbegrip van dr. Andries Treurnicht en dr. Ferdi Hartzenberg, ontsnap het nie.¹¹ 'n Mens kan jou dus indink dat dr. Gerrit Viljoen, wat 'n nuwe aanstelling in die Kabinet en boonop 'n groentjie in die Nasionale Party-koukus was, deur die bestuur van die navorsingsprojek sy eie politieke posisie op los skroewe kon gebring het; ook in die lig van die feit dat dr. Treurnicht sy provinsiale leier in die Nasionale Party was.¹²

¹⁰ Hierdie twee begrippe dui op die potensiaal van die individu en was 'n belangrike aspek van dr. Garbers se filosofie as opvoedkundeprofessor by RAU, in teenstelling met meer konserwatiewe beskouings van sommige ander Afrikaanse opvoedkundiges van daardie tyd (Van Zyl 2018).

¹¹ Leiers van die te stigte Konserwatiewe Party – minder as twee jaar later.

¹² Senioriteit het beslis 'n rol in Nasionale Party-kabinette gespeel. Dit word afgelei uit persoonlike waarnemings deur een van die skrywers in sy interaksie as amptenaar met lede van die daaropvolgende kabinet onder president De Klerk.

3.2 Rolspelers

Die belangrikste rolspelers in die Ondersoek na die Onderwys was die Minister van Nasionale Opvoeding (Gerrit Viljoen), die President van die RGN (Johan Garbers) en die leier van die ondersoek (Pieter de Lange).¹³ Al drie was voorheen kollegas by die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), wat in Februarie 1966 sy eerste studente geregistreer het met dr. Viljoen as rektor. Dr. Viljoen was voorsitter van die Afrikaner-Broederbond (AB) van 1974 tot 1980. Prof. Pieter de Lange het hierdie posisie beklee van 1984 tot 1994. Dr. Garbers was dekaan van Opvoedkunde by RAU en prof. De Lange het hierdie pos na hom beklee. 'n Mens sou dus kon praat van die "RAU-Broederbond-triumviraat". Op sy minste was dit 'n netwerk. In hierdie stadium is dit van belang omdat die waarskynlikheid van oorleg binne hierdie netwerk by die opstel van die navorsingsversoen wat uiteindelik deur die Eerste Minister P W Botha aan die RGN gerig is, baie hoog is. Dit is verder van belang in die lig van die literatuur oor die sogenaamde gaping tussen navorsers en beleidmakers wat op kultuurverskille tussen twee groepe sou berus (Wehrens 2013:24; Cairney, Oliver & Wellstead 2016:400; Cairney 2016b:89, 109, 121) om te beklemtoon dat al drie akademici was. As 'n mens die aanname maak dat minister Viljoen, direk of indirek, die eintlike opdraggewer aan die RGN was, dan was die ondersoek weerskante van die gaping akademies van aard. Ook die amptenaar van die Departement van Nasionale Opvoeding waarna hieronder verwys word, dr. Roe Venter, was 'n oud-akademikus.

Die feit dat die opdrag aan die RGN ook lui dat met "alle belanghebbendes" saamgewerk sou moes word, kan ook dui op 'n bepaalde verligte instelling van die opdraggewer. Hoewel die gedagterigting van "People's Education" veral na die 1976-opstande reeds sterk in onderwyskringe gefigureer het, het dit nie ooglopende verteenwoordiging in die samestelling van die Dagbestuur of Hoofkomitee gehad nie. Die RGN het wel op die Hoofkomitee van ongeveer 30 persone onder andere die volgende betrek: 'n persoon uit die Nasionale State, naamlik prof. A C Nkabinde, die rektor van die Universiteit van Zoeloeland, 'n persoon uit die georganiseerde Swart onderwysersgeledere, naamlik mnr. L M Taunyane (president van die Transvaal United African Teachers Association), dr. R R M Cingo ('n onderwyskenner en inspekteur van skole in die Oranje Vrystaat) en een persoon uit die georganiseerde Kleurling-onderwysersgeledere, naamlik mnr. Franklin Sonn (later deur die Mandela-regering aangewys as Suid-Afrika se ambassadeur in die Verenigde State). Mnr. Taunyane was ook lid van die Dagbestuur van die Hoofkomitee. Mnr. Sonn was voorsitter van die Werkkomitee oor Boukundige Dienste. Verder moet die name genoem word van prof. Richard van der Ross, rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland, wat voorsitter van die werkkomitee oor gelyke gehalte onderwys was, en mnr. Michael O'Dowd van Anglo-American.¹⁴ Die formidabele dr. Roe Venter¹⁵ was die verteenwoordiger van dr. Viljoen se departement, die Departement van

¹³ Een van die skrywers het al drie hierdie persone goed geken en direk onder hulle gewerk alhoewel hy nie aan die Afrikaner-Broederbond behoort het nie. Hy het tot vandag die hoogste agting vir hulle. Dit is metodologies relevant om dit aan die leser bekend te maak.

¹⁴ Die ideologiese heterogeniteit van hierdie groep mense plaas vraagtekens agter 'n komplotteoriesiening van die De Lange-verslag as sou dit bloot 'n witsmeerdery van die Nasionale Party se beplande nuwe grondwet gewees het.

¹⁵ Dr. Venter was later in sy loopbaan Direkteur-Generaal van die Departement Nasionale Opvoeding, lid en in die post-1994 era Voorsitter van die Staatsdienskommissie. Sien ook die toespraak van president Nelson Mandela by die aftrede van dr. Venter op 3 Oktober 1996 (<http://www.anc.org.za/content/speech-president-nelson-mandela-luncheon-honour-dr-r-venter-former-chairperson-public>)

Nasionale Opvoeding. Hy was waarskynlik ’n invloedryke figuur in die bestuur van die resepsie van die verslag deur die regering. Verder was daar ook ’n redelike balans op die Hoofkomitee tussen Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners. Slegs een vrou, mej. C C Regnard van die Westerford High School in Kaapstad het op die Hoofkomitee gedien. Drie jaar later is die 1983-grondwet goedgekeur en het die politieke situasie in die land versleg. ’n Mens kan nie help om te wonder of iemand soos mnr. Sonn¹⁶ wel drie jaar later in ’n veranderde politieke klimaat (byvoorbeeld na die stigting van die United Democratic Front in Augustus 1983) op dieselfde wyse aan die projek sou deelgeneem het en sy steun aan die elf beginsels waaroor konsensus bereik is, sou gegee het nie.

Dit sou verder glad nie uniek wees dat die wel en wee van die Onderzoek van besprekings in verskeie forums afhanklik was nie: die AB, die uitvoerende gesag met sy amptenary, die geleedere van die Nasionale Party (NP) soos die parlementêre kookus, en die burgerlike gemeenskap. Soos in enige ontwikkelde samelewing was hierdie instellings gedifferensieerd – die AB en die NP was byvoorbeeld afsonderlike instellings. Hoewel daar oorfleueling van lede was, het die twee instellings afsonderlik gefunksioneer. Dit is bevestig deur ons studie van amptelike AB-dokumentasie. Die rol van die AB in die Onderzoek verdien wel bespreking. Opsommend: dié organisasie was belangrik in klimaatskepping vir die Onderzoek, formeel onbetrokke by die Onderzoek self, en ondergeskik aan die opdraggewer in die resepsie. Wat die skepping van ’n klimaat vir die gee van opdrag betref, het dr. Viljoen as Voorsitter van die AB ’n groot rol gespeel (AB 2/3/112, AB 2/3/116, AB 2/3/17). Stals meld dat die voorsitterskap van dr. Viljoen vir ’n “sterk onderwysgerigtheid” van die Afrikaner-Broederbond se werksaamhede gesorg het (Stals 1998:531). Verder vertel hy dat die Uitvoerende Raad (UR) van die Afrikaner-Broederbond onder Viljoen se leiding reeds in 1975 ’n ontmoeting met mnr. J P van der Spuy, toe die Minister van Nasionale Opvoeding gehad en sekere sake onder sy aandag gebring het: “Die ingrypendste daarvan was sekerlik dat ’n meesterplan vir die onderwys vir alle bevolkingsgroepe noodsaaklik geword het”. Dit was ’n radikale wegbreek van rigoristiese rassesseiking, en “die onvermydelikheid van strukturele veranderinge in onderwysbestuur is aan die minister uitgewys” (Stals 1998:536). In 1978 het die UR ’n komitee aangewys om aandag aan die onderwys in die verwagte nuwe staatkundige bedeling te gee. Dr. Viljoen het by die eerste vergadering die koördinerende van die onderwys vir “die verskillende volke” in die land beklemtoon en op die onhoudbare verskille in *per capita* onderwysbesteding gewys. Hierbenewens het die UR, nog steeds volgens Stals op dieselfde plek, aan die einde van 1979 ’n ad hoc-groep saamgestel om ’n voorlegging oor onderwys aan die kommissie van ondersoek na die nuwe staatkundige bedeling te doen. Twee van die lede was De Lange en Garbers. Dit was ’n halwe jaar voor die RGN sy navorsingsversoen ontvang het met al drie lede van die triumviraat op die toneel.

¹⁶ Dit is opvallend dat mnr. Sonn se deelname aan die Onderzoek na die Onderwys verswyg word in die laudatio wat op die Presidensie se webwerf verskyn ter ondersteuning van die toekenning deur president Mbeki van The Order of the Baobab in Silver vir “His excellent contribution to education and the course of justice in South Africa” (<http://www.thepresidency.gov.za/national-orders/recipient/franklin-sonn-1939> afgelaai op 2017-10-23). Die laudatio lui onder andere: “Sonn would spend the entirety of his adult life living out this philosophy of fighting for justice, freedom and equality in the face of serious odds from the apartheid establishment.”

3.3 Verloop

Van die begin af was die wetenskaplikheid van die Onderzoek hoog op die agenda (Garbers 1984), wat nie uitsluit dat individuele ondersoekers vanuit 'n bepaalde lewensbeskoulike posisie gewerk het nie (kyk in dié verband na Botha 1996:346). Die sfeer van wetenskaplikheid binne die institusionele opset van die RGN is een van die verklarings waarom die Onderzoek, terwyl dit aan die gang was, nie 'n beduidende rol gespeel het in die besprekings van die AB se uitvoerende raad en sy dagbestuur nie.¹⁷ Daar het ook geen opdragte vanuit hierdie vergaderings voor laat 1981 oor die saak uitgegaan nie (sien byvoorbeeld AB 2/3/112, AB 2/3/116, AB 2/3/17). Toe was die Onderzoek afgehandel en het die AB aandag gegee aan die resepsie van die Verslag. Alhoewel daar volgens Stals (1998:539) skakeling tussen komitees van die AB en AB-lede in werkgroepe binne die Onderzoek was, was dit informeel.

Benewens die wetenskaplikheid, is daar 'n hoë prys gestel op koördinering van mense wat professioneel by die onderwys¹⁸ betrokke was (RGN 1981:2). Die twee Opvoedkunde-professore, De Lange en Garbers, het as praktisyns en as akademici die onderwys as profesie goed geken. Ons vermoed dat hulle 'n uitgebreide netwerk in onderwysgeledere gehad het. Die strewe na koördinering het daartoe gelei dat die navorsing deur 18 werkkomitees gedoen is (RGN 1981:5, 6). Dié 18 komitees het die opdrag gehad om op makrovlak te werk en nie in detail te verval nie (RGN 1981:6, 7). Hierdie werkkomitees het beteken dat soveel gewillige kundiges as wat prakties moontlik was, deelgeneem het – 'n mens wil amper van 'n “massanavorsingspoging” praat. 'n Persoonlike onderhoud met dr. Christa van Zyl, in 1981 nog 'n junior navorser by die RGN, bevestig dat die RGN, gedagtig aan die beperkte tyd vir die ondersoek, alle beskikbare wetenskaplike hulpbronne en inligting gebruik het (Van Zyl 2018). Uiteindelik is ongeveer 600 persone direk betrek (RGN 1981:8). Nog honderde het op die een of ander manier iets bygedra sodat Van Zyl die oorkoepelende getal op 1 300 stel (Van Zyl 1991:8). Die RGN het ook navorsingsvermoë tot beskikking van die program gestel. Werkkomitees het respektiewelik oor 'n versameling navorsingsprojekte aan die Hoofkomitee gerapporteer. Die Hoofkomitee het, in die woorde van dr. Van Zyl (2018) “probeer om na die waarheid te soek, en by beginsels uit te kom”. Waar die regering die opdraggewer en die RGN die agent was, kan 'n mens sê dat die werkkomitees agente van die Hoofkomitee onder leiding van Pieter de Lange was. As navorsingsinstellings gevra word om 'n wetenskaplike studie te doen, gaan hulle in baie gevalle van agente gebruik maak. Dit dui op die kompleksiteit van die prinsipaal-agent verhouding in navorsing vir beleid (sien in dié verband Smith 2013; Siciliano 2015). Van Zyl (2018) vermoed dat die RGN die wetenskaplikheid van hul bevindinge en aanbevelings versterk het deur erkende beginsels en metodes soos toegepas tydens snelle beoordeling (Beebe 1995) en sistematiese beoordeling (Cairney 2016b:3) vanuit onder meer die toegepaste navorsingsomgewing te gebruik.

Alhoewel die wetenskaplikheid van die navorsing 'n leitmotiv was, het die wetenskaplikes nie in hulle persoonlike hoedanigheid erkenning vir hulle bydraes gekry nie (Garbers 1984:26).

Die 18 werkkomitees (kyk in dié verband RGN 1981:5-6) illustreer 'n ander aspek wat van teoretiese belang kan wees, naamlik die besonder breë omvang van die opdrag en die

¹⁷ Die ander verklaring is dat die Voorsitter, dr. Viljoen, die saak opsetlik uit fokus gehou het vanweë skerp ideologiese verskille onder lede van die UR – prof. Carel Boshoff, die latere leier van die Afrikaner-Volkswag, was die ondervoorsitter. Toe die UR deeglik aan die saak aandag begin gee het, was die ondersoek klaar.

¹⁸ Die Departemente van Finansies (dr. Simon Brand) en Arbeid (dr. P J van der Merwe) is ook in die Hoofkomitee betrek. Hulle twee was voorsitters van relevante werkkomitees.

ondersoek. Die navorsing moes nie uitloop op die formulering van 'n regulasie of die vlak van 'n subsidie of die omvang van 'n intervensie nie, maar op die struktuur en inhoud van die onderwysstelsel self. Die opdrag van die regering het wel items gespesifiseer, maar dié was omvangryke sake soos ons hierbo aangehaal het: beginselriglyne vir onderwysbeleid, organisasie en beheer, finansiering, raadpleging- en besluitnemingsmeganismes, infrastruktuur en onderwys van gelyke gehalte. Ondersoeke met hierdie omvang is ongekend in die literatuur.

Die RGN het, benewens navorsingvermoë, die administratiewe onderbou verskaf. Hier het drie sekretaris-koördineerders, drs. S W H Engelbrecht, F P Groenewald en D J van den Berg 'n onontbeerlike rol gespeel (kyk in dié verband RGN 1981:5). Die Hoofkomitee onder leiding van prof. De Lange het die navorsing ontwerp, gerig, geprioritiseer, geïnterpreteer en die Hoofverslag geskryf. Hulle het die werkkomiteeverslae op makro- of metavlak vertolk binne die oorhoofse verband. Aan die begin het daar 'n behoefte ontstaan aan 'n stel beginsels vir die onderwys wat ook die ondersoek kon rig – tipies Afrikaner!

Daar was ook 'n dagbestuur om dringende sake te hanteer. Die samestelling van die Dagbestuur is besonder interessant. Daar was ses lede van wie slegs twee Afrikaners en AB-lede was (RGN 1981:9). Van den Berg (2018) is van mening dat die Dagbestuur 'n sterk rigtinggewende rol vervul het en deurentyd op hoogte was van wat op al die werkkomitees plaasgevind het. Ons is redelik seker dat Mnr Micheal O'Dowd 'n rigtinggewende rol op die Dagbestuur gespeel het – dit in lyn met die interpretasies van Chisholm (1983), Collins en Gillespie (1984) en andere.

Die Dagbestuur het oor dringende sake gekonsulteer, soos byvoorbeeld ter plaatse ondersoeke op plekke waar onrus in die skole voorgekom het. Dit het uitgeloop op 'n gesprek met die Minister van Onderwys en Opleiding¹⁹ – die departement wat spesifiek vir swart onderwys in die destydse Republiek verantwoordelik was.

Dat die hele ondersoek binne 'n jaar afgehandel is, dwing respek af.

3.4 Aspekte van die inhoud van die Hoofverslag

Die hoofverslag is in vyf hoofstukke onderverdeel. Ná die inleiding kom die beginsels vir onderwysvoorsiening in die RSA aan die beurt. Dit word gevolg deur 'n behandeling van die vraagstukke in verband met onderwysvoorsiening in die RSA, en die uitgebreide hoofstuk met aanbevelings vir die toekoms volg hierna. Die verslag word afgesluit met 'n hoofstuk oor 'n program ter bereiking van onderwys van gelyke gehalte vir alle inwoners.

Die beginsels is van besondere belang omdat die Hoofkomitee met sy taamlik uiteenlopende samestelling konsensus daarvoor bereik het. Hierdie beginsels het dan ook die basis vir die verloop van die ondersoek gevorm. Een van die belangrikste beginsels was dié van gelyke onderwysgeleenthede “met insluiting van gelyke onderwysstandaarde vir elke inwoner ongeag ras, kleur, geloof of geslag” (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1981:14). Hierdie beginsels word deur Beckman (2011:514) beskryf as, “nuwe en selfs radikale beginsels vir onderwysvoorsiening” in sy verwysing na die Hoofverslag (RGN 1981:14-16). Soos hieronder sal blyk, het die regering amper geen keuse gehad nie as om die beginsels te aanvaar, alhoewel met voorwaardes.

¹⁹ Dr. Ferdi Hartzenberg – hy verteenwoordig 'n ander ideologiese stroming binne die Nasionale Party as dr. Viljoen. Dit is opmerklik dat hierdie minister en sy departement nie prominent in die ondersoek figureer nie. Hy was teen die agtergrond van die Nasionale Party “the only person on the scene, missing” (Dylan 1976) om die woorde van die 2017-Nobelpryswenner vir letterkunde te gebruik.

Reeds aan die begin van die ondersoek, toe beginsels oorweeg is (in Augustus 1980), het die verligte idees van gelyke onderwysgeleenthede en een ministerie van onderwys na vore gekom, maar hulle is in 'n mate gebalanseer met verwysings na “erkenning van diversiteit” (RGN 1981:12). In een opsig lees die Hoofverslag soos 'n spanningsverhaal. Die waarskynlike leser kan sien die skrywers moes 'n balans kry tussen die regering se populêre denke van afsonderlike ontwikkeling en hulle kiesers aan die een kant en hulle eie tendense in die rigting van 'n meer liberale Afrikanernasionalisme aan die ander kant. Laasgenoemde krag is versterk deur die noodsaak om die samewerking van hulle vennote buite Afrikanergeleedere in die ondersoek te behou. Soos die waarskynlike leser deur die Verslag werk, wonder hy of sy steeds watter van die twee tendense die oorhand sal kry, en of daar dalk 'n balans gevind sal kan word. Daar is deurentyd verwysings na kultuur en godsdiens wat in aanmerking geneem word, maar nooit word toegewings gemaak aan die eis dat die toedeling van onderwysbronne en dus – geleenthede – billik moet wees nie (sien RGN 1981:186). Die bestaan van agterstande en gebrek aan gelykheid word gedurig reguit in die oë gekyk (byvoorbeeld RGN 1981:193). Op een plek (bl. 193, paragraaf 7(b)) suggereer die Hoofverslag dat die Groepsgebiedewet verontagsaam moet word. Op 'n ander plek (bl. 216) word egter die moontlike bestaan van “biogenetiese verskille” genoem – iets wat vandag in so 'n publikasie volkome taboe sou wees.

Indien 'n mens ag slaan op die aandrang op 'n enkele departement wat onderwys van gelyke gehalte moet bevorder, die aanbeveling dat universiteitsrade self oor toelating moet beskik, die aandrang op 'n enkele statutêre raad vir die hele onderwysstelsel, een registrasie-liggaam vir onderwysers en gesentraliseerde ondersteuningsdienste, dan moet jy erken dat die klassiek-liberale gees die afsonderlike ontwikkelingsgedagte getroef het. Hierdie siening word ook soos volg bevestig deur Collins en Gillespie (1984:626): “Certainly within South Africa itself the report is hailed by liberals as a significant step in the right direction, a progressive move away from the previous divisive character of education toward a system based on rational justice and equality”. En verder: “It is not surprising, therefore that the liberal establishment at a conference in Grahamstown in February 1982 overwhelmingly voted support for the De Lange reforms” (Collins & Gillespie 1984:633). Hierdie gees is egter nie linksgesind nie; dit word gekoppel aan “hedendaagse Westerse beskawingsnorme” (RGN 1981:208). Die Hoofverslag word afgesluit met aanbevelings rakende 'n program ter bereiking van onderwys van gelyke gehalte vir alle inwoners. Hierdie bespreking is weliswaar allesbehalwe radikaal.

Destyds was daar die verwagting – wat by die Kempton Park-onderhandelinge vir 'n nuwe grondwet 'n dekade later 'n deurslaggewende rol gespeel het – dat klassiek-liberale opvattinge soos vrye assosiasie en vryheid van keuse die Blankes se belange sou kon beskerm (sien RGN 1981:195). In die Hoofverslag self kom hierdie verwagting duidelik na vore waar daar oor die bywoning en bestuur van skole sprake is, en word die praktyk van vrye assosiasie gekontrasteer met “voorafvasgestelde ‘kulturele identiteite’ wat van bo kom” (bl. 203).

Met die onderwerp van hierdie artikel in gedagte, is Beginsel 11 interessant: “Effektiewe onderwysvoorsiening sal op voortgesette navorsing berus” (RGN 1981:16). Tipies van navorsingsgesteunde beleid is die Hoofverslag deurspek met aanduidings van die noodsaaklikheid van verdere navorsing (sien onder andere RGN 1981:149, 154, 169, 184 en 220). Dieselfde geld interessant genoeg ook vir die verslag van die Onderwystaakgroep (Department of National Education 1982) wat aanvoorwerk vir die Regering se Witskrif gedoen het, en die Witskrif self (RSA 1983b). Albei hierdie publikasies sluit af met 'n stel navorsingsbehoefte vir die onmiddellike toekoms en sake vir verdere navorsing word deurentyd aangedui. Die Hoofverslag self steun natuurlik ook soos reeds genoem op ander wetenskaplike navorsing (RSA 1983b:135 e.v.).

Vir die Suid-Afrikaanse leser in die tweede dekad van die 21ste eeu is die politieke nuans van die Hoofverslag opvallend. Vandag is dit natuurlik om die verslag polities te lees vanweë die feit dat die aanbevelings met betrekking tot een onderwysministerie en dergelike sake die ontvangs van die Verslag oorheers het. Dr. Johan Garbers van die RGN kla later hieroor en skryf dit onder andere daaraan toe dat berigging die politieke aspekte van die Onderzoek oorbeklemtoon het omdat die media politieke verslaggewers aangewys het om die Onderzoek te dek (Garbers 1984:11). Daarom is dit vir die hedendaagse leser eintlik opvallend dat die opstellers (oorwegend opvoedkundiges) opreg in die onderwys self geïnteresseerd was. Hulle het ook gepoog om volgens hulle selfbeeld as wetenskaplikes ideologies neutraal te bly (Garbers 1984). Natuurlik is geen deelnemer aan so 'n ondersoek ideologies neutraal nie.

Die samestelling van die Hoofkomitee en veral die Dagbestuur het dit egter moontlik gemaak dat standpunte uit verskillende ideologiese hoeke met mekaar in debat getree het. Sommige van dié debatte was hewig en kompromieë moes gevind word tussen kundiges wat goeie verhoudinge met mekaar gehad het (Steyn 2018). Hierdie samestelling en die gesprekke wat dit moontlik gemaak het, het wel tot objektiwiteit bygedra (Davies 2018; Van Zyl 2018). Die verslag kon volgens dr. Garbers as gevolg van die wetenskaplike integriteit daarvan, die toets van “omvattende diskussie en grondige ondersoek ... deurstaan” (Garbers 1984:18).²⁰

Die eerste aanbevelings handel oor 'n onderwyskundige struktuur, waaronder hulle 'n makrokurrikulum verstaan (RGN 1981:93 e.v.). Die onderwyskundige fokus en konteks (“frame”) blyk verder onder andere uit hulle erns met ondersteunende onderwysdienste (byvoorbeeld RGN 1981:200-201, 218-220), skoolvoorligting, 'n voorskoolse brugperiode (RGN 1981:218) en loopbaangerigte (met inbegrip van nieformele) onderwys. Op bladsy 143 van die Hoofverslag staan daar (in ooreenstemming met analyses deur Van den Berg (2018) en Chisholm (1983) waarna reeds verwys is):

Die Hoofkomitee is van mening dat die aanbevelings in verband met 'n groter omvang van loopbaangerigte onderwys die hart van sy aanbevelings met betrekking tot 'n nuwe en relevanter onderwysbedeling in die RSA is. (RGN 1981:143; sien ook bl. 140)

Die Hoofverslag was dus minder “polities” as wat ons verwag het.

Die RGN se opdraggewer was uit die aard van die saak meer in die politiek as in die onderwys geïnteresseerd. Terselfdertyd was die opstellers deurlopend bewus daarvan dat hulle hulle aanbevelings in 'n soort politieke “limbus” maak. Hulle het hierdie beperking in hoë mate kreatief hanteer, byvoorbeeld deur die skepping van die begrip “onderwysowerheid”: die instansie wat onderwys op die tweede regeringsvlak aanbied en wat in die toekoms verskeie staatlike vorme sou kon aanneem (byvoorbeeld RGN 1981:196 en 202).

3.5 Die resepsie deur die opdraggewer

In die eerste paragraaf van ons artikel stel ons die vraag: tot watter mate het die betrokke verslag wel gedien as grondslag vir die opdraggewer, naamlik die regering van die dag, se daaropvolgende beleid oor onderwys, en hoe kan dit verstaan word? Vanweë die besonder wye omvang en ingrypende aard van die aanbevelings van die ondersoek spreek dit vanself

²⁰ Selfs 26 jaar later gebruik die South African Qualifications Authority (SAQA) (2010:2) uit die hart van die nuwe bedeling se onderwysstelsel die Onderzoek se idee van 'n raamwerk wat verskillende soorte onderwys omvat en vertikale en horisontale vloei van leerlinge deur die stelsel bevorder.

dat die aanbevelings – selfs as hulle aanvaar sou word – nie in ’n kort tydjie geïmplementeer sou kon word nie. Gedagtig aan die resepsieteorieë wat veral in die kommunikasie- en literatuurwetenskappe gebruik word, kon mens verwag dat die aanvaarding en implementering van die aanbevelings deur ’n resepsieproses voorafgegaan sou word waartydens beleidmakers die verslag sou interpreteer en hul eie betekenis daaruit skep (Jensen 1987:34; Thompson 1993:248, 272; Fourie 2012:95).

Die RGN-onderzoek na die onderwys was navorsing wat wel met erns deur sy opdraggewer hanteer is. Al het die regering belangrike aanbevelings wat uit die navorsing gevloei het, nie in werking gestel nie, het hulle ’n uitvoerige resepsieproses deurgevoer om die aanbevelings te oorweeg. Die formele resepsie van die De Lange-verslag deur die opdraggewer vind gestalte in die *Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika*²¹ wat op 23 November 1983 deur die Minister van Nasionale Opvoeding vrygestel is (RSA 1983b). Hierdie datum volg kort nadat die nuwe “Driekamer”-grondwet op 22 September onderteken is (RSA 1983a). Die Witskrif volg op twee amptelike reaksies van die regering. Die eerste was ’n vierbladsy-memorandum wat in Oktober 1981 in die Parlement ter tafel gelê is: *Tussentydse memorandum oor die verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die Onderzoek na onderwysvoorsiening in die RSA*. Die regering stel terselfdertyd die RGN-verslag toe eers bekend. Die tweede was die verslag deur die Onderwystaakgroep (Department of National Education 1982). Nadat die regering die Tussentydse Memorandum vrygestel het, is ’n werkgroep (die “Onderwystaakgroep”) aangestel om die aanbevelings van die RGN-onderzoek te prosesseer. Die Onderwystaakgroep het in die resepsieproses op die terrein van beleidmaking beweeg en dus in die sfeer van die publieke administrasie en die politiek. Die samestelling van die Onderwystaakgroep van 19 lede verskil van dié van die Hoofkomitee van die RGN-onderzoek deurdat dit meer amptenare bevat, terwyl ’n aantal lede van die Hoofkomitee wel ook hierin gedien het (Department of National Education 1982:iii-iv).

In die tussentydse memorandum word die 11 onderwysbeginsels wat deur die RGN-onderzoek na die onderwys geformuleer is, wel aanvaar, maar hulle word terselfdertyd van regeringskant onderwerp aan vyf uitgangspunte wat as interpretasiekriteria van die aanbevelings van die RGN sou dien. In die hart van die regering se reaksie is afsonderlike of eie onderwys vir elke “bevolkingsgroep”²² welke groepe dan die reg van selfverwesening sou hê (Van Zyl 1991:11) ingevolge die 1983-grondwet. Daar is dus sprake van ’n politieke resepsie van ’n onderwyskundige verslag: ’n lang proses wat geduur het van die Tussentydse Memorandum (1981) tot die Witskrif (1983). Van Zyl (1991:8) meld ’n oorbeklemtoning van aanbevelings oor die bestuurstruktuur van die onderwys. Die verpolitiserings van die bevindinge in die resepsie blyk duidelik uit die volgende op bladsy 3 van die Tussentydse Memorandum: “All decisions taken in terms of the recommendations in the Report will have to take account of and fit in with, the constitutional framework within which they are to be implemented” (RSA 1981:3). So ’n uitspraak hou nie water nie. Die geldigheid van pedagogiese beginsels wat, sê nou maar, spruit uit die opkoms van tegnologie of wetenskaplike navorsing op die gebied van moedertaalonderrig is onafhanklik van ’n staatkundige bestel. Om sodanige vereistes te relativer net omdat dit nie politieke doelstellings dien nie, is fascisties – in 1981, maar ook in

²¹ Die amptenaar wat die grootste bydrae tot die skryf van die Witskrif gelewer het, was dr. J B Z (Bernhard) Louw.

²² Hierdie dubieuse term is gebruik om rassegroepe aan te dui, maar in die subteks het dit ook etniese groepe aangedui: veral Afrikaners en Swartes – tipies van die kontradiksies wat ideologiese taalgebruik kenmerk.

2018. Ná die bekendmaking van die Tussentydse Memorandum het ’n groep van nege Hoofkomiteelede inderdaad ’n persverklaring uitgereik waarin te velde getrek is teen die memorandum op grond daarvan dat dit die verslag dienstig probeer maak het aan regeringsbeleid (Garbers 1984:12). Van Zyl (2018) onthou spesifiek die emosionele teurstelling wat die Tussentydse Memorandum vir sommige Hoofkomiteelede veroorsaak het.

Garbers verwys na hierdie verpolitiserings in die onderstaande woorde:

Die RGN-onderwysondersoek verteenwoordig ’n feitlik klassieke voorbeeld van doelverandering of doelverskuiwing wat tydens die implementering van navorsingsbevindings plaasgevind het as gevolg van ’n eensydige beklemtoning en eerbiediging van die politieke oorwegings by implementering. (Garbers 1984:10)

Hy praat ook van ’n “wetenskap-politiek polarisering” (1984:3). Die literatuur verwys na hierdie verskynsel as “framing” (Smith 2013:386; Bovens & t’ Hart 2016:654; Cairney 2016b:68) – in Afrikaans sou ’n mens van “kontekstualisering” kon praat: wat eers binne ’n onderwyskundige konteks was, word nou binne ’n staatkundige konteks gelees.

Garbers verwys verder na die artikel van Stone, “The Implementation of Social Programmes: Two Perspectives” (Stone 1980). Dr. Garbers (1984:20) skryf dan ook: “geen verandering in *onderwyspraktik* is vir die man in die straat aanwysbaar bewerkstellig nie”. Garbers was moontlik naïef. In sy boek *The Politics of Evidence-Based Policy Making* betoog Cairney (2016b:129) dat die gedagte dat daar ’n direkte lyn tussen getuieis en implementering is, die proses verromantiseer: “The policymaking literature explains why there cannot be a direct and unproblematic link between scientific evidence and policy decisions and outcomes”. Hy wys daarop dat die proses in multivlak regeringstelsels gekompliseer word deur die interaksie tussen kompeterende burokrasieë (Cairney 2016b:27-19). Dit is presies wat met die De Lange-verslag gebeur het volgens Davies (2018). ’n Mens moet in gedagte hou dat die Grondwet van 1983 die saamvoeg van ’n hele aantal, tot nog toe, redelik outonome onderwysdepartemente tot gevolg gehad het. Tussen die De Lange-verslag en die “die man in die straat” (Garbers 1984:10) het daar heelwat hindernisse en kompleksiteite gelê.

Die regering het in die Tussentydse Memorandum sekere parameters gestel waarbinne die openbare reaksie, wat nou nie meer streng wetenskaplik was nie, kon beweeg (RSA 1981). Ná die Tussentydse Memorandum van Oktober 1981, is reaksies van 221 organisasies en individue op die De Lange-verslag teen 31 Maart 1982 deur die Tussentydse Onderwysgroep ontvang (Van Zyl 1991:12). Sommige van hierdie reaksies was duidelik polities gekleur. Die AB het ook gesorg dat die FAK ’n *Afrikanerkongres oor die Onderwys* reël wat, baie laat, op 18–20 Maart 1982 in Bloemfontein plaasgevind het (AB 2/3/123). Daar was volgens Stals (1998:540) ongeveer 1200 mense. Muller (1982:55-58) rapporteer egter dat die kongres so deur die reëlingskomitee gemanipuleer is dat die stem van die volk gereduseer is tot voorbereide mosies deur akademici en meningsvorming deur die besluitekomitee. Stemme van die vloer het gevolglik nie deel van die amptelike terugvoer aan die taakgroep geword nie.

’n Opvallende politieke ontwikkeling was ook die saamroep van ’n ministerskomitee vir implementering onder leiding van die Minister van Nasionale Opvoeding wat twee ander ministers ingesluit het, naamlik die Minister van Onderwys en Opleiding (Dawie de Villiers ná 1982, dan ook Danie Steyn en Barend du Plessis) wat vir die onderwys van Swartes in die Republiek verantwoordelik was en die Minister van Binnelandse Aangeleenthede (F W de Klerk) wat blykbaar vir die Onderwys van “Indiërs” en “Kleurlinge” verantwoordelik was. Die uitsluiting van hierdie ministers uit die bestuur van die RGN se ondersoek sou ’n politieke flater deur dr. Viljoen gewees het.

Die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (RSA 1983b) neem eerstens die werk van die Onderwystaakgroep as vertrekpunt en in 'n mindere mate die De Lange-verslag self. Op 'n manier word hierdie groep 'n sif tussen die regering en die wetenskaplike ondersoek en **plaas afstand** tussen hulle besluite en die uitvoering van die navorsingsopdrag. Hierdie verskynsel is bekend in die literatuur (Nutley, Walter & Bland 2002; Newman, Cherney & Head 2016). Byvoorbeeld, wat die strukturering van die onderwysbestuur op eerste regeringsvlak betref, word die bevindinge van die Onderwystaakgroep as uitgangspunt gebruik, soos wat die geval ook op ander plekke in die Witskrif was.

Wat opvallend is, is dat die navorsingsleier van die wetenskaplike ondersoek, prof. Pieter de Lange, ook as die voorsitter van die Onderwystaakgroep gekoöpteer is – **gekoöpteer** in al sy betekenis dus. Dit is voorstelbaar dat hy in hierdie proses 'n mate van konflik van belange ervaar het. Het nege van sy Hoofkomitee lede dan nie teen die Tussentydse Memorandum vuur geblaas nie? Moontlik het hy gedink dat dit die beste plek was om die resultate van die ondersoek te bevorder – en dit was dit wel. 'n Ander interpretasie van sy besluit kan wees dat sy loyaliteit aan die Afrikanersaak sy verbondenheid aan die wetenskap oortroef het.

Die Witskrif self is 'n dokument van 52 bladsye met 'n interessante ontwerp (RSA 1983b). Groot dele daarvan is aanhalings uit die verslag van die Onderwystaakgroep (Department of National Education 1982) wat op dieselfde dag as die Witskrif vrygestel is. Die Witskrif volg die struktuur van die Onderwystaakgroep se verslag eerder as die struktuur van die RGN se hoofverslag. Die Onderwystaakgroep se verslag op sy beurt begin by die Hoofverslag se aanbevelings in paragraaf 4.17.1 wat handel oor die makrobestuur van die onderwys wat uiteraard polities die relevantste aspek is. Daarna word 'n opsomming verskaf van die kommentaar wat ontvang is en wat konseptueel aangebied word, en dan word die Onderwystaakgroep se aanbeveling op hierdie punt gegee. Die Witskrif haal ná 'n kort inleiding hierdie aanbeveling aan en verskaf dan die besluit van die regering ten opsigte daarvan. Hierdie patroon word deurgaans in die Witskrif gevolg. Wat die daarstel van 'n enkele ministerie van onderwys betref, is die reaksie van die Regering begryplik: daar moet uitvoering aan die pas goedgekeurde grondwet (dié van 1983) verleen word met sy onderskeid tussen Algemene en Eie Sake. Gevolglik kan daar 'n sentrale onderwysdepartement wees wat beleid ten opsigte van Algemene Sake bepaal, maar onderwys is en bly 'n Eie Saak. Selfs nieformele onderwys word op 'n rassegrondslag behandel. Deur die Witskrif heen word aanbevelings óf weggewys as 'n Eie Saak waarvoor die onderwysdepartemente van die verskillende bevolkingsgroepe moet besluit, óf daar word verwys na die te stigte Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys. Koöperatiewe ondersteunende onderwysdienste is byvoorbeeld iets wat in die Witskrif tot Eie Saak verklaar word (RSA 1983b:6), maar wat vir die Hoofverslag baie belangrik was en gevolglik as gemeenskaplike saak daar aangebied is (RGN 1981, sien byvoorbeeld paragraaf 4.12.4). In die Witskrif is daar relatief min sake van onderwyskundige belang ten opsigte waarvan vaste en konkrete regeringsbesluite geneem word. Die beeld wat deurskemer, is dié van 'n regering sonder veel selfvertroue en wat nie vasbeslote was om onderwys drasties te verbeter nie. Die Witskrif is inderwaarheid in baie opsigte abstrak. Sodoende word heelwat aanbevelings nie beleid nie.

Wat die toelating tot universiteite betref, word dit aan die rade van universiteite oorgelaat, wat wel 'n liberale aspek was. Mnr. J F Steyn het oor hierdie saak 'n minderheidstandpunt by die Onderwystaakgroep se verslag laat opteken (Department of National Education 1982:42). Volgens hom het die reg op hulle eie universiteite: dit kan tot negatiewe gevolge lei indien die rade alleenseggenkap oor toelating kry. Was dit profeties?

Beleid vir algemene onderwys sake wat die taak van die sentrale beleidsdepartement sou word en wat dan deur onderwysowerhede toegepas moes word, maak baie sin. Dit is die toepassing van die eie sake-begrip wat absurd is. So kom daar op bladsy 5 van die Witskrif die volgende komieklike stelling voor: “Die onderwys van elkeen van hierdie bevolkingsgroepe sal dus as eie saak plaasvind binne die eie kulturele en lewensbeskoulike raamwerk [sic] van die betrokke bevolkingsgroep” (Suid-Afrika 1983:5). Elke “bevolkingsgroep” sou die reg tot “selfbeskikking” wou uitoefen. Ongelukkig werk selfbeskikking net vir groepe wat ’n etniese identiteit en ’n grondgebied het – nie vir multikulturele groepe wat op rassegrondslag bymekaargevoeg word soos die Blankes, die “Kleurlinge” en die “Indiërs” nie. Daarby kon die Swartes ook nie by hierdie patroon ingevoeg word nie; hulle was wel ’n “bevolkingsgroep”, maar sonder die vermoë om vir hulleself wette te maak. Daar is ook terminologieprobleme met die manier waarop die Witskrif na Swart regerings in Suid-Afrika verwys (RSA 1983b:48).

Die regering was dus om twee redes nie in staat om reg te laat geskied aan die navorsingsbevindings van die RGN nie. Hulle moes aan die een kant die grondwetlike bedeling waarvoor hulleself pa gestaan het op onderwysgebied in werking stel en kon geen aanbevelings aanvaar wat hiermee gebots het nie. Aan die ander kant het hulle besef dat die bedeling slegs ’n oorgang kon wees tot iets anders waarvoor hulle in elk geval nie kans gesien het nie.

’n Goeie toets vir die mate waartoe die RGN-onderzoek na die onderwys wel tot beleid gelei het, is om in die gees ’n mediakonferensie van die Minister van Nasionale Opvoeding ongeveer vyf jaar later op 26 September 1985 in die Uniegebou in Pretoria by te woon (Department of National Education 1985). Dit is vyf weke ná die berugte Rubicon-toespraak²³ van P W Botha, “wat niks anders as ’n ramp vir Suid-Afrika se diplomatieke betrekkinge en ekonomiese vooruitsigte was nie” (Giliomee 2012:182). Die minister wat op die verhoog verskyn, is F W de Klerk, leier van die Nasionale Party in die Transvaal en Voorsitter van die Ministersraad van die Volksraad, en dus dr. Viljoen se politieke senior. Dr. Gerrit Viljoen is nie meer Minister van Nasionale Opvoeding nie, maar sedert 1984 Minister van Onderwys, Samewerking en Ontwikkeling. Die aangeleenthede van Swart Suid-Afrikaners buite die tuislande, en spesifiek hulle onderwys, beslaan hierdie portefeulje. Dit is moeilik om te sê of dit as ’n bevordering vir dr. Viljoen bestempel kon word. Ons dink nie so nie.

Op die mediakonferensie stel minister De Klerk die implementering van die Witskrif aan die orde. Hoofsaak is strukture. Vir die eerste keer het Suid-Afrika een staatsdepartement wat alle bevolkingsgroepe bedien. Die aanvaarding van die Wet op die Beleid vir Algemene Onderwys sake (no. 76 van 1984) beteken dat die Minister van Nasionale Opvoeding nou beleid kan bepaal vir die hele onderwysstelsel wat betref die volgende: norme en standaarde vir die finansiering van die onderwys, salarisse en diensvoorwaardes van onderwyspersoneel, die registrasie van onderwysers, norme en standaarde vir leerplanne en eksaminering, en die sertifisering van kwalifikasies. Hy kondig ook die daarstelling van die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys (SARO) en die Adviesraad vir Universiteite en Teknikons (AUT) aan. Die

²³ “On the night of 15 August 1985, South Africa’s president, P. W. Botha delivered the infamous “Rubicon” Speech in Durban. Minister of Foreign Affairs at the time, Pik Botha, had told the world to expect a radical policy shift but was wrong. Among the expected policy shifts which did not materialize was the release of Nelson Mandela (<http://www.sahistory.org.za/dated-event/pw-botha-gives-rubicon-speech-durban>) afgelaai op 13/12/2017. Gedagtig aan die grondwetlike onderhandelinge so sewe jaar later moet gesê word dat die toespraak die Regering, benewens finansies, heelwat morele hoë grond gekos het. Giliomee skryf: “Dit het die land inderdaad miljarde gekos. Dit het ook die taak veel moeiliker gemaak om ’n meer gelyke skikking te vind as die een wat uiteindelik onderhandel is” (2012:210).

lidmaatskap van die Komitee van Universiteitshoofde en die Komitee van Teknikonhoofde word ook uitgebrei om die hoofde van instellings wat voorheen swart mense bedien het, in te sluit. Die onderwysbeginsels wat deur die RGN-navorsers ontwikkel is en wat die hele ondersoek gerig het, word byna heelhuids in die Wet opgeneem as raamwerk waarbinne die Minister beleid moet bepaal (Artikel 2).²⁴

Uit 'n opvoedkundige oogpunt is die belangrikste direkte gevolg moontlik die aankondiging deur mnr. De Klerk van 'n kwalifikasiestruktuur vir universiteite. Hiermee tree 'n nasionale onderwysdepartement as beleidmaker werklik self tot die onderwys toe – in teenstelling met maatreëls wat onderwys moontlik maak. Dit is nogtans van historiese belang in Suid-Afrika. Hierdie ministerie (eintlik departement) kom baie ooreen met dit wat die Hoofverslag voorgestel het (RGN 1981:197). Die aanbevelings oor ander aspekte is egter deur die verskillende onderwysdepartemente verskillend hanteer (Van Zyl 1991:xii).

In hul aktiewe meewerk aan die interpretasie, verstaan en begryp van die aanbevelings, bevestig die handeling van die beleidmakers die toepaslikheid van die resepsieteorie (Fourie 2012:95) vir die verstaan van die invloed van navorsing op beleid. Dit blyk uit die resepsie van die verslag, soos gedokumenteer in die Tussentydse Memorandum (Oktober 1981), die advies deur die Tussentydse Onderwystaakgroep (November 1982), en die uiteindelige Witskrif (November 1983), dat die navorsingsbevindinge die beleid wel grondig beïnvloed het, maar nie omvattend bepaal het nie.

4. WAT LEER BELEIDSTUDIES HIERUIT?

Terug by Beleidstudies en die vrae wat hierdie artikel rig: tot watter mate het die De Lange-verslag wel gedien as grondslag vir die daaropvolgende beleid oor onderwys van die opdrag-gewer, naamlik die betrokke regering-van-die-dag, en hoe kan die verhouding tussen die opdrag-gewer en agent verstaan word? Die antwoord op die eerste vraag is: “Nee en Ja”. Dit blyk uit ons bespreking van die resepsie van die verslag dat die regering-van-die-dag, te midde van 'n uitvoerige proses wat oor 'n tydperk van langer as twee jaar gestrek het, belangrike aspekte van die aanbevelings nie aanvaar het en in die daaropvolgende beleid opgeneem het nie. Ons kan nie anders nie as om met Garbers (1884:10) saam te stem dat dit die gevolg was van 'n “eensydige beklemtoning en eerbiediging van die politieke oorwegings by implementering”. Vir 'n meer genuanseerde verklaring keer ons terug na die twee vrae wat vanuit die twee-gemeenskappe-teorie afgelei is.

Eerstens: Die vraag na die invloed van die spesifieke aard en intensiteit van interaksie tussen die RGN-ondersoekspan en die beleidmakers op regeringsbeleid word gelei deur die literatuur oor navorsingsgesteunde beleid. Die oorwig studies oor hierdie onderwerp fokus op die inhiberende afstand tussen die twee gemeenskappe (Caplan 1979; Smith 2013; Arinder 2016) op die interaksie tussen beleidsadviseurs (navorsers) en beleidmakers as verklaring vir die mate waartoe navorsers daarin slaag om beleidmakers van die waarde van hulle bevindinge te oortuig, of nie (Edwards 2005; Richardson 2013; Cairney et al. 2016; Newman et al. 2016). Die partye (navorsers en beleidmakers) in hierdie interaksie word beskryf as behorende tot twee

²⁴ Ons het die beginsels in die Hoofverslag en die beginsels in die Wet vergelyk. Die enigste noemenswaardige verskil lê in Artikel 2 (d)(iii) waar keusevryheid van die individu, ouers en organisasies in die samelewing uitgeoefen moet word ‘behoudens die bepalinge van die een of ander wet betreffende die bywoning van 'n skool vir 'n bepaalde bevolkingsgroep’. Die ander verskille is redaksioneel en is waarskynlik deur Parlementêre regsadviseurs voorgestel.

belangegroep met 'n gaping wat oorbrug moet word (sien in hierdie verband Banks 2009; Cloete 2017; Parkhurst 2017). Navorsers lewer dus beleidsadvies van buite die beleidsproses (Vesely 2013:199; Dicks et al. 2014:119) en vind dit soms moeilik om hulle navorsinggesteunde advies met die siening en behoeftes van beleidmakers te laat resoneer (Lavis, Robertson, Woodside, McLeod & Abelson 2003:81; Lennon 2014:169; Cairney 2016b:41). Die oorwig van studies hieroor handel oor die maatreëls ter vernouing van die gaping.

Hoewel die aard van die belangegroep in ons gevallestudie ooreenstem met wat in die literatuur beskryf word, toon hierdie geval 'n besondere oorvleueling van belange wat die gaping tot voor die stadium van resepsie oorbrug het. In hierdie geval was die politieke prinsipaal tot enkele jare voor sy aanstelling as minister, self 'n akademikus. Voorts blyk dit dat beide die voorsitter van die navorsingspan en die politieke prinsipaal, senior lede van die AB, 'n bepaalde ideologiese beskouing oor die ondersoek en beleid gedeel het. Die president van die RGN het ook 'n besondere professionele band met beide die politieke prinsipaal en die leier van die navorsingspan gehad. Dit wil dus voorkom asof daar voldoende rede was om te glo dat die beleidmakers (spesifiek dr. Gerrit Viljoen) die bevindinge op dieselfde wyse verstaan het as die navorsingspan – een van Cairney (2016b:42) se voorwaardes vir 'n vernoude gaping. Ten spyte hiervan het die gaping tussen navorsers en beleidmakers tydens resepsie begin vergroot. Tydens hierdie proses is die navorsers se onderwyskundige raamwerk deur die beleidmakers se politiek-staatkundige raamwerk vervang. 'n Verklaring hiervoor lê in die diep verdeelde politieke konteks waar die onderwyskundige raamwerk nie gestrook het met die beleidmakers se korttermyn politieke raamwerk nie.

Tweedens: Die vraag na die resepsie van die aanbevelings in die De Lange-verslag, lei ons na 'n studie deur Nutley, Walter en Bland (2002:80–90) oor institusionele reëlings (bv. die *Effective Interventions Unit* in Skotland) om die gebruik van navorsingsbevindinge in beleid te bevorder. Hierdie outeurs beskryf formele organisasies wat tot stand gebring is, terwyl ons studie wys op die werking van 'n tussentydse liggaam, naamlik die Onderwystaakgroep, asook op institusies wat nog gevestig moes word. Die Departement van Nasionale Opvoeding het 'n tussentydse memorandum opgestel (Department of National Education 1982) wat die navorsingsverslag politiek vertaal het, voordat die regering se amptelike beleid as Witskrif gepubliseer is (RSA 1983b; Garbers 1984). Anders as die Britse voorbeeld (sien Nutley, Walter & Bland 2002), was die werk van hierdie tussentydse taakgroep ad hoc van aard, terwyl die voorgestelde nuwe funksies van die Departement van Nasionale Opvoeding asook die voorgestelde Suid-Afrikaanse Raad op Onderwys (Garbers 1984:20–21) waarskynlik 'n meer volhoubare invloed op die implementering van die aanbevelings van die RGN-ondersoek na die Onderwys sou kon hê. Geen ander institusionele reëlings tydens die vrystelling van die verslag sou die omvang van en pas waarteen beleid beïnvloed is, kon verander nie. Ander studies na politieke en institusionele oorwegings by die aanvaarding en gebruik van navorsing (Liverani, Hawkins & Parkhurst 2013:1; Shergold 2016:484) beklemtoon veral die geloofwaardigheid en toepaslikheid daarvan binne 'n spesifieke politieke verband (Sanderson 2002; Wyatt 2002; Marston & Watts 2003; Pearce, Wesselink & Colebatch 2014; Schorr, Farrow & Sparrow 2014; Dar et al. 2016; Head 2016; Isett, Head & VanLandingham 2016; Durose, Needham, Mangan & Rees 2017; Parkhurst 2017). Ten spyte van duidelike tekens van 'n aanvanklike gedeelde visie met die politieke opdraggewer, het die RGN 'n omvattende kommunikasieveldtog van stapel gestuur om die resepsie by meningsvormers in die wydste sin van die woord te beïnvloed (Garbers 1984:17-18).

Derdens: Die vraag na die invloed van die tydsgees en uiteenlopende beleidsagendas op die aanvaarding van die aanbevelings in die De Lange-verslag vir beleid, is ontleen aan aanduidings uit die literatuur van die belemmerende invloed van sterk uiteenlopende opvattings, beleidsagendas en politieke ideologieë en belangegroepes op die aanvaarding van navorsingsgesteunde getuienis vir beleid (Banks 2009:3; Smith 2013:392). Dit blyk uit Smith (2013:382) se studie oor die invloed van tabakbelangegroepes op gesondheidsbeleid in Brittanje dat belangegroepes 'n bykomende beperking plaas op navorsers se invloed op beleid. In die geval van die De Lange-verslag, het verskeie nie-onderwys-verwante agendas die onmiddellike en volledige aanvaarding van die RGN-onderzoek se aanbevelings in die wiele gery.

Ons navorsing het gewys dat die kabinet, die Uitvoerende Raad van die AB, asook die breë magsbasis van die regerende party, polities sterk verdeeld was. Die bevindinge en aanbevelings van die RGN-onderzoek het juis implikasies gehad vir onderwys as een van die terreine waaroor die grootste spanning en verdeeldheid bestaan het. Waar die politieke prinsipaal in die geledere van die Afrikaner-Broederbond asook die wetenskaplike gemeenskap 'n senior persoon was, was hy duidelik in die koudes en kabinet van die regerende party redelik junior, met gevolglik beperkte persoonlike invloed. Dit, tesame met ander kwessies wat op daardie tyd 'n ongunstige party-politieke klimaat vir die opdraggewer geskep het, verklaar gedeeltelik die tydsverloop tussen die oorhandiging van die Hoofverslag aan die Minister in Julie 1981 en die bekendstelling van die uiteindelijke beleid in November 1983 (RSA 1983b).

Ten slotte: Met die verhaal van die RGN-onderzoek na die onderwys in Suid-Afrika lewer ons met hierdie artikel 'n tweërlei bydrae, naamlik tot die geskiedenis van navorsingsgesteunde beleidmaking in Suid-Afrika, en tot die sogenaamde gaping tussen twee gemeenskappe (navorsers en beleidmakers) as verklarings vir die beperkte invloed van navorsing op beleid. Getrou aan die aard van 'n gevallestudie, dra hierdie artikel by tot 'n konteksryke beskrywing van die RGN-onderzoek na die onderwys, as 'n geval van navorsingsgesteunde beleid. Dit is 'n eiesoortige geval van hoe die potensiële invloed van navorsingsbevindinge op regeringsbeleid in die wiele gery is deur keuses wat beleidmakers in 'n komplekse beleidsomgewing moes maak (kyk in dié verband na Cairney 2016b:43). Die mate waartoe die RGN-onderzoek na die onderwys wel regeringsbeleid beïnvloed het, was ooglopend nie 'n direkte gevolg van die mate waartoe die bevindinge en aanbevelings toepaslik en geldig was nie, maar van die mate waartoe dit die veelvoud van komplekse politieke hindernisse kon oorkom.

Die geval wat ons bestudeer het wys op die kompleksiteit van beleidmaking wat op wetenskaplike navorsing steun. De metafoor van 'n gaping sowel as die metafoor van twee kulture oorvereenvoudig die situasie wat ons waargeneem het. Die kompleksiteit ter sprake vind uiting in sowel die tydsgees, die navorsing, die resepsie, die beleid, as die uitvoering. In dié tyd is daar wisselwerking tussen 'n opkomende liberale tendens in die Afrikaner-establishment wat aansluiting vind by die kapitalistiese denke van die industrie te midde van weerstand teen die bestaande orde wat binnekort duidelik sou word in die aandrag op "people's education". Pieter de Lange moes hierdie tendens op sy hoofkomitee bestuur te midde van 'n sterk konserwatisme wat nog 'n baie groot invloed op die onderwys uitgeoefen het. By die regering was daar skeuring aan die broei en die Eerste Minister moes hierdie middelpuntvlietende kragte bestuur, onder andere deur die De Lange-verslag in die resepsie polities mak te laat maak. Dieselfde kragte was ook werksaam in die deurslaggewende netwerk van die AB. Toe dit by implementering kom, is die kompleksiteite versterk deur die teenwoordigheid van kompeterende burokrasieë op verskillende vlakke. So blyk dit dat die gaping tussen navorsing en beleid baie ingewikkelder is as wat in eenvoudige metafore vasgevat kan word.

BIBLIOGRAFIE

- Adams, G.B. & White, J.D. 1994. Dissertation research in public administration and cognate fields: An assessment of methods and quality. *Public Administration Review*, 54(6):565-576.
- AB (Afrikaner-Broederbond). 1980–1981. Lêers in die Argief van die Afrikaner-Broederbond: Erfenisstigting, Pretoria.
- Arinder, M.K. 2016. Bridging the Divide between Evidence and Policy in Public Sector Decision Making: A Practitioner’s Perspective. *Public Administration Review*. 76(3):394-398. DOI: 10.1111/puar.12572.
- Banks, G. 2009. *Evidence-based policy making : What is it ? How do we get it?* Canberra: Productivity Commission.
- Banks, G. 2016. Commentary: Could academic research be more policy influential? *Public Administration Review*, 76(1):33-34. DOI: 10.1111/puar.12482.
- Barnard, M. 2015. *Bewysgebaseerde onderwys in gesondheidsberoep onder die soeklig*, <http://www0.sun.ac.za/vivus/3-augustus-2015/innovering/bewysgebaseerde-onderwys-in-gesondheidsberoep-onder-die-soeklig.html> [27 November 2017].
- Bax, C., De Jong, M. & Koppenjan, J. 2010. Implementing evidence-based policy in a network setting: Road safety policy in the Netherlands. *Public Administration*, 88(3):871–884. DOI: 10.1111/j.1467-9299.2010.01843.x
- Beckmann, J. 2011. Onderwys in Suid-Afrika van 1961 tot 2011: Tussen twee paradigmas en ontwykende ideale. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):507-532.
- Beebe, J. 1995. Basic Concepts and Techniques of Rapid Appraisal. *Human Organization*, 54(1):42–51. DOI: 10.17730/humo.54.1.k84tv883mr275613.
- Betekenisdefinitie. S.a. *Betekenis limbus*, <http://www.betekenis-definitie.nl/limbus> [28 November 2017].
- Botha, M.E. 1996. Die rol en ontwikkeling van ’n persoonlike wetenskaplike verwysingsraamwerk. In Garbers (red). *Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing*. Hatfield: J.L. van Schaik Akademies.
- Bovens, M. & ‘t Hart, P. 2016. Revisiting the study of policy failures. *Journal of European Public Policy*, 23(5):653-666.
- Cairney, P. 2016a. Evidence-based best practice is more political than it looks: A case study of the “Scottish approach”. *Evidence & Policy: A Journal of Research, Debate and Practice*, 0(0):1-17. DOI: 10.1332/174426416X14609261565901.
- Cairney, P. 2016b. *The politics of evidence-based policy making*. London: Palgrave Macmillan.
- Cairney, P., Oliver, K. & Wellstead, A. 2016. To bridge the divide between evidence and policy: Reduce ambiguity as much as uncertainty. *Public Administration Review*, 76(3):399-402.
- Caplan, N. 1979. The Two-Communities Theory and Knowledge Utilization. *American Behavioral Scientist*, 22(3):459-470. DOI: 10.1177/000276427902200308.
- Chotray, V. & Stoker, G. 2009. *Governance theory and practice: A cross-disciplinary approach*. New York: Palgrave Macmillan.
- Chisholm, L. 1983. Redefining Skills: Black education in South Africa in the 1980s. *Comparative Education*, 19(3):357-371.
- Cloete, F. 2009. Evidence-based policy analysis in South Africa: Critical assessment of the emerging government-wide monitoring and evaluation system. *South African Journal of Public Administration*, 44(2):293-311.
- Cloete, F. 2017. The complex dynamics of evidence-informed policy change. *Administratio Publica*, 25(1):93–120.
- Collins, C.B. & Gillespie, R.R. 1984. “Moving Education Forward to Keep Society Back”: The South African De Lange Report Reevaluated. *Comparative Education Review*, 28(4):625-638.
- Dar, O.A., Hasan, R., Schlundt, J.J.J., Harbarth, S., Caleo, G., Dar, F.K., Littmann, J., Rweyemamu, M., Buckley, E. J., Shahid, M., Kock, R., Li, H., Giha, H., Khan, M., So, A.D., Bindayna, K.M., Kessel, A., Pedersen, H., Permanand, G., Zumla, A., Røttingen, J. and Heymann, D.L. 2016. Exploring the evidence base for national and regional policy interventions to combat resistance. *The Lancet*, 387(10015):285-295. DOI: 10.1016/S0140-6736(15)00520-6.
- Davenport, T.R.H. 1988. *South Africa: A modern history*. Bergvlei: Southern Book Publishers.
- Davies, H. 2018. Persoonlike onderhoud met Dr. Huw Davies, ’n senior onderwysamptenaar uit daardie tyd.
- De Clercq, F. 1979. Apartheid and the organised labour movement. *Review of African Political Economy*, 6(14):69-77. DOI: 10.1080/03056247908703385.

- Department of National Education. 1982. *Advice by the interim education working party in the light of the report by the main committee of the HSRC investigation onto education and comments received from the public (Released on 23 November 1983)*. Pretoria: Government Printer.
- Department of National Education. 1985. *The development of the system for the provision of education following the White Paper on the Provision of Education in the RSA, 1983 (SANEP-180)*. Pretoria: Department of National Education.
- Dicks, L.V., Hodge, I., Randall, N.P., Scharlemann, J.P.W., Siriwardena, G.M., Smith, H.G., Smith, R.K. & Sutherland, W.J. 2014. A transparent process for “evidence-informed” policy making. *Conservation Letters*, 7(2):119-125. DOI: 10.1111/conl.12046.
- Durose, C., Needham, C., Mangan, C. & Rees, J. 2017. Generating “good enough” evidence for co-production. *Evidence & Policy: A Journal of Research, Debate and Practice*, 13(1):135-151. DOI: 10.1332/174426415X14440619792955.
- Dylan, B. 1976. *Lily, Rosemary and the Jack of Hearts*. Copyright © 1974 by Ram’s Horn Music.
- Edwards, M. 2005. Social science research and public policy: Narrowing the divide. *Australian Journal of Public Health*, 64(1):68-74.
- Elliott, H. & Popay, J. 2000. How are policy makers using evidence? Models of research utilisation and local NHS policy making. *Journal of Epidemiology and Community Health*, 54(6):461-468. DOI: 10.1136/jech.54.6.461.
- Feyerabend, P. 2010. *Against Method*. Fourth ed. London: Verso.
- FGGW Bemarking & Kommunikasie. 2016. *Dekaan vereer vir sy bydrae tot bewysgebaseerde gesondheidsorg*, <http://www0.sun.ac.za/vivus/afrikaans-vivus-november-2016/uitnemendheid/afrikaans-dean-honoured-for-his-contribution-to-evidence-based-healthcare.html> [27 November 2017].
- Flyvbjerg, B. 2006. Five misunderstandings about case-study research. *Qualitative Inquiry*, 12(2):219-245. DOI: 10.1177/1077800405284363.
- Fourie, P. 2012. Fundamentele massakommunikasienavorsing as ’n voorwaarde vir gesubstansieerde mediakritiek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 52(1):85–102.
- Garbers, J.G. 1984. *Van die RGN-Onderdwysondersoek tot Witskrif en Wetgewing – Navorsingsbestuuroorwegings*. Rede gelewer as ere-professor in die Departement Psigo- en Sosio-pedagogiek op 15 Oktober 1984 by die Universiteit van Pretoria. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: ’n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H. 2012. *Die laaste Afrikanerleiers: ’n Opregte toets van mag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Head, B.W. 2008. Three lenses of evidence-based policy. *Australian Journal of Public Administration*, 67(1):1-11. DOI: 10.1111/j.1467-8500.2007.00564.x
- Head, B.W. 2013. Evidence-based policymaking: Speaking truth to power? *Australian Journal of Public Administration*, 72(4):397-403. DOI: 10.1111/1467-8500.12037.
- Head, B.W. 2016. Toward more “evidence-informed” policy making? *Public Administration Review*, 76(3):472-484. DOI: 10.1111/puar.12475.
- Head, B., Ferguson, M., Cherney, A. & Boreham, P. 2014. Are policy-makers interested in social research? Exploring the sources and uses of valued information among public servants in Australia. *Policy and Society*, 33(2):89-101. DOI: 10.1016/j.polsoc.2014.04.004.
- Isett, K.R., Head, B.W. & VanLandingham, G. 2016. Caveat emptor: What do we know about public administration evidence and how do we know it? *Public Administration Review*, 76(1):20-23. DOI: 10.1111/puar.12467.
- Jensen, K.B. 1987. Qualitative audience research: Toward an integrative approach to reception. *Critical Studies in Mass Communication*, 4(1):21-36. DOI: 10.1080/15295038709360110.
- Jules-Macquet, R. 2016. *Vroeë Kind Ontwikkelingsentrum verwysingshandleiding vir registrasie by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling*, <http://www.cjcp.org.za/about-cjcp-afrikaans.html> [13 Mei 2018].
- Lavis, J.N., Robertson, D., Woodside, J.M., McLeod, C.B. & Abelson, J. 2003. How can research organizations more effectively transfer research knowledge to decision makers? *The Milbank Quarterly*, 81(2):221-248. DOI: 10.1017/CBO9781107415324.004.
- Lennon, M. 2014. Presentation and persuasion: The meaning of evidence in Irish green infrastructure policy. *Evidence & Policy: A Journal of Research, Debate and Practice*, 10(2):167-186. DOI: 10.1332/174426414X13935916947767.

- Liddell, C., Kemp, J. & Moema, M. 1994. The young lions: South African children and youth in political struggle. In Van Zyl Slabbert, Malan, Marais, Olivier & Riordan (eds). *Youth in the new South Africa: Towards policy formulation*. Pretoria: HSRC Publishers, pp. 347-351.
- Liverani, M., Hawkins, B. & Parkhurst, J.O. 2013. Political and institutional influences on the use of evidence in public health policy. A systematic review. *PLOS ONE*, 8(10):9. DOI: 10.1371/journal.pone.0077404.
- Lomas, J. & Brown, A.D. 2009. Research and advice giving: A functional view of evidence-informed policy advice in a Canadian Ministry of Health. *The Milbank Quarterly*, 87(4):903-926.
- Marston, G. & Watts, R. 2003. Tampering with the evidence: A critical appraisal of evidence-based policy-making. *The Drawing Board: An Australian Review of Public Affairs*, 3(3):143-163.
- Mnculwane, V. & Wissink, H.F. 2014. The regeneration of the case study methodology to understand the complexities of policy implementation: A paradigmatic proposal. *Administratio Publica*, 22(1):85-107.
- Muller, J. 1982. How a community responds: De Lange and the Afrikaner Volkskongres, 18.3.82 -20.3.82. *Perspectives in Education*, 35(May):52-61.
- Newman, J., Cherney, A. & Head, B.W. 2016. Do policy makers use academic research? Reexamining the “two communities” theory of research utilization. *Public Administration Review*, 76(1):2432. DOI: 10.1111/puar.12464.
- Newman, J., Cherney, A. & Head, B.W. 2017. Policy capacity and evidence-based policy in the public service. *Public Management Review*, 19(2):157-174. DOI: 10.1080/14719037.2016.1148191.
- Noordwes-Universiteit. 2015. *Jaarboek 2015: Fakulteit Regte, Voorgraadse & Nagraadse Programme, Potchefstroomkampus*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Nutley, S., Walter, I. & Bland, N. 2002. The institutional arrangements for connecting evidence and policy: The case of drug misuse. *Public Policy and Administration*, 17(3):76-94.
- Parkhurst, J. 2017. *The politics of evidence: From evidence-based policy to the good governance of evidence*. London: Routledge.
- Parsons, W. 2002. From muddling through to muddling up: Evidence based policy making and the modernisation of British Government. *Public Policy and Administration*, 17(3):43-60. DOI: 10.1177/095207670201700304.
- Pearce, W., Wesselink, A. & Colebatch, H. 2014. Evidence and meaning in policy making. *Evidence & Policy: A Journal of Research, Debate and Practice*, 10(2):161-165. DOI: 10.1332/174426514X13990278142965.
- Raadschelders, J.C.N. 2008. Understanding government: Four intellectual traditions in the study of public administration. *Public Administration*, 86(4):925-949. DOI: 10.1111/j.1467-9299.2008.00742.x
- RGN (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing). 1981. *Onderwysvoorsiening in die RSA: Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-onderzoek na die Onderwys*. Pretoria.
- Rhodes, R.A.W.W. 2015. Recovering the craft of public administration. *Public Administration Review*, 76(4):1-33. DOI: 10.1111/puar.12504.
- Richardson, L. 2013. Putting the research boot on the policymakers’ foot: Can participatory approaches change the relationship between policymakers and evaluation? *Social Policy and Administration*, 47(4):483-500. DOI: 10.1111/spol.12031.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1981. *Tussentydse memorandum oor die verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die ondersoek na die onderwysvoorsiening in die RSA*. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1983a. *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 110 van 1983*.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1983b. *Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, 1983*. Pretoria: Staatsdrukker.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). SAQA. 2010. *Proceedings of the Colloquium on Recognition of Prior Learning (RPL) for the upgrading and up-skilling of teachers in South Africa*. South African Qualifications Authority: Waterkloof.
- Sanderson, I. 2002. Making sense of “What works”: Evidence-based policy making as instrumental rationality? *Public Policy and Administration*, 17(3):61-75. DOI: 10.1177/095207670201700305.
- Schorr, L., Farrow, F. & Sparrow, J. 2014. *An evidence framework to improve results*. Washington, DC: Centre for the Study of Social Policy.
- Shergold, P. 2016. Commentary: Lost in translation? The challenge of informing public policy with evidence. *Public Administration Review*, 76(3):484-485. DOI: 10.1111/puar.12553.

- Siciliano, M.D. 2015. Advice Networks in Public Organizations: The Role of Structure, Internal Competition, and Individual Attributes. *Public Administration Review*, 75(4):548-559.
- Smith, K.E. 2013. Understanding the influence of evidence in public health policy: What can we learn from the “Tobacco Wars”? *Social Policy and Administration*, 47(4):382-398. DOI: 10.1111/spol.12025.
- Stals, E.L.P. 1998. *Geskiedenis van die Afrikaner-Broederbond: 1981–1994*. Stellenbosch: Afrikaner-Broederbond.
- Stanhope, V. & Dunn, K. 2011. The curious case of Housing First: The limits of evidence based policy. *International Journal of Law and Psychiatry*, 34(4):275-282. DOI: 10.1016/j.ijlp.2011.07.006.
- Steyn, J.F. 2018. Onderhoud met mnr. J F Steyn op 13 Augustus 2018.
- Stone, C.N. 1980. The implementation of social programmes: two perspectives. *Journal of Social Issues*, 36(4):13-34.
- Stone, H. 2014. *Weerskante van die Rubicon - 'n onderwysman oor Afrikanerpolitiek*. Pretoria: FAK.
- Theron, E. & Du Toit, J.B. 1977. *Kortbegrip van die Theron-verslag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Thompson, M.P. 1993. Reception Theory and the Interpretation of Historical Meaning. *History and Theory*, 32(3):248-272.
- UP (Universiteit van Pretoria). 2016. *Bewysgebaseerde geneeskunde 871*. Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016, www.up.ac.za/af/faculty-of-education/yearbooks/2017/pdf/module/CLI_873 [27 November 2017].
- US (Universiteit Stellenbosch). 2012. *Jaarverslag 2012*, Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- US (Universiteit Stellenbosch). 2016. *Universiteit van Stellenbosch: Gehalteversekering*. <http://www.sun.ac.za/english/search/Pages/results.aspx?k=gehalteversekering> [27 November 2017].
- Van den Berg, D.J. 1996. The rise and demise of two binary systems of higher education and the consequence for career education. *South African Journal of Higher Education*, 10(1):8-15.
- Van den Berg, D.J. 2018. Onderhoud met dr. D J van den Berg op 15 Augustus 2018.
- Van Zyl, C. 1991. *The De Lange report – ten years on: An investigation into the extent of the implementation of recommendations of the 1981 HSRC investigation into education*. Pretoria: Human Sciences Research Council Publishers.
- Van Zyl, C. 2018. Onderhoud met dr. Christa van Zyl op 23 Augustus 2018.
- Veldblom, L. 2009. *Bewysgebaseerde afrigting: Wat is dit en hoe dit werk*, <https://certifiedcoach.org/af/2009/06/evidence-based-coaching-what-it-is-and-how-it-works/> [27 November 2017].
- Vesely, A. 2013. Externalization of policy advice: Theory, methodology and evidence. *Policy and Society*, 32(3):199-209. DOI: 10.1016/j.polsoc.2013.07.002.
- Watts, R. 2014. Truth and politics: Thinking about evidence-based policy in the age of spin. *Australian Journal of Public Administration*, 73(1):34-46. DOI: 10.1111/1467-8500.12061.
- Wehrens, R. 2013. *Beyond Two Communities: The co-production of research, policy and practice in collaborative public health settings*. Rotterdam: Erasmus Universiteit Rotterdam.
- Wes-Kaapse Regering. 2015. *Departement van Kultuursake en Sport: Jaarverslag 2014/2015*. <https://www.westerncape.gov.za/assets/departments/cultural-affairs-sport/annual-report-14-15-final-draft-sep-2015-afr.pdf> [27 November 2017].
- Wyatt, A. 2002. Evidence based policy making: The view from a centre. *Public Policy and Administration*, 17(3):12-28. DOI: 10.1177/095207670201700302.
- Yin, R.K. 2013. Validity and generalization in future case study evaluations. *Evaluation*, 19(3):321-332. DOI: 10.1177/1356389013497081.
- Young, T. 2017. *#VrouevanUS: Kampvegter vir bewysgebaseerde gesondheidsorg*, <https://www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news/DispForm.aspx?ID=5002> [27 November 2017].
- Zongozzi, J.N. & Wessels, J.S. 2016. Variables influencing case study research design in Public Administration: A conceptual framework. *Administratio Publica*, 24(2):212-233.
- Zongozzi, J.N. & Wessels, J.S. 2017. Case studies in South African Public Administration: A review of Master’s dissertations from 2005 to 2012. *Journal of Public Administration*, 52(1):260-274.

Mans se rol in die stryd om gendergeregtigheid: 'n Historiese oorsig van antifeminisme en profeminisme

Men's role in the quest for gender justice: A historical overview of antifeminism and profeminism

ENGELA PRETORIUS

Navorsingsgenoot, Universiteit van die Vrystaat

E-pos: engelpret@gmail.com



Engela Pretorius

ENGELA PRETORIUS is 'n navorsingsgenoot in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat (UV). Sy begin haar akademiese loopbaan in 1982 in die Departement Sosiologie aan die UV en word in 2001 hoof van die departement. Van 2004 tot met haar aftrede in 2009 was sy Visedekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die UV. Die hooffokus van haar navorsing is die sosiologie van gesondheid, siekte en gesondheidsorg, by name tradisionele heling en komplementêre geneeskunde, asook genderstudie. Sy het in die redaksionele raad van die tydskrif, *Society in Transition* en ook in die direksie van die tydskrif *Agenda* gedien.

ENGELA PRETORIUS is a research associate in the Faculty of the Humanities at the University of the Free State (UFS). She commenced her academic career in 1982 in the Department of Sociology at the UFS and in 2001, was appointed head of the department. From 2004 to her retirement in 2009, she was Vice-dean of the Faculty of the Humanities at this institution. The main focus of her research is the sociology of health, disease and healthcare, specifically traditional healing and complementary medicine, and also gender studies. She has served as a member of the editorial board of the journal *Society in Transition* and of the board of directors of the journal *Agenda*.

ABSTRACT

Men's role in the quest for gender justice: A historical overview of anti-feminism and profeminism

Gender is central to social life. Yet, throughout human history, the social order has been characterised by gender inequality. The first active steps towards creating an equitable society can be traced to around 1792 when Mary Wollstonecraft's "A vindication of the rights of women" was published. An integral part of her advocacy for all human rights was her rejection of slavery and she often drew an analogy between the positions of women and those of slaves. From the outset, endeavours at achieving gender justice were either supported or loathed by

men. In the mid 20th century, the responses to the effects of feminism and those of women's struggles for equality culminated in a so-called "men's movement". A distinction is generally drawn between two types of movement that lie at the opposite extremes of a continuum, namely, at the one end, conservative or anti-feminist (the men's rights movement) and, at the other, liberal/progressive or profeminist (the new men's movement).

Men's rights groups reject women's liberation, claiming that women cover up the reality that men are most oppressed and that they (women) actually possess the power. South African examples of anti-feminist movements include Promise Keepers South Africa and the Mighty Men Conference Movement.

Women, in their turn, either welcomed men's involvement or regarded it with suspicion. Even if, during the 1960s, the women's movement welcomed male activists, some feminists were sceptical of this development and, by the mid 1970s, radical feminism surfaced. It largely rejected men's support of the women's movement, its premise being that all men benefited from gender oppression.

During the 1990s, discontent among feminists became apparent. Criticism against what was regarded as hegemonic feminism was expressed by women of colour. These women rejected the idea of a universal sisterhood. Although black women in South Africa had actively participated in the liberation struggle since the 1950s, a distinctly feminist consciousness was totally lacking. The first steps towards establishing organisations geared exclusively towards women's liberation only followed late in the 1980s. African feminists, because they are not only concerned about women's issues but about social issues, generally accept men as allies.

While several justifications for engaging with men have been advanced, some concern has however been raised as regards the involvement of men or the so-called "men-streaming" approach advocated by international organisations. Several provisos have consequently been advanced in this regard, the most fundamental of these being that such inclusion/involvement should be seen to advance the overarching feminist aim of gender equality.

The male activists in Britain and America who supported women's suffrage at the beginning of the 20th century are viewed both as the initiators of the men's liberation movement and the pioneers of the profeminist movement that gained prominence during the 1960s. In South Africa, Sol Plaatje and Steve Biko are regarded as having been profeminist.

Although profeminist groups are found globally, they are more common in countries with relatively longer traditions of gender-equity endeavours. South Africa, because of its relatively short democratic history, does not feature among such countries. Although profeminism developed in the American and European contexts, it eventually – like feminism – migrated to Africa. Several reasons have been advanced as to why profeminism has lately gained momentum in South Africa, the main being that the country is confronted by two major public health issues, namely gender-based violence and HIV/Aids – both being issues inextricably related to gender inequalities. It would moreover seem that, in the little more than two decades of the new democratic dispensation, very little has actually been accomplished in terms of achieving gender justice. South African women remain the poorest of the poor and are subjected to some of the highest levels of gender-based violence in the world.

Against this background, there is an increasing insistence that men and boys be involved to achieve accelerated change. Current debates no longer revolve around whether men should be involved but around the precise nature of their involvement. Apart from the involvement of both women and men, there is a growing awareness that civil society should be actively involved. Activism of this kind at grass-roots level by non-governmental organisations – termed NGO-isation – has increased.

Sonke Gender Justice, a local profeminist non-governmental organisation, attempts to counter the anti-feminism of a new youth movement (influenced by Julius Malema) and traditionalists like Jacob Zuma. In light of the apparent anti-feminism and also the fact that gender justice has as yet not nearly been achieved, the struggle for gender justice is now more compelling than ever. Though profeminist men who support the cause are indispensable partners in the struggle, their numbers are still relatively small. Ideally, all South African men (and women) should accept the gravity of the situation. If this conviction is accompanied by a commitment to the central values of the Ubuntu philosophy and the Constitution, both women and men will embrace the feminist model for social reconstruction and react positively to the fundamental aim of feminism, namely the elimination of all injustices.

KEY TERMS: Gender justice, feminism, anti-feminism, profeminism, hegemonic masculinity, men's rights movement, men's liberation movement, Sonke Gender Justice

TREFWOORDE: Gendergeregtigheid, feminisme, antifeminisme, profeminisme, hegemones manlikheid, mansregtebeweging, mansbevrydingsbeweging, Sonke Gender Justice

OPSOMMING

Die sosiale orde word deur die loop van millennia deur genderongelykheid gekenmerk. Dit het aanleiding gegee tot die vrouebevrydingsbeweging en feminisme. Mans was van meet af aan betrokke by die stryd om genderegeregtheid¹ – weliswaar op verskillende maniere. Sommige het organisasies teen vroue (antifeministies) en ander vir vroue (profeministies) gevestig. Op hul beurt het vroue aanvanklik mans se betrokkenheid verwelkom (in die 1960's), maar teen die middel van die 1970's het radikale feministe mans se ondersteuning van die vrouebeweging grotendeels verwerp. In die 1990's het feministe ontevredenheid in eie geleedere ervaar. Die kritiek teen sogenaamde hegemones feminisme was veral van vroue van kleur afkomstig. Alhoewel verskeie redes vir mans se betrokkenheid aangevoer word, word sodanige betrokkenheid meermale bevestig. Talle voorbehoude word derhalwe in hierdie verband gestel. Alhoewel profeminisme hoofsaaklik in Amerika en Europa ontstaan het, het dit uiteindelik na Afrika gemigreer. 'n Suid-Afrikaanse profeministiese organisasie, Sonke Gender Justice, dien as teenvoeter vir die antifeminisme van 'n nuwe jeugbeweging (onder invloed van Julius Malema) en tradisionalistes soos Jacob Zuma.

1. INLEIDING

Gender staan sentraal in die sosiale lewe. Tog word die sosiale orde deur die loop van millennia deur genderongelykheid gekenmerk. Die eerste daadwerklike stappe om genderegeregtheid teweeg te bring, kan teruggevoer word na 1792 met die publikasie van die Engelse skrywer en sosiale hervormer, Mary Wollstonecraft, se boek *A vindication of the rights of women* (1996). Hierin betoog sy vir vroue se bevryding van patriargie, vir hul reg tot onderwys en om hul

¹ Die konsep wat deurgaans in die artikel gebruik word, is "genderegeregtheid" (*gender justice*). Die konsepte "gendergelykheid", en "gendergelykberegting" word ook gebruik, maar is egter nie wisselsterme nie. Eersgenoemde verwys na gelyke toegang tot sosiale goedere, dienste en hulpbronne, asook gelyke geleenthede op alle lewensterreine vir sowel vroue as mans. By "gendergelykberegting" kom die beginsel van billikheid ter sprake. Om billikheid of gelykberegting te verseker, vereis sekere maatreëls om te vergoed vir historiese en/of sosiale benadeling wat vroue en mans daarvan weerhou om as gelykes te funksioneer.

lewenstyl te kan kies. Haar liberale nalatenskap het in die vrouebevrydingsbeweging en die ideologie van feminisme wat in die 20ste eeu ontwikkel het, neerslag gevind. 'n Integreerende deel van haar voorspraak vir alle menseregte was haar verwerping van slawerny. Alhoewel sy nie aktief by teenslawernyvelddogte betrokke was nie, het sy meermale 'n analogie tussen die posisie van vroue en slawe getref. Chronologies gesproke, oorvleuel vroue se betrokkenheid by die teenslawernybeweging met die ontstaanstydperk van moderne feminisme (Midgley 1993).

Drie fases² kan in die ontwikkeling van feminisme geïdentifiseer word: die eerste in die 19de eeu, die tweede teen die middel van die 20ste eeu en die derde vanaf ongeveer 1980. Teen die begin van die 1990's het die term postfeminisme begin opduik om te suggereer dat feminisme so te sê uitgedien was, omdat vroue hul doelwitte sou bereik het (Hall & Rodriguez 2003). In haar boek, *Backlash: the undeclared war against women*, bestempel Susan Faludi (1992) postfeminisme egter as 'n mite deur die media voortgebring en wat slegs dien as regverdiging van die partiargale status quo.

Benewens die aanslag op feminisme vanuit die media was daar 'n onvergenoegdheid onder sekere vroue te bespeur. Vir hierdie antifeministiese vroue het 'n postfeministiese fase inderdaad aangebreek, enersyds omdat feminisme nie meer 'n energieke en lewenskragtige politieke beweging was nie en andersyds omdat vroue se probleme ten opsigte van onder meer gelykheid, mag, respek en vrye uitdrukking steeds aanwesig en dwingend was (Thompson 2002).

In hierdie tydperk (1990's) het feministe ook ontevredenheid in eie geledere ervaar. Postkolonialistiese feministe – waaronder Spivak, Minh-ha en Mohanty – het die aannames of aansprake van tweedefasefeminisme bevraagteken, naamlik dat dit alle vroue sou verteenwoordig (Lewis 1994). McRobbie (2004:256) beskou hierdie gebeure as 'n keerpunt in feministiese teorie, naamlik “the moment of definitive self-critique”. Die kritiek teen wat bestempel is as hegemoniese feminisme was veral van feministe van kleur afkomstig. Hierdie vroue het die idee van 'n universele susterskap verwerp weens die opvatting dat dit op 'n oorspronklike, moederfeminisme sou dui waarin verskille misken word (Msimang 2002). Hegemoniese feminisme word beskou as die dominansie van wit, Westerse, eerswêreldse aannames soos dat seksisme die primêre onderdrukker is, omtrent wat dit beteken om 'n feminis te wees en wat vroue benodig om bevry te word. Hegemoniese feminisme was onaanvaarbaar omdat dit die talle manifestasies van diskriminasie in terme van geslag, ras, klas, seksualiteit en vermoë – kortweg interseksionaliteit (Dow 2016) – óf onderspeel óf geïgnoreer het. Aldus is die aktivisme en wêreldbeskouings van vroue van kleur gemarginaliseer (Bunjun 2010; Lewis 1994). Anders as in die geval van Westerse vroue, was Afrikavroue se stryd teen genderonderdrukking “... fused with liberation from other forms of oppression, namely slavery, colonialism, neocolonialism, racism, poverty, illiteracy, and disease” (Steady in Kolawole 2002:94). Alhoewel swart vroue in Suid-Afrika sedert die 1950's toenemend aktief was in die stryd teen apartheid, het 'n feministiese bewussyn feitlik totaal ontbreek (Hassim 1991). Die eerste treë in die daarstelling van organisasies wat uitsluitlik op die bevryding van vroue gerig was, het eers laat in die 1980's gevolg (Lewis 1994). In die finale instansie het vroue van kleur hul van hegemoniese feminisme gedistansieer omdat laasgenoemde 'n visie vir sosiale verandering daargestel het wat eerder op individuele menseregte as op geregtigheid gegrond was (Thompson 2002).

Die feminismes van vroue van kleur word gekenmerk deur uiteenlopende kwessies. Dit val dus nie vreemd op nie dat hierdie feministe veelvuldige intellektuele posisies inneem en

² In die Engelse literatuur staan dié bewegings as “waves” bekend en in Nederlands word na “golwe” verwys. Ek volstaan egter met “fases”.

deur verskillende terme geïdentifiseer word soos onder meer veelrassige feminisme, multi-kulturele feminisme, inheemse feminisme en Afrikafeminismes³ (Zinn & Dill 1997). Die kritiek op Westerse feminisme het ook tot alternatiewe vir die konsep feminisme gelei. Die bekendste en mees aanvaarde alternatief is die eksplisiete raskritiek op feminisme vervat in die konsep *womanism*. Benewens 'n kragtige pro-swart posisie, is *womanism* ten gunste van kulturele kontekstualisering en beklemtoon dit die belangrikheid van die gesin en samewerking met mans (Aniagolu 1998; Guy-Sheftall 2002; Kolawole 2002; Ogunyemi 1985; Walker 1990).

Afrikafeminismes – soos die meervoud aandui – is nie gelykvormig nie en word deur sowel geografiese as politieke vloeibaarheid gekenmerk. Die Afrikafeminismes wat die politieke legitimiteit van korporatiewe, staatsingestelde mag met humanistiese hervormings aanvaar, word as liberaal bestempel. Daardie feminismes wat die rol van kapitalisme, neokolonialisme en die korporatiewe staat identifiseer, is radikaal, terwyl Afrikafeminismes wat die staat en korporatiewe dominansie uitdaag en optree om sodanige beheer uit die weg te ruim, as rewolusionêr bestempel word (Kuumba 2003).

Dit is betekenisvol dat mans in elk van die fases en geleidinge van feminisme op die een of ander wyse betrokke was – hetsy as kampvegters vir of as opponente teen die saak. Wollstonecraft se intellektuele kring het vanuit die staanspoor manlike aktiviste van sowel radikale intellektuele as politieke mansgroepe ingesluit (Hughes 2002; Walker 1990). Daar is egter relatief min literatuur oor die verskillende aspekte van mans se rol in die vrouebevrydingsbeweging. Volgens Berlatsky (2014) is daar nie veel bespreking oor die historiese plek van mans in die feministiese beweging nie, terwyl Karoski (2007:xiii) se literatuuroorsig daarop dui dat "... the 'grassroots' elements of the men's movement is an under-researched social terrain". Daar is veral 'n gebrek aan kritiese literatuur oor die politieke en sosiale belang van profeministiese mans en hoe hulle hegemoniese manlikheid ("masculinity") uitdaag (Kannen 2009).

In hierdie oorsigartikel verken ek die historiese rol van mans in die feministiese beweging deur te wys op hul uiteenlopende reaksies op vroue se stryd om genderegterigheid, getipeer as antifeministiese of profeministiese standpunte. Hierna bekyk ek die feministiese reaksie op mans se ondersteuning of betrokkenheid, asook die beweegredes om mans te betrek ten einde genderegterigheid te verwesenlik. Laastens, val die soeklig op profeminisme in Suid-Afrika en beskryf ek hoe die stryd teen antifeminisme en vir geslagsgeregtigheid deur mans op voetsoolvlak gevoer word.

2. MANS SE REAKSIES OP FEMINISME

Ten einde mans se reaksies op feminisme te begryp, het Kimmel (1987) ondersoek ingestel na Amerikaanse mans se reaksies op feminisme in die ontstaansfase daarvan in die laat 19de en vroeg 20ste eeu. Hy kon drie soorte ideologiese responskategorieë op feminisme identifiseer:

- Antifeministiese reaksies: Hierdie reaksies het op sosiale Darwinisme, godsdienstige teorieë en opvattinge omtrent die sogenaamde natuurlike orde van sake berus. Die doel was die handhawing van patriargale staatsbeheer en om vroue na die private sfeer van die huis te laat terugkeer.
- Maskulinistiese reaksies: Die doel hiervan was om die vervrouliking van kultuur te bekamp deur die daarstel van "islands of masculinity, untainted by feminizing forces" (Kimmel 1987:261).

³ Die diversiteit van die sosiale realiteite op die Afrikakontinent het opvattinge van feminisme dermate beïnvloed dat dit wenslik is om die meervoud te gebruik wanneer dit by feminisme in Afrika kom – dus Afrikafeminismes.

- Profeministiese reaksies: Hoewel die mees progressiewe reaksie, verteenwoordig dit ook die kleinste ondersteuning uit die manlike geledere. Hierdie mans was openlik in hul ondersteuning van vroue se aandrang op verandering in sowel die openbare as private domeine. Hulle het die feministiese model van sosiale rekonstruksie aanvaar vanweë 'n sin vir regverdigheid, die oortuiging dat mans verarm word deur vroue se onderdrukking en dat mans kan baat deur vroue se saak te ondersteun.

Kimmel (1987) se waarneming is dat daar kontemporêre parallele is, weliswaar aangespoor deur andersoortige sosiale kragte soos globalisering, veranderinge in die werkplek en nuwe deurbrake vir vroue wat manlikheid weereens onder druk plaas.

Antifeministiese reaksies op sowel die term feminisme as vroue se aktivisme vir gendergeregtigheid strek van weersin of vrouehaat tot geweld (Delamont 2003:12). Wat Westerse mans betref, kom sarkasme dikwels voor, maar die gewildste reaksie is blykbaar wat Barbara Ehrenreich noem “a peevish withdrawal” (Goldrick-Jones 2002:31) in manlike vestings. Volgens Kolawole (2002) beskou talle Afrikamans die term feminisme as afstootlik en die konsep gender as verdelend. Vir hulle is dit uit die Weste ingevoer om Afrikavroue te onderwerp en om hulle van Afrikamans te vervreem.

'n Ander, minder gewilde reaksie op feminisme is om die beginsels daarvan te ondersteun. Alhoewel laasgenoemde standpunt by Westerse mans eers gedurende die 1960's na vore gekom het, het 'n paar mans van aansien omtrent 'n eeu vroeër nie net hul simpatie met feministiese oortuigings openlik uitgespreek nie, maar ook in hul geskifte aangedui hoe vroue deur sosiale of ekonomiese omstandighede onderdruk word. In 1866 het die Britse filosoof, politieke ekonoom en parlamentslid, John Stuart Mill, 'n petisie van 1 449 handtekeninge ten gunste van vrouestemreg aan die Britse Laerhuis oorhandig. In 1869 skryf hy 'n essay *The subjection of women* wat 'n belangrike werk in die geskiedenis van feminisme sou word (Hughes 2002; Walker 1990). Ander voorbeelde van belangrike en invloedryke geskifte deur mans oor vroue se posisie van ondergeskiktheid is Friedrich Engels se *Der Ursprung der Familie, des Privateigentums und des Staats* (1884) en August Bebel se *Die Frau und der Sozialismus* (1879).

In Amerika was 'n voormalige slaaf en kampvegter vir die afskaffing van slawehandel, Frederick Douglass, een van die vroegste aktiewe ondersteuners van vrouestemreg vir alle vroue. Hy was 'n tydgenoot van die Brit John Stuart Mill en een van slegs enkele mans wat die beroemde *Women's Rights Convention* in 1848 in Seneca Falls bygewoon het (Berlatsky 2014; Kimmel & Mosmiller 1992). Ietwat later as Douglass en wel gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu, was die Afro-Amerikaanse skrywer en burgerregte-aktivis, WEB Du Bois, seker die bekendste segspersoon vir die regte van Afro-Amerikaners. Afro-Amerikaanse feministe soos Joy James en Beverly Guy-Sheftall is dit eens dat hy en Douglass as profeministe⁴ beskryf kan word vanweë hul ondersteuning van die saak van vroue (Rabaka 2003).

Prominente Suid-Afrikaanse mans wat as profeministe getipeer word, is Sol Plaatje (Chrisman 1997) en Seve Biko (Ratele & Botha 2014). Volgens Lewis (1994) is vroue egter in Biko (en in swart bewussynsdenke) se retoriek gemarginaliseer. Hoewel Ratele en Botha (2014) toegee dat Biko 'n produk van sy patriargale, rassistiese tyd was, beskou hulle hom, vanweë sy insubordinasie en sy psigo-politieke vernuf met betrekking tot hoe mag uitspeel, as 'n uitnemende voorbeeld vir swart mans wat gendergelykheid ondersteun.

⁴ Sien Afdeling 2.1.2 vir 'n volledige bespreking van profeminisme.

2.1 Die mansbeweging

Teen die helfte van die 20ste eeu het die reaksies op die gevolge van feminisme en van vroue se stryd om gendergelykheid neerslag gevind in die sogenaamde mansbeweging (“men’s movement”) – ’n term wat duidelik as parallel moes dien vir die term vrouebeweging. Dit is ’n organisasie of groep – formeel of informeel – daargestel met die doel “... to appeal to men as gendered subjects” (Morrell 2005:275). Net soos die vrouebeweging nie monolities is nie, so omvat die mansbeweging ook ’n ryk geskakeerde versameling politieke en ideologiese posisies wat gedefinieer word ingevolge aspekte soos die erkenning van geïnstitusioneerde bevoorregting, die erkenning van verskille of ongelykhede tussen mans, asook die erkenning van die “prys” van manlikheid (Flood 2007; Hearn 2000; Karoski 2007). Hierdie posisies dek ’n breë spektrum – van konserwatief tot liberaal/progressief met variërende grade van antagonisme en ambivalensie jeens die vrouebeweging. Aan die konserwatiewe kant word die mansregtebeweging (“men’s rights movement”) aangetref en aan die liberale kant, die nuwe mansbeweging (“new men’s movement”).

2.1.1 Die mansregtebeweging: antifeministiese reaksies

Gedurende die tweede fase van feminisme (1960’s) is die samelewing in die algemeen en mans in die besonder genoop om op die feministiese uitdaging te reageer. Amptelike reaksies was onder meer die wysiging van diskriminerende wetgewing en die inwerkingstelling van nuwe beleid – soos regstellende handeling – wat daarop gemik was om vroue in die openbare sfeer te ondersteun. Op gemeenskapsvlak en in die private sfeer het mans bewusmakingsgroepe geskep om te probeer bepaal hoe mans gesosialiseer word om disfunksionele rolle en gedrag uit te leef (Karoski 2007). Daar was dus mans wat erken het dat die samelewingsvereistes van manlikheid – onder meer gedefinieer deur geweld, seks, status en aggressie – nie net vroue nie, maar ook mans benadeel. Mans is benadeel indien hulle nie voldoen het aan die eise van sogenaamde hegemones manlikheid nie. Volgens Connell behels laasgenoemde die mees eerbiedwaardige manier van manwees; dit vereis dat alle mans hulle in verhouding hiermee posisioneer en ideologies legitimeer dit die ondergeskiktheid van vroue aan mans (Connell & Messerschmidt 2005:832).

Hegemoniese manlikheid word as die dominante vorm van manlikheid beskou. Hiernaas het Connell (Connell & Messerschmidt 2005) ook ander tipes geïdentifiseer. Ondergeskikte (“subordinate”) manlikheid is om in stryd te wees met hegemones manlikheid en om uitdrukking te gee aan eienskappe wat die teenoorgestelde daarvan is – soos om oordrewe emosioneel te wees. Gemarginaliseerde (“marginalised”) manlikheid beteken dat ’n persoon nie oor die nodige kenmerke beskik om aan hegemones manlikheid te voldoen nie – soos om nie-wit te wees of ’n gebrek te hê. Mans wat deur patriargie bevoordeel word sonder om ’n sterk weergawe van manlike dominansie te onderskryf, word beskou as sou hulle meedoen aan hegemones manlikheid (“complicit hegemony”) (Connell & Messerschmidt 2005).

Om die aard, vorm en dinamika van manlike mag in die Suid-Afrikaanse konteks te verklaar, het Morrell (Morrell, Jewkes & Lindegger 2012) Connell se konsep hegemones manlikheid gebruik en drie sodanige tipes manlikheid onderskei, naamlik ’n swart, stedelike, ’n Afrika, landelike (geperpetueer deur inheemse instellings) en ’n wit hegemones manlikheid. Elk verteenwoordig ’n andersoortige ideaal van manlike gedrag wat neerslag vind in drie verskillende groepe mans en drie soorte genderpraktyke. Tydens die ampstermyn van Julius Malema as president van die ANC Jeugliga, het ’n nuwe jeugmanlikheid ontwikkel. Gekenmerk deur “... ”

assertions of power and wealth, with acquisition predicated on entitlement, use of violence and brute strength, rather than personal achievement or respect for the legitimate use of power” (Morrell, Jewkes & Lindegger 2012:18), is hier beslis ook sprake van ’n hegemoniese manlikheid.

Teen die laat 1970’s was daar internasionaal ’n betekenisvolle toename in die aantal ruimdenkende mans wat manlikheid wou begryp, wat verkies het om aan selfverbetering te werk en wat verhoudings met eendersdenkende mans wou vestig. Die fokus van sulke manskroepe was op mans se regte. Hulle verteenwoordig die konserwatiewe kant van die kontinuum, omdat hul liberale perspektiewe algaande verhard en uiteindelik in die argument gekulmineer het dat mans deur vroue geviktimiseer word en dat vroue – en veral feministe – oormatige skuldgevoelens by hulle wil aanwakker (Goldrick-Jones 2002:34). Hulle het vrouebevryding verwerp en aangevoer dat vroue in werklikheid die mag het en dat mans die onderdrukte is. Hierdie antifeministiese teenreaksie het ’n skeuring tussen die voorstanders van mansregte en dié van mansbevryding tot gevolg gehad (Campbell 2012). Volgens die prominente feministiese skrywer, bell hooks (2000), weerspieël die neiging tot vrouehaat in die mansregtebeweging die mees negatiewe aspekte van die vrouebeweging. Vir Stoltenberg (2005:X) verteenwoordig hierdie antifeministiese bewegings “ancient cults of masculinity in modern guise”.

’n Amerikaanse voorbeeld van ’n antifeministiese beweging is die fundamentalistiese Promise Keepers (in 1990 gestig), terwyl Families Need Fathers (in 1974 gestig) ’n Britse ekwivalent is (Promise Keepers 2018; Stoltenberg 2005:xvi). Die eerste en seker die bes georganiseerde plaaslike voorbeeld is die South African Association of Men (SAAM), in 1994 deur ’n akademikus (Kierin O’Malley) en ’n sakeman (John Loftus) gestig met die doel om “the tattered remains of the male image” te herstel (Morrell 2005:276). SAAM het uit die staanspoor min ondersteuning gekry, moontlik omdat dit hoofsaaklik wit, middelklas en heteroseksisties was en het bykans verdwyn.

In 1998 het die Springbokkrieketspeler, Peter Pollock, Promise Keepers South Africa gestig. Soos die Amerikaanse ekwivalent, huldig die beweging streng Christelike, fundamentalistiese beskouinge. Hulle beskou die bevryding van die “ander” (vroue) as ’n probleem wat net opgelos kan word as mans hul regmatige plek in die samelewing inneem en daardeur mans se tradisionele mag en eer – as pa’s, eggenote of broers – bevestig (Conradie & Pillay 2015; Hearn 2000; Morrell 2005).

’n Meer onlangse ontwikkeling in aktivisme vir mansregte in Suid-Afrika is die Mighty Men Conference Movement, in 2004 deur Angus Buchan gestig. Sy fundamentalistiese, antifeministiese beskouings is duidelik uit talle stellings in die openbaar en op die webblad van Shalom Ministries (2016). ’n Subteks in Buchan se diskoers is dat hy ’n probleem met die bevrydingsbewegings het, hetsy deur politiek of gender gedefinieer. Aldus skryf hy en van sy volgelinge die wanorde in die land direk toe aan die nasionale en die vrouebevrydingsbewegings (Conradie & Pillay 2015; Nortjé-Meyer 2011). Ten einde dus die orde in die land te herstel, moet die orde in die gesin eers herstel word, iets wat volgens hulle net moontlik is indien die man sy regmatige plek terugneem as die hoof van die gesin en as die verteenwoordiger van Christus (Buchan, Greenough & Waldeck 2006:167). Vir Nadar (Nortjé-Meyer 2011:6) reflekteer hierdie ideologie maskulinisme wat ’n beklemtoning is van “... the natural and inherent superiority of men and is used to justify the oppression and subjugation of women. It is the antithesis of feminism”.

Volgens Messner (1997:16) beskou bewegings soos die Promise Keepers (en by implikasie die Mighty Men Conference) dit as noodsaaklik vir mans om hulle van vroue te onttrek “to create spiritually based homosocial rituals through which they can collectively recapture a

lost or strayed ‘true manhood’”. Jeff Hearn (2000:359) is daarom in beginsel begaan oor “men-only public organizations, conferences and events that exclude women” en maan dat hulle “should be viewed with great suspicion or worse ... even when done with apparent ‘good’ intentions”.

2.1.2 Die nuwe mansbeweging: profeministiese reaksies

Sommige mans se aanvanklike reaksie op die feministiese uitdaging was om met feministiese vroue saam te span om seksisme in al sy geledinge die hoof te bied. Dié standpunt van mans wat gendergelykheid openlik gepropageer het, maar nie noodwendig lid van die feministiese beweging was nie, staan as profeminisme bekend. Alhoewel profeminisme die ekwivalent van antiseksisme is, verkies hierdie mans die eersgenoemde benaming, omdat hulle hulself wil definieer kragtens dit *waarvoor* hulle staan eerder as *daarteen* (Brod 1998). Profeministe sien hul taak as aanvullend tot dié van vrouebewegings en -organisasies, naamlik protes teen die onderdrukkende idees van manlikheid en geslagsongelykheid. Hierbenewens het hulle ten doel die bevordering van mans se eie welsyn en geluk. Laasgenoemde kan bewerkstellig word deur met mans te werk om onder meer geweld te verminder en om verantwoordelike vaderskap te bevorder (Sweetman 2013).

Die manlike aktiviste wat as deel van organisasies soos die Federation for Women’s Suffrage in Brittanje en die Men’s League for Women’s Suffrage in Brittanje en Amerika vrouestemreg aan die begin van die 20ste eeu ondersteun het, kan met reg beskou word as die inisieerders van die mansbevrydingsproses en ook as die voorlopers van die huidige profeministiese beweging (Karoski 2007; Kimmel 1987). Profeminisme het egter eers heelwat later werklik na vore gekom en wel tydens die tweede fase van feminisme in die laat 1960’s – ’n tyd waarin jongmense toenemend krities gestaan het teenoor gevestigde instellings. Omdat baie mans vasgevang gevoel het in die tradisionele manlike rolle, het feminisme se bevrydende boodskap dat “both sexes could be freed from the emotional straitjackets of traditional gender relations” (Goldrick-Jones 2002:32) duidelik tot hulle gespreek.

Tipes profeminisme

Die mansbevrydingsbeweging en profeminisme by name behels nie ’n eenduidige praktyk of politiek nie. Drie breë vertakkinge word onderskei, naamlik die liberale, radikale en sosialistiese, afhangende van die tipe feminisme wat sulke mans ondersteun (Chopra 2003; Karoski 2007). Die inisiatiewe van die mansbevrydingsbeweging gedurende die 1960’s kan as liberaal geklassifiseer word, omdat hulle aanvoer dat mans, nes vroue, deur geslagsrolle aan bande gelê word. Hul klem is op mans en hulle het ’n humanistiese benadering tot meer egalitêre geslagsrolle deurdat hulle hul eie geslagsidentiteite en hul bevoorregte sosiale posisies bevraagteken (Flood 2007; Serrano-Amaya & Vidal-Ortiz 2015). Hierdie inisiatiewe het egter nie op ’n beweging uitgeloop nie, maar bloot as bewusmakingsgroepe gemanifesteer (Karoski 2007).

By radikale profeminisme val die klem enersyds op strukturele elemente van onderdrukking – soos vrouehaat en patriargie – en andersyds op die verwerping van manlikheid. Die eerste nuusbrief gemik op mansbevryding, *Brother – A Forum for Men against Sexism*, is in 1971 in California gepubliseer (Goldrick-Jones 2002; Karoski 2007). Vir Messner (1997) het hierdie publikasie twee belangrike ontwikkelings in die mansbevrydingsbeweging aangedui, naamlik die verskyning van ’n radikale profeministiese diskoers en ’n fokusverskuiwing van mans na vroue. Die diskoers het dus ’n nuwe rigting ingeslaan – weg van die “prys” wat mans vir hul manlikheid moet betaal (Karoski 2007).

'n Derde vertakking – sosialistiese profeministiese idees – behels 'n betekenisvolle afwyking van sowel liberale as radikale profeminisme. Sosialistiese profeministe propageer verandering op die institusionele of die samelewingsvlak – soos die werkplek en die staat – eerder as op die individuele vlak. Hierdie idees universaliseer nie net mans se posisie in (kapitalistiese) samelewings nie, maar hiervolgens is klasse-ongelykheid net so belangrik as genderongelykheid. Alhoewel die voorstanders toegee dat alle mans deur patriargie bevoordeel word, benadruk hulle dat sowel die voordele as die prys van patriargie ongelik verdeel word na gelang van faktore soos ras en sosio-ekonomiese posisie (Karoski 2007).

3. FEMINISTIESE REAKSIES OP MANS SE ONDERSTEUNING OF BETROKKENHEID

Profeminisme het gedurende die 1960's prominent geword toe Betty Friedan se boek, *The feminine mystique* (1963), aanleiding gegee het tot sogenaamde tweedefasefeminisme. Friedan was in 1966 die medestigter en eerste president van die National Organization for Women wat ten doel gehad het om gelykheid vir vroue in vennootskap met mans te bewerkstellig (National Organization for Women 2016). Talle feministe was egter skepties oor hierdie ontwikkeling en teen die middel van die 1970's het 'n nuwe tipe feminisme, naamlik radikale feminisme op die toneel verskyn. Dit het in groot mate mans se ondersteuning van die vrouebeweging verwerp op grond van die oortuiging dat alle mans by genderonderdrukking baat. Die relativering van mans se geïnstitusionele voorregte vis-à-vis vroue sou hiervolgens die antifeministiese mansregtebeweging versterk (Campbell 2012; Goldrick-Jones 2002).

In die afgelope dekade of drie het feminisme weereens 'n gedaanteverwisseling ondergaan, enersyds vanweë komplekse eksterne beweegredes – soos 'n veranderende geopolitieke konteks – en andersyds vanweë interne konflikte en tweespalt. Die mees betekenisvolle verandering was dat die feministiese visie verbreed is deurdat die studie-onderwerp na mans *en* vroue verander is, dus 'n verandering van vroue na gender (Serrano-Amaya & Vidal-Ortiz 2015). Feministiese ideologie streef nou na 'n groter doel as 'n simplistiese pariteit tussen die geslagte, naamlik die skep van 'n nuwe sosiale orde:

... one in which both men and women can individually and collectively live as human beings in societies that are in harmony with the natural world, based on social and economic equality and the full body of human rights, and liberated from violence, conflict and militarization. (Batiwala 2012:5)

Die tweede belangrike wyse waarop feminisme ontwikkel het, is om mans wat die saak ondersteun, te aanvaar. Volgens hooks (2000) is daar slegs een manier waarop die feministiese beweging kan vorder, naamlik deur mans as bondgenote te aanvaar. Ook Ama Ata Aidoo (Nnaemeka 1998 in Guy-Sheftall 2002:75) dring daarop aan dat veral in die Afrikakonteks "... every woman and every man should be a feminist – especially if they believe that Africans should take charge of ... the burden of African development". Chopra (2003) meen dat mans se subjektiwiteit die kern van sowel genderdominerende as die bereiking van genderegterigheid behels; derhalwe kan vroue net bemagtig word deur mans se betrokkenheid by die stryd. Hearn (2000) wys weer op die noodsaak van profeministiese organisering oor globale kwessies soos militarisme, transnasionaalistiese organisasies, internasionale finansies en skuld, asook die omgewing.

Omdat Afrikafeministe begaan is oor sowel vrouekwessies as sosiale kwessies, aanvaar hulle mans as bondgenote (Wane 2011). Hul argument om mans in die stryd om genderegter-

tigheid te betrek, is dat Afrikasamelewings eienskappe soos kollektiwiteit, etnisiteit en verwantskap beklemtoon (Kolawole 2002; Morrell 2005).

Nie almal is egter opgewonde oor die toetrede van hoofsaaklik mansorganisasies tot die stryd om genderegeregtheid nie. Prominente feministe soos Shamim Meer (2011) en Srilatha Batliwala (2012) meen dat die toenemende betrokkenheid van mans by genderaktivisme enersyds sou kon lei tot 'n afname in feministe se vermoë om die beweging uit te bou en andersyds tot 'n verswakking in hul fokus. Alhoewel die natuurlike gevolg van hierdie klemverskuiwings is dat vroue wel met mans meedoen ten einde genderegeregtheid te bewerkstellig, verg dit, volgens Ratele (2015) nog heelwat inspanning om die meeste vroue en mans te oortuig dat profeministiese werk met mans en seuns weliswaar op genderegeregtheid gemik is.

4. DIE RASIONAAL VIR MANS SE BETROKKENHEID BY DIE STRYD OM GENDERGEREGTIGHEID

Daar word vandag wêreldwyd erken dat die vervulling van vroue en dogters se regte sentraal staan in ontwikkeling. Hierdie besef het eers sowat twee dekades gelede na behore op die voorgrond getree by die Internasionale Konferensie oor Bevolking en Ontwikkeling wat in 1994 in Kaïro gehou is. Hierdie gewaarwording van die verband tussen vroueregte en ontwikkeling het gepaardgegaan met die besef dat gendergelykheid sonder mans se aktiewe betrokkenheid onmoontlik is. Sedert die Kaïro-konferensie is hierdie oortuiging in die filosofieë en programme van internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies, die Europese Unie, die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds geïnstansionaliseer, dermate dat hierdie organisasies daarop aandring dat alle werk ten opsigte van geslagsgelykheid mans moet insluit (Bojin 2013; Flood 2004; Ruxton & Van der Gaag 2013; Tamale 2014).

Die vraag is egter watter legitimititeit mans het as dit kom by die stryd om genderegeregtheid. Connell se idee van die “patriargale dividend” bied die geleentheid om ruimtes te skep waarin mans kan deelneem aan hierdie stryd met inagneming van hul andersoortige plek in die stryd. Die patriargale dividend verwys na “... the advantage that all men have in a society that, openly or otherwise, favours males, maleness, or masculinity” (Sweetman 2013:9). Hoewel mans kan kies of hulle hierdie voordeel wil benut, beskik vroue nie oor so 'n voordeel nie, wat beteken dat hulle 'n gans ander posisie in die feministiese stryd beklee.

Bartky bestempel die beskuldiging dat mans wat by feminisme betrokke raak opportunisties is, as 'n wanbegrip. Volgens haar baat mans nie professioneel of andersins deur sodanige betrokkenheid nie. Trouens, “... coming out for feminism regularly earns a man not only the disgust of many feminist women, but the scorn of ‘manly’ men” (Bartky 1998:xiii).

Daar is verskeie redes – sowel pragmaties as prinsipiële – om mans betrokke te maak by die stryd om genderegeregtheid. Verskeie navorsingsprojekte het aangetoon dat die insluiting van mans (en seuns) tot houdings- en gedragsveranderinge met betrekking tot onder meer seks en voortplanting, lei tot hulle interaksie met hul kinders en geweld teenoor vroue (Ratele 2015). 'n Pragmatiese rede wat deur Sweetman (2013) aangevoer word, is dat mans se betrokkenheid 'n bykomende strategie in die stryd om genderegeregtheid bied. Kabeer (Sweetman 2013) beskou sigbare manlike ondersteuning as van kritieke belang, veral om probleme soos seksuele geweld aan te pak: “Without it, the question of sexual violence will remain ghettoized as a woman’s issue” (Sweetman 2013:1). 'n Ander rede is die opvatting dat mans se insluiting hul gevoel van verantwoordelikheid vir verandering sodanig sal laat toeneem dat hulle hul eie houdings en gedrag sal verander om genderegeregtheid te bewerkstellig

(Flood 2004). Nog ’n rede vir mans se betrokkenheid is dat hul gesondheid en welsyn – wat meermale negatief deur heersende opvattinge van manlikheid beïnvloed word – daarby sal baat (European Union 2013).

Mans se betrokkenheid – ook bekend as die “men-streaming” benadering – soos deur internasionale organisasies gepropageer, word egter ook in die relevante literatuur bevestig. Amerikaanse navorsing dui volgens Flood (2015:S161) daarop dat “... women’s concerns have intensified as men’s involvement has increased”. Een van die hoofbesware is dat mans se betrokkenheid daartoe kan lei dat daardie agentskappe met ’n feministiese oriëntasie hul fokus kan verloor, dat vroue se stemme gemarginaliseer sou word of dat mans se betrokkenheid blou retoriek eerder as substantief sou wees (Flood 2015).

Volgens Sweetman (2013) is daar op die kort termyn positiewe gevolge wanneer dit by mans se betrokkenheid kom, onder meer dat vordering versnel word. Sy maan egter dat daar teen manlike verteenwoordiging van vroulike stemme en belange gewaak moet word – veral op die lange duur. Indien mans vroue in hierdie ruimte sou vervang, kan mans se bestaande mag versterk en die agenda vir genderegterigheid ondermyn word. Talle voorbehoude in hierdie verband word dus gestel, soos dat sodanige betrokkenheid/insluiting die feministiese doel van gendergelykheid sal bevorder (Meer 2011). Nog ’n vereiste handel oor die wedywing om hulpbronne. Laasgenoemde is ’n potensiele probleem in die sin dat sowel die hulpbronne as die befondsing wat vir programme en dienste vir vroue bestem is, in gevaar gestel kan word (Flood 2004; Flood 2015; Van den Berg, Hendricks, Hatcher, Peacock, Godana & Dworkin 2013). Volgens die Afrikafeminis, Sylvia Tamale (2014:7), gebeur dit dat mans hul eie organisasies vestig “... to tap into this new well of potential funding”. Die Suid-Afrikaanse manlike genderaktivis, Kopano Ratele (Ratele & Botha 2014) vermaan mans juis om hulle te weerhou van “being opportunistic, hijacking or undermining the gains made by the women-led feminist movement”. Met verwysing na werk wat insake die voorkoming van geweld gedoen word, meen Flood (2015) egter dat daar wêreldwyd min indien enige gevalle is waar vroue fondse moes ontbeer ten koste van werk met mans.

Vir Tamale (2014:7) is die doel daarvan om mans en mansorganisasies betrokke te maak, die vernuwing van genderpolitiek, asook die transformasie van daardie organisasies en instellings wat geslags- en ander ongelykhede voortbring en perpetueer. Derhalwe meen sy dat vroue strategies by sowel antifeministiese as profeministiese organisasies betrokke moet raak om patriargie die hoof te bied en die samelewing te herskep. Die einddoel is ware samewerking en dit behels magsdeling en solidariteit tussen feministe en profeministe (Bojin 2013).

5. PROFEMINISTIESE ORGANISASIES

Alhoewel profeministiese groepe ’n wêreldwye verskynsel is, kom dit meer algemeen in lande met relatief langer tradisies van genderegterigheid voor (European Union 2013). Vanweë die land se betreklik kort demokratiese geskiedenis, tel Suid-Afrika nie onder sulke lande nie. Sommige van hierdie groepe is goed befondsde, erkende organisasies soos MenEngage Alliance. Dit is ’n wêreldwye alliansie van bykans 700 nieregeringsorganisasies wat met mans en seuns werk ter bereiking van genderegterigheid en ook vennootskappe met VN-agentskappe gevorm het. Een-en-twintig Afrikalande is by dié organisasie geaffilieer (MenEngage Alliance 2018).

Alhoewel profeminisme in die middel van die 20ste eeu in die Amerikaanse en Europese kontekste ontstaan het, het dit – net soos feminisme – geleidelik na Afrika gemigreer (Serrano-Amaya & Vidal-Ortiz 2015; Wanner & Wadham 2015). Talle redes word vir die ontwikkeling van profeminisme in Suid-Afrika aangevoer.

Volgens Bennett (2008) het die gebrek aan samehangende organisering vir die bereiking van genderegterigheid onder meer daartoe gelei dat mans betrokke geraak het om die doel te laat verweselik. Hierteenoor skryf Peacock (2012) en Ratele (1998) die verskynsel toe aan die gevolge van apartheid vir swart mans wat tot hul ontmanning en verarming gelei het. Peacock (2012) meen dat deelname aan die stryd om genderegterigheid vir ontmagtigde mans alternatiewe modelle van manlikheid kan bied. 'n Ander belangrike rede spruit uit die feit dat Suid-Afrika die hoogste koers ter wêreld het van sowel geslagsgebaseerde geweld as van mense wat met MIV/vigs saamleef – albei kwessies wat onlosmaaklik verband hou met geslagsongelykhede (Van den Berg et al. 2013). Omdat profeministe in die land glo dat mans betrokke moet raak sodat kwessies soos hierdie opgelos kan word, het van hulle in 2006 'n nieregeringsorganisasie, genaamd Sonke Gender Justice,⁵ gestig.

Sonke is 'n profeministiese organisasie wie se werk en benadering deur feministiese aktivisme en die aktivisme van die bevrydingstryd geïnspireer is. Die kern van dié benadering is die ontwikkeling van aktivisme op voetsoolvlak om die regering uit te daag en verantwoordbaar te hou vir die verbintnisse wat ten opsigte van genderegterigheid gemaak is (Sonke Gender Justice 2018). Anders as in die Westerse wêreld waar die meeste profeministiese manskroepe hoofsaaklik uit wit-, middelklas- en heteroseksuele mans bestaan (DeKeseredy & Schwartz 2000:930), is Sonke se bestuurspan divers. Daar is twee mede-uitvoerende direkteure – een vrou en een man en die direksie bestaan uit 12 vroue en vyf mans. Die bestuurspan bestaan uit agt vroue en sewe mans en verteenwoordig die hele spektrum met betrekking tot ras (Sonke Gender Justice 2018). Omdat die organisasie aanspreklik voel teenoor feministiese aktiviste en organisasies, het hul mees senior besluitnemingsliggaam, naamlik die direksie, 'n 50% verteenwoordiging van vroueregte-organisasies (Peacock 2013).

Die organisasie geniet sowel nasionale as internasionale erkenning. Die kwessies waarop hulle fokus, is die bevordering van genderegterigheid, die voorkoming van geweld teen vroue en MIV/vigs. Sonke is dwarsoor Afrika werksaam en hul hoofstrategie is om mans en seuns betrokke te maak en voor te lig omtrent die voorgenoemde kwessies (Ratele & Botha 2014; Sonke Gender Justice 2018).

Omdat Sonke bewus is van die kommer van vroueregte-groepe (deur vroue gelei) dat hulle moontlik om skaars hulpbronne sal moet meeding, het hulle 'n tweeledige strategie in hierdie verband. Enersyds is daar gereelde samesprekings en deursigtige terugvoerkanale tussen die twee groepe en andersyds is daar 'n strewe om toegang tot hulpbronne te deel (Peacock 2013).

Vir Sonke is Afrikaprofeminisme 'n uitbouing van ubuntu (Ratele & Botha 2014). Ubuntu⁶ is 'n etiese wêreldbeskouing, eie aan Afrika, waarvolgens mense oor integriteit en waardigheid beskik uit hoofde van hul vermoë om met ander te identifiseer en eensgesind te wees. Hierdie idee van “gemeenskap” is een van die boustene van die samelewing. Menseregteskendings dui op die agteruitgang van hierdie vermoë tot gemeenskap (Dolamo 2013; Ehlers 2017; Metz 2011). Omdat die ubuntu-filosofie enige vorm van onderdrukking teenstaan, is feminisme – en by implikasie, profeminisme – 'n artikulasie van hierdie filosofie.

Sonke bereik jaarliks 40 000 vroue en mans by wyse van werkwinkels en gemeenskaps gesprekke, weekliks tussen 8.5 en 10 miljoen luisteraars oor gemeenskapsradioprogramme en nog tot vyf miljoen deur middel van die gedrukte media (Peacock 2013). In 2006 is Sonke se

⁵ Voortaan slegs Sonke

⁶ Ubuntu is die beskouing van die menslike aard vervat in die tradisionele Afrikaspreekwoord *umuntu ngumuntu ngabantu* (mense maak op ander mense staat om mens te wees) (Shutte 1993: in Ehlers 2017:17).

grootste projek, die One Man Can-veldtog geloods. Dié projek was ’n opvoedkundige en uitreikprogram deur sowel vroue as mans ontwerp en was gemik op mans en seuns van alle ouderdomme. Die hoofdoel was die afbreek van manlike en vroulike stereotipes en om mans wat tydens apartheid ’n behoorlike gesinslewe ontnem is, te bemagtig om hul opvattinge omtrent hulself as mans en vaders te verbeter. Die ideaal was dat mans in staat gestel sal word om hul gedrag teenoor hul gesinne te verander ten einde mishandeling en geweld te beëindig. Verskeie internasionale organisasies – waaronder VN-agentskappe soos die Wêreldgesondheidsorganisasie en UNAIDS – beskou dié veldtog as ’n voorbeeld van genderaktiwisme by uitnemendheid. Die One Man Can-veldtog is in heelparty tale vertaal en in talle Afrikalande geïmplementeer. Sonke se internasionale reputasie blyk onder meer uit die feit dat UNAIDS die organisasie in 2015 saam met die International Planned Parenthood Federation by hoëvlaksgesprekings oor MIV/vigs betrek het met die oog op die daarstel van ’n aksieplan (UNAIDS 2016). Sonke se invloed en impak spreek ook uit die feit dat ’n prominente lid van die organisasie, Dean Peacock, van 2013 tot 2015 een van MenEngage Alliance se twee medevoorsitters was (Peacock 2013; Van den Berg et al. 2013).

Sonke skroom nie om antifeminisme selfs in die politieke arena te beveg nie. Aldus het die organisasie per geleentheid die howe genader om manlike politieke leiers aanspreeklik te hou vir openbare haatspraak. In die saak wat Sonke in 2010 teen hom aanhangig gemaak het, is Julius Malema, toenmalige president van die ANC-jeugliga, deur die Gelykheidshof aan haatspraak en diskriminasie skuldig bevind. Hy is beveel om verskoning aan te bied vir die stellings wat hy omtrent die aanklaer in die verkrachtingsaak van Jacob Zuma en verkrachtingslagoffers in die algemeen gemaak het, en om ’n boete van R50 000 te betaal (Peacock 2013; Sonke Gender Justice 2018).

6. SLOTOPMERKINGS

Die strewe na samelewings gekenmerk deur genderegeregtigheid oorspan meer as twee eeue en behels ’n hele aantal rolspelers, waaronder individue en sosiale groeperings, informele/formele organisasies, bewegings en regerings. Deurgaans was sowel vroue as mans by die stryd betrokke, weliswaar op verskillende wyses en nie in gelyke mate nie. Mans se reaksies het gewissel van teenstand (antifeminisme) tot ondersteuning (profeminisme). Al die rolspelers se pogings het sommige (meestal Westerse) vroue in staat gestel om noemenswaardige vordering te maak ten opsigte van hul posisie in talle sosiale instellings. Veral in die ontwikkelende wêreld gaan vroue egter steeds gebuk onder uiterste ongelykhede sodat die doel van genderegeregtigheid nie naastenby bereik is nie.

In Suid-Afrika het daar in die ongeveer twee dekades van die demokratiese bestel weinig gebeur om genderegeregtigheid te bewerkstellig (Ratele 2014). In soverre dit die daaglikse realiteit aangaan, lyk dit nie of die wetlike veranderinge enige noemenswaardige invloed gehad het nie (Clowes 2015). Suid-Afrikaanse vroue bly die armstes van die armes en in hoofsaak belas met reprodusiewe werk. Hulle gaan gebuk onder van die hoogste vlakke van geslagsgebaseerde geweld ter wêreld ten spyte van een van die mees progressiewe grondwette ter wêreld (Clowes 2015; Frenkel 2008). Sommige blameer ’n gebrek aan betekenisvolle politieke verbintenis of tradisie en gebruik vir die traie pas van verandering (Ratele 2014). In die breër Afrikakonteks skryf Msimang dit toe aan die klemverskuiwing in Afrikafeminisme – van die openbare na die private domein – met die gevolg dat “African patriarchies have hardened” (Msimang 2002:15). Hierdie proses en ’n gevolglike neiging tot antifeminisme is ook plaaslik te bespeur – hoofsaaklik toe te skryf aan die gedrag en uitsprake van Julius Malema en Jacob

Zuma. Hulle het ongelukkig daarin geslaag om die strewe na genderegeregtheid skade te berokken deur dit voor te hou "... as anti-African, implicitly equating it with modernity, (white) middle-class aspirations, and widespread lack of (male) economic advancement" (Morrell, Jewkes & Lindegger 2012:18).

Daar is egter baie sterk bewyse dat gendernorme en -verhoudings wel verander kan word – maar slegs as vroue en mans, asook adolessente dogters en seuns betrokke is (UNAIDS 2016). Dit is teen dié agtergrond dat al hoe meer stemme opgaan vir groter betrokkenheid van mans om versnelde verandering teweeg te bring (Boyce Davies 1986 in Guy-Sheftall 2002; Clowes 2015). Trouens, samewerking met mans ter bereiking van genderegeregtheid is tans wêreldwyd baie meer algemeen as vantevore. Die debatte wat dus nou toenemend gevoer word, is nie meer *of* mans by aktiwiteite rondom genderegeregtheid betrek moet word nie, maar *hoe* dit vorentoe gedoen moet word (Sweetman 2013:1). Benewens die betrokkenheid van albei geslagte, is daar ook 'n groeiende gewaarwording dat die burgerlike samelewing aktief betrokke moet wees. Sodanige aktivisme op voetsoolvlak deur nieregeringsorganisasies⁷ het inderdaad wêreldwyd toegeneem (Batliwala 2012).

Hier te lande het die profeministiese nieregeringsorganisasie, Sonke Gender Justice, aangetoon dat dit moontlik is om goeie werksverhoudings met vroueorganisasies te vestig en te handhaaf en sodoende genderegeregtheid na te streef. Die antifeminisme van die jeugbeweging (onder invloed van persone soos Julius Malema) en van tradisionalistes (soos Jacob Zuma), asook die feit dat genderegeregtheid nog lank nie bereik is nie, noodsaak dat alles moontlik in die stryd gewerp moet word. Profeministiese mans wat die saak goedgesind is, is uiteraard onontbeerlike vennote in die stryd. Hulle getalle is egter relatief klein. Die ideaal is dat alle Suid-Afrikaanse mans (en vroue) oortuig sal wees van die erns van die stryd om genderegeregtheid. Indien dié oortuiging gepaardgaan met onder meer 'n verbintenis tot die sentrale waardes van die ubuntu-filosofie én die grondwet (Lötter 2000), sal vroue en mans die feministiese model vir sosiale heropbou aangryp en positief op die fundamentele doelstellings daarvan reageer, naamlik dat alle ongeregeregthede geëlimineer moet word.

BIBLIOGRAFIE

- Aniagolu, C. 1998. The first African Womanist Workshop. *Agenda*, 14(37):96-100.
- Bartky, S. 1998. Foreword. In T. Digby (ed.). *Men doing feminism*. New York: Routledge, pp. xiii-xviii.
- Batliwala, S. 2012. *Changing their world – concepts and practices of women's movements*. Toronto: Canada. http://www.awid.org/sites/default/files/atoms/files/changing_their_world_2ed_full_eng.pdf [16 June 2015].
- Bennett, J. 2008. *Challenges were many: the One in Nine Campaign, South Africa*. Toronto, Mexico City, Cape Town: The Association for Women's Rights in Development (AWID).
- Berlatsky, N. 2014. *A short history of male feminism*. <http://www.xyonline.net/sites/default/files/Berlatsky,%20A%20Short%20History%20of%20Male%20Feminism%20June%2012%202014.pdf> [29 August 2016].
- Bojin, K. 2013. Feminist solidarity: no boys allowed? Views of pro-feminist men on collaboration and alliance-building with women's movements. *Gender & Development*, 21(2):363-379. <http://dx.doi.org/10.1080/13552074.2013.802879> [2 February 2015].
- Brod, H. 1998. To be a man, or not to be a man – that is the feminist question. In T. Digby (ed.). *Men doing feminism*. New York: Routledge, pp. 198-212.
- Buchan, A., Greenough, J. & Waldeck, V. 2006. *Faith like potatoes. A story of a farmer who risked everything for God*. Oxford: Monarch Books.

⁷ Dié ontwikkeling staan in die Engelse literatuur as *NGO-isation* bekend.

- Bunjun, B. 2010. Feminist organizations and intersectionality: contesting hegemonic feminism. *Atlantis*, 34(2):115-126.
- Campbell, J.L. 2012. *Jack Nichols, gay pioneer: "Have you heard my message?"* New York: Routledge.
- Chopra, R. 2003. *Rethinking pro-feminism: men, work and family in India*. UN: Expert Group Meeting on "The role of men and boys in achieving gender equality", 21-24 October, Brasilia, Brazil.
- Chrisman, L. 1997. Fathering the black nation of South Africa gender and generation in Sol Plaatje's 'native life in South Africa' and 'Mhudi'. *Social Dynamics*, 23(2):57-73.
- Clowes, L. 2015. Teaching masculinities in a South African classroom. *Critical Studies on Teaching & Learning*, 3(2):23-39. file:///C:/Users/User/Downloads/49-1-320-1-10-20151213%20(2).pdf [20 September 2018].
- Connell, R.W. & Messerschmidt, J.W. 2005. Hegemonic masculinity: rethinking the concept. *Gender & Society*, 19:829-859.
- Conradie, E.M. & Pillay, M. (eds). 2015. *Ecclesial reform and deform movements in the South African context*. Stellenbosch: SUN PRESS.
- DeKeseredy, W.S. & Schwartz, M.D. 2000. The role of profeminist men in dealing with woman abuse on the Canadian College Campus. *Violence Against Women*, 6(9):918-935.
- Delamont, S. 2003. *Feminist sociology*. London: Sage.
- Dolamo, R. 2013. *Botho/ubuntu: the heart of African ethics*. *Scriptura Journal for contextual Hermeneutics in Southern Africa*, 112(1):1-10.
- Dow, B.J. 2016. Authority, invention, and context in feminist rhetorical criticism. *Review of Communication*, 16(1):60-76.
- Ehlers, P.J. 2017. *A comparison of the views of Augustine Shutte and Thaddeus Metz on African philosophy and ubuntu ethics*. Unpublished mini-thesis submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of Master of Arts, Department of Religion and Theology, University of the Western Cape.
- European Union. 2013. *The role of men in gender equality – European strategies & insights*. Luxembourg: Publications Office of the European Union. <http://ec.europa.eu/justice/gender-equality/files/gender-pay-gap/130424-final-report-of-men-pdf> [29 January 2015].
- Faludi, S. 1992. *Backlash: The undeclared war against American women*. New York: Anchor Books.
- Flood, M. 2004. Men, gender and development. *Development Bulletin*, 64:26-30.
- Flood, M. 2007. Men's movements. In M. Flood, J.K. Gardiner, B. Pease & K. Pringle (eds). *The Routledge international encyclopedia of men and masculinities*. Routledge, pp. 418-422. <http://www.xyonline.net/content/mens-movements-encyclopedia-entry> [20 August 2016].
- Flood, M. 2015. Work with men to end violence against women: a critical stocktake. *Culture, Health & Sexuality*, 17(S2):S159-S176.
- Frenkel, R. 2008. Feminism and contemporary culture in South Africa. *African Studies*, 67(1):1-10. <https://doi.org/10.1080/00020180801943065> [15 September 2018].
- Goldrick-Jones, A. 2002. *Men who believe in feminism*. Westport, CT, USA: Praeger.
- Guy-Sheffall, B. 2002. Shifting contexts: lessons from integrating black, gender, and African diaspora studies. In M.M. Lay, J. Monk & D.S. Rosenfelt (eds). *Encompassing gender: integrating international studies and women's studies*. New York: The Feminist Press at the City University of New York, pp. 67-80.
- Hall, E.J. & Rodriguez, M.S. 2003. The myth of postfeminism. *Gender & Society*, 17(6):878-902.
- Hassim, S. 1991. Gender, social location and feminist politics in South Africa. *Transformation*, 15:65-82. <http://pdfproc.lib.msu.edu/?file=/DMC/African%20Journals/pdfs/transformation/tran015/tran015005.pdf> [22 September 2018].
- Hearn, J. 2000. Men, (pro-)feminism, organizing and organizations. *LTA (Finnish Journal of Business Economics)*, 3:350-372. http://lta.hse.fi/2000/3/lta_2000_03_a3.pdf [21 January 2015].
- Hooks, b. 2000. *Feminism is for everybody – passionate politics*. Cambridge, MA: South End Press. <https://excoradfeminismes.files.wordpress.com/2010/03/bell-hooks-feminism-is-for-everybody.pdf> [29 August 2016].
- Hughes, C. 2002. *Key concepts in feminist theory and research*. London: Sage.
- Kannen, V. 2009. *The 'other' feminists: the challenge of feminist men and masculinities*. <http://www.xyonline.net/content/other-feminists-challenging-feminist-men-and-masculinities>. [27 August 2016].

- Karoski, S. 2007. Men on the move: the politics of the men's movement. Unpublished doctoral thesis, University of Wollongong. <http://ro.uow.edu.au/thesis/687> [11 February 2016].
- Kimmel, M.S. 1987. Men's responses to feminism at the turn of the century. *Gender & Society*, 1(3):261-83.
- Kimmel, M.S. & Mosmiller, T.E. 1992. *Against the tide: pro-feminist men in the United States, 1776–1990: a documentary history*. Boston: Beacon Press.
- Kolawole, M.M. 2002. Transcending incongruities: rethinking feminisms and the dynamics of identity in Africa. *Agenda*, 17(54):92-98.
- Kuumba, B. 2003. African feminisms in exile: diasporan, transnational and transgressive. *Agenda*, 17(58):3-11.
- Lewis, D. 1994. Women and gender in South Africa. In V. Mpai (ed.) *South Africa – the challenge of change*. Harare, Zimbabwe: SAPES Books, pp.158-172.
- Lötter, H.H.P. 2000. The South African Constitution requires men to be feminist. *Koers*, 65(4):507-540.
- McRobbie, A. 2004. Post-feminism and popular culture. *Feminist Media Studies*, 4(3):255-264.
- Meer, S. 2011. *Struggles for gender equality: reflections on the place of men and men's organisations*. Johannesburg: OSISA. [http://www.osisa.org/sites/default/files/sup files/open debate 2 - reflections on the place of men and mens organizations in the struggle for gender equality 0.pdf](http://www.osisa.org/sites/default/files/sup%20files/open%20debate%20-%20reflections%20on%20the%20place%20of%20men%20and%20mens%20organizations%20in%20the%20struggle%20for%20gender%20equality%200.pdf) [7 July 2015].
- MenEngage Alliance. *Web page*. 2018. menengage.org [28 April 2018].
- Messner, M.A. 1997. *Politics of masculinity – men in movements*. Lanham, UK: ALTAMIRA Press.
- Metz, T. 2011. Ubuntu as a moral theory and human rights in South Africa. *African Human Rights Law Journal*, 11(2):532-559. www.scielo.org.za/pdf/ahrlj/v11n2/11.pdf [18 September 2018].
- Midgley, C. 1993. Anti-slavery and feminism in nineteenth-century Britain. *Gender & History*, 5(3):343-362.
- Morrell, R. 2005. Men, movements, and gender transformation in South Africa. In L. Ouzgane & R. Morrell (eds). *African masculinities: men in Africa from the late nineteenth century to the present*. New York: Palgrave MacMillan, pp. 271-288.
- Morrell, R., Jewkes, R. & Lindegger, G. 2012. Hegemonic masculinity/masculinities in South Africa: culture, power, and gender politics. *Men and Masculinities*, 15(1):11-30. [https://www.researchgate.net/publication/254117994 Hegemonic Masculinity Masculinities in South Africa Culture Power and Gender Politics](https://www.researchgate.net/publication/254117994_Hegemonic_Masculinity_Masculinities_in_South_Africa_Culture_Power_and_Gender_Politics) [3 October 2018].
- Msimang, S. 2002. African feminisms II: reflections on politics made personal. *Agenda*, 17(54):3-15.
- National Organization for Women. 2016. *Statement of purpose*. <http://now.org/about/history/statement-of-purpose/> [23 June 2016].
- Nortjé-Meyer, L. 2011. A critical analysis of Gretha Wiid's sex ideology and her biblical hermeneutics. *Verbum et Ecclesia*, 32(1). <http://dx.doi.org/10.4102/ve.v32i1.472> [8 February 2016].
- Ogunyemi, C.O. 1985. Womanism: the dynamics of the contemporary black female novel in English. *Signs: Journal of Women in Culture and Society*, 11(1):63-80.
- Peacock, D. 2012. Book review: Cornwall, A., Edström, J. & Greig, A. (eds). Men and development: politicising masculinities. *Gender & Development*, 20. <http://dx.doi.org/10.1080/13552074.2012.731744> [12 December 2015].
- Peacock, D. 2013. South Africa's Sonke Gender Justice Network: educating men for equality. *Agenda*, 27(1):128-140. <https://www.researchgate.net/publication/262855431/download> [13 September 2018].
- Promise Keepers. *Web page*. <https://promisekeepers.org/pk-history> [11 September 2018].
- Rabaka, R. 2003. W.E.B. Du Bois and/as African critical theory: Pan-Africanism, critical Marxism and male feminism. In J.L. Conyers, Jr. (ed). *Afrocentricity and the academy: essays on theory and practice*. Jefferson, NC & London: McFarland & Company, pp. 67-112.
- Ratele, K. 1998. The end of the black man. *Agenda*, 37:60-64.
- Ratele, K. 2014. Currents against gender transformation of South African men: relocating marginality to the centre of research and theory of masculinities. *NORMA: International Journal for Masculinity Studies*, 9(1):30-44. <http://dx.doi.org/10.1080/18902138.2014.892285> [17 September 2018].
- Ratele, K. 2015. Working through resistance in engaging boys and men towards gender equality and progressive masculinities, *Culture, Health & Sexuality*, 17(sup2):144-158. <https://doi.org/10.1080/13691058.2015.1048527> [20 September 2018].

- Ratele, K. & Botha, M. 2014. *Profeminist black men: engaging women liberationists, undermining patriarchy*. <http://www.osisa.org/buwa/regional/profeministiese-black-men-engaging-women-liberationists-undermining-patriarchy> [22 January 2015].
- Ruxton, S. & Van der Gaag, N. 2013. Men's involvement in gender equality – European perspectives. *Gender & Development*, 21(1):161-175. <http://dx.doi.org/10.1080/13552074.2013.767522> [2 February 2015].
- Serrano-Amaya, J.F. & Vidal-Ortiz, S. 2015. Masculinities, “profeminism”, and feminism in Latin America. In R. Baksh & W. Harcourt (eds). *The Oxford handbook of transnational feminist movements*. Oxford, UK: Oxford University Press, pp. 321-40.
- Shalom Ministries. *Web page*. 2016. <http://www.mightymenconference.co.za/> [10 February 2016].
- Sonke Gender Justice. 2018. *Web page*. <http://www.genderjustice.org.za/about-us/about-sonke/> [24 September 2018].
- Stoltenberg, J. 2005. *Refusing to be a man. Essays on sex and justice*. Revised ed. Taylor & Francis e-Library. <http://www.xyonline.net/sites/default/files/Stoltenberg,%20Refusing%20to%20Be%20a%20Man.pdf> [27 August 2016].
- Sweetman, S. 2013. Introduction: Working with men on gender equality, *Gender & Development*, 21(1):1-13. <http://dx.doi.org/10.1080/13552074.2013.779445> [2 February 2015].
- Tamale, S. 2014. Feminist response to the new men's movement in Africa. Keynote presented at the International Women's Day Celebrations 2014 at the School of Women and Gender Studies, Makerere University). https://www.google.com/search?client=gmail&rls=gm&q=Shamim%20Meer%20men%27s%20organisation&gws_rd=ssl# [7 July 2015].
- Thompson, B. 2002. Multiracial feminism: recasting the chronology of second wave feminism. *Feminist Studies*, 28(2):337-360.
- UNAIDS. 2016. *Male engagement in the HIV response – a platform for action*. Meeting Report: UNAIDS Joint United Nations Programme on HIV/AIDS. http://www.unaids.org/sites/default/files/media_asset/JC2848_en.pdf [15 September 2018].
- Van den Berg, W., Hendricks, L., Hatcher, A., Peacock, D. Godana, P. & Dworkin, S. 2013. ‘One Man Can’: shifts in fatherhood beliefs and parenting practices following a gender-transformative programme in Eastern Cape, South Africa, *Gender & Development*, 21(1):111-125. <http://dx.doi.org/10.1080/13552074.2013.769775> [2 February 2015].
- Walker, C. (ed.). 1990. *Women and gender in South Africa*. Cape Town: David Philip.
- Wane, N. 2011. African indigenous feminist thought – an anti-colonial project. In N. Wane, A. Kempf & M. Simmons (eds). *The politics of cultural knowledge*. Rotterdam: Sense Publishers, pp. 7-21.
- Wanner, T. & Wadham, B. 2015. Men and masculinities in international development: ‘men-streaming’ gender and development? *Development Policy Review*, 33(1):15-32.
- Wollstonecraft, M. 1996 [originally published in 1792]. *The rights of women*. London: Phoenix.
- Zinn, M.B. & Dill, B.T. 1997. Theorizing difference from multiracial feminism. In M.B. Zinn, P. Hondagneu-sotelo & M.A. Messner (eds). *Through the prism of difference. Readings on sex and gender*. Boston: Allyn & Bacon, pp. 23-29.

Die stand van aanlyn oop opvoedkundige hulpbronne in Afrikaans: Afrikaansonderrig as 'n gevallestudie

The state of online open educational resources in Afrikaans: Afrikaans teaching as a case study

J.A.K. (JAKO) OLIVIER

UNESCO-leerstoel oor Multimodale Leer en OOH

Fakulteit Opvoedkunde

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: jako.olivier@nwu.ac.za



Jako Olivier

JAKO OLIVIER beklee die *UNESCO-leerstoel oor multimodale leer en oop opvoedkundige hulpbronne* en is 'n professor in multimodale leer in die Skool vir Professionele Studies in Onderwys, Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit. Hy het sy PhD in 2011 aan die NWU verwerf, waar hy die akkommodering en bevordering van meertaligheid in skole deur middel van vervlegte en e-leer nagevors het. Hy het ook aan die voormalige PU vir CHO 'n BA, BA honneurs (cum laude), Nagraadse Onderwysertifikaat en MA (cum laude) voltooi. Voor hy in 2010 by die NWU as dosent aangesluit het, was hy betrokke by die onderrig van inligtingstechnologie en tale by skole in die Verenigde Koninkryk en in Suid-Afrika. Hy was van 2010 tot 2015 aan die Skool vir Tale, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die NWU verbonde as dosent in Afrikaans taalkunde, waarna hy na die Fakulteit Opvoedkunde geskuif het as medeprofessor in Afrikaans vir Onderwys en waar hy as professor in multimodale leer in 2018 bevorder is. Hy het tans 'n Y-gradering van die NNS en het reeds meer as 21 artikels in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer. Sy navorsingsbelangstellings sluit multimodale vervlegte leer, oop opvoedkundige hulpbronne, multigeletterdhede, e-leer in die taalklaskamer, taalbeplanning en -beleid, meertaligheid in die onderwys en skermvertaling in.

JAKO OLIVIER is the holder of the *UNESCO Chair on Multimodal Learning and Open Educational Resources* and is also a professor in multimodal learning in the School of Professional Studies in Education, Faculty of Education of the North-West University. He obtained his PhD in 2011 at the NWU in which he researched the accommodation and promotion of multilingualism in schools by means of blended and e-learning. He also completed a BA, BA Honours (cum laude), Postgraduate Certificate in Education and MA (cum laude) from the former PU for CHE. Before he joined the NWU as lecturer in 2010, he was involved in teaching information technology and languages in schools in the United Kingdom and in South Africa. From 2010 to 2015 he was a lecturer in Afrikaans linguistics at the School of Languages, Faculty of Arts of the NWU after which he moved to the Faculty of Education as associate professor in Afrikaans for Education and was promoted to professor in multimodal learning in 2018. He currently holds a Y rating from the NRF and has published over 21 articles in accredited journals. His research interests include multimodal blended learning, open educational resources, multiliteracies, e-learning in the language classroom, language planning and policy, multilingualism in education and screen translation.

ABSTRACT***The state of online open educational resources in Afrikaans: Afrikaans teaching as a case study***

The focus of this research was to determine the state of open educational resources available on the Internet for Afrikaans language teaching. Open educational resources (OER) refer to teaching, learning and research material that are available to the public for use and reuse, according to specific licencing conditions. These resources should be considered within the wider literature discourse concerning open education, open-source software and open content prevalent in an education context. It is clear from the literature review that in a South African context, the use of and research on open educational resources are limited. However, there has been a steady increase in interest in this field, especially within certain South African universities and organisations. Moreover, little research has been done with regard to Afrikaans and Afrikaans language teaching and open educational resources. The findings of this article can be linked with research that has been done on Afrikaans in online environments and the teaching of Afrikaans by means of online mediums. In this regard, the Afrikaans Wikipedia is an example of online content that shows characteristics related to open educational resources that have been explored in research literature.

The research study made use of a document analysis of websites based on criteria linked to open educational resource characteristics. A total of 22 websites was chosen from a compiled database of 1 873 websites. These websites were then qualitatively analysed in an inductive manner. In addition, the open educational resource quality criteria, identified by Krajcso (2016), were also used to examine the nature of these websites. From this analysis it was evident that most of the Afrikaans language teaching resources only adhere to some of the open educational resource characteristics in terms of design, general characteristics of the content and to a lesser extent the technical aspects. The identified resources are not appropriate in terms of content when attitude, knowledge and competence were evaluated. In addition, the resources do not adhere to the didactical principles linked to open educational resource methodology, specifically with regard to goals, activities and tasks. Krajcso's quality criteria have also proven to be fitting when the suitability of resources in terms of general open educational resource characteristics was tested.

Certain trends were identified during the analysis in terms of available online Afrikaans language resources. Although a single resource was published by a provincial education department and one by a language-related organisation, most of the resources are personal websites created by teachers. However, some of the resources were found to be limited in use, as most of the content is only available commercially. It is common for a number of resources to require registration. One of the resources showed promise in terms of e-assessments through the availability of online spelling tests. More than one general encyclopaedic resource exists. Extensive literature-related resources (especially for poetry and drama) exist for Afrikaans and cover both informal and more scientifically and peer reviewed resources. Finally, there are also websites that focus on linguistic content. Useful bibliographic resources were also identified – with some open content.

Clearly, none of the identified resources can be regarded as an open educational resource. There seems to be room for improvement, especially in terms of reuse and easy open revisability. Very few Afrikaans online sources are subjected to peer review and there are questions regarding the quality of some of the resources. However, it would be possible to build on existing good practices in order to expand the Afrikaans language teaching open educational environment. There is definitely a need for Afrikaans language teaching open educational resource

repositories that can fulfil both an archival and language planning role. It is, however, clear that extensive development and research are necessary in terms of open educational resources in the Afrikaans language teaching context.

KEYWORDS: open educational resources, OER, Afrikaans teaching, Afrikaans, open education, open content, online resources, Internet, digital language resources, online repositories, Afrikaans websites, Wikipedia

TREFWOORDE: oop opvoedkundige hulpbronne, OOH, Afrikaansonderrig, Afrikaans, oop onderwys, oop inhoud, aanlyn hulpbronne, Internet, digitale taalhulpbronne, aanlyn pakhuis, Afrikaanse webwerwe, Wikipedia

OPSOMMING

In hierdie navorsing is die stand van oop opvoedkundige hulpbronne vir Afrikaansonderrig ondersoek. Oop opvoedkundige hulpbronne verwys na materiaal vir onderrig, leer en navorsing wat in die openbaar met bepaalde lisensies gratis beskikbaar is. Hierdie verskynsel moet benader word in die konteks van oop onderwys, oopbronsagteware en oop inhoud. Dit is duidelik dat die gebruik en navorsing van oop opvoedkundige hulpbronne in 'n Suid-Afrikaanse konteks beperk is, maar besig is om uit te brei. Vanuit die literatuur rondom Afrikaans in die internetomgewing is daar wel navorsing wat raakpunte met hierdie navorsing toon en veral die belangrikheid van die Afrikaanse Wikipedia word reeds in literatuur beklemtoon. Vir hierdie navorsing is 'n dokumentanalise van webwerwe onderneem om hulpbronne in Afrikaans vir Afrikaansonderrig te ondersoek. Uit 'n databasis van 1 873 webwerwe is 22 bronne geïdentifiseer waarna die bronne inductief geanaliseer is ten einde tendense te identifiseer. Vir verdere klassifikasie is Krajcso (2016) se uitgebreide stel kwaliteitskriteria vir oop opvoedkundige hulpbronne in hierdie artikel gebruik. Uit die analise aan die hand van hierdie kriteria is dit duidelik dat die geïdentifiseerde bronne slegs met betrekking tot ontwerp en die algemene eienskappe van die inhoud en in 'n mindere mate tegniese aspekte wel hieraan voldoen. Met betrekking tot die stand van oop opvoedkundige hulpbronne vir Afrikaansonderrig is dit duidelik dat daar wel heelwat bruikbare bronne bestaan, maar hierdie bronne funksioneer nie werklik as oop opvoedkundige hulpbronne nie. Daar bestaan dus duidelik 'n behoefte aan die uitbreiding daarvan in Afrikaans en spesifiek in die konteks van Afrikaansonderrig.

1. INLEIDING

Hierdie navorsing het gepoog om die stand van oop opvoedkundige hulpbronne in Afrikaans te ondersoek met 'n spesifieke fokus op Afrikaansonderrig op die vlak van skool- en hoërsonderwys. Ten einde hierdie doelwit te kon bereik, is enkele kernsake uit die literatuur ondersoek: oop onderwys, oop bronne en die openheidsagenda sowel as oop opvoedkundige hulpbronne. Ten slotte is 'n dokumentanalise van webwerwe onderneem om hulpbronne in Afrikaans vir Afrikaansonderrig te ondersoek.

Die ontwikkeling en gebruik van aanlyn bronne vir Afrikaans is al nagevors, maar veral die openheid van bronne is onderbenut en nog nie voldoende nagevors nie. Hierdie artikel poog dus om 'n kritiese oorsig te bied van bestaande bronne, tendense te identifiseer en die implikasies vir onderrigpraktyk te bepaal. In 'n multimodale onderrigomgewing kan internetbronne as 'n aparte kanaal gereken word waardeur leerders toegang tot inligting kan verkry (Wentzel & Jacobs 2004:322). In hierdie artikel word die stand van oop opvoedkundige hulpbronne vir Afrikaansonderrig gestel.

2. LITERATUURSTUDIE

2.1 Oop onderwys, oopbronsagteware en oop inhoud

Openheid en oop opvoedkundige hulpbronne kan met die konsep van oop onderwys asook sogenaamde oopbronsagteware gekoppel word. Hierdie sake hou ook verband met 'n wyer openheidsagenda wat in 'n internetkonteks relevant is.

Oop onderwys omvat, volgens Peters, Liu en Ondercin (2012:viii), openheid van leerinhoud, middels (soos sagteware) waardeur dit oorgedra kan word asook die implementering (publikasie en relevante lisensies) van dié openheid. Oop onderwys word ook soms met die ontstaan van sogenaamde “oop universiteite” wêreldwyd geassosieer. 'n Voorbeeld hiervan is die Open University in die Verenigde Koninkryk wat in 1969 gestig is (Peters et al. 2012:77, 81-82; The Open University 2018a) en die universiteit se missie beklemtoon hulle openheid ten opsigte van mense, plekke, metodes en idees met geen formele toelatingsvereistes vir die meeste voorgraadse kursusse nie (The Open University, 2018b). Butcher (2015:6) noem dat ten spyte daarvan dat oop opvoedkundige hulpbronne oop leer en oop onderwys ondersteun, die konsepte nie dieselfde is nie. Oop opvoedkundige hulpbronne fokus meer op die hulpbronne self.

Oopbronsagteware verwys na gratis sagteware – gebruikers het toegang tot die programmeringskode. Volgens Opensource.org (2018) veronderstel dit ook die volgende vereistes: sagteware wat vrylik versprei word, die bronkode is beskikbaar en manipuleerbaar en bepaalde lisensievoorwaardes geld. Oopbronsagteware se inhoud word op dieselfde manier as oop inhoud benader.

Oop inhoud is die kern van oop opvoedkundige hulpbronne en verwys na inhoud wat gratis beskikbaar is. In hierdie verband het David Wiley (Opencontent.org 2018) vyf aktiwiteite, die sogenaamde “5R activities” (Arinto, Hodgkinson-Williams, King, Cartmill & Willmers 2017:5), geïdentifiseer wat met oop inhoud gedoen kan word:

- Besit – die reg om kopieë van inhoud te maak, te besit en te beheer.
- Hergebruik – die reg om inhoud op verskillende maniere te gebruik.
- Wysiging – die reg om inhoud te verwerk, aan te pas, te modifiseer of te verander.
- Hervermenging – die reg om die oorspronklike of gewysigde materiaal met ander materiaal te meng ten einde iets nuuts te skep.
- Herverspreiding – die reg om kopieë van die oorspronklike weergawe, wysigings of hervermengings daarvan met ander te deel.

Dit gaan dus hier oor eienaarskap asook die manier en aard van bywerking en verspreiding van bepaalde oop inhoud. Ten spyte van die moontlikheid van wysigings aan inhoud by oop opvoedkundige hulpbronne, is in navorsing deur Weller (2010:5) bevind – veral by groter oop opvoedkundige hulpbronne – dat gebruikers die inhoud as betroubaar reken en nie sommer wysigings sal aanbring nie. Hierteenoor is Weller (2010:6) ook van mening dat sekere gebruikers die kwaliteit van oop opvoedkundige hulpbronne bevraagteken omdat dit gratis beskikbaar is. Verskeie vlakke van openheid kan geïdentifiseer word en hier onderskei Hodgkinson-Williams en Gray (2009:104) tussen sosiale openheid (deelbaar, gesaghebbend, bruikbaar, doeltreffend en akkreditasie), tegniese openheid (interoperering, internasionale toegang, maklik identifiseerbaar, opspoorbaar, geïndekseer, gerieflik, beskikbaar en bereikbaar), wetlike openheid (deelbaar en aanpasbaar) en finansiële openheid (bekostigbaar en volhoubaar). Dié voorafgaande aspekte dui op 'n wyer openheidsagenda wat in 'n onderwyskonteks al hoe prominenter word. In die volgende afdeling word oop opvoedkundige hulpbronne aan die hand van relevante literatuur ondersoek.

2.2 Oop opvoedkundige hulpbronne

2.2.1 Definiëring van oop opvoedkundige hulpbronne

Oop opvoedkundige hulpbronne word deur die William and Flora Hewlett Foundation (2018) gedefinieer as

...teaching, learning and research materials in any medium – digital or otherwise – that reside in the public domain or have been released under an open license that permits no-cost access, use, adaptation and redistribution by others with no or limited restrictions.

Verder kan hierdie soort hulpbronne enige van die volgende insluit: volledige kursusse, kursusmateriaal, modules, handboeke, videostroming, toetse, sagteware en enige ander hulpmiddels, materiaal of tegnieke wat gebruik kan word om toegang tot kennis te ondersteun (Arinto et al. 2017:4-5; Butcher 2015:5; OECD 2007:10; ROER4D project, 2018). Die term *oop opvoedkundige hulpbronne*, oorspronklik “open educational resources” afgekort as OERs of bloot OER, is tydens die 2002 UNESCO Forum on the Impact of Open Courseware for Higher Education die eerste keer gebruik (Butcher 2015:23; UNESCO 2012; UNESCO 2017). Boonop het die Paris OER Declaration met die ondersteuning van UNESCO die belangrikheid van veral oop opvoedkundige hulpbronne versterk (Marcus-Quinn & Diggins 2013:243).

Marcus-Quinn en Diggins (2013:243) voer die oorsprong van oop opvoedkundige hulpbronne terug na die sogenaamde Web 2.0 (Pretorius 2016:377). Web 2.0 fokus veral op interaktiwiteit en sosiale interaksie eerder as bloot statiese inligting (soos met Web 1.0 geassosieer) in die internetomgewing. By Web 2.0 val die klem dus op die feit dat enige persoon inhoud kan vervaardig (Bonk 2009:41-45; Crook 2008:6; Ruhe & Zumbo 2009:3). Crook (2008:9) motiveer dat Web 2.0 samewerking tussen leerders en die skep van klaskamer-gemeenskappe kan meebring. Peters et al. (2012:77) neem hierdie gedagte ’n stap verder en onderskei tussen die Oop Universiteit 1.0, 2.0 en selfs 3.0 op grond van die mate van interaktiwiteit.

Ten spyte van die klem wat op Web 2.0 by oop opvoedkundige hulpbronne val, sluit hierdie hulpbronne wel hipertekstweberwe in. Die konsep van ’n *hiperteks* is reeds deur Vannevar Bush in 1945 ontwikkel, maar die term is volgens Goldman (1996:18) eers in 1988 deur Ted Nelson geskep. Dit blyk dat hipertekste en gewone tekste (gedruk of geskryf) heelwat ooreenkomste toon, maar tog bestaan daar duidelike verskille ook. Burbules (1998:103) noem dat gedrukte tekste “by nature selective and exclusive” is terwyl “[h]ypertexts on the Web are by nature inclusive”. Hierdie tweedeling is daarop gegrond dat geskrewe (en veral gedrukte) tekste ’n bepaalde spasie kan opneem. Aanlyn tekste word ook met die term *hipermedia* geassosieer en Goldman (1996:7) noem in hierdie verband dat “[h]ypermedia makes it possible to juxtapose text, sound, graphics, and dynamic video all in the same ‘document’”. Benewens die tegniese aard van tekste is die vooropstelling van die eienaarskap van die inhoud ook ’n kenmerk van oop opvoedkundige hulpbronne.

2.2.2 Kopiereg

By die erkenning van kopiereg en die hantering van intellektuele eiendom met betrekking tot oop opvoedkundige hulpbronne word die riglyne van die Creative Commons-lisensie algemeen gebruik. Britz (2005:198) skryf die toenemende plasing van inhoud deur akademici deur middel van Creative Commons-lisensies toe aan ’n verset teen onbillike intellektuele eiendoms-

regwetgewing en 'n begeerte dat lesers makliker toegang tot akademiese literatuur het. Die nuwingsgewende organisasie, Creative Commons (Arinto et al. 2017:5; Butcher 2015:8; OECD 2007:74-75; Steyn 2014:479), bied ses lisensies¹ wat die aard van deling, herformulering, wysiging en kommersialisering van inhoud bepaal (Butcher 2015:47-52; Creative Commons 2018).

2.2.3 *Elektroniese pakhuis*

'n Bykomende sleutelaspek van opvoedkundige hulpbronne is die gebruik van aanlyn pakhuis oftewel *repositories*. Hierdie aanlyn pakhuis word dikwels aan 'n portaal (Weller 2010:5) gekoppel wat die ontsluiting en aanvul van pakhuis vergemaklik (Marcus-Quinn & Diggins 2013:245). Comas-Quinn en Fitzgerald (2013:3) noem dat die oop opvoedkundige hulpbronne in pakhuis duidelik geëtiketteer en beskryf moet word. Weller (2010:7) beklemtoon dat die manier waarop en konteks waarin oop opvoedkundige hulpbronne aangebied word die effektiewe gebruik daarvan vir 'n opvoedkundige doel versterk en hier kan 'n aanlyn pakhuis handig wees.

2.2.4 *Voordele van die gebruik van oop opvoedkundige hulpbronne*

Oop opvoedkundige hulpbronne hou heelwat voordele in en die gebruik daarvan ondersteun die breër onderrigkonteks. In dié verband merk Hugo (2015:722) op dat “[d]eur oop opvoedkundige hulpbronne te gebruik, kan 'n gemeenskap bestaande uit onervare en ervare onderwysers geskep word” en kan hulle idees en suksesstories deel asook gratis materiaal gebruik. Bykomende benuttingsmoontlikhede van oop opvoedkundige hulpbronne sluit die volgende in (Hodgkinson-Williams & Cox 2015:2; ROER4D project 2018):

- Opvoedkundige materiaal kan aangepas en doelgemaak word.
- Buigbaarheid ten opsigte van die seleksie, hergebruik, wysiging of hervermenging van materiaal.
- Materiaal is sigbaar, opspoorbaar en soekbaar.
- Samewerking is moontlik met die ontwikkeling van materiaal.
- Produktiwiteit spruit uit die materiaalontwikkelingsproses.
- Materiaalontwikkelaars ontvang erkenning vir die skep van materiaal.
- Die keuring van oop opvoedkundige hulpbronne dra by tot die kwaliteit van materiaal.
- Materiaal is deelbaar en verspreibaar op 'n globale vlak.
- Dit is moontlik om die bereikbaarheid van enigiemand met 'n internetverbinding en toestel te skaal met betrekking tot die lees, kyk, reaksie op en/of wysiging van materiaal.

Dit is egter ook belangrik dat gebruikers – veral onderwysers en dosente in 'n onderrigkonteks – reeds van die begin van die ontwikkeling van oop opvoedkundige hulpbron-pakhuis deel

¹ Die volgende ses lisensies word deur Creative Commons (2018) gebruik: verskaf erkenning (CC BY), verskaf erkenning en deel op 'n soortgelyke wyse (CC BY-SA), verskaf erkenning maar geen wysigings word toegelaat nie (CC BY-ND), verskaf erkenning en wysig vir niekommersiële doeleindes (CC BY-NC), verskaf erkenning, wysig vir niekommersiële doeleindes en deel op 'n soortgelyke wyse (CC BY-NC-SA) en verskaf erkenning, gebruik vir niekommersiële doeleindes maar geen wysigings word toegelaat (CC BY-NC-ND).

van die proses moet wees (Comas-Quinn & Fitzgerald 2013:12). Tydens só 'n proses moet bogenoemde aspekte ook in ag geneem word.

2.2.5 Die aard en omvang van oop opvoedkundige hulpbronne

Daar kan onderskei word tussen *groot* en *klein* oop opvoedkundige hulpbronne. Weller (2010:3) beskryf groot oop opvoedkundige hulpbronne as hulpbronne van 'n hoë kwaliteit wat op 'n institusionele vlak ontwikkel word, duidelike onderrigdoelwitte het, in 'n uniforme styl aangebied word deur middel van 'n gefokusde projek en deur 'n bepaalde portaal beskikbaar is. Hierteenoor word klein oop opvoedkundige hulpbronne deur individue ontwikkel teen 'n lae koste en hierdie soort hulpbronne word nie noodwendig deur opvoedkundiges ontwikkel nie, dit het nie bepaalde opvoedkundige doelwitte nie, is van 'n swakker gehalte en word dikwels deur derdepartywebwerwe versprei (Weller 2010:3). Weller (2010:7) stel egter voor dat 'n kombinasie van groot en klein oop opvoedkundige hulpbronne gebruik word.

2.2.6 Oop opvoedkundige hulpbronne in konteks

In Suid-Afrika is aktiwiteite rondom oop opvoedkundige hulpbronne beperk tot universiteite (spesifiek die Universiteit van Kaapstad, Universiteit van Fort Hare, Universiteit van die Witwatersrand, Universiteit van die Wes-Kaap en UNISA) asook nuwingsgewende organisasies (soos SAIDE en OER Africa) (Arinto et al. 2017:12; Cox & Trotter 2017:291-293, 338; Hodgkinson-Williams & Cox 2015:3-4; Hodgkinson-Williams & Gray 2009; OECD, 2007:93).

Taalverspreiding op oop opvoedkundige hulpbronne is ook vir die doel van hierdie artikel van belang. Reeds in 2009 het Oates (2009:1) aangedui dat die oop opvoedkundige hulpbronne in 'n Afrikakonteks merendeels in Engels beskikbaar is en dat Afrikatale selde vir hierdie hulpbronne gebruik word al kan hierdie hulpbronne 'n taalherlewingsfunksie verrig (Oates 2009:12). Oates (2009:5, 6) is van mening dat spesifiek Afrikaanse inhoud in die Connexions-pakhuis (tans bekend as *Openstax CNX* en beskikbaar by <https://cnx.org/>) ingesluit is ten spyte van die feit dat daar ander Afrikatale is met meer sprekers.

Ten slotte moet die diskoers rondom oop opvoedkundige hulpbronne ook in die breër konteks van aanlyn leeromgewings en e-onderwys benader word. In hierdie verband meld Van Staden (2017:770, 810) dat daar reeds in 'n Suid-Afrikaanse konteks onderwysers is wat effektief van aanlyn leeromgewings gebruik maak. Enige gestruktureerde gebruik van oop opvoedkundige hulpbronne veronderstel dus die voortbou op die bestaande gebruik van internetbronne deur onderwysers. In die volgende afdeling val die fokus op die konteks van oop opvoedkundige hulpbronne vir taalonderrig en spesifiek in Afrikaans.

2.3 Oop opvoedkundige hulpbronne vir taalonderrig en in Afrikaans

Dit is duidelik vanuit literatuur dat die gebruik van oop opvoedkundige hulpbronne in 'n taalonderrigkonteks reeds internasionaal ondersoek is. Comas-Quinn en Fitzgerald (2013) bespreek onder andere twee gevallestudies waar oop opvoedkundige hulpbronne in taalonderrig op hoëronderwysvlak suksesvol gebruik is. Met betrekking tot Afrikaans en Afrikaansonderrig is die fokus egter beperk met 'n klem op die internetkonteks in die algemeen.

In 'n Afrikaanse konteks is navorsing rondom die internet as bron en as taalkonteks beperk tot die volgende soort studies: die aard van Internetafrikaans (Brunette 2005; Jansen van Vuuren 2007; Vandekerckhove, Cuvelier & Decker 2015; Van Gass 2006; Verhoef 2001), die

Afrikaanse Wikipedia (Pretorius 2016), kodewisseling (Van Gass 2008), aanlyn forensiese linguïstiek (Nel 2018), identiteitsvorming (Swarts 2009), invloed in die letterkunde (Anker 2015), woordeboeke (De Stadler 1995; Du Plessis 2016), Afrikaanse taalverwante aanlyn inisiatiewe (Breed, Carstens & Olivier 2016; Van Huyssteen, Botha & Antonites 2016), voorkeurtaal aanlyn (Blignaut & McDonald 2006) asook die stand van Afrikaans op die internet (Breytenbach & McDonald 2010; De Wet 1997; De Wet 2003; Kirsten 2018:25; Steyn 2014:479-480; Venter 1995; Wasserman 2003).

Die rol van die Afrikaanse Wikipedia as 'n oop aanlyn bron is ook vir hierdie bespreking relevant. In dié verband is Pretorius (2016) se werk van kernbelang. Pretorius (2016:384) beskryf Wikipedia as “die grootste, vrye-inhoud- algemenekennis-, webgebaseerde ensiklopedie ooit” wat sukses behaal het omdat dit as “gemeenskapsprojek gekonseptualiseer is wat volledig oop, vry en self-regulerend is” (Van Dijk 2009). Verder gaan Pretorius (2016:373) so ver om te stel dat 'n “soort digitale taalbeweging met die ontwikkeling van die Afrikaanse Wikipedia as fokus nodig is om die posisie van Afrikaans in die digitale ruimte te verseker en vol te hou”. Hierdie taalbeweging is deur verskeie inisiatiewe en oproepe in die media reeds aangevuur (Fourie 2016; Van Huyssteen 2016; Van Huyssteen 2017).

Afrikaans se stand op Wikipedia – as 'n oop hulpbron – was dus ook relevant tot hierdie studie. Van Dijk (2009:246) meld dat die aantal sprekers nie die sukses van 'n Wikipedia (veral met betrekking tot tale met minder hulpbronne) bepaal nie, maar eerder die behoefte van sprekers. Voorts beskryf Van Dijk (2009:238) die Afrikaanse Wikipedia as 'n “Klein Wikipedia” en maak die volgende opmerkings omtrent hierdie Wikipedia:

The Afrikaans Wikipedia should, given at least six million speakers of Afrikaans, be closer to the large Scandinavian languages like Danish. The average size of the articles (2.4 kb per article) is quite good, but the Afrikaans Wikipedia fails the ‘city test’ compared to the English Wikipedia”. (Van Dijk 2009:242)

Hierdie *stadtoets* behels die tel van stede waarvoor daar inskrywings bestaan in die gebied waar 'n bepaalde taal gebruik word. 'n Rede wat deur Van Dijk (2009:242) aangevoer word waarom die Afrikaanse Wikipedia so klein is, is juis die bestaan van 'n groot Engelse weergawe van hierdie webwerf wat deur tweetalige Afrikaanssprekendes benut word. Dit is egter noemenswaardig dat Van Dijk (2009:243) slegs 9 200 artikels in Wikipedia in 2009 rapporteer terwyl die getal artikels teen die einde van Februarie 2018 reeds 49 027 was (teenoor Engels se 1 400 000 artikels in 2009 en 5 580 336 teen Februarie 2018) (Zachte 2018).

In 'n Afrikaanse onderrigkonteks is daar ook al navorsing gepubliseer rondom die rekenaar en later die internet as 'n onderrigmedium met die volgende fokuspeunte: taalonderwysers se internetgebruikspatrone (Heyns & Snyman 2003; Snyman & Heyns 2004), gebruik van wiki's (Olivier 2014), gebruik van blogs (Mihai 2007; 2017) en die gebruik van rekenaars in die aanleer van Afrikaans in die algemeen (Basson 2012; Bosman 1999; Lawrence 2004; Lawrence 2016; Messerschmidt 1994). Duidelik is daar nog leemtes met betrekking tot die gebruik van oop opvoedkundige hulpbronne.

Ten spyte van beskikbare navorsing en die uitbreiding van die Afrikaanse inhoud, is dit duidelik uit literatuur dat daar min plaaslike vakspesifieke inhoud aanlyn beskikbaar is (Heyns & Snyman 2003:49). Weens die dinamiese aard van die internet is inhoud nie noodwendig vir ewig beskikbaar nie. Bepaalde relevante webwerwe soos die *Goudmyn* (Heyns & Snyman 2003:49-50) is uit die literatuur geïdentifiseer, maar is nie meer beskikbaar nie.

3. METODOLOGIE, STEEKPROEFNEMING EN DATA-INSAMELING

Ten einde die oop opvoedkundige hulpbronne in Afrikaanse en Afrikaans binne die gekose konteks te kon ondersoek, moes kriteria saamgestel word om die geskiktheid van die bronne te bepaal. Behalwe vir die tematische geskiktheid van dié aanlyn bronne moes die bronne ook aan die vereistes van 'n oop bron voldoen. Kriteria gebaseer op Krajcsó (2016:49, 51), OECD (2007:100-104) en Shank (2014:31-32) se navorsing is gebruik:

- Die bronne moes van 'n hoë gehalte en gesaghebbend wees.
- Die indeksering en soekbaarheid van die bronne moes maklik wees.
- Daar moes ewekniebeoordeling of 'n vorm van evaluering van die inhoud wees.
- Die metadata, wat byvoorbeeld in soektogte gebruik word, moes gestandaardiseerd wees.
- Die inhoud moes gekontekstualiseerd wees.
- Die bron moes interaktief wees en gebruikers betrokke maak by die inhoud.
- Die onderrigwyse en die inhoud moes geïntegreerd wees.

Bepaalde uitsluitingskriteria is in die versamelingsproses toegepas en die volgende soort webwerwe is uitgesluit:

- Persoonlike blogs en webwerwe oor/in Afrikaans wat nie 'n opvoedkundige fokus gehad het nie.
- Algemene aanlyn digbundels of versamelings skryfwerk.
- Soekenjins en webwerwe met versamelings skakels.
- Aanlyn koerante en nuuswebwerwe.
- Webwerwe van skole en hoëronderriginstellings sonder opvoedkundige hulpbronne.
- Webwerwe van politieke en kultuurorganisasies met geen opvoedkundige hulpbronne nie.
- Webwerwe wat ten volle geslote is (waar registrasie vereis word) of kommersieel van aard is.
- Webwerwe wat slegs uit sosiale media (bv. Facebook, Twitter, ens.) en kletskamers bestaan.

'n Datastel van webinhoud is saamgestel met behulp van soektogte op geselekteerde soekenjins (insluitend *Google*, *Bing* en *Rieme.co.za*) en webwerwe soos *Die Knoop* (Jansen van Vuuren 2007:145) wat hulpbronne lys. Laasgenoemde webwerf is tans net op 'n Internetargief (<https://web.archive.org/web/20160426152349/http://www.dieknoop.co.za/>) beskikbaar. 'n Sneebalsteekproefneming is gebruik waar soekenjins en webtuistes bykomende bronne weergegee het. Net soos met menslike respondente het webwerwe met hiperskakels die aanvul van bronne moontlik gemaak. Lombard (2016:103) maak die volgende opmerking in hierdie verband: “Deur middel van 'n kettingreaksie of sneebal-effek word die navorser dus in kontak gebring met die verlangde aantal gevalle vir die navorsingsprojek of totdat 'n versadigingspunt met betrekking tot die data bereik is”. Tydens die soekproses was Shank (2014:22) se soektaksonomie ook bruikbaar om geskikte bronne te identifiseer. 'n Databasis van bronne is aangevul tot daar nie nog bronne geïdentifiseer kon word nie. Die uiteindelijke databasis het 1 873 bronne bevat waarvan uiteindelik slegs 22 bronne voldoende eienskappe getoon het om ten volle of gedeeltelik as oop opvoedkundige hulpbronne geïdentifiseer te kon word.

Die volgende aanlyn hulpbronne in Tabel 1 is dus vir hierdie navorsing vir analise gebruik:

TABEL 1: Geïdentifiseerde aanlyn hulpbronne

| | Naam | Webadres |
|----|--|---|
| 1 | My Klaskamer | https://myklaskamer.com/ |
| 2 | Taalarsenaal | http://www.eccurriculum.co.za/Taalarsenaal/index.html |
| 3 | Afrikaanse Hulpmiddels vir die klaskamer | https://afrikaansehulpmiddels.wordpress.com/ |
| 4 | Oolfant | http://oolfant.com/hulpbronne-gratis/ |
| 5 | Mieliestronk | http://www.mieliestronk.com/index.html |
| 6 | Afrikaans.com: Op skool | http://www.afrikaans.com/leer/lekker-leer/op-skool |
| 7 | Afrikaanse Skoolprojekte | http://www.afrikaanseskoolprojekte.co.za/ |
| 8 | Storiewerf | http://www.storiewerf.co.za/ |
| 9 | Beter Afrikaans | https://www.beterafrikaans.co.za/ |
| 10 | Mr. V's Classroom Companion | http://mnrvermeulen.blogspot.co.za/ |
| 11 | Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) | https://viva-afrikaans.org/ |
| 12 | LitNet | http://www.litnet.co.za/ |
| 13 | Versindaba | http://versindaba.co.za/ |
| 14 | Afrikaans in Europa | http://aie.ned.univie.ac.at/ |
| 15 | Roekeloos | http://www.roekeloos.co.za/ |
| 16 | Taaloord | http://www.taaloord.co.za/ |
| 17 | Afrikaanse Kontemporêre Drama-argief | http://akda.co.za |
| 18 | Literêre terme en teorieë | http://www.literaryterminology.com/ |
| 19 | DBAT | http://collections.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/bibliografie-afrikaans/dbat.html |
| 20 | DBAL | http://collections.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/bibliografie-afrikaans/dbal.html |
| 21 | Woes.co.za | http://www.woes.co.za/ |
| 22 | Wikipedia | https://af.wikipedia.org/wiki/Tuisblad |

Etiëkwessies moes ook vir hierdie navorsing in ag geneem word. Die belangrikheid van navorsingsetiek is deur Farrow (2016) met betrekking tot oop onderwys en oop opvoedkundige hulpbronne uitgelig. Whiteman (2012:89-90) huldig die mening dat aanlyn outeurs hulle toestemming moet gee as hulle response as data gebruik word, maar hierdie navorsing het op gepubliseerde aanlyn inhoud gefokus. Ongelukkig is die inwin van ingeligte toestemming van elke werklike outeur nie noodwendig moontlik nie aangesien nie alle aanlyn bronne hierdie inligting verstrek nie. In hierdie navorsing is webwerwe wat in die openbare domein (Oliver 2010:138) is eerder as teksbronne (Whiteman 2012:86-87) gereken en is die outeurs se vertroulikheid met betrekking tot die rapportering van die navorsing sover moontlik gerespekteer. In hierdie verband, soos reeds genoem, is enige aanlyn interaksie, kletskamers, sosiale media of besprekings deur individue vir die doeleindes van hierdie navorsing uitgesluit. Ter wille van die kopiereg van webwerwe is erkenning aan outeurs gegee soos die geval sou wees met die gebruik van enige ander gepubliseerde bron (Oliver 2010:134).

4. DATA-ANALISE

4.1 Analise van die geselekteerde oop opvoedkundige hulpbronne

Die data wat in die databasis ingesluit is, is induktief geanaliseer ten einde tendense te kon identifiseer en 'n klassifikasiestruktuur te konstrueer. Deurgaans is daar notas gemaak ten einde 'n omvattende prentjie rondom die stand van aanlyn oop opvoedkundige hulpbronne vir Afrikaansonderrig te skets.

Die aard van die bronne kan soos volg opgesom word:

- Die geïdentifiseerde bronne (vgl. Tabel 1) het 18 algemene webwerwe en vier blogwebwerwe bevat.
- Uit die 22 was 16 ten volle oop met vier met oop en geslote inhoud (bron 1, 3, 11 en 17) terwyl twee hulpbronne basies ten volle toe (bron 4 en 7) was.
- Verder was 17 bronne ten volle Afrikaans, een tweetalig Afrikaans en Engels (bron 1) en vier het inhoud in Afrikaans, Engels en Nederlands (bron 14, 18, 19 en 20) bevat.
- Slegs vyf (bron 1, 2, 3, 7 en 10) van die bronne het 'n bepaalde onderrigvlak (bv. 'n skoolfase) duidelik geïdentifiseer.

Daar bestaan 'n aantal klassifikasiestelsels vir oop opvoedkundige hulpbronne. In hierdie verband bied sekere bronne (OER Commons 2018; Wikiversity 2018) breë kategoriserings. Krajcso (2016:50) het spesifiek gekyk na die klassifikasie van taalleerhulpbronne binne die konteks van oop opvoedkundige hulpbronne waar daar tussen vaardighede (praat, skryf, lees, luister en kyk) en taalgebruik (grammatika en woordeskat) onderskei word. Aangesien die hulpbronne in hierdie navorsing dikwels bronne bevat het wat oor hierdie vaardighede heen ingespan kon word, is hierdie fynere inhoudelike klassifikasie nie gebruik nie.

In die analise van oop opvoedkundige hulpbronne was die bepaling van kwaliteit van belang. Clements, Pawlowski en Manouselis (2015) skets 'n raamwerk waarin die kwaliteit van oop opvoedkundige hulpbronne gemeet kan word en koppel die sukses van 'n oop opvoedkundige hulpbron aan die kwaliteit daarvan. Shank (2014:45) het ook 'n eenvoudige evalueringstelkaart wat vir oop opvoedkundige hulpbronne ingespan kan word, maar Krajcso (2016:51-53) bied 'n meer uitgebreide stel kwaliteitskriteria waaraan oop opvoedkundige hulpbronne moet voldoen. Hierdie kriteria, wat ook in hierdie studie vir analise gebruik is, word in Tabel 2 hieronder opgesom:

TABEL 2: Kwaliteitskriteria vir oop opvoedkundige hulpbronne


| | |
|------------------------------|---|
| <p><i>I. Inhoud</i></p> | <p><i>I.1 Algemene eienskappe</i> I.1.1 Bygewerk/bywerkbaar en herbruikbaar I.1.2 Betroubaar I.1.3 Informatief I.1.4 Feitelik korrek I.1.5 Verstaanbaar met verduidelikings van tegniese terme I.1.6 Duidelik gestruktureer, koherent met komplekse sake wat sinvol en verstaanbaar gestruktureer is, geen oortollighede I.1.7 Die inhoud is deursigtig en goed gefundeer I.1.8 Skakels tot agtergrondinligting en ter verheldering van kennis is beskikbaar I.1.9 Integrasie van 'n woordeboek, glossarium of verduidelikings</p> <p><i>I.2 Gesindheid</i> I.2.1 Opvoedkundige aantrekkingskrag wat aanvaarding van inhoud by leerders aanwakker I.2.2 Motiverende aanslag wat die relevantheid vir leerders toon en aandag vestig I.2.3 Polariserende menings wat spanning kweek en as basis vir egte interaksie dien I.2.4 Inhoud wat los is van sterk of verwarrende stereotipes, betekenis en standpunte</p> <p><i>I.3 Kennis/bevoegdheid</i> I.3.1 Skakel met leerders se professionele konteks, lewe en ervarings I.3.2 Variasie wat meer as een perspektief op 'n onderwerp insluit I.3.3 Benewens inligting moet kundigheid (strategiese bevoegdheid) ook aangespreek word I.3.4 Een vlak bo leerders se kennis met betrekking tot woordkompleksiteit</p> |
| <p><i>M. Metodologie</i></p> | <p><i>M.1 Doelwitte</i> M.1.1 Gerig tot leerders se konteks M.1.2 Gerig tot metodologiese variasie M.1.3 Leerdergesentreerdheid M.1.4 Koherent en gestruktureer volgens hoofdoelwitte en subdoelwitte M.1.5 Deursigtig in die manier waarop dit aangebied word M.1.6 Die bereiking van doelwitte is bewysbaar</p> <p><i>M.2 Aktiwiteite</i> M.2.1 Duidelik gestruktureer en koherent M.2.2 Gerig tot die metodologiese doel en gekoppel aan inhoud M.2.3 Verdeel in pre-, gedurende en postaktiwiteite M.2.4 Kweek besluitnemende, outonome, kritiese en lewenslange leerprosesse M.2.5 Bevorder verskillende leermoontlikhede M.2.6 Moedig nie net individuele werk aan nie maar ook interaksie en kommunikasie M.2.7 Verskaf terugvoer, geleentheid vir hersiening en inligting omtrent assessering</p> |

TABEL 2: Kwaliteitskriteria vir oop opvoedkundige hulpbronne (*vervolg*)

| | |
|-------------------|---|
| | <p><i>M.3 Take</i></p> <p>M.3.1 Bevorder leerders se intrinsieke motivering</p> <p>M.3.2 Bevat verskillende moeilikheidsvlakke</p> <p>M.3.3 Die vlak van mediabevoegdheid word in ag geneem</p> <p>M.3.4 Duidelik gestruktureer en koherent</p> <p>M.3.5 Instruksies is koherent met korrekte terminologie</p> <p>M.3.6 Betekenisvol vir die doel en leerders</p> <p>M.3.7 Praktyk- en lewenswerklikgeoriënteer, realistiese probleemoplossing asook die bevordering van die aanleer van toegepaste kennis</p> |
| <i>O. Ontwerp</i> | <p><i>O.1 Gebruikergesentreerd</i></p> <p>O.2 Toepaslik en gekies op 'n didaktiesbetekenisvolle manier</p> <p>O.3 Funksioneel, logies en gefokus</p> <p>O.4 Konsekwent, koherent en aanvullend</p> <p>O.5 Geïntegreer op 'n leermotiverende manier</p> <p>O.6 Ergonomies</p> <p>O.7 Esteties</p> <p>O.8 Hoë kwaliteit</p> <p>O.9 Nie skadelik nie</p> <p>O.10 Geskrewe teks is leesbaar en gesproke teks is hoorbaar</p> <p>O.11 Uitleg is aantreklik en duidelik</p> |
| <i>T. Tegnies</i> | <p><i>T.1 Funksioneel</i></p> <p>T.2 Intuïtiewe gebruik</p> <p>T.3 Voldoende ondersteuning</p> <p>T.4 Duidelike, konsekwente en gebruikersvriendelike struktuur en terminologie</p> <p>T.5 Samehang van leerobjekte</p> <p>T.6 Gebruikersvriendelike oppervlak</p> <p>T.7 Moontlikheid van individuele, koöperatiewe, sinchrone en asinchrone leer/werksverrigting met die inhoud</p> <p>T.8 Gebruik van verskillende kommunikasiekanale</p> <p>T.9 Moontlikheid van die oplaai, stoor, wysiging, hergebruik en oordrag van verskillende leermateriaal</p> <p>T.10 Moontlikheid van assessering van leer asook outomatiese dokumentering van bereikte doelwitte</p> |

(Krajcsó, 2016:51-53)

Die geïdentifiseerde webwerwe is geanaliseer aan die hand van die kwaliteitskriteria. Die tellings per kategorie word in die radargrafiek in Figuur 1 opgesom:



Figuur 1: Radargrafiek van die geïdentifiseerde bronne met betrekking tot kwaliteitskriteria

Slegs met betrekking tot die ontwerp en die algemene eienskappe van die inhoud en in 'n mindere mate die tegniese aspekte het die geïdentifiseerde bronne voldoen aan die kwaliteitskriteria wat aan oop opvoedkundige hulpbronne gestel word. As dit kom by die opvoedkundige waarde – soos weergegee deur Gesindheid en Kennis/bevoegdheid by Inhoud asook Take, Aktiwiteit en Doelwitte onder Metodologie – het geen van hierdie hulpbronne uitsonderlik gevaar nie. Nie net lewer hierdie opsomming kommentaar op die kwaliteit van die hulpbronne nie, maar dit dui ook daarop dat geen van die geïdentifiseerde bronne werklik as oop opvoedkundige hulpbronne bestempel kan word nie.

4.2 Tendense ten opsigte van die geïdentifiseerde webwerwe

Van die geïdentifiseerde webwerwe is klein hulpbronwebwerwe en blogs wat deur individue (soos onderwysers) onderhou word (bv. *My klaskamer*, *Afrikaanse Hulpmiddels vir die klaskamer* en *Mr. V's Classroom Companion*). Daar is ook inhoud wat op 'n meer amptelike manier deur 'n provinsiale onderwysdepartement (*Taalarsenaal*) of 'n organisasie (*Afrikaans.com: Op skool*) ondersteun word. Hierteenoor is daar ook hulpbronwebwerwe wat minder

oop en gratis is en dan ook inhoud het wat te koop aangebied word (bv. *Oolfant* en *Afrikaanse Skoolprojekte*).

Die webwerf *Beter Afrikaans* (2018) bied gebruikers die geleentheid om assesserings in Afrikaanse spelling aanlyn te doen en is op die Nederlandse webwerf *Beter Spellen* (<http://www.beterspellen.nl/>) gebaseer. Ten spyte van uitsonderlike inhoud en die bydrae wat hierdie webwerf tot die onderrig van Afrikaanse spelling lewer, kan hierdie hulpbron nie as 'n oop opvoedkundige hulpbron beskou word nie aangesien registrasie vereis word en die inhoud nie oop is vir hergebruik nie.

Daar bestaan ook ensiklopediese Afrikaanse inhoud aanlyn. Die webwerf *Mieliestronk* bied 'n gratis aanlyn ensiklopedie, maar dit is nie redigeerbaar nie en die taalinhoud is beperk. Die Afrikaanse *Wikipedia* voldoen wel aan sekere van die vereistes vir 'n oop opvoedkundige hulpbron. In hierdie verband noem Pretorius (2016:385) die voordele en nadele van die maklike redigeerbaarheid van *Wikipedia*. Van Huyssteen et al. (2016:431) het egter onder die respondente van hulle studie bevind dat die Afrikaanse *Wikipedia* baie selde gebruik word.

Sommige van die hulpbronne wat geanaliseer is, fokus op die bevordering van Afrikaans in die algemeen en behels inhoud vanuit verskillende velde. Die *LitNet*-webwerf (*LitNet* 2018; Maartens 2002:6-15; Van Heerden 2002) vervul ook die rol van 'n aanlyn hulpbron met verskeie afdelings wat in 'n wyer Afrikaansonderrigkonteks van belang is. Hierdie webwerf sluit 'n *Skole*-afdeling (<http://www.litnet.co.za/category/akademies/skole/>) in wat hulpbronne oor verskeie vakgebiede heen bied; *Boeke en skrywers* wat letterkunde op vele vlakke ondersteun; *Skryfwerk* wat nie net 'n bron van nuwe skryfwerk is nie, maar ook geleentheid bied vir aanlyn publikasies en ten slotte is daar ook *LitNet Akademies* wat as 'n aanlyn akademiese tydskrif veral in 'n hoëronderwyskonteks waardevol is. *LitNet* voldoen aan die vereistes van 'n oop opvoedkundige hulpbron met betrekking tot gratis toegang, ewekniebeoordeling en omdat die webwerf bydraes van buite ontvang.

Afrikaanse terminologie is ook prominent by aanlyn hulpbronne. 'n Bykomende belangrike hulpbron vir Afrikaans wat uit hierdie navorsing geïdentifiseer is, is die *Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA)* (Alberts 2016:327; Van Huyssteen et al. 2016) wat ongelukkig nie gratis of oop is nie. Hierdie webwerf se ontstaan is breedvoerig gedokumenteer (Van Huyssteen et al. 2016:414-415). Ander webwerwe soos *LitNet* (2018) en *Roekeloos* (2018) bied ook woordelyste as hulpbronne.

Daar is ook webwerwe wat fokus op taalverwante artikels – veral op taalgeskiedenis en skakels met Nederlands. Hier kan *Taaloord* (Liebenberg 2018) en *Afrikaans in Europa* (Loader 2018) uitgelig word. Maar selfs *LitNet* (2018) en *Mieliestronk* (Media24 2018) bevat taalverwante inskrywings en artikels. Op 'n meer akademiese beskrywende vlak bied *Taalportaal* (2018) meer inligting omtrent Afrikaans se grammatika (Landsbergen, Tiberius & Dernison 2014). Ten spyte van die vergelykingsmoontlikhede met Nederlands en Fries, is dit jammer dat hierdie bron slegs in Engels beskikbaar is en die inhoud rondom Afrikaans tans [in 2018] nog baie beperk is. Hierdie bron is ook weens die taalmedium in die res van die analise uitgelaat.

Heelwat webwerwe fokus op Afrikaanse letterkunde met besprekings rondom gepubliseerde werk tot die bied van platforms waar nuwe skryfwerk aanlyn gepubliseer kan word. *Storiewerf* (De Wet 2003:309; Greyling 2004; Greyling 2018; Heyns & Snyman 2003:49) fokus op kinder- en jeugliteratuur en bied heelwat gratis hulpbronne, maar voldoen nie regtig aan die eise met betrekking tot redigeerbaarheid en ewekniebeoordeling nie. As portaal vir inligting rondom kinder- en jeugboeke bied hierdie webwerf heelwat moontlikhede in 'n taalonderwyskonteks. *Versindaba*, wat as 'n “Kollektiewe weblog vir die Afrikaanse digkuns”

(Joubert 2018) beskryf word, bied 'n blog waarop daar op 'n akademiese vlak oor letterkunde geskryf word, maar gedigte kan ook geplaas word. *Roekeloos* (2018) en *LitNet* (2018) kan as voorbeelde van aanlyn digbundels genoem word (De Wet 2003:314-315; Kleyn 2008:113). 'n Webwerf soos *Woes* (Woes.co.za, 2018) bied ruimte vir die plasing van skryfwerk van verskillende genres. Met betrekking tot dramas bied die *Afrikaanse Kontemporêre Dramaturgie* (AKD 2016) ook 'n ruimte vir die aanlyn publikasie van dramatekste. Die bron *Literêre terme en teorieë* (Viljoen 2014) dien as 'n handige oop hulpbron vir terminologie binne die wyer veld van die letterkunde en dit bied beide Afrikaanse en Nederlandse definisies en uitgebreide inligting wat, volgens die gekoppelde Facebook-groep, steeds bygewerk word.

'n Bykomende kategorie is webwerwe wat versamelings van koerantartikels, tydskrif-artikels, akademiese artikels en boeke asook skakels na inhoud lys wat te doen het met taalkunde soos die *Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde* (Breed et al. 2016; DBAT 2018) en letterkunde soos die *Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Letterkunde* (DBAL 2018). Hierdie twee webwerwe bied gratis toegang (behalwe by skakels na akademiese tydskrifte waar gebruikers inteken) tot inhoud oor Afrikaans in Afrikaans, Nederlands en Engels.

Struktureel en inhoudelik bestaan daar nie werklik oop opvoedkundige hulpbronne in Afrikaans nie, maar heelwat bruikbare bronne is geïdentifiseer wat wel aan enkele van die vereistes van 'n oop opvoedkundige hulpbron voldoen.

5. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Oop opvoedkundige hulpbronne verwys na materiaal vir onderrig, leer en navorsing wat in die openbaar met bepaalde lisensies gratis beskikbaar is. Die konsep van 'n oop opvoedkundige hulpbron moet benader word in die konteks van oop onderwys, oopbronsagteware en oop inhoud. In die Suid-Afrikaanse konteks is die gebruik van en navorsing oor oop opvoedkundige hulpbronne beperk, maar daar word toenemend klem hierop gelê. Met betrekking tot Afrikaans is die leemte in navorsing nog groter en hierdie artikel het juis hierdie behoefte probeer aanspreek. Uit beskikbare literatuur rondom Afrikaans in die internetomgewing is daar wel navorsing wat raakpunte met hierdie artikel toon en hierdie navorsing sluit aan by die breër diskoers op die internet oor Afrikaans. Die belangrikheid van die Afrikaanse Wikipedia is ook reeds uit literatuur duidelik.

In hierdie navorsing is 'n dokumentanalise van webwerwe onderneem om hulpbronne in Afrikaans vir Afrikaansonderrig te ondersoek. Uit 'n databasis van webwerwe is 22 bronne geïdentifiseer waarna die bronne inductief geanaliseer is ten einde tendense te identifiseer. Vir 'n verdere klassifikasie is Krajcso (2016) se uitgebreide stel kwaliteitskriteria gebruik waaraan oop opvoedkundige hulpbronne moes voldoen. Uit die analise aan die hand van hierdie kriteria is dit duidelik dat die geïdentifiseerde bronne slegs met betrekking tot ontwerp en die algemene eienskappe van die inhoud en in 'n mindere mate tegniese aspekte wel aan die kriteria voldoen. Hierdie navorsing is beperk tot die webwerwe wat in die databasis ingesluit was en verdere soortgelyke ondersoek sal nodig wees vir verheldering.

Met betrekking tot die stand van oop opvoedkundige hulpbronne vir Afrikaansonderrig is dit duidelik dat daar wel heelwat bruikbare bronne bestaan, maar hierdie bronne funksioneer nie werklik as oop opvoedkundige hulpbronne nie. Daar bestaan dus duidelik 'n behoefte aan die uitbreiding van oop opvoedkundige hulpbronne wat Pretorius (2016) se oproep tot 'n digitale taalbeweging sou kon versterk.

Dit is duidelik dat daar nie ware oop Afrikaanse taalhulpbronne bestaan nie en dat daar leemtes is met betrekking tot hergebruik en wysiging van sulke hulpbronne. Die meeste

Afrikaanse aanlyn bronne sluit geen vorm van ewekniebeoordeling in nie en dus word daar soms kwaliteitsprobleme ondervind. Die groot hoeveelheid spelfoute wat selfs op die voorblaaie van webwerwe voorkom, dui ook op probleme rondom kwaliteit.

Daar moet dus voortgebou word op bestaande goeie praktyke waaronder die gebruik van wiki-inisiatiewe soos die Afrikaanse Wikipedia tel. In hierdie verband beklemtoon Pretorius (2016:389) die belangrikheid van ’n “groot, groeiende en hoëgehalte-Wikipedia”. Uit die literatuur word voorgestel dat die inhoud van oop opvoedkundige hulpbronne met oopbronsageware soos OpenOffice met geskrewe inhoud geskep word ten einde oop bywerking en wysigings moontlik te maak (Hodgkinson-Williams & Cox 2015:3).

Uit hierdie navorsing is enkele implikasies vir die konteks van Afrikaansonderrig duidelik. Die gebruik van oop inhoud verg, volgens Comas-Quinn en Fitzgerald (2013:12), “increased self-confidence, trust and generosity, and the mastery of multiple digital literacies, none of which can be achieved quickly or through one-off interventions” en dus veronderstel enige implementering van oop inhoud – soos oop opvoedkundige hulpbronne – voortdurende ondersteuning. Die vestiging van (oop en gratis) pakhuis vir oop opvoedkundige hulpbronne in (en oor) Afrikaans is noodsaaklik en sal ook ’n argiveringsrol vervul vir hulpbronne wat andersins verlore kan raak.

BIBLIOGRAFIE

- AKD. 2016. Afrikaanse Kontemporêre Drama-argief. 24 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://akda.co.za/>.
- Alberts, M. 2016. Die ontwikkeling van Afrikaanse vaktaal: Verlede, hede en toekoms. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):314-334.
- Anker, J. 2015. Die invloed van elektroniese media en die totstandkoming van ’n nuwe sosiale paradigma in ’n onlangse Afrikaanse jeugroman. *Litnet Akademies*, 12(2):25-42.
- Arinto, P.B., Hodgkinson-Williams, C., King, T., Cartmill, T. & Willmers, M. 2017. Research on Open Educational Resources for Development in the Global South: Project landscape. In Arinto & Hodgkinson-Williams (eds). *Adoption and impact of OER in the Global South*. Cape Town: African Minds, International Development Research Centre & Research on Open Educational Resources, pp. 3-26.
- Basson, I. 2012. The effectiveness of multimedia and computer-assisted activities in the teaching of Afrikaans as a second language. Johannesburg: University of the Witwatersrand. [Dissertation – MEd].
- Beter Afrikaans. 2013. Beter Afrikaans – Tuisblad. 12 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <https://www.beterafrikaans.co.za/>.
- Balignaut, P. & McDonald, T. 2006. Die implikasies van lees- en skryfvoorkeurtaal met betrekking tot internettoegang vir Suid-Afrikaanse gebruikers. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 25(3):165-171.
- Bonk, C.J. 2009. *The world is open: how Web technology is revolutionizing education*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Bosman, N. 1999. Rekenaars help Afrikaansleerders. *Afrikaans vandag*, 6(4):6-7.
- Breed, A., Carstens, W. & Olivier, J. 2016. Die DBAT: ’n onbekende digitale taalkundemuseum. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):391-409.
- Breytenbach, J. & McDonald, T. 2010. Soekenjindekking van Suid-Afrikaanse en Afrikaanse webruimtes. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 29(3):107-118.
- Britz, J.J. 2005. Kuberetiek en die soeke na ’n morele gemene deler. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(2):190-203.
- Brunette, C. 2005. ’n Ondersoek na die invloed van rekenaar-bemiddelde kommunikasie op Afrikaans met verwysing na internasionale gevallestudies. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad. [Tesis – MA].
- Burbules, N.C. 1998. Rhetorics of the Web: hyperreading and critical literacy. In Snyder (ed). *Page to Screen: Taking literacy into the electronic era*. London: Routledge, pp.102-122.

- Butcher, N. 2015. *A basic guide to open educational resources (OER)*. Vancouver: Commonwealth of Learning (COL).
- Cazden, C., Cope, B., Fairclough, N., Gee, J., Kalantzis, M., Kress, G., Luke, A., Luke, C., Michaels, S., & Nakata, M. 1996. A pedagogy of multiliteracies: Designing social futures. *Harvard Educational Review*, 66(1): 60-92.
- Clements, K., Pawlowski, J. & Manouselis, N. 2015. Open educational resources repositories literature review – towards a comprehensive quality approaches framework. *Computers in Human Behavior*, 51:1098-1106.
- Comas-Quinn, A. & Fitzgerald, A. 2013. Open educational resources in language teaching and learning. 12 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://oro.open.ac.uk/37550/2/874A675B.pdf>.
- Cox, G. & Trotter, H. 2017. Factors shaping lecturers' adoption of OER at three South African universities. In Arinto & Hodgkinson-Williams (eds). *Adoption and impact of OER in the Global South*. Cape Town: African Minds, International Development Research Centre & Research on Open Educational Resources, pp. 287-347.
- Creative Commons. 2018. *About The Licences – Creative Commons*. 23 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <https://creativecommons.org/licenses/>.
- Crook, C. 2008. What are web 2.0 technologies, and why do they matter? In Selwyn (ed). *Education 2.0? Designing the web for teaching and learning*. London: TLRP, pp. 6-12.
- DBAL (Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Letterkunde). 2018. Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Letterkunde. 23 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://collections.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/bibliografie-afrikaans/dbal.html>.
- DBAT (Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde). 2018. Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde. 23 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://collections.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/bibliografie-afrikaans/dbat.html>.
- De Stadler, L. 1995. Eerste Afrikaanse woordeboek op rekenaar. *Afrikaans Vandag*, 3(2):14.
- Du Plessis, A.H. 2016. 'n Analise van die selfoon-WAT: 'n grondslag vir die verbetering van selfoonwoordeboeke. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. [Tesis – MA].
- De Wet, L. 1997. Internet-snuffelaars doen dit met 'n deurblaaier! *Taalgenoot*, 66(9):23.
- De Wet, K. 2003. e-Afrikaans: digitale publikasies en publikasieforums in Afrikaans. *Stilet*, 15(1):302-319.
- Farrow, R. 2016. A framework for the ethics of open education. *Open Praxis*, 8(2):93-109.
- Fourie, L. 2016. Die Afrikaanse Wikipedia – seniors kan 'n groot bydrae lewer. *Plus 50*, 11(2):22-23.
- Goldman, S.R. 1996. Reading, writing, and learning in hypermedia environments. In Van Oostendorp & De Mul (eds). *Cognitive aspects of electronic text processing*. Norwood, N.J.: Ablex, pp.7-42.
- Greyling, F. 2004. Promoting children's literature: the challenges and possibilities of using the Internet in a developing society. *Literator*, 25(3):265-284.
- Greyling, F. 2018. *Storiwerf*. 20 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.storiwerf.co.za/>.
- Heyns, D. & Snyman, M.E. 2003. Afrikaans language teachers still use pick and shovel to mine the Information Super Reef. *Journal for Language Teaching*, 37(1):46-59.
- Hodgkinson-Williams, C.A. & Cox, G. 2015. *CILT Position Paper: Open Educational Resources*. CILT, University of Cape Town. 20 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] http://www.cilt.uct.ac.za/sites/default/files/image_tool/images/83/CILTPAPERS/FA_Hodgkinson%20Cox_Sept2015.pdf.
- Hodgkinson-Williams, C. & Gray, E. 2009. Degrees of openness: the emergence of open educational resources at the University of Cape Town. *International Journal of Education and Development using Information and Communication Technology*, 5(5):101-116.
- Hugo, A. 2015. Wanneer jou kantoorgebou herbou word terwyl jy werk: 'n studie oor die invloed van epistemologiese, politieke en nasionale veranderinge op onderwysersopleiding in afstandsonderrig. *Litnet Akademies*, 12(3):706-727.
- Jansen van Vuuren, M. 2007. Die internet as platform vir 'n nuwe Afrikaanse spraakgemeenskap en 'n nuwe variëteit – 'n korpuslinguistiese ondersoek. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit. [Proefskrif – PhD].
- Joubert, M. 2018. *Versindaba*. 24 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://versindaba.co.za/>.
- Kirsten, J. 2018. Afrikaans. In Kamusella & Ndhlovu (eds). *The social and political history of Southern Africa's languages*. Palgrave Macmillan: London, pp. 13-30.
- Kleyn, L. 2008. 'n Ander bestekopname van die Afrikaanse poësie, 2004–2007. *LitNet Akademies*, 5(1):100-134.

- Krajcsó, Z. 2016. Classification and quality criteria for Open Educational Resources in the field of foreign language learning. *Journal of Language and Cultural Education*, 4(1):48-59.
- Landsbergen, F., Tiberius, C. & Dernison, R. 2014. Taalportaal: an Online Grammar of Dutch and Frisian. In Proceedings of the Ninth International Conference on Language Resources and Evaluation (LREC'14), 2206-2210.
- Lawrence, D. 2016. Students' experiences of using mobile phones for Afrikaans vocabulary development. *Journal for Language Teaching*, 50(1):79-101.
- Lawrence, D.C. 2004. Rekenaargebruik vir die aanleer van Afrikaans. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg. [Proefskrif – Dlitt et Phil].
- Liebenberg, H.C. 2018. *Taaloord*. 24 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.taaloord.co.za/>.
- LitNet. 2018. *LitNet | Die huis met baie wonings*. 16 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.litnet.co.za/>.
- Loader, C. 2018. *Afrikaans in Europa*. 24 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://aie.ned.univie.ac.at/>.
- Lombard, K. 2016. Steekproefneming. In Joubert, Hartell & Lombard (reds). *Navorsing: 'n gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, pp. 93-106.
- Maartens, N. 2002. 'n Postmodernistiese verkenning van LitNet se meningsruimte, SêNet, van die tydperk Januarie 1999 tot Oktober 2001. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad. [Mini-tesis – MA].
- Marcus-Quinn, A. & Diggins, Y. 2013. Open educational resources. *Procedia –Social and Behavioral Sciences*, 93:243-246.
- Media24. 2018. *Mieliestronk*. 24 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.mieliestronk.com/>.
- Mihai, M.A. 2007. Aanlyn joernale in Afrikaans onderrig: leerders se hantering van frustrasie. Pretoria: Universiteit van Pretoria. [Verhandeling – MEd].
- Mihai, M. 2017. Leerders se ervarings tydens blogging in 'n Afrikaansklas. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(1):205-221.
- Messerschmidt, J.J.E. 1994. Die strukturering van kennis vir 'n skynintelligente rekenaarondersteunde taalonderrigprogram. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 12(4):134-138.
- Nel, M. 2018. Outeurskapidentifikasie en mikroblogs: 'n eksploratiewe forensiese analise in 'n digitale era. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. [Proefskrif – PhD].
- Oates, L. 2009. Coming up short in the OER movement: African language OERs. *Access to Knowledge: A Course Journal*, 1(2):1-16. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://web.stanford.edu/group/ojs3/cgi-bin/ojs/index.php/a2k/article/view/449/275>.
- OECD. 2007. *Giving knowledge for free: the emergence of open educational resources*. OECD Publishing, Paris. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://dx.doi.org/10.1787/9789264032125-en>.
- OER Commons. 2018. *Browse OER Materials*. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <https://www.oercommons.org/oer>.
- Oliver, P. 2010. *The student's guide to research ethics*. Maidenhead: Open University Press.
- Olivier, J. 2014. A blended learning approach to teaching sociolinguistic research methods. *Per Linguam: A Journal of Language Learning*, 30(2):51-68.
- Opencontent.org. 2018. *Defining the "open" in open content and open educational resources*. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://opencontent.org/definition/>.
- Opensource.org. 2018. *The open source definition*. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <https://opensource.org/docs/definition.php>.
- Peters, M.A., Liu, T.C. & Ondercin, D.J. 2012. *The pedagogy of the open society: knowledge and the governance of higher education*. Rotterdam: Sense.
- Pretorius, L. 2016. Die rol van die Afrikaanse Wikipedia in die uitbou van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):371-390.
- Roekeloos. 2018. *Roekeloos*. 24 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.roekeloos.co.za/>.
- ROER4D project. 2018. *What are OER?* 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://roer4d.org/what-are-oer>.
- Ruhe, V. & Zumbo, B.D. 2009. *Evaluation in distance education and e-learning*. New York, NY: Guilford Press.
- Shank, J.D. 2014. *Interactive open educational resources: a guide to finding, choosing, and using what's out there to transform college teaching*. San Francisco, CA: John Wiley & Sons.
- Snyman, M. & Heyns, D. 2004. Die inligtingbehoefte van Afrikaans T1-onderwysers. *Mousaion*, 22(2):212-229.

- Steyn, J.C. 2014. 'Ons gaan 'n taal maak' – Afrikaans sedert die Patriot-jare. Centurion: Kraal Uitgewers.
- Swarts, J.J. 2009. Identiteitsvorming in die Afrikaanse blogosfeer. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. [Tesis – MA].
- Taalportaal. 2018. *Taalportaal – the digital language portal*. 31 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.taalportaal.org/>.
- The Open University. 2018a. *About The Open University*. 24 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.open.ac.uk/about/main/>.
- The Open University. 2018b. *Mission | about The Open University*. 24 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.open.ac.uk/about/main/strategy-and-policies/mission>.
- UNESCO. 2012. *2012 Paris OER Declaration*. World Open Educational Resources (OER) Congress UNESCO, Paris, June 20-22, 2012. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] http://www.unesco.org/new/fileadmin/MULTIMEDIA/HQ/CI/CI/pdf/Events/English_Paris_OER_Declaration.pdf.
- UNESCO. 2017. *How has UNESCO supported OERs?* 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.unesco.org/new/en/communication-and-information/access-to-knowledge/open-educational-resources/how-has-unesco-supported-oers/>.
- Vandekerckhove, R., Cuvelier, P. & Decker, B.D. 2015. The integration of English in Flemish versus African online peer group language: a comparative approach. *Language Matters*, 46(3):344-363.
- Van Dijk, Z. 2009. Wikipedia and lesser-resourced languages. *Language Problems and Language Planning*, 33(3):234-250.
- Van Gass, K.M. 2006. "Wat sê jy?" The linguistic characteristics of Afrikaans on IRC. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 33:69-97.
- Van Gass, K.M. 2008. Language contact in computer-mediated communication: Afrikaans-English code switching on internet relay chat (IRC). *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 26(4):429-444.
- Van Heerden, E. 2002. Literatuur en tegnologie: LitNet as toetssteen van die www. *Stilet*, 14(1):185-207.
- Van Huyssteen, G.B. 2016. Begin deel jôu kennis in jôu taal. *Netwerk24*. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/gerhard-van-huyssteen-begin-deel-jou-kennis-in-jou-taal-20160206>.
- Van Huyssteen, G.B. 2017. Help bietjie dié flaters regstel op Wikipedia. *Netwerk24*. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/help-bietjie-die-flaters-regstel-op-wikipedia-20170811>.
- Van Huyssteen, G.B., Botha, M. & Antonites, A. 2016. Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) en markbehoefes in die Afrikaanse gemeenskap. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1):410-437.
- Van Staden, C. 2017. Aanlyn leeromgewings: 'n sleutel tot die deurlopende professionele ontwikkeling van onderwysers. *LitNet Akademies*, 14(3):770-821.
- Venter, D.W. 1995. Slypsteen – nie beitel – vir nuwe Afrikaans. *Afrikaans Vandag*, 3(2):14.
- Verhoef, M. 2001. Die internet as dinamiese taalomgewing: taalveranderingsverskynsels in Internetafrikaans. *Literator*, 22(3):1-19.
- Viljoen, H. 2014. *Literêre terme en teorieë*. 24 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.literaryterminology.com/>.
- Wasserman, H. 2003. Globalisering, die internet en Suid-Afrikaanse tale: 'n verkenning van potensiaal en probleme. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 43(1-2):81-93.
- Weller, M. 2010. Big and little OER. In *OpenED2010: Seventh Annual Open Education Conference*, 2-4 November 2010, Barcelona, Spain. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://oro.open.ac.uk/24702/2/926FFABC.pdf>.
- Wentzel, A. & Jacobs, G. 2004. How the Internet necessitates a rethink of multimodal education: research in higher education. *South African Journal of Higher Education*, 18(1):322-335.
- Whiteman, N. 2012. *Undoing ethics: rethinking practice in online research*. New York, NY: Springer.
- Wikiversity. 2018. *Classifying educational resources*. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] https://en.wikiversity.org/wiki/Classifying_educational_resources.
- William and Flora Hewlett Foundation. 2018. *Open Educational Resources*. 24 Februarie 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <https://www.hewlett.org/strategy/open-educational-resources/>.
- Woes.co.za 2018. *Woes – kreatiewe platform vir Afrikaans*. 17 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <http://www.woes.co.za/>.
- Zachte, E. 2018. *Wikipedia statistics: Wednesday February 28, 2018*. 17 Maart 2018. [Aanlyn beskikbaar:] <https://stats.wikimedia.org/EN/Sitemap.htm>.

Om na uitbuiting toe te vlug: Die geval van immigrante wat as motorwagte werk

Fleeing to exploitation: The case of immigrants who work as car guards

FRANCOIS STEYN

Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie

Universiteit van Pretoria

E-pos: francois.steyn@up.ac.za



Francois Steyn

FRANCOIS STEYN is 'n medeprofessor in Kriminologie aan die Universiteit van Pretoria. Sy loopbaan begin as navorser by die Sentrum vir Gesondheidsstelselnavorsing en Ontwikkeling, Universiteit van die Vrystaat, waar hy toegepaste en beleidsnavorsing vir verskeie regeringsdepartemente en internasionale ontwikkelingsorganisasies gedoen het. Gedurende hierdie tyd onderrig hy ook navorsingsmetodologie op nagraadse vlak in Kriminologie, Volhoubare Landbou en Ontwikkelingstudies. Hy was die waarnemende direkteur van die Sentrum voordat hy as 'n lektor aan die Universiteit van Pretoria aangestel is. Hy het meer as 'n honderd navorsingsuitsette in die vorm van eweknie-geëvalueerde artikels, hoofstukke, kongresvoordragte en tegniese verslae gelewer. Sy navorsing is oorhoofs gerig op kwesbare populasies, spesifiek minderjariges, jong volwassenes en vroue wat oortree en hy onderrig Kriminologieteorie en Navorsingsmetodologie. Tot op hede het hy 25 meesters- en doktorsgraadstudente as studieleier begelei. Hy is 'n gegradeerde navorser van die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting, 'n Salzburg Global Seminar-genoot, lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, lid van die Kriminologiese Vereniging van Afrika (CRIMSA), en redakteur van die akademiese joernaal *Acta Criminologica*.

FRANCOIS STEYN is an associate professor of Criminology at the University of Pretoria. His career commenced as researcher at the Centre for Health Systems Research and Development, University of the Free State, where he conducted applied and policy research for various government departments and international development organisations. During this time, he also taught research methodology at postgraduate level in Criminology, Sustainable Agriculture and Development Studies. He was the acting director of the Centre before taking up a lecturing position at the University of Pretoria. He has more than a hundred research outputs in the form of peer-reviewed articles, chapters, conference papers and technical reports. His research focuses on vulnerable populations, especially children and young adults, as well as female offenders, and he teaches Criminology Theory and Research Methodology. To date, he has provided study guidance to 25 master's and doctoral students. He holds a research rating from the National Research Foundation, is a Salzburg Global Seminar Fellow, member of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, member of the Criminological Society of Africa (CRIMSA) and editor of the academic journal *Acta Criminologica*.

ABSTRACT***Fleeing to exploitation: The case of immigrants who work as car guards***

Car guards form an integral part of South Africa's urban landscape. The phenomenon has its roots in the dual realities of unemployment and crime in the country, in particular vehicle-related offences. Car guarding commenced in Durban in the early 1990s when unemployed persons started looking after the vehicles of drivers in exchange for a donation, and the practice soon burgeoned across the country. Drivers are, however, not obliged to pay car guards for the services they provide since the practice of tipping often depends on internalised attitudes towards tipping and to reward good quality service. A distinction is made between formal and informal car guards, where the latter provide car guard services on public streets, mostly in inner city areas, and the former offer their services at the parking areas of shopping centres outside the central business district. Car guards are required to have undergone the necessary training and registration with the Private Security Industry Regulatory Authority of South Africa and some local authorities have introduced bylaws to regulate the car guarding industry. Furthermore, media reports suggest that formal car guards have to pay a daily fee to the managers/owners of shopping centres simply to offer their services to drivers. These matters prompted research into the car guard phenomenon in Pretoria and an article was published about the implications of the survey for private security policy and practice. The current contribution entails a closer analysis of the data with the aim of differentiating the experiences of immigrants from those of South Africans who work as car guards in the capital city. In the absence of a sampling framework, 144 car guards were interviewed using purposive and snowball sampling techniques. Ninety were immigrants and 54 were local citizens. Owing to the sampling strategy used, and because the data did not show a normal distribution, significant differences between the two groups were identified by means of the Mann-Whitney U test for which effect sizes were calculated. Immigrants who worked as car guards were significantly younger, had higher levels of education, were more likely to be the breadwinners of their families and they had fewer children compared to their South African counterparts. They were also more likely to have been unemployed in the past and they were less likely to blame the political environment for their situation. They received compensation for their services less frequently and were significantly more often subjected to verbal abuse by clients. Interestingly, immigrants who work as car guards were less likely to consider their work as important in preventing crime and they presented significantly lower levels of knowledge of labour laws and municipal bylaws regarding the car guard industry. Despite these significant differences, immigrants who work as car guards were equally subjected to financial exploitation by having to pay a daily fee for the parking areas where they worked. The exploitation even extended to some car guards having to pay for the identifying clothing they wore every day. Roughly a third of the car guards' monthly income was paid to the owners or managers of shopping centres, and sometimes car guards could not secure sufficient funds to pay for the daily fee to "rent" parking bays. Most of the car guards reported that they were merely surviving from day to day, and the industry was providing extremely limited prospects of promotion. In fact, many car guards did not have a written contract securing their employment, thus exacerbating their vulnerability and potential for exploitation in the informal economy. In addition, the undocumented status of immigrants who worked as car guards made it difficult for them to complete the necessary training and to register officially with the regulatory authority. While having left their countries of origin owing to political and economic turmoil, illegal immigrants who end up working as car guards might well unknowingly be fleeing to exploitation in South Africa.

KEY CONCEPTS: Immigrants; illegal immigration; car guards; informal economy; financial exploitation; survival; unemployment; poverty

TREFWOORDE: Immigrante; onwettige immigrasie; motorwagte; informele ekonomie; finansiële uitbuiting; oorlewing; werkloosheid; armoede

OPSOMMING

'n Groot getal immigrante steek jaarliks Suid-Afrika se grense oor, hetsy wettig of onwettig, op soek na werksgeleenthede. Sonder die nodige dokumentasie word talle immigrante genoodsaak om hulle tot die informele ekonomie te wend waar arbeid nie na behore gereguleer word nie en werkers uitgebuit kan word. Die praktyk waar mense teen 'n fooitjie na voertuie op winkelsentrums se parkeerterreine omsien, is kenmerkend van Suid-Afrika se stedelike landskap. Motoroppas spruit uit die land se hoë misdadervlakke en die vrees vir viktimisering. Behoeftige en gemarginaliseerde mense, met inbegrip van onwettige immigrante, werk as motorwagte en dit bied 'n tydelike uitkoms vir die groot getal werkloos in Suid-Afrika. Hierdie artikel doen verslag oor die ervarings van 90 immigrante teenoor 54 Suid-Afrikaanse burgers wat as motorwagte in Pretoria werk. Alhoewel die bevindinge statisties beduidende verskille uitwys tussen immigrante en plaaslike motorwagte ten opsigte van hul opvoeding, huishoudelike dinamika, verhoudings met klante en kennis van arbeidswette, is immigrantmotorwagte aan dieselfde finansiële uitbuiting onderworpe as wat motorwagte in die algemeen ervaar. Immigrante wat die ekonomiese en politieke onrus in hul eie lande probeer ontvlug en as motorwagte in Suid-Afrika werk, vlug moontlik net na verdere uitbuiting.

INLEIDING

Motorwagte is redelik uniek aan Suid-Afrika. Soos die naam aandui, behels dit persone wat na die veiligheid van motors omsien in ruil vir 'n fooitjie. Motorwagte werk in byna alle openbare plekke waar bestuurders hulle motors parkeer, van die strate in die stadskern tot kommersiële gebiede en winkelsentrums in woongebiede. Die motorwagbedryf spruit uit die betreklik hoë misdadervlakke en die sosio-ekonomiese werklikhede van armoede en werkloosheid in Suid-Afrika. Sommige plaaslike owerhede het regulasies om die motorwagbedryf te reguleer, met inbegrip van die getal immigrante wat as motorwagte mag werk (Bernstein 2003:4). Verder blyk dit volgens mediaberigte dat motorwagte 'n vasgestelde daaglikse tarief aan die winkelsentrumeienaars moet betaal om hul dienste op daardie parkeerterreine te mag voorsien (*The Witness* 2011; *North Eastern Tribune* 2015). Hierdie aangeleentheid het tot 'n opname onder motorwagte in Pretoria gelei en 'n artikel is oor die implikasies vir die privaat-sekureiteitsbeleid en -praktyk gepubliseer (Steyn, Coetzee & Klopper 2015). Die huidige artikel behels 'n nuere analise en interpretasie van die data met die doel om die ervarings van immigrante wat as motorwagte werk met dié van hul Suid-Afrikaanse eweknieë te vergelyk. Alvorens na die motorwagfenomeen gekyk word, is dit raadsaam om vlugtig aan migrasie en die informele arbeidsmark aandag te skenk.

IMMIGRASIE EN DIE INFORMELE ARBEIDSMARK

Nadat demokrasie in 1994 tot stand gekom het, is Suid-Afrika as 'n aanloklike bestemming beskou weens beperkte grensbeheer, lang poreuse grense en die land se gunstige ekonomiese status in die sub-Sahara streek (Hammerstad 2012:11; Laher 2008:1). 'n Instroming van migrante vanaf buurlande het plaasgevind ondanks die Wysigingswet op die Beheer van Vreemdelinge

(Suid-Afrika 1995), wat die verkryging van werkspermitte en wettige verblyf in Suid-Afrika byna onmoontlik maak (Zuberi & Sibanda 2004:1465). Hierdie en ander wetgewing, byvoorbeeld die Gewysigde Immigrasiewet van 2004, faal egter daarin om die invloed van onwettige immigrante te stuit en die getal onwettige grenskruisings oorskry wettige besoeke aan die land by verre (Trimikliniotis, Gordon & Zondo 2008:1325). Ongeveer 3.3 miljoen immigrante van die Suider-Afrika Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) woon in Suid-Afrika en daar word geraam dat 68% van hulle ongedokumenteerde immigrante is (Pearce & Hougaard 2012:1).

Onwettige immigrante kom meestal na Suid-Afrika op soek na werk, maar die meeste staan spoedig na hul aankoms die werklikheid van armoede en werkloosheid in die gesig. Xenofobie van en intimidasie deur plaaslike inwoners kom gereeld voor in die wedywing om werk en hulpbronne (Schenck & Blaauw 2018:44), en onwettige immigrante word gereeld vir misdaad en ander sosiale probleme blameer (Laher 2008:15). Sonder wettige status sukkel immigrante om werk in die gereuleerde, formele ekonomie te vind met die gevolg dat die informele arbeidsmark die enigste uitweg bied waar salarisse laer as die minimum besoldiging is (Uys & Blaauw 2006:254). In die informele ekonomie geniet onwettige immigrante geen beskerming deur arbeidswette nie en wanpraktyke word selde aangemeld uit vrees dat hulle hul werk sal verloor en gedeporteer sal word (International Federation for Human Rights 2008:5). Ongedokumenteerde immigrante word as sagte teikens vir uitbuiting beskou en word selfs as voorkeurwerkers deur sommige arbeidsintensiewe werkgewers beskou omdat hulle harder vir laer salarisse werk, meer onderdanig is en in stilte uitbuiting verduur (Laher 2008:14). Gevolglik ervaar immigrante nie net uitdagings wanneer hulle Suid-Afrika se grense onwettig oorsteek nie, maar ook wanneer hulle uiteindelik in die land is.

OORSPRONG, DEFINISIE EN REGULERING VAN MOTORWAGTE

Werklose persone het in die vroeë 1990s begin om motors in ruil vir geld te bewaak (McEwen & Leiman 2008:4; Uys & Blaauw 2006:253). *Car Watch*, die eerste amptelike motorwag-organisasie is in 1995 in Durban gestig en sedertdien het soortgelyke inisiatiewe regdeur stedelike Suid-Afrika die lig gesien (Blaauw & Bothma 2003:41). Die oorsprong van die motorwagbedryf is tweeledig, naamlik die hoë vlakke van voertuigverwante misdaad en die hoë werkloosheidvlakke in Suid-Afrika. Die 2017/18 jaarlikse opname van slagoffers van misdaad waaraan naastenby 30 000 huishoudings deelneem, toon dat daar 56 526 gevalle van motordiefstal en 130 350 gevalle van diefstal uit motors plaasgevind het, asook dat vandalisme en die opsetlike beskadiging van voertuie 40 155 gevalle beloop het. Byna al die gevalle van motorverwante oortredings is by die polisie aangemeld (Statistics South Africa, 2018a:22, 39, 44). Werkloosheid in Suid-Afrika bly hardnekkig hoog. In 2018 was die werkloosheidskoers 27.2% en 2.8 miljoen mense het in die informele sektor gewerk (Statistics South Africa, 2018b:1), wat motorwagte insluit.

Enkele plaaslike owerhede in Suid-Afrika voorsien definisies van motorwagte in hul munisipale verordeninge. Definisies behels in breë trekke dat 'n motorwag 'n persoon is wat, hetsy vir 'n bepaalde bedrag of in afwagting van 'n beloning, na die veiligheid van 'n geparkeerde motor of motors op 'n parkeerterrein omsien, of om persone te help met die parkeer of verwydering van hul motors in/uit 'n parkeerruimte, met die toestemming van die persoon wat die motor bestuur (City of uMhlathuze 2000:2; Matutle 2006:1). Die moontlikheid van betaling vir die diens en die bedrag hang van die bereidwilligheid van die motorbestuurder af. Nie alle motorbestuurders ondersteun die motorwagpraktyk nie en bestuurders is geensins verplig om 'n fooi te betaal nie. Die betaling van 'n fooi hang van geïnternaliseerde houdings

teenoor die praktyk af, soos byvoorbeeld om iemand vir 'n goeie diens te beloon of om sosiale status en aanvaarding te bewerkstellig (Saunders & Lynn 2010:112). Navorsing toon aan dat 69% van motorbestuurders motorwage vir hul diens betaal en dat fooie tot R20 per betaling behoort (Saunders & Petzer 2009:4). Selfs al betaal 'n bestuurder nie vir die diens nie trek hy/sy steeds voordeel weens die afskrikwaarde wat motorwage teen moontlike motordiefstal, -inbraak en -beskadiging bied (Steyn et al. 2015:16).

'n Onderskeid word getref tussen formele en informele motorwage waar die werk van eersgenoemde deur 'n agentskap namens die winkelkompleks se bestuur of eienaars gekoördineer word. Informele motorwage werk meestal in die middestad waar motors op straat geparkeer word (Blaauw & Bothma 2003:41). Laasgenoemde is volgens nasionale padverkeers- en besigheidsregulasies onwettig alhoewel die praktyk deur wetstoepassers oor die hoof gesien word (Hatfield City Improvement District 2014).

Die *Private Security Industry Regulatory Authority* (PSIRA) is die primêre gesag wat privaat sekuriteit in Suid-Afrika reguleer (Suid-Afrika 2001). Slegs persone wat by PSIRA geregistreer is mag privaat sekuriteitsdienste lewer, met inbegrip van motorwage (PSIRA 2013:43). Motorwage moet vir die opleiding betaal en 'n sekuriteitskursus voltooi ten einde Graad E-sertifisering te verwerf alvorens hulle as motorwage mag werk. Hierdie vereiste blyk egter nie nagekom te word nie (*Northglen News* 2015; *The Witness* 2008). Sommige plaaslike owerhede het bykomende regulasies vir die koördinerende en beheer van motorwageaktiwiteite. Die Mangaung metropolitaanse munisipaliteit in die Vrystaat het byvoorbeeld verordeninge rakende die registrasie, gedrag, afvaardiging, vrywaring en boetes wat spesifiek op motorwage van toepassing is (Matutle 2006:2-4). uMhlathuze aan die noordkus van KwaZulu-Natal het soortgelyke verordeninge om die werksaamhede van motorwage te koördineer rakende gebiede waar dienste gelewer mag word, wat insluit registrasie en kansellering van toestemming om as motorwage te werk (City of uMhlathuze 2000:1-5). Weens klagtes van die publiek dat motorwage motorbestuurders teister, het die Stad Kaapstad ook munisipale verordeninge ingestel ten einde die bedryf te beheer, asook 'n bykomende addendum wat vir die formalisering van die motorwagebedryf voorsiening maak. Die stad het ook voorgestel dat die getal immigrante wat as motorwage werk, beperk word (Bernstein 2003:3).

NAVORSINGSDOEL EN -METODES

Alhoewel die media van tyd tot tyd oor motorwage en hul bedrywighede berig, kon slegs enkele navorsingsstudie oor motorwage in Suid-Afrika opgespoor word. Bernstein (2003) het die menings van motorwage en motorbestuurders in sentraal Kaapstad ondersoek met spesifieke verwysing na immigrante wat as motorwage werk en die xenofobie wat hulle ervaar. Blaauw en Bothma (2003) se navorsing het 'n opname onder motorwage in Bloemfontein behels met die doel om te bepaal of die motorwagebedryf 'n oplossing vir werkloosheid kan bied. Met hul studie in Empangeni in KwaZulu-Natal het Potgieter, Michell, Munnik en Ras (2003) hulle op die rol van motorwage in die voorkoming van motorverwante oortredings toegespits. McEwan en Leiman (2008) het deur middel van gevallestudies die ekonomiese funksionering van motorwage ondersoek om vas te stel of die bedryf tot voordeel van die samelewing is. Verder rapporteer Saunders en Petzer (2009) en Saunders en Lynn (2010) oor 'n opname onder lede van die publiek rakende die redes vir die betaling van motorwage vanuit ekonomiese en sielkundige perspektiewe. Foster (2015) se verhandelende en voortspruitende artikel (Foster & Chasomeris 2017) fokus op die oorlewing van motorwage, die uitdagings wat hulle op 'n daaglikse basis ervaar en verskillende besigheidsmodelle in die bedryf.

Die doel van die huidige opname was om die motorwagfenomeen in Pretoria te verken met spesifieke verwysing na die verskille in agtergrond en ervarings van immigrante en Suid-Afrikaanse burgers wat as motorwagte werk. Die hoofondersoekgebiede beslaan demografiese inligting, die verkryging van werk as 'n motorwag, interaksie met klante, vaardighede en opleiding, inkomste en werkverwante uitgawes, en kennis van wetgewing en arbeidswette.

'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering is gevolg om numeriese data van motorwagte in te samel. Die studie het beide verkennende en beskrywende oogmerke gehad omrede die fenomeen min navorsingsaandag geniet en om 'n gedetailleerde beeld van motorwagte te genereer. Die ontwerp van die studie het 'n opname behels onder formele motorwagte wat op die parkeerterreine van winkelsentrums werk, omrede hierdie groep motorwagte na bewering parkeerruimtes op 'n daaglikse grondslag by winkeleienaars of -bestuurders huur. By gebrek aan 'n steekproefraamwerk is nuaarskynlikheidsmetodes aangewend (Maree & Pietersen 2016:164). 'n Kombinasie van beskikbaarheids- en sneeubalsteekproeftrekking is gebruik om geskikte respondente te identifiseer en met hulle onderhoude te voer.

'n Vraelys is ontwikkel op grond van die bestaande literatuur oor die motorwagfenomeen en die vrae was oorwegend in geslote en skaalformaat wat die opneem van antwoorde vergemaklik het. 'n Span van twaalf data-insamelaars bestaande uit nagraadse Kriminologie-studente is opgelei in onderhoudvoering asook in die detail en die tegniese werking van die vraelys, byvoorbeeld responskategorieë en instruksies oor wanneer om vrae oor te slaan. Die vraelys en die data-insamelingsprosedures is vooraf getoets met twaalf motorwagte wat in Johannesburg werksaam was en minimale veranderinge is na die proeflopie aangebring. Altesaam 144 onderhoude is met motorwagte in die Pretoria-gebied gevoer. Die data-insamelaars het in drie groepe in verskillende rigtings (noord, oos en suid) vanaf die Universiteit van Pretoria van een winkelsentrum na die ander beweeg totdat elkeen twaalf onderhoude voltooi het.

Die data is gekodeer en in Microsoft Excel ingevoer waarna dit na die *Statistical Package for the Social Sciences* (IBM 2018) vir analise oorgedra is. Omrede nie-ewekansige steekproefmetodes noodsaaklik was en die data nie 'n normale verspreiding getoon het nie, is die nieparametriese Mann-Whitney *U*-toets gebruik om beduidende verskille ($p < 0.05$) te bepaal tussen immigrante en landsburgers wat as motorwagte werk. In die geval van statisties beduidende verskille is effekgroottes bereken waar -0.1 'n klein, -0.3 'n matige en -0.5 'n groot effekgrootte impliseer (Field 2009:550). Daar is deurgaans aan die standaard etiese kodes van vrywillige deelname, ingeligte toestemming, vertroulikheid en privaatheid, en geen skade voldoen. Die studie is deur die Etiese Komitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Pretoria, goedgekeur.

RESULTATE

Biografiese en demografiese inligting

Byna al die respondente ($n=143$; 99.3%) was manlik en die grootste proporsie ($n=90$; 62.5%) was immigrante. Die meerderheid immigrante was van die Demokratiese Republiek van die Kongo ($n=57$; 63.3%) afkomstig, gevolg deur Zimbabwe ($n=17$; 18.9%), Nigerië ($n=7$; 7.8%), Burundi ($n=5$; 5.6%), Ghana ($n=3$; 3.3%) en Kenia ($n=1$; 1.1%). Tabel 1 dui aan dat daar statisties beduidende verskille bestaan ten opsigte van die bio- en demografiese eienskappe van landsburgers en immigrante wat as motorwagte werk. Die immigrantrespondente was uitsluitlik swart, jonger en het hoër vlakke van naskoolse opleiding gehad. Dit is interessant dat immigrantmotorwagte minder geneigd was om die politieke omgewing vir hul benarde sosio-ekonomiese situasie te blameer.

TABEL 1: Biografiese en demografiese eienskappe van respondente

| | Totaal | | SA | | Nie-SA | | <i>p</i> | <i>r</i> |
|--------------------------------|--------|------|----|------|--------|------|----------|----------|
| | n | % | n | % | n | % | | |
| Ouderdom (jaar): | | | | | | | | |
| < 20 | 5 | 3.5 | 1 | 1.9 | 4 | 4.4 | 0.002 | -0.26 |
| 21-25 | 26 | 18.1 | 6 | 11.1 | 20 | 22.2 | | |
| 26-30 | 42 | 29.2 | 13 | 24.1 | 29 | 32.2 | | |
| 31-35 | 40 | 27.8 | 17 | 31.5 | 23 | 25.6 | | |
| 36-40 | 18 | 12.5 | 6 | 11.1 | 12 | 13.3 | | |
| ≥ 41 | 13 | 9.1 | 11 | 20.4 | 2 | 2.2 | | |
| Bevolkingsgroep: | | | | | | | | |
| Swart | 130 | 90.3 | 40 | 74.1 | 90 | 100 | 0.001 | -0.42 |
| Wit | 14 | 9.7 | 14 | 25.9 | - | - | | |
| Opleiding: | | | | | | | | |
| ≤ Graad 12 | 104 | 76.5 | 52 | 96.3 | 52 | 63.4 | 0.001 | -0.37 |
| Naskool | 32 | 23.5 | 2 | 3.7 | 30 | 36.6 | | |
| Huwelikstatus: | | | | | | | | |
| Getroud | 67 | 46.5 | 21 | 38.9 | 46 | 51.1 | 0.141 | - |
| Enkel | 71 | 49.3 | 30 | 55.6 | 41 | 45.6 | | |
| Geskei | 3 | 2.1 | 1 | 1.9 | 2 | 2.2 | | |
| Woon saam | 3 | 2.1 | 2 | 3.7 | 1 | 1.1 | | |
| Getal kinders: | | | | | | | | |
| ≤ 3 | 56 | 87.5 | 21 | 77.8 | 35 | 94.6 | 0.046 | -0.25 |
| ≥ 4 | 8 | 12.5 | 6 | 22.2 | 2 | 5.4 | | |
| Broodwinner in huis | 50 | 63.3 | 14 | 42.4 | 36 | 78.3 | 0.001 | -0.36 |
| Daaglikse vervoerkoste (Rand): | | | | | | | | |
| ≥ 10 | 11 | 7.6 | 3 | 5.6 | 8 | 8.9 | 0.000 | -0.37 |
| 11-20 | 58 | 40.3 | 12 | 22.2 | 46 | 51.1 | | |
| 21-30 | 49 | 34 | 19 | 35.2 | 30 | 33.3 | | |
| 31-40 | 12 | 8.3 | 8 | 14.8 | 4 | 4.4 | | |
| 41-50 | 9 | 6.3 | 7 | 13.0 | 2 | 2.2 | | |
| > 50 | 5 | 3.5 | 5 | 9.3 | - | - | | |

Indiensneming en werk in die motorwagbedryf

In vergelyking met Suid-Afrikaanse burgers wat as motorwagte werk, was immigrantmotorwagte minder geneigd om voorheen werk te gehad het (Tabel 2). Die meerderheid van alle respondente het hul motorwagwerk as slegs tydelik beskou en byna die helfte het aangevoer dat dit moeilik was om werk in die motorwagbedryf te bekom. Die oorgrote meerderheid respondente sou graag as motorwag wou ophou werk en slegs twee uit vyf het 'n kontrak geteken om as motorwag te werk. Dit is interessant dat immigrantmotorwagte minder geneigd was om die politieke omgewing vir hul benarde sosio-ekonomiese situasie te blameer. Min respondente het aangedui dat die motorwagindustrie moontlikhede vir bevordering na byvoorbeeld die bestuurder van 'n motorwagagentskap bied.

TABEL 2: Indiensneming en werk in die motorwagbedryf

| | Totaal | | SA | | Nie-SA | | <i>p</i> | <i>r</i> |
|--|--------|------|----|------|--------|------|----------|----------|
| | n | % | n | % | n | % | | |
| Voorheen werksaam | 97 | 67.4 | 44 | 81.5 | 53 | 58.9 | 0.005 | -0.23 |
| Werk as motorwag: | | | | | | | | |
| Permanent | 22 | 15.3 | 7 | 13.0 | 15 | 16.7 | 0.551 | - |
| Tydelik | 122 | 84.7 | 47 | 87.0 | 75 | 83.3 | | |
| Moeilik om werk as motorwag te kry | 70 | 48.6 | 22 | 40.7 | 48 | 53.3 | 0.145 | - |
| Sal graag wil ophou om as motorwag te werk | 129 | 89.6 | 46 | 85.2 | 83 | 92.2 | 0.182 | - |
| Blameer politieke omgewing vir situasie | 71 | 50.0 | 33 | 62.3 | 38 | 42.7 | 0.025 | -0.19 |
| Kontrak geteken | 57 | 39.6 | 23 | 42.6 | 34 | 37.8 | 0.569 | - |
| Moontlikhede vir bevordering | 24 | 16.8 | 8 | 15.1 | 16 | 17.8 | 0.679 | - |

Interaksie met klante en die waarde van motorwag

Die houding van klante teenoor motorwagte blyk gemiddeld tot goed te wees, alhoewel agt immigrantmotorwagte dit as swak ervaar het (Tabel 3). Tweederdes van die landsburgers wat as motorwagte werk, het aangevoer dat klante hulle “altyd” en “meeste van die tyd” respekteer terwyl byna die helfte van die immigrantresponente “soms” en “selde” respek ervaar het. Die helfte van alle responente het aangedui dat klante soms belangstelling in hul werk toon. Immigrantresponente was beduidend meer geneigd om aan te voer dat hulle minder gereeld betaling vir hulle dienste ontvang. Hierdie groep was ook meer geneigd om aan te dui dat hul verbale mishandeling van klante ontvang.

Vaardighede en opleiding

Byna die helfte van alle responente het aangedui dat hulle opleiding vir hul werk as motorwagte ontvang het en 'n verdere helfte het vir die opleiding betaal (Tabel 4). Betaling hiervoor was oorwegend minder as R500 en twee uit vyf responente het gevoel dat hul opleiding nodig het om hul werk as motorwag te verrig.

Inkomste

Tabel 5 dui aan dat die meeste responente tussen R50 en R150 per dag verdien. Minder as een uit vyf responente het aangetoon dat hulle hul finansiële verpligtinge gemaklik nakom en meer as die helfte het gevoel dat hulle “altyd” bloot van dag tot dag oorleef.

TABEL 3: Respondente se interaksie met klante en waarde van hul werk

| | Totaal | | SA | | Nie-SA | | <i>p</i> | <i>r</i> |
|--|--------|------|----|------|--------|------|----------|----------|
| | n | % | n | % | n | % | | |
| Houding van klante: | | | | | | | | |
| Goed | 61 | 42.4 | 22 | 40.7 | 39 | 43.3 | 0.762 | - |
| Gemiddeld | 75 | 52.1 | 32 | 59.3 | 43 | 47.8 | | |
| Swak | 8 | 5.6 | - | - | 8 | 8.9 | | |
| Klante respekteer jou: | | | | | | | | |
| Altyd | 30 | 20.8 | 11 | 20.4 | 19 | 21.1 | 0.075 | - |
| Meestal | 54 | 37.5 | 26 | 48.1 | 28 | 31.1 | | |
| Soms | 40 | 27.8 | 15 | 27.8 | 25 | 27.8 | | |
| Selde | 20 | 13.9 | 2 | 3.7 | 18 | 20.0 | | |
| Klante toon belangstelling: | | | | | | | | |
| Gereeld | 26 | 18.2 | 9 | 16.7 | 17 | 19.1 | 0.694 | - |
| Soms | 68 | 47.6 | 28 | 51.9 | 40 | 44.9 | | |
| Selde | 30 | 21.0 | 12 | 22.2 | 18 | 20.2 | | |
| Nooit | 19 | 13.3 | 5 | 9.3 | 14 | 15.7 | | |
| Frekwensie van betaling: | | | | | | | | |
| Meestal | 32 | 22.2 | 14 | 25.9 | 18 | 20.0 | 0.043 | -0.17 |
| Helfte van die tyd | 96 | 66.7 | 39 | 72.2 | 57 | 63.3 | | |
| Minder as helfte van die tyd | 16 | 11.1 | 1 | 1.9 | 15 | 16.7 | | |
| Verbale mishandeling: | | | | | | | | |
| Dikwels | 12 | 14.3 | 3 | 8.3 | 9 | 18.8 | 0.016 | -0.26 |
| Selde | 44 | 52.4 | 16 | 44.4 | 28 | 58.3 | | |
| Byna nooit | 28 | 33.3 | 17 | 47.2 | 11 | 22.9 | | |
| Motorwagte se rol in misdaad-voorkoming: | | | | | | | | |
| Baie belangrik | 110 | 76.4 | 47 | 87.0 | 63 | 70.0 | 0.025 | -0.19 |
| Ietwat belangrik | 28 | 19.4 | 5 | 9.3 | 23 | 25.6 | | |
| Nie belangrik | 6 | 4.2 | 2 | 3.7 | 4 | 4.4 | | |
| Dra by tot samelewing | 135 | 93.8 | 49 | 90.7 | 86 | 95.6 | 0.250 | - |

TABEL 4: Vaardighede en opleiding

| | Totaal | | SA | | Nie-SA | | <i>p</i> | <i>r</i> |
|------------------------------|--------|------|----|------|--------|------|----------|----------|
| | n | % | n | % | n | % | | |
| Opleiding ontvang | 67 | 46.5 | 29 | 53.7 | 38 | 42.2 | 0.183 | - |
| Betaal vir opleiding | 38 | 56.7 | 19 | 65.5 | 19 | 50.0 | 0.207 | - |
| Bedrag vir opleiding (Rand): | | | | | | | | |
| <250 | 12 | 32.4 | 5 | 27.8 | 7 | 36.8 | 0.934 | - |
| 250-500 | 18 | 48.6 | 10 | 55.6 | 8 | 42.1 | | |
| 500-1000 | 2 | 5.4 | 2 | 11.1 | 0 | - | | |
| >1000 | 3 | 8.1 | 1 | 5.6 | 2 | 10.5 | | |
| Kan nie onthou | 2 | 5.4 | 0 | - | 2 | 10.5 | | |
| Benodig opleiding | 61 | 42.4 | 21 | 38.9 | 40 | 44.4 | 0.515 | - |

TABEL 5: Inkomste en finansiële verpligtinge van respondente

| | Totaal | | SA | | Nie-SA | | <i>p</i> | <i>r</i> |
|---------------------------------|--------|------|----|------|--------|------|----------|----------|
| | n | % | n | % | n | % | | |
| Inkomste per dag (Rand): | | | | | | | | |
| ≤49 | 6 | 4.7 | 1 | 2.0 | 5 | 6.4 | 0.396 | - |
| 50-99 | 47 | 37.0 | 17 | 34.7 | 30 | 38.5 | | |
| 100-149 | 43 | 33.9 | 19 | 38.8 | 24 | 30.8 | | |
| 150-199 | 15 | 11.8 | 4 | 8.2 | 11 | 14.1 | | |
| 200-249 | 2 | 1.6 | 2 | 4.1 | 0 | 0 | | |
| 250-299 | 6 | 4.7 | 3 | 6.1 | 3 | 3.8 | | |
| ≥300 | 8 | 6.3 | 3 | 6.1 | 5 | 6.4 | | |
| Kom finansiële verpligtinge na: | | | | | | | | |
| Gemaklik | 25 | 17.4 | 10 | 18.6 | 15 | 16.7 | 0.775 | - |
| Moelik | 58 | 40.3 | 21 | 38.9 | 37 | 41.1 | | |
| Geensins | 61 | 42.4 | 23 | 42.6 | 38 | 42.2 | | |
| Oorleef van dag tot dag: | | | | | | | | |
| Altyd | 82 | 56.9 | 34 | 63.0 | 48 | 53.3 | 0.259 | - |
| Soms | 49 | 34.0 | 16 | 29.6 | 33 | 36.7 | | |
| Selde | 6 | 4.2 | 2 | 3.7 | 4 | 4.4 | | |
| Nooit | 7 | 4.9 | 2 | 1.4 | 5 | 5.6 | | |

TABEL 6: Werkverwante uitgawes van respondente

| | Totaal | | SA | | Nie-SA | | <i>p</i> | <i>r</i> |
|--|--------|------|----|------|--------|------|----------|----------|
| | n | % | n | % | n | % | | |
| Betaal vir werkplek: | 135 | 93.8 | 53 | 98.1 | 82 | 91.1 | 0.092 | - |
| Bedrag per dag (Rand): | | | | | | | | |
| <20 | 23 | 17.0 | 11 | 20.8 | 12 | 14.6 | 0.060 | - |
| 21-30 | 34 | 25.2 | 13 | 24.5 | 21 | 25.6 | | |
| 31-40 | 34 | 25.2 | 20 | 37.7 | 14 | 17.1 | | |
| 41-50 | 26 | 19.3 | 4 | 7.5 | 22 | 26.8 | | |
| 51-60 | 10 | 7.4 | 3 | 5.7 | 7 | 8.5 | | |
| 61-70 | 7 | 5.2 | 2 | 3.8 | 5 | 6.1 | | |
| 71-80 | 1 | 0.7 | 0 | - | 1 | 1.2 | | |
| Verdien altyd genoeg om vir werkplek te betaal | 78 | 57.8 | 27 | 50.9 | 51 | 62.2 | 0.198 | - |
| Betaal daaglik vir werksitems | 82 | 56.9 | 34 | 63.0 | 48 | 53.3 | 0.260 | |
| Betaling vir werkplek is: | | | | | | | | |
| Billik | 11 | 13.6 | 5 | 14.7 | 6 | 12.8 | 0.791 | - |
| In 'n mate billik | 14 | 17.3 | 6 | 17.6 | 8 | 17.0 | | |
| Onbillik | 56 | 69.1 | 23 | 67.6 | 33 | 70.2 | | |

Werkverwante uitgawes

Die oorgrote meerderheid van alle respondente betaal vir die parkeerterreine waar hulle werk en die meeste betaal R40 of minder per dag (Tabel 6). Meer as die helfte van die respondente verdien nie altyd genoeg om hierdie daaglikse gelde te betaal nie en die praktyk is oorwegend as onbillik beskou. Meer as die helfte betaal ook vir daaglikse werksitems, spesifiek die neonbaadjies wat hulle tydens werk dra.

Kennis van wetgewing

Byna 'n derde van die Suid-Afrikaanse burgers wat as motorwagte werk, het aangedui dat hulle kennis van arbeidswetgewing dra (Tabel 7). Immigrantresponente was beduidend meer geneig om geen kennis van wette te gehad het nie.

TABEL 7: Respondente se kennis van wetgewing

| | Totaal | | SA | | Nie-SA | | <i>p</i> | <i>r</i> |
|-------------------------|----------|------|----------|------|----------|-----|----------|----------|
| | <i>n</i> | % | <i>n</i> | % | <i>n</i> | % | | |
| Kennis van arbeidswette | 23 | 16.0 | 17 | 31.5 | 6 | 6.7 | 0.000 | -0.33 |
| Kennis van ordonnansies | 10 | 6.9 | 8 | 14.8 | 2 | 2.2 | 0.004 | -0.24 |

BESPREKING

Immigrante uit ander Afrikalande steek jaarliks die grense van Suid-Afrika oor op soek na werksgeleenthede en 'n beter lewe. Sommige immigrante se ongedokumenteerde status asook wedywing met plaaslike inwoners om werk het tot gevolg dat hulle in die informele ekonomie werk (Foster & Chasomeris 2017:525; Guild 2009:153), ook as motorwagte. Die meeste van die motorwagte wat aan hierdie opname deelgeneem het, was immigrante uit die Demokratiese Republiek van die Kongo en Zimbabwe. Immigrante uit hierdie twee lande verteenwoordig ook gesamentlik meer as die helfte (52.6%) van alle tydelike verblyfpermitte wat in 2015 aan inwoners van ander Afrika-lande toegestaan is (Statistics South Africa 2017:13). By gebrek aan vergelykende inligting is dit nie duidelik of die motorwagbedryf oorwegend deur immigrantwerkers oorheers word al dan nie, en of Pretoria 'n disproporsionele getal immigrantwerkers het weens die nabyheid van ambassades en konsulate in die hoofstad.

Die resultate van die opname bevestig vorige bevindinge dat motorwagte betreklik jonk is en dat heelwat motorwagte in hulle ekonomies produktiewe jare verkeer (Blaauw & Bothma 2003:41; McEwen & Leiman 2008:12). Soos in die geval van dagloners in die algemeen (Schenck & Blaauw 2018:45) is dit verder duidelik dat sommige immigrante wat plaaslik as motorwagte werk naskoolse kwalifikasies het (Bernstein 2003:19). Hierdie vaardighede bly bloot onontginde hulpbronne in die breër Afrika-ekonomie solank as wat hulle as motorwagte werk. McEwen en Leiman (2008:13) se navorsing toon aan dat sommige immigrantmotorwagte kwalifikasies in onderwys, gesondheidsorg en ingenieurswese het. Die bevinding dat immigrantmotorwagte voorheen beduidend meer werkloos was, dui nie net op die negatiewe werksituasie en sosio-ekonomiese toestande in hulle lande van herkoms nie, maar ook op die uiterste stappe wat sommige mense sal doen op soek na 'n beter lewe of selfs om net te kan oorleef. Dit blyk dat die meeste motorwagte nie permanente aanstellings het nie en dat die bedryf min bevorderingsgeleenthede en opwaartse mobiliteit bied, dus bly motorwagte in 'n voortdurende spiraal van lae inkomste en 'n onsekere werkstoekoms vasgevang.

In vergelyking met Suid-Afrikaners wat as motorwagte werk was meer immigrantmotorwagte getroud, 94.6% het drie kinders gehad en hulle was beduidend meer geneigd om die broodwinner van hulle huishoudings te wees. McEwen en Leiman (2008:14) het bevind dat 60% van die immigrantmotorwagte 'n deel van hul inkomste na hulle families in hulle land van herkoms stuur. Pearce en Hougaard (2012:1) voer aan dat 11.2 miljard rand jaarliks vanaf Suid-Afrika na ander SAOG lande vloei. Alhoewel die inkomste uit motorwagwerk oor die algemeen min is, mag dit moonlik tot die oorlewing van die families van immigrantmotorwagte bydra. Soos Suid-Afrikaanse landsburgers wat as motorwagte werk, beskou immigrante hierdie werk ook as tydelik en sal hulle die bedryf verlaat sodra ander werksgeleenthede opduik (Blaauw & Bothma 2003:43). Nietemin blyk dit dat immigrante dit moeiliker as landsburgers vind om werk as motorwagte te kry. Daar is duidelik 'n ooraanbod mannekrag wat bereid is om as motorwagte by winkelsentrums te werk.

Immigrante wat as motorwagte werk, blyk minder werksbevreëdiging as hul Suid-Afrikaanse eweknieë te ervaar. Sommige motorbestuurders tree ongeskik en onbedagsaam teenoor motorwagte op, skree op hulle en maak hulself aan haatspraak en rassisme skuldig (McEwen & Leiman 2008:14; Foster 2015:110). Interessant genoeg is dat vrouemotorbestuurders meer as mans die teenwoordigheid en hulp van motorwagte verwelkom (Potgieter et al. 2003:40). Immigrante het minder tevredenheid getoon met klante se houdings teenoor hulle, die respek wat hulle vanaf klante kry en die belangstelling wat klante in hul werk as motorwagte toon (Bernstein 2003:15, 19). Verder blyk dit dat immigrantmotorwagte minder gereeld betaling vir hul dienste ontvang en hulle ervaar hoër vlakke van verbale mishandeling in vergelyking met Suid-Afrikaanse landsburgers wat as motorwagte werk. Xenofobie in Suid-Afrika is 'n werklikheid en blyk ook in die motorwagbedryf teenwoordig te wees. Beperkte vaardigheid in plaaslike tale (Laher 2008:3) en hulle uitspraak mag moontlik op die nasionaliteit van immigrantmotorwagte dui wat tot neerbuigende en diskriminerende behandeling lei (Orman 2012:7). Hulle ongedokumenteerde status mag dit ook vir immigrantmotorwagte moeilik maak om verbale mishandeling aan te meld, veral in 'n ongereguleerde bedryf waar die meeste motorwagte nie 'n getekende werkskontrak het nie en dus maklik vervang kan word.

'n Verdere uitkoms van 'n bedryf wat onvoldoende gereguleer word, behels dat werkers nie altyd die nodige opleiding ontvang het nie. Sonder 'n geldige werkspermit sal ongedokumenteerde immigrante nie die nodige Graad E geakkrediteerde vaardigheidsopleiding kan voltooi nie en het immigrante moontlik ook nie die middele om vir hierdie opleiding te kan betaal voordat hulle as motorwagte begin werk nie (Bernstein 2003:13). Die bedrag wat motorwagte vir hierdie opleiding moet betaal, beloop tussen 'n kwart en 'n derde van die gemiddelde werker se maandelikse inkomste. In die lig van die werk wat motorwagte verrig, wat die moontlikheid van direkte konfrontasie met voornemende oortreders insluit, is gepaste opleiding nodig en is dit gevolglik geen verrassing nie dat, soos ook deur Foster en Chasomeris (2017:533) bevind, motorwagte aangedui het dat hulle verdere opleiding benodig. Opleiding kan moontlik selfverdediging, prosedure van siviele arrestasie en kommunikasie met klante insluit.

Nie net verdien motorwagte lae inkomste uit hul arbeid nie (gemiddeld R2 400 per maand), maar hulle betaal ongeveer 'n derde (R850) van hulle inkomste aan motorwagagentskappe of die eenaars van winkelsentrums bloot om hulle dienste aan klante te kan lewer. Hierdie daaglikse bedrag hang af van waar motorwagte in die parkeerarea werk – hoe nader hulle aan die winkels werk, hoe hoër is die bedrag betaalbaar (Steyn et al. 2015:21). Dit is dus te verstane dat motorwagte dit moeilik vind om hulle finansiële verpligtinge na te kom en dat hulle bloot van dag tot dag oorleef (McEwen & Leiman 2008:14-15; Blaauw & Bothma 2003:41, 43). Motorwagte geniet geen werksvoordele soos betaalde verlof, pensioen of mediese dekking

nie (Foster & Chasomeris 2017:533). Om 'n beduidende deel van hulle inkomste aan 'n derde party af te staan dra ongetwyfeld tot hul nypende finansiële nood by, veral as daar in ag geneem word dat motorwagagentskappe en winkelsentrumeienaars min in die bedryf belê benewens die beskikbaarstelling van bestaande infrastruktuur in die vorm van parkeerterreine. Soos elders in Suid-Afrika (Foster & Chasomeris 2017:527) moet sommige motorwage daaglik selfs die helder oorbaadjies wat hulle dra, by agentskappe huur. Die bevinding dat motorwage nie altyd genoeg verdien om die daaglikse gelde te kan betaal nie, versterk die uitbuitende aard van die motorwagbedryf. Dit is dus nie verbasend dat hulle hierdie praktyk as onbillik beskou nie, maar dat hulle, weens hulle sosio-ekonomiese werklikheid – en in die geval van immigrante, hulle ongedokumenteerde status – min hulpmiddele tot hul beskikking het om die situasie die hoof te bied.

Onvoldoende regulering van die motorwagbedryf en die nienakoming van arbeidswetgewing dryf die uitbuitende werklikheid van werkers in die informele ekonomie waar heelwat immigrantwerkers 'n sukkelbestaan voer deur lang ure vir 'n skamele besoldiging te werk (International Federation for Human Rights 2008:5). Sakekamers word aangemoedig om tot die debat oor die uitbuiting van motorwage toe te tree, spesifiek met die oog op die moontlike verlaging en standaardisering van fooie wat motorwage aan eienaars van winkelsentrums (en in sommige gevalle via motorwagagentskappe) betaal. Strategieë om in die mensekapitaal van motorwage te belê behoort geformaliseer te word as deel van sentrumeienaars se sosiale geregtighedsaktiwiteite. Hierdie artikel benadruk die kompleksiteit van slegs een tipe werk wat deel van die breër informele ekonomie uitmaak waar werkers min beskerming teen uitbuiting deur middel van formele wetgewing geniet. Onwettige immigrante blyk eweneens, indien nie meer nie, kwesbaar vir uitbuiting te wees.

GEVOLGTREKKING

Dit is 'n skreiende werklikheid dat immigrante met professionele vaardighede wat Suid-Afrika en die breër Afrikagemeenskap kan bevoordeel, hulle tot die motorwagbedryf moet wend om 'n bestaan te kan voer. Om as 'n motorwag te werk, voorsien 'n tydelike finansiële oplossing aan die werkloses en verarmdes wat in Suid-Afrika woon, en dit geld eweneens vir immigrante wat sukkel om toegang tot geleenthede in die formele ekonomie te kry. Om as motorwag te werk, behels bloot dag-tot-dag oorlewing met min tot geen loopbaanontwikkeling of beskerming deur arbeidswetgewing of unies nie. Die disproporsionele bedrae wat motorwage moet betaal om by winkelsentrums te mag werk, dra verder by tot die ekonomiese frustrasie en sosiale onregverdigedheid wat hulle beleef. Immigrante wat as motorwage werk, ervaar laer vlakke van werksbevrediging en blyk ook minder as hulle Suid-Afrikaanse eweknieë te verdien. Terwyl immigrante hulle geboorteland verlaat – gereeld as gevolg van sosiopolitiese onstabieliteit en swak ekonomiese toestande – op soek na 'n beter lewe elders, mag hulle dalk nie besef dat hulle na uitbuiting in Suid-Afrika vlug, soos in die geval met motorwagwerk nie.

TEKORTKOMINGE EN TOEKOMSTIGE NAVORSING

Taalvaardighede was 'n struikelblok tydens die onderhoude met van die immigrantmotorwage en in 'n paar uiterste gevalle moes 'n medemotorwag as tolk optree. Weens die steekproefmetode wat in die studie gevolg is, moet die veralgemeenbaarheid van die resultate met omsigtigheid hanteer word en kan ervarings oor geografiese kontekste binne Suid-Afrika verskil. Nietemin bevestig van die huidige resultate die bevindinge van ander navorsers in ander stede, wat die betroubaarheid van die data ondersteun.

Toekomstige navorsing oor motorwagte en die motorwagindustrie moet van groter steekproewe gebruik maak. Verdere navorsing met omvattende vraelyste is nodig om onder andere lig te werp op die familielewe van immigrantmotorwagte en die geld wat hulle na hulle lande van herkoms stuur. Die ontwikkeling en implementering van regulasies wat die motorwagbedryf beheer, vereis nadere ondersoek, asook die motivering en funksionering van motorwagagent-skappe en die sienings van winkelsentruemeienaars oor die waarde wat motorwagte tot hul besighede toevoeg, al dan nie.

BIBLIOGRAFIE

- Bernstein, J. 2003. *Car watch: Clocking informal parking attendants in Cape Town*. Cape Town: Centre for Social Science Research, Social Surveys Unit.
- Blaauw, P.F. & Bothma, L.J. 2003. Informal labour markets as a solution for unemployment in South Africa: A case study of car guards in Bloemfontein. *SA Journal of Human Resource Management*, 1(2):40-44.
- City of uMhlathuze 2000. *Bylaws relating to the control of parking attendants/car guards* "Administrator's Notice 185, August 2000. <http://www.umhlathuze.gov.za> [18 Februarie 2014].
- Field, A. 2009. *Discovering statistics using SPSS*. Los Angeles: SAGE.
- Foster, J.R.W. 2015. Developing a relevant business model for the South African informal car guarding sector. MCom University of KwaZulu-Natal (Graduate School of Business and Leadership, College of Law and Management Studies).
- Foster, J. & Chasomeris, M. 2017. Examining car guarding as a livelihood in the informal sector. *Local Economy*, 32(6):525-538.
- Guild, E. 2009. *Security and migration in the 21st century*. Cambridge, UK: Polity Press.
- Hammerstad, A. 2012. Securitisation from below: the relationship between immigration and foreign policy in South Africa's approach to the Zimbabwe crisis. *Conflict, Security & Development*, 12(1):1-30.
- Hatfield City Improvement District. 2014. "Are car guards legal?" <http://www.hatfieldcid.co.za> [04 Februarie 2015].
- IBM Corp. 2018. *IBM SPSS Statistics for Windows, Version 25.0*. Armonk, NY: IBM Corp.
- International Federation for Human Rights. 2008. *Surplus people: undocumented and other vulnerable migrants in South Africa*. https://www.fidh.org/IMG/pdf/za486a_Exesum.pdf [04 April 2018].
- Laher, H. 2008. Antagonism toward African immigrants in Johannesburg South Africa: An integrated threat theory approach. MA dissertation, University of Witwatersrand.
- Maree, K. & Pietersen, J. 2016. The quantitative research process. In Maree, K. (Ed). *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik, pp. 162-172.
- Matutle, T.D.J. 2006. *By-laws relating to parking attendants. Local government notice No. 5, January 2006*. <http://www.umhlathuze.gov.za/docs-umhlathuze/byLaws/bylaws-parking.pdf> [18 Februarie 2014].
- McEwen, H. & Leiman, A. 2008. *The car guards of Cape Town: A public good analysis*. Cape Town: University of Cape Town (Southern Africa Labour and Development Research Unit).
- Northglen News. 2015. Car guards should be registered, concurs councillors. 1 July.
- North Eastern Tribune. 2015. Balfour Mall car guards pay too much. 05 November.
- Orman, J. 2012. Language and 'new' African migration to South Africa: An overview and some reflections on theoretical implications for policy and planning. *Language Policy*, 11(4):301-322.
- Pearce, B. & Hougaard, C. 2012. *Fact sheet: Remittances from South Africa to SADC*. <https://www.finmark.org.za/wp-content/uploads/2016/07/remittances-from-south-africa-to-sadc.pdf> [30 Maart 2018].
- Potgieter, P.J., Michell, L.J., Munnik, E.E. & Ras, J.M. 2003. Bivariate analysis of car guard activities as a crime prevention initiative. *Acta Criminologica*, 16(3):35-49.
- Private Security Regulatory Authority. 2013. *Annual Report 2012/13*. http://www.psira.co.za/psira/images/Documents/Publications/Annual_Reports/Annual_Report_20122013.pdf [30 Maart 2018].

- Saunders, S.G. & Lynn, M. 2010. Why tip? An empirical test of motivations for tipping car guards. *Journal of Economic Psychology*, 31:106-113.
- Saunders, S.G. & Petzer, D.J. 2009. *Consumer tipping: a study of the car guarding industry*, <http://hdl.handle.net/10210/5316> [21 Oktober 2018].
- Schenck, R. & Blaauw, D. 2018. Dagloners: 'n Gevallestudie van die kwesbaarheid van die maatskaplike bestel en samehorigheid in Suid-Afrika se informele ekonomie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(1):36-55.
- Statistics South Africa. 2018a. *Victims of Crime Survey 2017/18*. Pretoria: Statistics South Africa.
- Statistics South Africa. 2018b. *Quarterly Labour Force Survey: Quarter 2: 2018*. Pretoria: Statistics South Africa.
- Statistics South Africa. 2017. *Documented Immigrants in South Africa, 2015*. Pretoria: Statistics South Africa.
- Steyn, F., Coetzee, A. & Klopper, H. 2015. A survey of car guards in Tshwane: Implications for private security policy and practice. *SA Crime Quarterly*, 52:15-24.
- Suid-Afrika. 1995. Wysigingswet op die beheer van vreemdelinge, wet 76 van 1995. Pretoria: Regeringsdrukker.
- Suid-Afrika. 2001. Regulering van die privaat sekuriteitsindustrie, wet 56 van 2001. Pretoria: Regeringsdrukker.
- The Witness*. 2011. Car guards pay more to work, 11 Mei.
- The Witness*. 2008. Car guards 'must register'. 19 April.
- Trimikliniotis, N., Gordon, S. & Zondo, B. 2008. Globalisation and migrant labour in a 'Rainbow Nation': A fortress South Africa. *Third World Quarterly*, 29(7):1323-1339.
- Uys, M.D. & Blaauw, P.F. 2006. The dual labour market theory and the informal sector in South Africa. *Acta Commercii*, 6(1):248-257.
- Zuberi, T. & Sibanda, A. 2004. How do migrants fare in a post-apartheid South African labour market. *International Migration Review*, 38(4):1462-1491.

Kerk en staat in twee gereformeerde kerkordes: 'n Ontleding van die Kerkordes van die Gerefor- meerde Kerke in Suid-Afrika en die Ned Geref Kerk ná 1962

Church and state in two reformed church orders: An analysis of the orders of the Reformed Churches in South Africa and the Dutch Reformed Church post-1962

PIET STRAUSS

Ekklesiologie, Fakulteit Teologie
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
E-pos: straussp@ufs.ac.za



Piet Strauss

PIETER JOHANNES STRAUSS word in 1988 'n dosent in Ekklesiologie of Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan sy alma mater, die Universiteit van die Vrystaat en tree op 30 Junie 2015 af. Benewens ongeveer honderd artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte, het Strauss ook verskeie boeke geskryf. Hy spits hom toe op gereformeerde kerkreg en kontemporêre Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, soos blyk uit onlangs verskene werke. In die kerkreg lewer *Kerk en Orde vandag* (2010), blyke van 'n reformatoriese deurwerk van die bekende *Solas* van die Reformasie van die sestende eeu na vandag. *Kerkwees in die branding – die Nederduitse Gereformeerde Kerk in algemene sinodale verband 1994–2011* (2013), verteenwoordig 'n kontemporêr kerkhistoriese werk vanuit 'n reformatoriese benadering.

Strauss was vir twee termynne, van 1999–2003 en 2005–2008, die moderator van die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Hy beklee dieselfde amp by die Algemene Sinode, van 2007–2011. Hy is ook aktief op kultuurterrein en was vir 12 jaar, van 2001–2011, die hoofleier van die Afrikaanse jeugbeweging, Die Voortrekkers.

PIETER JOHANNES STRAUSS was appointed as a lecturer in Church Polity and Church History at the University of the Free State in 1988 and retired on 30 June 2015. Apart from some 100 articles in accredited academic journals, Strauss also authored a number of books. He focuses mainly on the topics of Church Polity and modern South African Church History, as can be seen in recently published works. In *Church and Order today* (2010) he argues that 3 *Solas* of the Reformation of the sixteenth century should also be accepted and implemented today, while in *Being church in troubled times – the Dutch Reformed Church in the bond of its general synod 1994–2011* (2013), he uses a reformational approach in modern church history.

Strauss was moderator of the Free State Synod of the Dutch Reformed Church for the periods 1999–2003 and 2005–2007. He was also moderator of the General Synod of the same church in 2007–2011. In addition, he is actively involved in cultural events and, for 12 years (2001–2013), he served as leader of the Afrikaans youth movement, *Die Voortrekkers*.

ABSTRACT***Church and state in two reformed church orders: An analysis of the orders of the Reformed Churches in South Africa and the Dutch Reformed Church post-1962***

The viewpoint of churches on the relation between Church and State shows signs of the specific churches' view on church and society. This article investigates the attitude of two South African reformed churches, namely the Reformed Churches of South Africa (RCSA) and the Dutch Reformed Church (DRC), to church and state in their church orders post-1962. Both churches accepted the term "reformed" in their name and subscribed to reformed confessions of faith. They are attempting to be reformed in their church government and, in so doing, their church orders.

It is accepted in reformed churches with reformed confessions that their confessions of faith should be a true and acceptable interpretation of Scripture on the core issues of the Christian faith. Confessions are, therefore, an expression or formula of the unity of faith. The reformed confessions of the RCSA and the DRC are, in fact, called "The Three Formulas of Unity". These churches accept the Word of God as the first and highest norm (norma normans) in church life, followed by the confessions as the second norm (norma normata) and an answer of faith to Scripture.

If that is the case and if the confessions express the core issues of faith, the church order of a reformed church should obey and follow the confessions and, in doing so, Scripture. This means that a church order should also follow Scripture and the confessions in formulating the church's attitude to the state or states in which it finds itself. State borders cannot restrict the church as an institution of faith. In addition, a church order is only binding on the church that accepted it.

The church order of the National Synod of Dordrecht in 1618–1619 (DCO) for reformed churches was, at that time, accepted as an example of a scriptural church order. Post-1962, the church orders of both the RCSA and the DRC strived to be an offspring of the DCO. In the same process, Article 36 of the Dutch Confession of Faith played a determining role in Article 28 of the RCSA's order, while neo-Calvinist thought, in the reformed tradition, strongly influenced Article 65 of the DRC's order, both on the topic of church and state. The DCO followed the Dutch Confession of Faith in that it accepted it as the task of the state to obey God and His commandments and to protect and promote the true Biblical doctrine of the church by the means of the state, if necessary. This was not the case in the order of the DRC. In 1967, the order of the RCSA was changed. It now refers to the task of believers to show respect for state authority, in general, because it is ordained by God. Prior to 1998, the order of the DRC referred to the protection of the church by its state authorities in showing gratitude for this, an emotion seldom found in a church order. In the stormy 1960s in South Africa, it also promised the government not to undermine its effort to uphold the authority of the state. In 1998, the order of the DRC was changed and its explicit support for the state authorities was omitted. Some of the verbal influence of neo-Calvinist thinkers was also omitted. Article 67 of the present church order of the DRC endeavours to adhere to the essence of Romans 13 on the state.

To conclude: Both the church orders of the RCSA and the DRC are reformed in nature, but the former keeps a more verbal tie with the DCO. This is also the case in this order, in general. On the contrary, the DRC's order uses a freer attitude, but keeps the topics of the chapters of the DCO and some of the wording. In comparison with the order of the RCSA, the DRC's order shows far more links with the situation in which it finds itself, namely Southern Africa and the Afrikaner.

KEYWORDS: Confessions on core issues of faith; Church order according to Scripture and confessions; Church order determines church government; Church order order for church in relation to state Dutch Reformed attitude

TREFWOORDE: Belydenis bevat kernaspekte van geloof; Kerkorde gebonde aan Skrif en belydenis; Kerkorde bepaal kerkregering; Kerkorde-orde vir kerk teenoor staat; Dordts-gereformeerde benadering

OPSOMMING

Die houding van kerke oor die verhouding kerk-staat toon ook elemente van die betrokke kerk se houding oor kerk en samelewing. Die benadering van twee Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke na 1962 in hulle Kerkordes oor die verhouding kerk-staat, word ondersoek: die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). Beide kerke verteenwoordig 'n standpunt wat tot op die Kerkorde (DKO) van die Nasionale Sinode van Dordrecht in 1619 teruggaan. Soos in die DKO speel die Nederlandse Geloofsbelydenis van 1561 'n rol in die hantering van die saak deur beide Kerkordes. Die invloed van latere neo-Calvinistiese denkers skemer ook deur: sterker in die Kerkorde van die NGK as van die GKSA. Beide Kerkordes vertoon tekens van hulle eie tyd, hoewel die Kerkorde van die NGK hiervan ook meer dra as dié van die GKSA.

INLEIDING EN PROBLEEM

Die verhouding kerk-staat in kerkordes is belangrik vir mense met 'n belang by die lewensbeskoulike en geestelike agtergronde van 'n samelewing. Eerstens weerspieël 'n kerkorde oor kerk en staat flitse van die heersende samelewingsopvatting by die besluitnemers van die betrokke kerk. 'n Opvatting wat aandui hoe, volgens hulle, samelewingskringe kragtens hulle eie aard teenoor mekaar moet optree. Tweedens gee die houding van hierdie kerk in dié opsig 'n aanduiding van watter geestestrome of -invloede in sy omgewing op die kerk deurwerk. Soos die Bybel in sy boodskap eietydse omgewingselemente – 'n sogenaamde *Sitz im Leben* – vertoon, so spring 'n kerk in sy oordra van hierdie boodskap, in sy belydenis, kerkorde en besluite, 'n eietydse kleed nie vry nie. Selfs uitgesproke reformatoriese of gereformeerde kerke wat in hulle kerkwees funksioneer met die 5 sola's van die Reformasie – *sola Scriptura, sola gratia, sola fide, solus Christus en soli Deo gloria* (dit is: alleen deur die Skrif, alleen deur die genade en die geloof, alleen deur Christus en tot eer van God alleen) – doen dit nie sonder hierdie kleed nie (NGK 2007A:13-17; NGK 2007H:89). Die sola's as vertrekpunte bly konstant of altydgeldend, maar die eietydse kleed of gestaltegewing daarvan in nuwe situasies kan verander (Kruger et al. 1966:168-169; Strauss, P.J. 2010:15-20).

Teen hierdie agtergrond gaan dit in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), 2 gereformeerde kerkverbande of -gemeenskappe, in hulle hantering van die verhouding kerk-staat in hulle Kerkordes (GKSA-KO; NGKO) na 1962 om die kerklik-godsdienstige en samelewingsagtergronde. In die formulering van beide spreek die Nederlandse gereformeerde of Dordtse tradisie, waaronder die Nederlandse neo-Calvinisme en omstandighede in Suider-Afrika en onder Afrikaners, mee. Albei kerke is grootliks gesetel in Suider-Afrika en in die Afrikanergemeenskap. Albei aanvaar, soos die Nasionale Sinode van Dordrecht in 1618–1619, die Drie Formuliere van Eenheid as belydenisskrifte. Daarby probeer hulle met hul Kerkordes na 1962 die spoor volg van die Dordtse Kerkorde van 1619 (DKO 1619) aangepas by die “eise van die dag”. Belydenisskrifte

word immers vanuit ’n gereformeerde oogpunt beskou as die akkoord (konsensus) of basis vir kerklike eenheid of geloofsgemeenskap. Die akkoord wat, ondergeskik aan die Skrif, die kerklike lewe in al sy fasette waaronder die kerkorde, moet rig (Smit 1984:64).

Du Plooy (2015) toon aan dat die grondleggende Sinode van Reddersburg van die GKSA (1862) wat in 1859 ontstaan, behalwe die Drie Formuliere van Eenheid as belydenisskrifte, die “DKO vir die kerkregering” aanvaar het. Die DKO wat wil verseker dat die kerklike praktyk ten diepste deur die Woord van God en die belydenis soos verwoord in die Drie Formuliere van Eenheid, gereël word. ’n Kerkorde wat ooreenkomstig sy eie artikel 86 sedertdien “hier en daar aangepas en gewysig” is (CJBF 2015:29,122-125; Du Plooy 2015:6). Op sy beurt sê J.D. Vorster dat die eerste NGKO, NGKO 1962 én sy opvolgers tot in 2017, in hulle hoofstukke of temas en sommige van hulle verwoordings, die DKO “aangepas [het] by die eise van die dag” of die DKO in ’n moderne vorm is. Volgens NGKO 1962 en sy opvolgers (daar was sedertdien geen wysiging aan hierdie artikel nie) word die “leer” van die NGK “uitgedruk” in die Drie Formuliere van Enigheid (“*Enigheid*” is ’n Nederlandisme vir “eenheid” en “uitgedruk” verwoord die Nederlandse “*begrepen in*”, kyk Kuyper sa:186-188) soos aanvaar op die Sinode van Dordrecht in 1619 (Vorster 1960:13; NGKO 1964:1-16; NGKO 2015:1). In hulle vertrekpunte vir die verhouding kerk-staat put die GKSA en NGK dus primêr uit dieselfde bronne.

Die vraag wat in hierdie artikel ondersoek word, is: wat bepaal die houding van GKSA-KO en NGKO as Kerkordes na 1962 oor die verhouding kerk-staat? Lê hierdie bepaling(s) – teen hulle Nederlandse agtergrond – in die verlengde van DKO 1619 artikel 28? ’n Artikel wat destyds die houding van die Gereformeerde Kerk in Nederland teenoor sy staatsowerheid bepaal het. Laasgenoemde was die State- Generaal of Nederlandse staatsowerheid wat deur Prins Mauritz as regent die Nasionale Sinode van Dordrecht van 1618–1619 moes byeenroep (Kruger et al. 1966:170).

Waar GKSA-KO die DKO in sy artikels meer letterlik volg, toon NGKO in sy bepalings ’n vryer aanpak. Behalwe dat die destydse samelewing van Nederland en van Suid-Afrika vandag ingrypend verskil, verskil die sosiologies-teologiese en wysgerige denkraamwerk wat die Nederlandse Gereformeerde Kerk destyds, naas ander oorwegings, gebruik het en dit waarvan die twee Suid-Afrikaanse kerke hulle na 1962 bedien, aansienlik. Tog skep laasgenoemde se verklaarde kerkordelike oriëntasie op Dordt die vraag na hulle konneksie met die DKO in die verhouding kerk-staat.

Wat ter inleiding ook gesê moet word, is dat kerkordebepalings oor die verhouding kerk-staat net vir die betrokke kerk of kerkverband bindend is en nie vir ander kerke of die betrokke staatsowerheid of state nie. Daarom gebruik ons die begrippe “kerk-staat” in hierdie volgorde omdat dit prinsipiël gaan om bepalings van die kerk vir die kerk self in sy verhouding tot die staat. Die kerk kan die staat nie met sy oortuigings bind of sy houding op die owerheid afdwing nie, maar moet kragtens sy geloofsaard die staatsowerheid Bybels-profeties oortuig. Ontslag vir kerklike besluite spruit nie uit die fisies dwingende aard daarvan nie – dwang is die metode van die staat as ’n regsverband gefundeer op die histories-fisiese (beheer deur die owerheid) swaardmag van die polisie en weermag (Fowler 1988:36; Strauss, D.F.M. 2015:286) – maar sy geestelike oorreringsvermoë. Die kerk as ’n geloofsverband of -instelling werk in werklikheid deur oorrering of oortuiging: oortuiging wat in beginsel primêr deur die Woord en Gees van God moet kom. Daardie Woord en Gees wat tot geloof in God en die aanvaarding van die Bybel as dié roetekaart vir die lewe lei. In die Dordts-gereformeerde tradisie word die norm “kerklike sake op kerklike wyse” (DKO 1619 artikel 30, in Pont 1981:179) of ’n ander

formulering met min of meer dieselfde betekenis, sedert die sestiende eeu hiervoor gebruik (NGKO 2015:7; Strauss, P.J. 2010:57-61).¹

Hoewel DKO 1619 die eerste Kerkorde in hierdie tradisie is wat 'n bepaling oor die houding van die Gereformeerde Kerk in Nederland teenoor sy staatsowerheid, oor die verhouding kerk-staat bevat (Jansen 1952:130; Kruger et al. 1966:168), dui die bepalings hieroor in GKSA-KO en NGKO daarop dat dit vir die GKSA en die NGK belangrik is. Soos 'n burgerlike hof hou 'n kerkorde hom in beginsel nie op met nietighede nie. En in beide GKSA-KO en NGKO is hierdie saak in artikels opgeneem. Hierteenoor het 'n geesgenoot soos die Christian Reformed Church in North America nie 'n kerk-staatbepaling in sy Kerkorde nie. Skynbaar is so 'n bepaling vir 'n kleinerige kerk in die grote VSA – vir 'n klein vissie in 'n regsplegende groot dam – nie nodig of bruikbaar nie (Van Dellen & Monsma 1967:341-355; Engelhard & Hofman 2001:7-9).

Vervolgens val die lig op die verhouding kerk-staat soos verwoord in die DKO, GKSA-KO en NGKO. 'n Vergelyking tussen die drie teen die agtergrond vir hulle bepalings, word ook aangebied.

KERK-STAAT IN DIE DORDTSE KERKORDE: AGTERGROND

Jansen (1952) wys daarop dat die meeste bepalings in die DKO van voor 1600 kom. DKO artikel 28 oor die verhouding van die Gereformeerde Kerk in Nederland tot sy staatsowerheid vind egter eers in 1619 sy ingang in die Kerkorde. 'n Kerkorde wat in sy oervorm by die Konvent van Wezel in 1568 ontstaan en by die Sinodes daarna, tot by Dordt 1619, aangepas en gewysig is. Die rede vir hierdie invoeging is nie vir Jansen duidelik nie. Tog vermoed hy dat die Nederlandse Gereformeerde Kerk in sy Kerkorde die “cracht van publyke wetten” of staatswette wou hê om met groter vrede en “stichtinge” sy werk te doen. Teenoor die Remonstrante of Arminiane met hulle dwalinge rondom die uitverkiesing van die gelowiges én hulle idee dat die kerk onder die owerheid staan asook die Roomse leer dat die staat onder die kerk staan, wou hulle die verhouding vanuit 'n kerklike hoek reg omskryf (Jansen 1952:130). Op sy beurt bespiegel Pont (1981) dat die Dordtse Sinode die guns van die owerheid wou wen sodat hulle die verwerping van die Arminianisme kon opvolg met 'n vervolging van die betrokke persone – in die 17e eeu word staatsapparaat dikwels tot die gewaande voordeel van die kerk aangewend (Pont 1981:188; Strauss, P.J. 2015:7).

Hoe dit ook al sy: die Gereformeerde Kerk in Nederland het in 1618–1619 oor 'n kerkvriendelike State-Generaal beskik wat hierdie kerk as die bevoorregte kerk beskou het. Welbekend is die owerheid se befondsing van die werk vir die voltooiing van die Nederlandse Statevertaling van die Bybel teen 1633. 'n Vertaling wat Nederlands as 'n gestandaardiseerde spreek- en skryftaal deurslaggewend bepaal het en wat in die 17e eeu 'n simbool van die sukses van die Nederlandse staat geword het (Nienaber sa:14). Daarby het die van owerheidsweë verpligte teenwoordigheid van kommissarisse-politiek op kerkvergaderings oor kwessies soos

¹ Dit is die vermaarde gereformeerde dogmatikus Herman Bavinck wat in sy Dogmatiek IV die stelling maak dat goeie kerkregering noodsaaklik is vir die deurwerking van Woord en sakrament in die breë kerklike lewe. Dit sluit DKO artikel 28 soos oorgeneem in die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland in Bavinck se tyd (1854–1921) in (vgl. Strauss, S.A. 2008:94; Jansen 1952:129-130). Bavinck vervolg: “De belijdenis is de hoofdzaak, maar de kerkenorde is het middel om de belijdenis te handhaven. En evengoed als eene onzuivere belijdenis ook de regering vervalscht, gaat er van eene slechte regeering een bedervende invloed op de belijdenis uit” (Bavinck 1967:403-404).

die vraag na die status van die belydenisskrifte, nie net 'n hartlike verhouding geskep nie, maar die Gereformeerde Kerk ook van staatsteun verseker. Dit was 'n kommissaris-politiek, Marthinus Gregorii, wat op die Dordtse besluit van 1619 oor die binding van die Drie Formuliere van Eenheid (geloofseenheid) as Skriftuurlik in hulle formulering van die geloof, ter vergadering goedkeurend gereageer en morele steun gegee het (Strauss, P.J. 2006:664-665). In die notule van hierdie Sinode word die goedkeuring op 30 April en 1 Mei 1619 omskryf as goedkeuring van “de leer in de Belijdenis en de Catechismus dezer Kerken begrepen” (Kuyper sa:323-325; Donner & Van den Hoorn sa:325). Die belydenisskrifte is die Nederlandse Geloofsbelijdenis (die *Belijdenis* of NGB) en Heidelbergse Kategismus (die *Catechismus* of HK). Die Dordtse Leerreëls is daarna bygevoeg om die Drie Formuliere van Eenheid te vorm. Daarmee is die geloofseenheid van die Gereformeerde Kerk *geformuleer* (Kuyper sa:186-187). 'n Formule wat deur die GKSA later in sy ondertekeningformulier vir alle ampsdraers opgeneem is (CJBF 2015:29, 122-125) en deur NGKO 1962 en sy opvolgers tot op hede in sy artikel 1 as die “leer wat die Kerk in ooreenstemming met Gods Woord bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Enigheid”, aanvaar is. 'n Aanvaarding wat in sy formulering deur die Algemene Sinode van 1998 van die NGK opnuut omskryf en bevestig is (NGKO 1964:2; NGKO 2015:1; NGK 1998:414-415).²

KERK EN STAAT IN DIE DORDTSE KERKORDE: AANVULLEND TOT MEKAAR

Dit is duidelik dat die Dordtse Sinode in 1619 nie aan die staatsowerheid voorskryf wat hom in hierdie verhouding te doen staan nie.³ Wat gebeur, is dat die DKO 1619 artikel 28 die owerheid *se omskrewre optrede* teenoor die Gereformeerde Kerk *as bekend en gebruiklik veronderstel*. Dat DKO artikel 28 van hierdie optrede as 'n gegewe uitgaan. Vry vertaal begin artikel 28 met “Gelijk...” of, in Afrikaans, soos wat... die Christelike owerhede (in Nederland) die “heiligen kerkedienst” (erediens) op alle moontlike maniere beskerm en bevorder, hulle onderdane hierin by wyse van voorbeeld voorgaan en aan die dominees, ouderlinge en diakens in nood die hand reik, so is die kerk aan die owerheid die volgende verskuldig...

Die veronderstelling word ingetrek in 'n vergelyking. Die taak van die owerheid teenoor die kerk word as 'n veronderstelling aangebied en in 'n vergelyking met hierdie veronderstelling word bepaal wat die kerk as kerk aan owerheidspersone “verskuldig” is (Kruger et al. 1966:169). Ten opsigte van 'n bepaling of reëling vir optrede rig die DKO hom slegs tot die Gereformeerde Kerk. Die geldigheid van so 'n gevolgtrekking word bevestig deur die feit dat ongeveer 'n derde van DKO artikel 28 met die beskrywing van die gebruiklike optrede van die Christelike owerhede teenoor die kerk besig is en ruim tweederdes met die genormeerde taak van die kerk teenoor die owerheid. Die eerste derde bevat die beskrywing van die gebruik van owerheidskant en die laaste tweederdes gee bepalings vir die kerk in sy optrede teenoor die owerheidspersone of “magistraten” (teks in Nederlands deur Pont 1981:179).

² In dieselfde trant verwys die legitimasiieverklaring van die Ned Geref Kerk na “die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die Drie Formuliere van Eenheid” wat ooreenkom met die Woord van God. Die leer in die drie algemene belydenisskrifte word egter in artikel 9 van die NGB aanvaar as ooreenkomstig die Skrif, sodat NGKO se aanvaarding van die Drie Formuliere die algemene belydenisskrifte insluit, NGKO (2015:55).

³ Hierteenoor beweer Jansen dat hierdie eerste deel van DKO artikel 28 handel oor die roeping van die owerheid ten opsigte van die kerke en daarom nie in 'n kerkorde tuis behoort nie. Sy argument is ook dat die kerke nie bo die staatsowerheid staan en aan hom sy optrede kan voorskryf nie (Jansen 1952:130).

In 1619 word die staat teen die agtergrond van die feodale sisteem met feodale here of eienaars nog nie as 'n niepersoonlike samelewingsverband of -struktuur beskou nie, maar setel staatsfunksies in die owerheidspersone of “Christelike owerheden”. Daarom personifieer die DKO die Nederlandse staat met Christelike owerhede of owerheidspersone (Kruger et al. 1966:170). Wat ook duidelik is, is dat die DKO die Nederlandse owerheidspersone eksplisiet as 'n Christelike bate en 'n staatlke vennoot van die Gereformeerde Kerk beskou: alles in 'n soort *corpus christianum*. Spoelstra (1989) praat van die “beginsel van die Christelike ryk (*corpus christianum*) wat by die ... Nederlandse owerhede sterk geleef het...”. Vanuit die feodale kontrakreg moes die staatsowerheid sorg vir die godsdiens van sy onderdane. Wat Spoelstra in sy verduideliking oorsien, is dat die NGB artikel 36 en DKO artikel 28 by Dordrecht in 1619 in dieselfde tyd aanvaar word en met die NGB as normatief nie van mekaar geskei kan word nie. Die feodale agtergrond kon hoogstens versterkend hierop inspeel. Die Drie Formuliere van Eenheid was op hierdie stadium as lewende rigtinggewende kerklike belydenisse in hulle bloeytyd en lê, soos straks aangetoon word, in die verlengde van Calvyn.

In Nederland se goue sewentiende eeu het die Gereformeerde Kerk as die kerk wat deur die staat bevoorreg word, 'n hoogbloeie beleef. Na aanleiding van die kerk van Johannes Calvyn in Genève en sy verhouding met sy stadsowerheid, is die Nederlandse staatsbevolking en die gedoopte en belydende lidmate van die Gereformeerde Kerk beskou as twee kante van dieselfde munt. Die grondslag daarvan was die opvatting dat so 'n samelewing 'n teokratiese verbonds- of eenheidsgemeenskap vorm waarin almal gedoopt is (deel in God se genadeverbond en daarom die kerk) en God deur die staatsowerhede deur middel van sy Woord en Wet teokraties regeer ('n teokrasie). Calvyn was oortuig dat kerk en staat albei onder die 10 gebooi van God staan en mekaar vanuit hulle eie invalshoeke aanvul. Daarom dat die Nederlandse Geloofsbelijdenis (NGB) artikel 36, as 'n Calvyngereïenteerde of 'n gereformeerde dokument, bepaal dat die owerheid sy hand hou aan die kerk in die uitvoering van sy opdrag. Volgens Calvyn moet die owerheid die eerste tafel van Gods wet uitleef deur die Christelike godsdiens te beskerm en die gesonde kerklike leer, desnoods met staatsapparaat, te verdedig. 'n Saak wat in DKO artikel 28 veronderstel word en gekoppel word aan “alle manieren” (Calvyn sa:555-557, 574; Strauss, P.J. 2010:126; Strauss, P.J. 2015:5). DKO artikel 28 vertoon dus 'n aantoonbare neerslag van Calvyn en die NGB. Vir die Sinode van Dordrecht van 1618–1619 moes die Drie Formuliere as Skriftuurlike stukke bepalend wees vir die kerklike orde en praktyk. 'n Gereformeerde Kerk hou by die *sola scriptura*-beginsel. Daarby vertoon DKO artikel 28 die trekke van sy kerk- en staatsgemeenskap. In 1651 bevestig die Nasionale Vergadering van die sewe Verenigde Provinsies van Nederland hierdie denkrigting as hy uitdruklik vashou aan die ware “Christelike religie” wat met die “Macht van 't Land... gehandhaeft” sal word (Pont 1986:37).

Wat beskou DKO 1619 as kernopdragte of kerkordelike bepalings vir die kerk in sy verhouding tot die staatsowerheid? 'n Gereformeerde kerkorde bevat immers kernbepalings of toegespitste kanale vir kerklike optrede en nie gedetailleerde of gereglementeerde voorskrifte nie (Strauss, P.J. 2017:5).

Volgens DKO 1619 artikel 28 moet die predikante, ouderlinge en diakens as kerklike ampsdraers dit vlytig en opreg by die “gansche gemeente” inskerp om gehoorsaamheid, liefde en eerbied tenoor die “magistraten” te betoon (afgedruk in Pont 1981:179). Bloot op die terminologie van die DKO af, dui gehoorsaamheid, liefde en eerbied daarop dat dit hier om 'n Christelike owerheid of eie lidmate in die owerheidsamp gaan. Vanuit hulle gemeenskaplike geloof word gehoorsaamheid, liefde en eerbied vir mede-Christene normale, vanselfsprekende opdragte. Medegelowiges kan vertrou word om God se opdragte en gebooi vir die staatsowerheid te herken en uit te voer en kan as owerhede formeel en inhoudelik gehoorsaam word. Daarby is liefde tussen staatsowerhede en -onderdane 'n uitvloeisel van hulle geloofseenheid.

Boonop is eerbied vir die owerhede, gelowig of nie-gelowig, lewend in Romeine 13. Gesag deur God gegee met verantwoordelikheid aan God, vra eerbied of respek van die gelowige onderdaan omdat hy die Here agter die gesag van die owerheid moet raaksien.

DKO 1619 laat sake egter nie hierby nie.

“Kerklike persone” moet met hulle goeie voorbeeld gemeentes in bogenoemde sake voorgaan. Deur “behoorlijk respect” en korrespondensie of ’n saampraat by geleentheid moet kerklike ampsdraers die guns van die owerheid vir die kerke (gemeentes) wen én behou. So word die vertroue tussen kerk en owerheid gehandhaaf terwyl hulle saam ywer vir eerbied aan God en die welsyn van die kerke (afgedruk in Pont 1981:179).

Hierdie opdragte kom ooreen met die NGB artikel 36 as vertrekpunt. Vir die gemeenskaplike ywer van kerk en staat vir ’n Christelike of Godgehoorsame samelewing word eerbied vir God en sy gebod by beide veronderstel. ’n Eerbied wat emosioneel versterk word deur wedersydse vertroue tussen staatsowerhede en kerklike ampsdraers en lidmate. Die gemeenskaplike geloof dat die welsyn van die kerk as draer van die verlossingsboodskap van die lewensomvattende Woord van God, ’n prioriteit is, is ’n bestaansvoorwaarde vir hierdie gemeenskap.

Die inhoud van die DKO 1619 artikel 28 spruit dus uit die lyne van die NGB wat as Skriftuurlik-normatief beskou is (Strauss, P.J. 2010:81) én uit die samelewingsomstandighede en die oortuigings van destydse Nederlanders. Opgesom beteken dit dat kerk en staat elk ’n eie roeping en samelewingsfunksie het, mekaar se eie aard moet respekteer en vanuit gemeenskaplike oortuigings in ’n eenheidsgemeenskap beide in diens van God staan. Kerk en staat moet mekaar eerbiedig as ’n opdrag van God, maar die staat moet verder gaan as om die kerk slegs deur sy monopolie van die swaardmag in die betrokke gemeenskap te beskerm. Gehoorsaam aan die 10 gebooue wat liefde vir die enigste God vra, moet die staat ook sorg vir die verspreiding van die suiwer Bybelse leer. ’n Leer waarvoor hy uitdruklik kies en met staatsmetodes bevorder. Die *solī Deo Gloria*-beginsel vereis dat ’n teokratiese verbonds- of eenheidsgemeenskap in alles na die eer van God soek. Dat kerk en staat twee kante van dieselfde Christelike gemeenskap of samelewing vorm.

GKSA-KO wat in die verlengde van die DKO wil werk, hanteer die verhouding kerk-staat ook in artikel 28. Hoewel GKSA-KO soos die DKO met ’n “Soos...” begin en in styl en sekere bewoordinge ’n duidelike afstammeling van die DKO is, gaan dit in belangrike opsigte ’n eie weg op.

GKSA-KO OOR KERK EN STAAT: DORDTS EN TOG...

By beide GKSA-KO en NGKO is daar oor kerk en staat ’n aantoonbare onderskeid tussen enersyds die GKSA voor en na 1967, en die NGK voor en na 1994 andersyds. Die datums dui daarop dat die wysiging in die GKSA-KO los van politiek-staatkundige omstandighede of veranderinge in Suid-Afrika kom, maar dat die NGK-KO se wysiging hierteenoor juis op politieke veranderinge volg. In die GKSA-KO kom daar in 1967 ’n wysiging van ’n byna woordelike Afrikaanse navolging van DKO artikel 28 omdat NGB artikel 36 teen hierdie tyd anders gelees word, maar in die NGK-KO dwing die nuwe situasie in Suid-Afrika en onder Afrikaners na 1994 hom klaarblyklik by die Algemene Sinode van 1998 tot ’n wysiging. Die nuwe situasie na 1994 noep die NGK in 1998 tot ’n hersiening van NGKO 1962 artikel 65 wat, op die keper beskou, dateer uit die stormagtige sestigerjare in Suid-Afrika en een of ander tyd net eenvoudig moes kom (Strauss, P.J. 2010:127-129). Dit gaan om ’n situasie wat duidelik blyk uit die woorde van NGKO 1962 artikel 65 teenoor die bewoording van die nuwe NGKO 1998 artikel 65 wat teen 2015 NGKO artikel 67 is (Kruger et al. 1966:167-168; Spoelstra 1989:166; NGKO 1964:14-15; NGKO 1998:26; NGKO 2015:33).

Voor 1967 lees GKSA-KO artikel 28 hoofsaaklik soos die DKO.

Wat die staat of “Christelike owerhede” betref, is die Dordtse struktuurdraers se invloed merkbaar in die verwoording van die veronderstelde optrede van die “Christelike owerhede” teenoor die kerk en die genormeerde optrede van die GKSA teenoor die owerhede. Die veronderstelling is (“Soos dit die plig is...”) dat die owerhede in Suider-Afrika die “heilige kerkdiens” bevorder, deur voorbeeld onderdane aanspoor om aan kerklike ampsdraers (predikante, ouderlinge en diakens) in nood hulp te bied en hulle “volgens die vasgestelde orde” te beskerm. Vir die GKSA word bepaal dat die ampsdraers getrou en vlytig by die “hele gemeente” gehoorsaamheid, liefde en eerbied vir die “owerhede” sal inskerp. “Kerklike persone” moet deur voorbeeld gemeentes voorgaan en deur “behoorlike agting en korrespondensie” probeer om die “guns van die owerhede” teenoor die kerk te wek en te behou. “Elkeen wedersyds” in kerk en staat moet hierdie verpligtinge “in die vrees van die Here” nakom, sodat “alle agterdog en wantroue” in die gemeenskap voorkom en die belang van die “kerke” gedien word (Kruger et al. 1966:167-168).

Die hooftrekke van GKSA-KO voor 1967 oor die verhouding kerk-staat as Dordts-gereformeerd staan dus duidelik uitgedruk in hierdie GKSA-KO artikel 28.

Soos in die DKO is die veronderstelling dat die Christelike owerhede die kerk en sy werk, waaronder die ampsdraers en die heilige kerkdiens, binne laasgenoemde se eie kerklike orde sal beskerm én bevorder. Die staatsowerheid en sy onderdane moet die nood van die ampsdraers van die kerk hoor en hanteer. Op hulle beurt moet die kerklike ampsdraers by die kerke of gemeentes gehoorsaamheid, liefde en eerbied vir die staatsowerhede inskerp en deur agting en korrespondensie die guns van die owerhede vir die kerk opwek en behou. As die staatsowerheid en die kerk uit “vrees” vir die Here dié pligte teenoor mekaar nakom, word agterdog en wantroue in die samelewing vermy én die belang van die GKSA gedien.

Hierdie GKSA-KO bly dus by die DKO se idee van ’n *corpus christianum*. Die veronderstelling word in GKSA-KO oorgeplant dat die owerhede in Suider-Afrika Christelik is en die “heilige kerkdiens” en gereformeerde boodskap sal beskerm én bevorder. Die veronderstelling hier is ook dat die owerhede gunstig teenoor die GKSA is en die geloofsoortuigings van die kerke as owerheid sal bevorder. Soos in die DKO gaan dit by GKSA-KO dus om meer as net die juridies-bepaalde beskerming van die kerk in sy vryheid van geloof of om sy geloof in vryheid te beoefen. Dit gaan ook om die bevordering van die leer van die kerk. Daarby is die Christelike owerhede as die owerhede in Suidelike Afrika die GKSA skynbaar so positief gesind dat dit korrespondensie of voorleggings uit die GKSA sal oorweeg. Die owerhede is mos “ons mense”, aldus hierdie GKSA-KO.

So bly GKSA-KO Dordts en handhaaf dit die vroeëre punt van die NGB wat die staatsowerheid aanvaar as ’n instansie wat die gereformeerde kerk steun én bevorder. Daardie punt waarop die owerheid die kerk nie net juridies beskerm in sy vryheid van godsdiens en geloof nie, maar sy staatsapparaat ook in diens van die leer van ’n spesifieke kerk stel. ’n Staatsowerheid wat sy hand hou aan die “heiligen kerkedienst”, “alle” afgodery en valse godsdiens teenwerk en die ryk van die antichrist “te gronde... werpen” – soos die NGB dit aanvanklik stel (Polman sa:266). Volgens hierdie GKSA-KO bly die GKSA as sodanig op die spoor van die DKO en is dit ’n bevoorregte kerk. Die GKSA maak steeds daarop aanspraak dat die betrokke owerhede hulle as kerk kan bevoorreg.

In 1967 word GKSA-KO artikel 28 gewysig. Die byna strakke verbale ooreenkomste daarvan met die DKO word verminder en ’n eie situasie in Suider-Afrika en in die GKSA word weerspieël. Die Christelike owerhede word vervang met die meer algemene en minder omstrede “owerhede as instellings van God”. Immers, Romeine 13 praat van alle gesag as ’n beskikking van God.

Eerstens beperk die nuwe artikel 28 die taak van die staatsowerheid teenoor die kerk tot algemene, niegekwalfiseerde “hulp en beskerming”. ’n Omskrywing van ’n veronderstelde staatsplig wat pas by die juridiese integreringstaak van die owerheid in die samelewing en waartoe hy, op grond van sy beheersing van die dwingende fisiese swaardmag in die betrokke staatsgebied, in staat is. ’n Taak wat afgestem is op ’n ewewig en harmonie van die staatlike en niestaatlike of privaatregtelike regsbelange van alle burgers en nie, byvoorbeeld, op die bevoorregting van ’n spesifieke kerk nie (Fowler 1988:37). Die nuwe GKSA-KO koppel die staatsowerheid aan wat prinsipiël die taak en vermoë van die staat is: ’n juridiese integrator in algemene regsbelang. ’n Konsensus wat wyd aanvaar word onder resente reformatoriese denkers (Strauss, D.F.M. 2015:286). Tweedens moet ampsdraers in die GKSA by die gemeentes gehoorsaamheid en eerbied teenoor die staatsowerheid – Christelik of nie – inskerp en as kerke/gemeentes of ’n kerkegemeenskap die guns van die owerheid vir die kerke opwek en behou: alles in belang van dié kerke of gemeentes. Kerkvergaderings moet korrespondensie met die owerheid onderhou en die meewerking van die owerheid verkry om oor relevante kwessies as kerke voor hom te getuig (Spoelstra 1989:166; Visser 1999:121; CJBF 2015:23). ’n Opdrag wat weerklink in die reformatoriese gemeenskap en in ander gereformeerde kerke. Visser beklemtoon hierdie “belangrike en duidelike” opdrag van die Here aan die GKSA in Suid-Afrika in 1999 – 5 jaar na die oornam van ’n grondwetlik gesproke godsdienstneutrale regering in 1994 – teenoor die “neiging en houding” by sommige dat dit nutteloos sal wees (Visser 1999:122; Constitutional Assembly 1997:3-4). Spoelstra oordeel dat “kerkrade, klassisse en streeksinodes” die getuienis van die GKSA versterk as hulle ook getuig en self hulle vertoë aan die owerheid voorlê (Spoelstra 1989:168).

Met hierdie aanpak van die tema “Kerk en staat” beweeg GKSA-KO verder as die DKO, in die verlengde van die DKO en die beginsels van die DKO teen sy destydse agtergrond én binne die dampkring van meer resente reformatoriese insigte. Reformatoriese en kerklik gereformeerde insigte wat aan talle gereformeerde teoloë, reformatoriese wysgere en vakwetenskaplikes toegeskryf kan word. ’n Breë denkstroom waarin die name van figure in Nederland en Suid-Afrika, bekende figure soos Calvyn, Kuyper, Stoker en Dooyeweerd by geleentheid tot ’n mindere of meerdere mate opduik (Strauss, P.J. 1993:15-17; Strauss, D.F.M. 2015:283). Dit is opmerklik dat die GKSA-KO artikel 28 uit 1967 handhaaf in Suid-Afrika na 1994 (Visser 1999:121; CJBF 2015:23). Die GKSA as ’n selfverklaarde gemeenskap van kerke is dus oortuig dat GKSA-KO artikel 28 algemeengeldend vir gereformeerde kerke in watter situasie ook al is. Boonop toon GKSA-KO ’n kerklike selfstandigheid met die erkenning tussen kerk en staat van mekaar te midde van wisselende samelewings- en politieke omstandighede.

DIE NGKO 1962 OOR KERK EN STAAT: NEO-CALVINISTIES EN TOG...

Daar is reeds daarop gewys dat NGKO 1962 die DKO, aangepas by die eise van die dag, wou wees en dat NGKO 1962 vryer in sy aanpassing by die DKO was en hoofsaaklik die prinsipes, hoofstukindings en sommige verwoordinge van die DKO wou oorneem. Volgens die aktuaris of kundige in die kerkreg en -orde van die eerste Algemene Sinode, J.D. Vorster,⁴ wou die NGKO so verseker dat NGKO inderdaad die DKO aangepas by die eise van die dag sou wees. Vorster was tereg daarvan oortuig dat die kontinuïteit van NGKO met die DKO in die konstantes of prinsipes en nie die praktiese neerslag daarvan nie, lê. Die woord “konstantes” impliseer juis kontinuïteit (Strauss, P.J. 2010:7).

⁴ J.D. Vorster neem leiding by die opstel van NGKO 1962. Hy skryf waarskynlik die eerste 4 van 6 hoofstukke en redigeer die res (Langner 2007:87).

In plaas van 'n navoring van die DKO en die vroeëre weergawe van die NGB op hierdie punt, gebruik NGKO 1962 beginsels uit die neo-Calvinistiese tradisie van die twintigste eeu – Kuyper skroom nie om homself 'n neo-Calvinis te noem nie (Ridderbos 1947:315). Konstantes wat in woorde en voorbeelde van die eie tyd geklee word (Strauss, P.J. 2010:127).

Soos die DKO stel NGKO 1962 en sy opvolgers geen normatiewe eise aan die staat nie. 'n Kerkorde kan 'n staatsowerheid immers nie bind nie.

NGKO 1962 artikel 65 val weg met die bepaling dat die kerk as die vergadering van die gelowiges wat uit die vrymagtige welbehae van Jesus Christus “ontstaan, bestaan en voortbestaan”, “selfstandig in eie bevoegdheid” is ('n term ontleen aan die gedagte-wêreld van H.G. Stoker wat hierdie beginsel nie op sosiale strukture nie, maar sy kosmiese dimensie van gebeurtenisse toepas – Stoker 1961:177). 'n Sinoniem vir “selfstandig in eie bevoegdheid” word hierby in hakies geplaas: “soewereiniteit in eie kring” (NGKO 1964:14). Hierdie begrip word aan Kuyper ontleen (Kuyper 1930:3) en deur Kuyper, Stoker en Dooyeweerd vir die unieke eie aard van sosiale strukture gebruik (Stoker 1961:173-174; Strauss, P.J. 1993:14; Strauss, D.F.M. 2015:283).

NGKO 1962 artikel 65 borduur voort deur te bepaal dat die NGK as 'n selfstandige kerkinstituut hom in sy deelname aan die regsverkeer en uitoefening van burgerlike regte aan die gesag en wette van die staat onderwerp in soverre hierdie deelname nie met die Woord van God bots nie. Volgens NGKO 1962 aanvaar die NGK met “dankbaarheid” die beskerming van die owerheid asook die erkenning van sy “onvervreembare” reg op vryheid van godsdiens: in belydenis en byeenkoms. Die NGK beloof om hierdie vryheid nie te misbruik deur staatsgesag te ondergrawe of wanorde op publiekregtelike terrein te veroorsaak nie. Tog beskou die NGK dit as sy roeping om die staatsowerheid en die wêreld waarin hy staan, profeties aan te spreek (NGKO 1964:14-15).

Behalwe vir sy duidelike neo-Calvinistiese denke en terminologie (NGKO artikel 66 gebruik boonop die neo-Calvinistiese term van 'n “moderne gedifferensieerde samelewing”,⁵ 'n vreemde begrip in die kerk as 'n geloofsinstelling) vertoon NGKO 1962 die posisie van die NGK as hy pastoraal-ondersteunend met die beleërde Suid-Afrikaanse staatsowerheid na Sharpsville in 1960 in gesprek tree. Hy praat oor die regsbeskerming van die kerk deur die owerheid en beweerde ondermyning deur organisasies soos die African National Congress (ANC), Pan Africanist Congress (PAC) en Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP). Anders as die gebruik of styl in saaklike gereformeerde kerkordes, raak NGKO 1962 en sy opvolgers tot 1998 byna emosioneel as as hy met “dankbaarheid” gewag maak van die beskerming van die NGK deur die Suid-Afrikaanse owerheid in “belydenis en byeenkoms”. Daarby beloof hy byna naïef gewillig om die gesag van die staat nie, soos ander instansies, te ondergrawe of wanorde op publiekregtelike terrein te veroorsaak nie. So gee NGKO 1962 blyke van sy emosionele solidariteit met die Christelike owerhede in sy *Sitz im Leben*. Die regerende Nasionale Party was inderdaad vol NGK-lidmate. Boonop spruit hierdie solidariteit uit 'n nalewing van die Nederlandse teokratiese verbonds- of eenheidgemeenskap onder Afrikaners, 'n saak waarna reeds verwys is (vir die saak onder Afrikaners kyk Pont 1988:38-53).

⁵ Kyk Danie Strauss se gemaklike gebruik van die term “gedifferensieerde samelewing” in 'n debat oor die aard van die menslike samelewing as 'n vanselfsprekende term in 'n Christelik-wysgerige en sosiologiese benadering (Strauss, D.F.M. 2018:149-152). Vroeër wys Strauss in 'n artikel oor 'n regstaat in 'n gedifferensieerde samelewing daarop dat so 'n staatsowerheid op basis van sy monopolie oor die swaardmag 'n “multiplicity of legal interests” op sy staatsgebied moet balanseer en harmonieer (Strauss, D.F.M. 2015:286).

Hoewel NGKO 1962 artikel 65 uitgaan van die onderlinge erkenning en respek vir die eie aard en roeping teenoor mekaar van kerk en staat en voorbeelde van beide ophaal, toon hy 'n onkerkordelike emosionele verknogtheid aan die Suid-Afrikaanse owerheid van destyds. 'n Verknogtheid wat na die NGK se gekwalifiseerde verwerping van apartheid – apartheid soos dit in die praktyk begin funksioneer het – in 1986 en 1990 met die dokumente *Kerk en Samelewing-1986* en *1990*, 'n verleentheid kon word. 'n Verleentheid wat kon vererger met die aanvaarding deur die Algemene Sinode van 1998 van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke se verwerping van apartheid: “not simply in its effects and operations but also in its fundamental nature” (Strauss, P.J. 2013:43-46).

NGKO 1998: 'N NUWE AANSLAG TEN OPSIGTE VAN KERK EN STAAT

Met die oornam van die ANC-regering in Suid-Afrika in 1994, was NGKO 1962 en sy opvolgers in hulle standpunte oor kerk en staat verouderd en uit pas met die staatsregtelike verwickelinge. 'n Nuwe benadering met nuwe bepalings vir die NGK in die nuwe situasie, 'n situasie met nuwe rolspelers in nuwe omstandighede, was noodsaaklik. Die bewoording van NGKO 1962 artikel 65 het sy eietydse toepaslikheid verloor.

Soos sy voorgangers erken die nuwe NGKO 1998 artikel 65 slegs die taak van die staat soos omskryf en gee hy nie 'n uitvoerige reeks bepalings vir die optrede van die staat teenoor die kerk nie. Romeine 13 word aan die staat in die algemeen verbind en daarom erken NGKO die staat as 'n dienaar van God tot “ons beswil”. “Ons beswil” omdat God wat regeer die owerheid die taak oplê om die reg, waarby die reg van die kerk op geloofsvryheid ongekwalifiseerd inbegrepe is, te handhaaf en die kwaaddoeners te straf. NGKO 1998 gee blyke van 'n voortslepende debat as hy verklaar dat 'n “staatsowerheid wat deur sy fisiese swaardmag in beheer van 'n bepaalde staatsgebied is, deur God beskik en as sodanig erken moet word”. Vir NGKO 1998 word 'n owerheid nie gewettig deur 'n verkiesing deur die meerderheid nie, maar deur die beskikking van God. Daarmee kies NGKO 1998 lynreg teen party resente skrywers (Van Niekerk 1987:11) en die NGK se eie *Kerk en Samelewing-1990* (NGK 1990:40) vir 'n teosentriese teenoor 'n humanistiese standpunt.⁶ Die eerste *Kerk en Samelewing*, *Kerk en Samelewing-1986*, skryf die bestaan van 'n owerheid egter toe aan die voorsienigheid (beskikking) van God (NGK 1986:53).

NGKO 1998 handhaaf ook die bepaling dat die norm vir die deelname van die NGK aan die publieke regsverkeer en vir sy uitoefening van regte, die Woord van God is. NGKO 1998 gebruik moderne taal as verklaar word dat die NGK se reg op vryheid van godsdiens “wat haar Bybels-profetiese getuienis teenoor die staatsowerheid” insluit, onvervreembaar en kosbaar is. Boonop maak die NGK volgens NGKO 1998 artikel 65 hierin op die “regsbepaalde beskerming” van die staat aanpraak. NGKO 1998 erken die regstaak van die owerheid, maar spreek laasgenoemde by implikasie aan om dit in die nuwe misdaadoorlaaide Suid-Afrika – na 1994 – ook teenoor die NGK te vervul. In 2002 kry NGKO 2002 'n nuwe bepaling wat duidelik kennisneem van die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 as deel van sy *Sitz im Leben*. NGKO 2002 artikel 2.3 maak voorsiening daarvoor dat die NGK sy eie interne orde reël. 'n Reëling op grond van, onder andere, sy “reg tot vryheid van godsdiens”: 'n reg in artikel 15 van hoofstuk 2 van genoemde Grondwet (NGKO 2002:1; Handves van Regte, Hoofstuk 2 SA

⁶ Strauss verwys na Jean Jandun en Marsilius van Padua wat reeds in 1326 n.C. in hulle *Defensor Pacis* van die mens in plaas van God die bron van gesag – ook vir die staat – maak (Strauss, D.F.M. 2012:40,45,50).

Grondwet 1996, in Kleyn & Viljoen 1998:269). Ten slotte bepaal NGKO 1998 artikel 65 die NGK se benadering van die staatsowerheid op alle vlakke (NGKO 1998:26).

Sommige sake in NGKO 1998 artikel 65 is opvallend.

In plaas van NGKO 1962 se wysgerig-sosiologiese terme, gebruik NGKO 1998 makliker, duideliker en meer saaklike kerktaal. Tog handhaaf dit 'n skaars verbloemde kontinuïteit met sommige konstantes van die DKO en NGKO 1962. Kerk en staat moet van mekaar onderskei word met elk 'n eie Godgegewe taak en roeping én respek vir mekaar. Die twee werk aanvullend tot mekaar deur die kerk in sy geloofstaak en die staatsowerheid in sy regstaak in die samelewing respektiewelik. Die NGK maak nie staat op staatshulp vir sy taak nie en verwag nie van die owerheid om van hom 'n bevoorregte kerk te maak of staatsapparaat vir sy kerklike roeping aan te wend nie. NGKO 1998 artikel 21 en sy opvolgers bepaal daarby in elke geval dat die kerk sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse hanteer (NGKO 1998:9; NGKO 2015:7). In ooreenstemming hiermee gebruik NGKO 'n teosentriese vertrekpunt om die wettigheid van 'n owerheid te bepaal en nie 'n mensgeoriënteerde populistiese benadering aan te hang nie. Volgens die NGB artikel 29 beskik die Here God die ware kerk deur sy Woord en Gees (NG Kerk-Uitgewers 1982:29) én NGKO 1998 artikel 65 wat in NGKO 2015 artikel 67 word, sê dat die owerheid wat Hy beskik, wettig is (NGKO 1998:26; NGKO 2015:21). Nie een is die resultaat van 'n meerderheid tydens 'n menslike verkiesing nie. Gesag met verantwoording aan Hom as die eintlike, gesagvolle Gesagsdraer, word deur God beskik. NGKO bly ook by die Bybels-profetiese getuienisroeping van die NGK teenoor die owerheid wat deur beide NGKO 1962 en NGKO 1998 artikel 65 as 'n kerklike funksie gekoester word (NGKO 1962:15; NGKO 1998:26).

NGKO vertoon dus 'n moderne kleed met Calvyn en die DKO bepalend op die agtergrond. Weg is die konsep van 'n teokratiese verbonds- of eenheidsgemeenskap soos by Calvyn en die DKO. Weg is die woordgebruik en formulering van Nederlandse en Suid-Afrikaanse neo-Calvinistiese denkers van die 19e en 20e eeu in NGKO 1962. Die implisiete “ons regering deur ons mense” van 1962 word vervang met 'n saakliker Bybelse benadering, gegrond op Romeine 13, van 'n owerheid wat in 1998 in sy optrede nie so Christelik of “van ons” is nie (Strauss, P.J. 2003:255-256). Die reformatoriese of neo-Calvinistiese aanslag is nog daar, maar geklee in nuwe terme met 'n begrip vir eietydse kwessies. Die handhawing van konstantes in hierdie aanpak toon dat Calvyn en Dordt aktueel bly. Dat Calvyn op dié manier die geestelike voorloper van gereformeerdes in die 21e eeu bly (Strauss, P.J. 2010:129).

SLOT EN SAMEVATTING

As verklaarde gereformeerde kerke, wat ook setel in die naam van die twee kerkgemeenskappe of kerke, volg die GKSA en die NGK met GKSA-KO en NGKO in hulle bepalings oor kerk en staat steeds die Dordts-gereformeerde en breë reformatoriese rigting in 'n veranderde Suider-Afrika – 'n Suider-Afrika wat op die GKSA voor en na 1967 minder en op die NGK voor en na 1998 meer invloed het. Beide Kerkordes staan met kerk en staat in die verlengde van die konstantes of prinsipes van die DKO met 'n DKO-oriëntasie “aangepas by die eise van die dag”.

In hoofsaak kom dit daarop neer dat kerk en staat aanvullend tot mekaar vanuit elkeen se eie, unieke funksie of roeping in die samelewing moet opereer. Dat die kerk as 'n geloofsverband 'n geloofstaak met die Woord as primêre middel het, terwyl die staat 'n juridiese integreringstaak het, wat die regsbelange van almal in die gemeenskap moet beskerm en versorg en teenoor mekaar balanseer en harmonieer. 'n Moontlikheid wat geskep is deur sy beheersing van die

histories-fisiese swaardmag in die gemeenskap. Beide GKSA-KO en NGKO toon dat die bepalings van 'n kerkorde slegs die betrokke kerk bind. Daarom impliseer beide dat die staatsowerheid die kerk beskerm deur sy reg op geloofsvryheid te beskerm, terwyl beide aan die kerk en sy ampsdraers die opdrag gee om respek vir die owerheid te bevorder en teenoor die staat as kerk te getuig.

Beide GKSA-KO en NGKO toon dat die verhouding kerk-staat vir hierdie gereformeerdes so belangrik is, dat hulle bepalings daarvoor in hulle kerkordes opneem.

BIBLIOGRAFIE

- Bavinck, H. 1967. *Gereformeerde Dogmatiek IV*. Kampen: Kok.
- Calvyn, J. sa. *Institutie IV*. Delft: Meinema (vetaling deur A. Sizoo).
- CJBF 2015. *Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Potchefstroom: CJBF en Administratiewe Buro.
- Constitutional Assembly, 1997. *The constitution of the Republic of South Africa 1996*. Wynberg: Hn Communications.
- Du Plooy, A. le R. 2015. Inleiding op die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). CJBF, *Kerkordeboekie van die GKSA*. Potchefstroom: CJBF en Administratiewe Buro.
- Engelhard, D.H. & Hofman, L.J. 2001. *Manual of Christian Reformed Church Government*. Grand Rapids: CRC Publications.
- Fowler, S. 1988. *The state in the light of the Scriptures*. Potchefstroom: PU for CHE.
- Jansen, J. 1952. *Korte verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken*. Kampen: Kok (3e druk).
- Kleyn, D. & Viljoen, F. 1999. *Beginnersgids vir regstudente*. Kenwyn: Juta (2e druk).
- Kuyper, A. 1930. *Soevereiniteit in eigen kring*. Kampen: Kok.
- Kuyper, H.H. sa. *De Post-acta of na-handelingen van de National Synode van Dordrecht in 1618 en 1619 gehouden*. Amsterdam: Höveker en Wormser.
- Kruger, L.S., Du Plessis, H.L.M., Spoelstra, B. & Spoelstra, T.T. 1966. *Handleiding by die kerkorde*. Potchefstroom: Pro Rege (gebruik as Kruger et al.).
- Ned Geref Kerk (NGK), 1986. *Kerk en Samelewing 1986*. Bloemfontein: NG Sendingpers.
- Ned Geref Kerk (NGK), 1990. *Kerk en Samelewing 1990*. Bloemfontein: NG Sendingpers.
- Ned Geref Kerk (NGK). 2007A. *Agenda Algemene Sinode 2007*. Sl:sn.
- Ned Geref Kerk (NGK). 2007H. *Handelinge Algemene Sinode 2007*. Sl:sn.
- Ned Geref Kerk (NGKO). 1964. *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Ned Geref Kerk (NGKO). 1998. *Die Kerkorde*. Wellington: Hugenate-Uitgewers.
- Ned Geref Kerk (NGKO). 2013. *Die Kerkorde*. Sl:sn.
- Ned Geref Kerk (NGKO). 2015. *Die Kerkorde*. Sl:sn.
- NG Kerk-Uitgewers. 2004. *Ons glo... Die Drie Formuliere van Eenheid en Ekumeniese Belydenisse*. Wellington: NG Kerk-Uitgewers (3e uitgawe, 2e druk).
- Nienaber, P.J. sa. *Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*. Johannesburg:sn.
- Polman, A.D.R. sa. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis IV*. Franeker: Wever.
- Pont, A.D. 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg I*. Pretoria: HAUM.
- Pont, A.D. 1986. Verbond en volkskerk. *Hervormde Teologiese Studies* 42(1):28-76.
- Pont, A.D. 1988. Die Gelofte van 1838 – 'n poging om die teologiese agtergrond daarvan te peil. Pont, A.D. *Die Gelofte van 1838 – historiese gebeure en verpligtende werklikheid*. Pretoria: Kital, pp. 38-53.
- Ridderbos, S.J. 1947. *De theologiese cultuurbeskouwing van Abraham Kuyper*. Kampen: Kok.
- Smit, C.J. 1984. *God se orde vir sy kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel van Transvaal.
- Spoelstra, B. 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering*. Hammanskraal: GKSA.
- Stoker, H.G. 1961. *Beginsels en metodes in die wetenskap*. Potchefstroom: Pro Rege.

- Strauss, D.F.M. 2012. A history to attempt to delimit (state) law. *Journal for Juridical Science* 37(2):35-64.
- Strauss, D.F.M. 2015. The idea of a “Just State” (Rechtstaat) with reference to a unique feature of the Constitution of South Africa. *South African Journal of Philosophy* 34(3):279-288.
- Strauss, D.F.M. 2018. Gemeenskappe in ’n gedifferensieerde samelewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 58(1):138-160.
- Strauss, P.J. 1993. *Op die tweesprong? Die Ned Geref Kerk oor die tema “kerk en samelewing” in Die Kerkorde en Kerk en Samelewing-1990*. Bloemfontein: UV.
- Strauss, P.J. 2003. Church and state authority in South Africa. *European Journal for Church and State Research*, 10:239-258.
- Strauss, P.J. 2006. Die Dordtse tradisie en binding aan die belydenis. *In die Skriflig* 40(4):649-666.
- Strauss, P.J. 2010. *Kerk en orde vandag. Met die klem op die NG Kerk*. Bloemfontein: Sunmedia.
- Strauss, P.J. 2013. *Kerkwees in die branding. Die Ned Geref Kerk in algemene sinodale verband 1994-2011*. Bloemfontein: Sunmedia. *Acta Theologica Supplementum* 18.
- Strauss, P.J. 2015. *Gereformeerdes onder die Suiderkruis 1652-2011*. Bloemfontein: Sunmedia.
- Strauss, P.J. 2017. ’n Kerkorde in gereformeerde kerke toegepas op die Nederduitse Gereformeerde Kerkorde van 2013. *In die Skriflig* <https://www.researchgate.net/publication/316553207>.
- Strauss, S.A. 2008. Herman Bavinck (1854-1921). Gaum, F (hoofred). *Christelike Kernensiklopedie*. Wellington: Lux Verbi, pp. 94-95.
- Van Dellen, I. & Monsma, M 1967. *The Revised Church Order Commentary*. Grand Rapids: Zondervan.
- Van Niekerk, A 1987. Staatsgesag en burgerlike ongehoorsaamheid. Du Toit, D.A. (red). *Staatsgesag en burgerlike ongehoorsaamheid*. Kaapstad: Lux Verbi, pp. 7-19.
- Visser, J. 1999. *Die Kerkorde in praktyk*. Orkney: EFJS Drukkers.
- Vorster, J.D. 1960. Die kerkorde van die Ned Geref Kerke. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 1/4, 12-18.

Die belyning van 'n kwartet-konfigurasië: Opmerkings oor mineur- en majeurletterkundes

Outlining a quartet configuration: Notes on minor and major literatures

CILLIERS VAN DEN BERG

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

E-pos: vdbergjp@ufs.ac.za



Cilliers van den Berg

CILLIERS VAN DEN BERG is senior lektor in Duits letterkunde aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy het 'n PhD in Duits (2003) en Afrikaans & Nederlands (2009). Sy navorsingsfokus is hoofsaaklik vergelykend van aard en fokus op die interaksie tussen letterkunde en sosio-politieke konteks, asook die kulturele omgaan met “moeilike verledes”. Uitgebreide navorsingsbesoeke sluit besoeke aan die Universiteit van Augsburg (Duitsland), Leiden Universiteit (Nederland) en Cornell Universiteit (VSA) in.

CILLIERS VAN DEN BERG is senior lecturer in German literature at the University of the Free State. He has a PhD in German (2003) and Afrikaans & Dutch (2009). His research is mainly comparative in nature and has the interaction between literature and its socio-political context and the cultural coming to terms with “difficult pasts” as its focus. Extended research visits include research at the University of Augsburg (Germany), Leyden University (the Netherlands) and Cornell University (USA).

ABSTRACT

Outlining a quartet configuration: Notes on minor and major literatures

Since their publication of Kafka: Toward a Minor Literature in 1986, Gilles Deleuze and Félix Guattari's concept of minor literatures has become a very productive critical tool within the context of literary theory. Usually minor literatures are defined with reference to three core characteristics that would determine any literature as being minor: 1) the language of minor literatures is affected with a high coefficient of deterritorialisation, 2) it always is political and has a political immediacy and 3) it represents a collective assemblage of enunciation. However, if the general use of this theoretical concept is set against the background of the collaborative philosophical work of Deleuze and Guattari, it quickly becomes evident that literary theorists often simplify its rather nuanced meaning. Deterritorialisation, its political nature and collective enunciation become shorthand to describe any number of literary works that are believed to undermine given normative values, whether it be linguistic or otherwise. This article endeavours to do exactly the opposite to what usually transpires, i.e. it undertakes a philosophical contextualisation of minor literatures mainly with reference to the collaborative

work of Deleuze and Guattari, with a special emphasis on relevant ideas from *A Thousand Plateaus*. This could seem rather problematic, since the philosophy of both thinkers is infamously rhizomatic in nature and their philosophical motifs also tend to evolve over time. There is, however, one theoretical concept of theirs that lends itself to be used as a way to frame the argument presented here.

Their conceptualisation of assemblages, i.e. their “model” to describe the inner workings and dynamics of the elements of societies, is used as the main point of reference. Assemblages have gained some theoretical traction in recent times, with the best example being the work of Manuel DeLanda, who, with his *Assemblage Theory* (2016) sets out to develop a realist social ontology inspired by the work of Deleuze and Guattari. Assemblages refer to both the non-essentialised elements or parts of any societal whole and the extrinsic relations between them. According to Deleuze and Guattari assemblages comprise horizontal and vertical axes, which determine the nature of all collectivities or groups. The vertical axis refers to what they call forms of content and forms of expression. These two kinds of forms relate to the two extremes of the axis and (using an extremely crude simplification) represent societal bodies and the ways these are expressed. The vertical axis slides from a deterritorialisation extreme to a (re-)territorialisation extreme and refers to the less or more pronounced normative stability of the respective content-expression continuum involved. Literary discourse not only forms part of (various) assemblages, but its dynamics can also be mapped onto both its horizontal and vertical axes.

Using these and other theoretical conclusions about assemblages, it should become clear that minor literatures are to be conceptualised in a much more nuanced manner: it becomes evident, for instance, that its purported political nature and its status as representing a collective enunciation cannot be regarded as being exclusive and defining features. The argument concludes with the suggestion that the underrepresented theoretical analysis of the interaction between minor status and the nature of minorities could be one reason why the definition of minor literatures sometimes runs into difficulties. An alternative model is therefore presented, where a quartet of concepts is suggested with reference to Deleuze and Guattari’s horizontal (deterritorialisation-(re-)territorialisation) and vertical (forms of content-forms of expression) axes structuring all assemblages. These four concepts are consequently brought together and related in a quartet configuration, similar to the two axes of assemblages: minor-minority-major-majority. Mapping literary discourse or literary assemblages onto the linear relations formed between the four concepts will represent a much easier way to define and think about minor literatures.

KEY CONCEPTS: Deleuze, Guattari, minor literature, assemblage, deterritorialisation, collective enunciation, political nature of literature, minority-minor, majority-major

TREFWOORDE: Deleuze, Guattari, mineurletterkunde, groepering, deterritorialisasie, kollektiewe uitdrukingswaarde, politieke aard van letterkunde, minoriteit-mineur, majoriteit-majeur

OPSOMMING

Deleuze en Guattari se konsep van *mineurletterkundes* het ’n belangrike gegewe in die literatuurteorie van die afgelope aantal dekades geword. Gewoonlik word hierdie konsep met verwysing na drie kern-eienskappe getipeer, naamlik deterritorialisasie, die politieke aard daarvan en die kollektiewe uitdrukingswaarde wat dit sou veronderstel. Wanneer *mineur-*

letterkundes egter teen die agtergrond van Deleuze en Guattari se ander filosofiese werk geïnterpreteer word, blyk dit vinnig dat hierdie konsep veel genuanseerder aangewend behoort te word.

In hierdie artikel beoog ek om presies dít te doen: die filosofiese kontekstualisering van *mineurletterkundes* met betrekking tot die gemeenskaplike oeuvre van beide denkers. Dit geskied deur veral na hulle konseptualisering van *groeperings* te verwys, oftewel hulle modelering van sosiale strukture en dinamikas in terme van (her)territorialisasie-deterritorialisasie en inhoudsvorm-uitdrukkingsvorm-asse wat mekaar kruis. Die betoog sluit af deur op sekere onderbeligte aspekte van *mineurletterkundes* te dui en ’n alternatiewe model voor te stel, waarmee *mineurletterkundes* beter getipeer kan word as die blote verwysing na die drie gesimplifiseerde kern-eienskappe, soos hierbo vermeld.

1. INLEIDING: MINEURLETTERKUNDES (EN AFRIKAANS)

Met die verskyning van Gilles Deleuze en Felix Guattari se *Kafka. Pour une littérature mineure* (1975) [*Kafka: Toward a Minor Literature* (1986)] het die begrip *mineurletterkundes* deel van die literatuurteoretiese woordeskat van die twintigste eeu geword. Dit was Gunther Pakendorf wat in 1993 die “oorgangstye soos dié waarin Suid-Afrika hom tans bevind” as agtergrond gebruik om in sy “Kafka, en die saak vir ’n ‘klein letterkunde’” die relevansie van hierdie konsep vir die plaaslike konteks aan te dui. Ampie Coetzee ondersoek in 2002 “Swart Afrikaanse skrywers” met betrekking tot hierdie konsep en sedertdien duik soms verwysings hierna op waar die omvang van die Afrikaanse letterkunde ter sprake kom, waar die politieke aard daarvan geproblematiseer word of waar normeringspraktyke in literêre taalgebruik van gegewe tekste *gedeterritorialiseer*, d.i. ondermyn word.¹ Soos wat egter té dikwels gebeur, lei die naturalisering van konsepte in ’n gegewe literêre diskoers soms tot ’n simplifisering daarvan, wat beteken dat komplekse nuanses nie meer verreken word nie, of dat nie meer met die onderbeligte aspekte van die teorie krities in gesprek getree word nie. In die onderhawige artikel word gepoog om mineur- (en per implikasie majeur)letterkundes binne die filosofiese konteks, wat oorspronklik daaraan geboorte gegee het, te stel en verder voorstelle vir ’n literatuurteoretiese model aan die hand te doen, ten einde die implikasies van *mineurletterkundes* meer genuanseerd en met groter duidelikheid aan te dui.

2. DIE FILOSOFIESE KONTEKS

Territorialisering/deterritorialisering, politieke aard en kollektiewe uitdrukkingswaarde as gesimplifiseerde begrippe om die veranderlikes van *mineur-* en *majeurletterkundes* te tipeer, word nie net soms binne die Afrikaanse literatuurteorie gemaklike en konvensionele kapstokke om die literêre tekste en (literêre) taalgebruik wat sigself buite die reikwydte van hegemonesse normatiewiteit bevind, te interpreteer nie.² Wanneer die ryk konseptuele diepgang en teoretiese

¹ Kyk bv. Anker (2007, 2011); Botes (2012); Pieterse (2017); Stander (2012); Van Zyl (2005); Viljoen (2005) en Vosloo (2014).

² Die gevare verbonde aan ’n gesimplifiseerde en generiese gebruik is tweërlei van aard: 1) dit kan lei tot oppervlakkige gevolgtrekkings wat nie die “risoomagtige” betekenispektrum van die begrippe verreken nie; 2) of dit kan gewoon lei tot verkeerde verbandleggings, waar byvoorbeeld ’n *noodwendige* assosiasie tussen klein (minoriteit) en *mineurletterkundes* gemaak word.

genuanseerdheid daarvan egter nie verreken word nie, word hierdie begrippe selde meer as generiese, teoretiese kniebuigings, wat die *werklike* waarde van Deleuze en Guattari se denke oor die letterkunde, veral die literatuursosiologiese moontlikhede daarvan, grootliks links laat lê. Dit is myns insiens uiters belangrik om die resonering van hierdie begrippe met die onderskeie en gemeenskaplike oeuvres van beide denkers te agterhaal, om sodoende die begrippe self ook verder te deurdink en selfs die produktiewe mutering daarvan in veranderende kontekste moontlik te maak.³

Tog stel Deleuze en Guattari se gemeenskaplike werke: *Anti-Oedipus* (1977 [1972]), *Kafka: Toward a Minor Literature* (1986 [1975]), *A Thousand Plateaus* (1987 [1980]) en *What is Philosophy?* (1994 [1991]) om meer as een rede talle struikelblokke in hierdie verband daar, wat 'n eenduidige oorsig oor enige problematiek deur hulle getematiseer, haas onmoontlik maak.⁴ Met hierdie betoog bevind ek myself dus tussen die duiwel en die diep blou see, deurdat enersyds 'n pleidooi vir die filosofiese kontekstualisering van mineurletterkundes gelewer word, maar andersyds toegegee moet word dat enige poging tot eenduidige definisies en konseptuele oriëntasie on-Deleuziaans sou wees, deurdat dit nie die performatiewe, risoomagtige aard van hulle denke en skrywe sou onderskryf nie. In hulle denke blyk epistemologiese en ontologiese ankers té dikwels drywende boeie te wees en die beste is dus om niks meer as *voorlopige* opmerkings oor mineurletterkundes te maak nie – opmerkings wat vir die bestek van die argument wat hier gevoer word telkens weer met die begrip *groepering* (“assemblage”) in verband gebring sal word. In soverre word vlugtig by *territorialisering/deterritorialisering*, *politieke aard* en *kollektiewe uitdrukingswaarde* as merkers van *mineur-* en *majeurletterkundes* stilgestaan, nadat éérs by *groeperings* as filosofiese motief vertoef is.

2.1 Waarom groeperings?

Die besluit om *groeperings* (“assemblages”) as wegspringplek en/of perspektief te gebruik om gedagtes oor mineurletterkundes te oriënteer, is enersyds om 'n wye draai te gooi, maar verteenwoordig andersyds, en om meer as een rede, ook 'n sinvolle en produktiewe uitkykpos om die mineur-majeur-dinamika van verskillende letterkundes te takseer. Eerstens kan *groeperings* as *oorhoofse begrip* gebruik word om verskeie konseptuele koördinate vas te stel, wat vervolgens gebruik kan word om *ander* relevante begrippe (soos hierbo vermeld) te beskryf: begrippe wat verwys na die modulerings en/of effekte en/of kenmerke van die dinamiese en funksionele magsrelasies wat groeperings veronderstel – dieselfde magsrelasies wat ook *mineur-* en *majeurletterkundes tipeer*.

Tweedens vra die soms verskuivende betekenis van Deleuze en Guattari se terminologie, of die dikwels onpresiese of selfs niekoherente gebruik van begrippe, na 'n (ten minste) *voorlopige teoretiese vashouplek*. Selfs hulle definisie van *groeperings* as sodanig is vloeibaar (kyk DeLanda 2006:3; 2016:1),⁵ maar word tog deur DeLanda (2016) gevorm tot hoeksteen

³ So iets sou trouens naatloos by beide denkers se menings oor teoretiese begripvorming as intellektuele gereedskap aansluit (kyk Deleuze & Guattari 1994:8).

⁴ Dit sluit onder meer die onpresiese gebruik van terminologie in (wat deels te wyte is aan die mutering van die konsepte in die onderskeie werke en deels daarmee te make het dat *verskillende* begrippe soms na *verskillende* modulerings van *dieselfde* objek verwys), asook die “risoomagtige” aard van hulle denke, waar die nie-geëssensialiseerde ontologie dikwels performatief deur die tekste self uitgespeel word.

⁵ Nail (2017) beweer egter die teendeel hiervan en poneer 'n baie duidelike uiteensetting van *groeperings*, soos gebruik deur Deleuze en Guattari.

vir wat hy as 'n Deleuziaanse sosiale ontologie beskryf. Die feit dat daar pogings aangewend word om groeperingsteorie konseptueel meer te standaardiseer (hoe on-Deleuziaans dit ook mag wees), impliseer hiervolgens dat aspekte soos *mineur-majeur*, *deterritorialisasie*-(her) *territorialisasie*, *politieke aard*, *kollektiewe uitdrukkingswaarde*, ens. ook duideliker sal word.

Derdens skyn die denke van Deleuze en Guattari, vernaam met betrekking tot *groeperings*, *onlangs veld te begin wen het*. Die belangrikste eksponent hiervan is Manuel DeLanda,⁶ wat homself en sy sosiologiese teorie eksplisiet as Deleuziaans verklaar. Groeperingsteorie veronderstel dus 'n Deleuziaanse perspektief op sosio-politieke en ander konfigurasies, wat potensieel 'n supplementêre blik op letterkunde gesien as netwerk of sisteem, sou kon werp.⁷

2.2 Oor groeperings⁸

Om reeds vermelde redes is 'n simplistiese definisie van *groeperings* (“assemblages”) helaas nie moontlik nie. Waar in die eerste deel van *Capitalism and Schizophrenia* begeerte-masjiene (“desiring machines”) op die voorgrond staan (kyk bv. Deleuze & Guattari 2004:1), is dit veral in die latere *A Thousand Plateaus* dat Deleuze en Guattari *groepering(s)* as ge(de)stratifiseerde konfigurasies van outonome, dog verbandhoudende semiotiese, organiese en anorganiese dele; konstellaties van performatiewe aksie(s); en konsentrasies van relasionele funksionaliteite, sentraal stel (kyk o.a. Watson 2013:38). Die wortels van die Franse duo se teoretisering oor groeperings is *onder meer* herleibaar na Guattari se *The Machinic Unconscious* (2010 [1979]), wat in nabetraging (en met inagneming van sy latere medewerking met Deleuze) reeds 'n resonering van masjinale dinamika met dié van groeperings (laasgenoemde verstaan as beide aksie en produk) suggereer.⁹

Deleuze en Guattari se konseptualisering van groeperings druis lynreg in teen die idee van sisteme of netwerke, gesien in terme van organiese metafore. Die dele van 'n gegewe groepering het nie dieselfde funksionaliteit as byvoorbeeld die organe van die menslike liggaam nie, hetsy laasgenoemde as eenduidige metafoor gebruik word, of metafoor word van 'n reïfikasie van hierdie dele se (noodwendige) funksionele samehang (kyk DeLanda 2006:8-9). Waar organiese metafore beide die inherente aard én die intrinsieke samehang van dele beskryf in terme van die funksie(s) wat dit vervul om die geheel suksesvol tot organiese eenheid te organiseer, word die aard van die dele van Deleuze en Guattari se groeperings juis nié inherent deur die suksesvolle (?) funksionaliteit daarvan binne die groter “organisme” bepaal nie. Dit beteken dat die verhoudings tussen die dele van die groepering nie op intrinsieke noodwendigheid berus nie

⁶ Kyk *Intensive Science and Virtual Philosophy* (2002), *A New Philosophy of Society* (2006) en *Assemblage Theory* (2016).

⁷ Die fokus op netwerke in die sosiale wetenskappe word skynbaar al hoe belangriker. DeLanda se eie werk vertoon ook sommige raakpunte met dié van sosioloog en filosoof, Bruno Latour (veral met verwysing na sy *Reassembling the Social: An Introduction to Actor-Network-Theory*, 2007). Die konvergerings en divergerings van agent-netwerk-teorie en “assemblage”-teorie bly 'n punt van kontestering (kyk bv. Alliez 2015; Müller 2015; Müller & Schurr 2016).

⁸ Die vertaling van Deleuze en Guattari se “agencement” is problematies: DeLanda (2016:1) stel dit baie duidelik dat “assemblage” nie die korrekte Engelse vertaling van “agencement” is nie, aangesien die oorspronklike Frans beide op 'n proses en 'n produk dui: die proses van versamel of byeenbring of groepeer en ook die produk (versameling of groepering) wat voorts hieruit voortgebring word. Die Afrikaanse *groepering* dui eweneens nie op beide aksie én gevolglike resultaat van die aksie nie en eersgenoemde moet hier ongelukkig as geïmpliseerde betekenis veronderstel word.

⁹ Kyk o.a. Genosko & Young (2013:34); Lambert (2013:314) en DeLanda (2006: 38, 40).

en dat die groepering as geheel dus eerder 'n lukrake konfigurasie van outonome dele is (kyk o.a. DeLanda 2006:9). As outonome dele is die onderlinge relasies daartussen dus *ekstrinsiek* van aard, wat beteken dat die gegewe dele se betekenis (en potensiele funksionaliteit) nie intrinsiek of inherent bepaal word deur die geheel waaraan dit deel het nie (kyk DeLanda 2006:11). Dit het tot gevolg dat dele sigself gemaklik van een groepering kan losmaak en funksioneel by 'n ander kan inskakel (kyk DeLanda 2016:2; 2006:11-12). Een van die redes hiervoor is dat Deleuze en Guattari 'n onderskeid maak tussen die (reeds geaktiveerde) eienskappe en die (latente en dus ongeaktiveerde) potensialiteite van die onderskeie dele van die groepering: integrasie by 'n nuwe groepering beteken 'n nuwe relasionele dinamika, wat as katalisator kan dien om verskuilde potensiaal in die onderskeie dele te aktiveer, of dan geaktiveerde eienskappe te deaktiveer (kyk DeLanda 2006:10). 'n Gevolg hiervan is dat die groepering as geheel nie oor 'n *geëssensialiseerde* identiteit of waarde beskik nie – iets wat gegrond sou wees op die homogenisering van *intrinsieke* relasies tussen dele (kyk DeLanda 2006:26ff; Nail 2017:23-24). Tog beteken die lukraakheid en potensiele uitwisselbaarheid van die outonome dele egter nie dat die geheel tot sy dele reduseerbaar is nie: dít sou trouens impliseer dat die groepering as konfigurasie van elemente nie *as koherente entiteit* sou kon funksioneer nie – iets wat egter tog baie duidelik die geval is (kyk DeLanda 2016:12).

Een van die bekendste definisies van groeperings uit *A Thousand Plateaus* lui as volg:

On a first, horizontal, axis, an assemblage comprises two segments, one of content, the other of expression. On the one hand it is a *machinic assemblage* of bodies, of actions and passions, an intermingling of bodies reacting to one another; on the other hand it is a *collective assemblage of enunciation*, of acts and statements, of incorporeal transformations attributed to bodies. Then on a vertical axis, the assemblage has both *territorial sides*, or reterritorialized sides, which stabilize it, and *cutting edges of deterritorialization*, which carry it away. (Deleuze & Guattari 1987:88, kyk ook 87, 503-505; kyk ook Deleuze & Guattari 1986:81; Genosko & Young 2013:36; Young 2013c:309)

Daar is dus twee asse wat mekaar kruis: die inhoud-uitdrukking-as en die (her)territorialisering/-detransformasie-as, wat die ontologiese en epistemologiese oriënterings van groeperings verteenwoordig. Die inhoud-uitdrukking-as het te make met dít wat in *A Thousand Plateaus* as *inhoudsvorm* en *uitdrukkingsvorm* beskryf word.¹⁰ DeLanda (2006:12) beskryf die onderskeid tussen die twee in terme van sosiale groeperings soos volg:

The components of social assemblages playing a material role vary widely, but at the very least involve a set of human bodies properly oriented (physically or psychologically) towards each other. The classic example of these assemblages of bodies is face-to-face conversations, but the interpersonal networks that structure communities, as well as the hierarchical organizations that govern cities or nation-states, can also serve as illustrations. Community networks and institutional organizations are assemblages of bodies, but they also possess a variety of other material components, from food and physical labour, to simple tools and complex machines, to the buildings and neighbourhoods serving as their physical locales. Illustrating the components playing an expressive role needs some elaboration because in assemblage theory expressivity cannot be reduced to language and

¹⁰ Die onderskeid tussen inhoudsvorm en uitdrukkingsvorm spruit uit die werk van die Deense linguis, Louis Hjelmslev, wat (veral in sy *Prolegomena to a Theory of Language*, 1943) 'n alternatief tot die linguïstiese model van Ferdinand de Saussure daargestel het (kyk Deleuze & Guattari 1987:85-86; kyk ook Bogue 1989:126-127).

symbols. A main component of conversations is, of course, the content of the talk, but there are also many forms of bodily expression (posture, dress, facial gestures) that are not linguistic. In addition, there is what participants express about themselves not by what they say but by the way they say it or even by their very choice of topic. (Kyk ook DeLanda 2006:12, 16, 27, 55; Deleuze & Guattari 1987:85-86; Bogue 2003:98; Bogue 2007:20; Nail 2017:26; Young 2013b:137)

Belangrik is egter dat inhoudsvorm en uitdrukkingsvorm nie volgens geëssensialiseerde aard en waardes binêr teenoor mekaar opgestel is nie – *myns insiens* moet die horisontale as tussen beide eerder as 'n kontinuum geïnterpreteer word, waarvolgens die elemente wat op die skaal skuif, van die een modulatie na die ander transformeer. Wat dus 'n element van inhoud was, sou binne sekere omstandighede gemoduleer kon word tot element van uitdrukking, of omgekeerd – maar nog belangriker as só 'n trajek, sou die argument volgens my ook gevoer kon word dat elemente dikwels kombinasies van beide inhoud en uitdrukking is (kyk bv. Deleuze & Guattari 1987:87).

Inhoudsvorme het veel met Deleuze en Guattari se teoretisering van masjiene en die masjinale te make (kyk bv. Bogue 2003:68): soos wat die strukturalistiese psigoanalise van *Anti-Oedipus* in *A Thousand Plateaus* deur meer risoommatige denke vervang is (kyk bv. Lambert 2013:314), so ook skuif die masjinale dinamika, soos getematiseer in eersgenoemde teks, ten gunste van die kompleksiteit van groeperings op die agtergrond. Tog verwys hulle met betrekking tot inhoudsvorme onder meer na “the material or machinic aspect of an assemblage” (Deleuze & Guattari 1987:89; kyk ook Deleuze & Guattari 1986:37), hoewel dit natuurlik nie net lewlose objekte en elemente sou insluit nie, maar ook individue en sosiale groepe wat die dele van hierdie masjiene (byvoorbeeld sosiale masjiene) verteenwoordig (Deleuze & Guattari 1986:81). Bogenoemde geskied egter altyd in terme van die masjinale inkarnasie van begeerte én aktivering van die “masjiendele” se latente potensialiteite, wat die masjinale aard noodwendig altyd veronderstel.¹¹ Dit is juis met betrekking tot laasgenoemde dat Deleuze en Guattari die konsep van die *abstrakte masjien* en *diagram* ontwikkel het om na latente, onontginde potensiaal van die groepering as geheel en die relasionele dele wat dit uitmaak, te verwys. Waar die *konkrete masjien* dus die (geaktiveerde) kenbare dele verteenwoordig, moet die *abstrakte masjien* as die (ongeaktiveerde) potensiaal van die groepering (wat Deleuze en Guattari ook as *virtueel* beskryf) gesien word.¹² Wat die abstrakte masjien doen, is om 'n sogenaamde konstante vlak (“plane of consistency”) as funksionele voorvereiste vir die ontvouing van inhouds- én uitdrukkingsvorme daar te stel, om sodoende as 'n modaliteit van konstantheid beide vorme te fasiliteer en ook die herkonfigurasie van elkeen apart, maar ook die afstem van beide op mekaar, moontlik te maak.

Wanneer Deleuze en Guattari (1986:82) beweer: “There is no machinic assemblage that is not a social assemblage of desire, no social assemblage of desire that is not a collective assemblage of enunciation”, word hulle siening van die interafhanklikheid van masjinale- of inhoudsvorme met uitdrukkingsvorme as pendant – beide gegrond in die sosiale konfigurasies van begeerte – baie duidelik. Soos wat uit die aanhaling hierbo blyk, is uitdrukkingsvorme

¹¹ Kyk Deleuze en Guattari (1986:82, kyk ook 47); kyk ook Young (2013a:17); Bogue (2003:52, 61).

¹² Kyk DeLanda (2016:5, 108-109, 122); kyk ook DeLanda (2006:30); Deleuze en Guattari (1986:86-87); Deleuze en Guattari (1987:91, 100, 511-513); Nail (2017:24-25); Bogue (1989:134-135, 148-149, 152) en Bogue (2003:99).

veral in semiotiese (of selfs epistemologiese?) terme te verstaan, maar sluit dit ook meer as dit in, byvoorbeeld die keuses om *sekere* dinge semioties tot uitdrukking te bring en *ander* nie. Hulle benadruk egter dat die relasie van uitdrukkingsvorm tot inhoudsvorm geensins met die betekenaar-betekende verhouding gelykgestel moet word nie (oënskynlike ooreenkomste met hierdie tekenstruktuur sou bloot isomorfies van aard wees), veral ook weens hulle onderskrywing van taal se performatiewe aard. À la Austin is taal volgens hulle (veral) handeling – wat op sigself die ordening van die mens se belewenis van die werklikheid rig, alternatiewelik destabiliserende ingrepe op hierdie werklikheidsbelewenis maak.¹³

Uitdrukkingsvorme sou verder per definisie kollektief van aard wees, deurdat dit noodwendig die singewende, semiotiese stramien impliseer waarvolgens enige unieke stelling betekenisvol gerealiseer word. Dit herinner sterk aan De Saussure se *langue* of Lacan se Simboliese orde – enige uiting doen per definisie mee aan die semiotiese voorvereistes wat die sinvolle artikulasie en sinvolle resepsie daarvan fasiliteer. Selfs artikulerings wat oënskynlik nié sinvol sou wees nie, se sinloosheid kan net as sodanig geïnterpreteer word met verwysing na die feit dat die einste singewende riglyne nie gehuldig sou word nie. Die interpretasie en duiding van ’n uitspraak as sinloos geskied dus volgens presies dieselfde (normgewende) bepalers as dié wat ’n uitspraak as sinvol sou dui – beide figureer op ’n spektrum van kollektiewe uitdrukkingswaarde wat per definisie deur enige gegewe groepering veronderstel word.

Die groot vraag is egter wat die interaksie tussen inhoudsvorm en uitdrukkingsvorm behels? Watter vorm die dinamika tussen beide in konkrete terme aanneem? Volgens Deleuze en Guattari is daar nie altyd ’n passing van die een op die ander nie, dalk selfs nie eers altyd ’n gedeeltelike oorvleueling nie – uitdrukkingsvorme kan met inhoudsvorme konvergeer of divergeer, na gelang van die aard van die gegewe groepering. Die interessante punt wat hulle maak, is dat uitdrukkingsvorme die (her)konfigurering van die inhoudsvorme vooruitgaan (iets wat van groot betekenis word wanneer hulle konseptualisering van mineurletterkundes in gedagte gehou word):

[...] it is the expression that precedes or advances—it is expression that precedes contents, whether to prefigure the rigid forms into which contents will flow or to make them take flight along lines of escape or transformation. But this primacy doesn't imply any idealism. Because the expressions or the enunciations are no less strictly determined by the assemblage than are the contents themselves. And it is one and the same desire, one and the same assemblage, that presents itself as a machinic assemblage of content and as a collective assemblage of enunciation. (Deleuze & Guattari 1986:85; kyk ook 28, 41)

Natuurlik hang die aard daarvan af van waar op die kontinuum tussen inhoudsvorm en uitdrukkingsvorm ’n gegewe element van die groepering sigself bevind. Dat ’n uitdrukkingsvorm (soos taal) egter ’n empiriese impak op die konfigurasie van die groepering kan hê, of alternatiewelik, inhoudelike elemente ’n medebepalende rol het in hoe dit tot uitdrukking kom, staan myns insiens buite kyf.¹⁴ Tog is dit ook belangrik om inhoudsvorme en uitdrukkingsvorme

¹³ Kyk Deleuze en Guattari (1987:79, kyk ook 76-79, 82-83); Bogue (1997:109); Bogue (2007:20); Bogue (2013:5, 97).

¹⁴ Dit is dalk hier gerade om ook na ’n ander konsep van Deleuze en Guattari te verwys, naamlik *kodering-dekodering* (wat trouens deur DeLanda (2016) só belangrik geag word, dat hy dit as derde as by die twee asse van *vorm-uitdrukking* en *(her)territorialisering-deterritorialisering* voeg. Deleuze en Guattari maak ’n onderskeid tussen *strata* en *groeperings*, waarvolgens strata ’n meer gekodeerde en groeperings ’n minder gekodeerde konfigurasie van elemente verteenwoordig. Kodering dui op die wyse waarop die relasies tussen die elemente van strata-

nie vanuit 'n Marxistiese perspektief op 'n substruktuur-superstruktuur relasie te karteer nie: as twee ekstreme van 'n enkele kontinuum funksioneer beide op 'n gelyke vlak en is die aard van die verhouding tussen beide per definisie lukraak (kyk bv. Deleuze & Guattari 1987:90).

Die (her)territorialisering-deterritorialisering-as is soortgelyk aan die vertikale as van groeperings, deurdat ons ook hier met liggings op 'n kontinuum te make het waarvolgens 'n gegewe groepering se (konseptuele of empiriese) bakens, die homogenisering van sy onderskeie dele, die standaardisering van die normatiewiteit wat sy dele rig, en die ankering van die dele se relasionele funksionaliteit enersyds vasgelê en gestabiliseer, of andersyds ondergrawe en gedestabiliseer word (kyk o.a. DeLanda 2016:22; Deleuze & Guattari 1986:48). Grondliggend aan groeperings is die interafhanklikheid van (her)territorialisering en deterritorialisering—beide vorm nie net die twee kante van dieselfde munt nie, maar is in tandem en op dieselfde tydsgewegewe bepalend vir die konfigurasie van 'n gegewe groepering. Laasgenoemde is in hierdie sin trouens niks anders as 'n *sinchronisering van (her)territorialisering en deterritorialisering* nie (kyk bv. Deleuze & Guattari 1986:47-48, 86; Bogue 2003:74).¹⁵

(Her)territorialisering en deterritorialisering vind op beide die vlak van inhouds- en uitdrukkingsvorme plaas. Wat eersgenoemde betref, kan 'n geografies bepaalde territorium natuurlik op verskeie wyses geterritorialiseer of gedeterritorialiseer word,¹⁶ maar in die huidige tydvak speel iets soos kommunikasietegnologie byvoorbeeld 'n beduidende territorialiserende én deterritorialiserende rol – dit fasiliteer enersyds die skep van nuwe virtuele gemeenskappe (territorialiserend), maar ondergrawe andersyds nievirtuele gemeenskappe (deterritorialiserend), deurdat 'n gedeelde fisiese ruimte en teenwoordigheid nie meer voorvereistes vir sekere vorme van kommunale gemeensaamheid is nie (kyk DeLanda 2006:13).

Wat uitdrukkingsvorm betref, fokus Deleuze en Guattari veral op die (her)territorialiserende en deterritorialiserende oomblikke van *taal* as sodanig.¹⁷ Taal omsluit noodwendig die ganse spektrum van die vertikale as:

Even when it is unique, a language remains a mixture, a schizophrenic melange, a Harlequin costume in which very different functions of language and distinct centers of power are played out, blurring what can be said and what can't be said; one function will be played off against the other, all the degrees of territoriality and relative deterritorialization will be played out. (Deleuze & Guattari 1986:26)

konfigurasies as *intrinsiek* gekodeer en vasgestel word. Soos bespreek, is die verhouding tussen die elemente van groeperings egter juis *ekstrinsiek* van aard, d.i. lukraak, en daarom nié so gekodeer soos die geval is by strata nie (kyk bv. DeLanda, 2016:3). 'n Gevolg hiervan is dat kodering-dekodering 'n veranderlike op 'n kontinuum met strata en groeperings as eindpunte is. Kyk DeLanda (2016:23, kyk ook 18); kyk ook Deleuze en Guattari (1987:503-505). Kodering-dekodering word hier vermeld omdat uitdrukkingsvorme nié met kodering verwar moet word nie – trouens ook nie met territorialisering nie.

¹⁵ Hier kan weer na die masjinale aard van groeperings verwys word: hoewel die groepering as georganiseerde eenheid funksioneer (dus territorialiserend), is die identiteite daarvan, soos masjiene, nie geëssensialiseer nie (dus deterritorialiserend) (kyk bv. Colebrook 2002:55-56).

¹⁶ Wat hier vermeld kan word, is dat konflik in gegewe situasies wel die territorialiserende kontoere van bepaalde groeperings 'n duideliker reliëf verleen – iets wat byvoorbeeld in terme van identiteitspolitiek 'n beduidende (positiewe of negatiewe) rol kan speel. Kyk bv. DeLanda (2006:58; kyk ook 2016:22).

¹⁷ Hierbo is teen die eenduidige gelykstelling van kodering met territorialisering gewaarsku: dit is nie dieselfde nie, hoewel taal as kodering wél 'n verdere territorialisering impliseer (kyk bv. DeLanda 2006:15).

Deterritorialisering vind egter nie net *via* taal as performatiewe ingreep op die werklikheidsbelewenis van die mens plaas nie,¹⁸ maar taal as sodanig impliseer ook van nature iets deterritorialiserends, wanneer dit as konsep (buiten die performatiewe modus daarvan), nie uitsluitlik met betekenisgewing in verband gebring word nie: “Ordinarily, in fact, language compensates for its deterritorialization by a reterritorialization in sense. Ceasing to be the organ of one of the senses, it becomes an instrument of Sense” (Deleuze & Guattari 1986:20; kyk ook 6, 21-23). Taal gesien as uitsluitlik betekenisdraend en/of funksioneel performatief is om die potensiele funksies daarvan konseptueel te territorialiseer.¹⁹ Wat dan belangrik word, is hoe skrywers egter juis hierdie (Reële) aspek van taal op die voorgrond plaas om betekenis te ondergrawe en daardeur die werklikheidsbelewenis van en binne ’n gegewe groepering taalperformatief te deterritorialiseer. Wat egter dan as doelbewuste deterritorialisering geïnterpreteer word, is *egter niks meer as wat taal in elk geval en as sodanig is nie*. Sonder deterritorialisering-(her)territorialisering kan taal nie taal wees nie.

Die vraag wat volg, is of deterritorialisering dus noodwendig altyd iets goeds of positiefs sou impliseer? Die antwoord volgens Deleuze en Guattari en verskeie kommentators is ’n rondborstige *nee*: deterritorialisering, behalwe dat dit die keersy van (her)territorialisering veronderstel, word in verband gebring met destabiliserende oomblikke van oorgang vanaf een territorium na ’n ander. Wat aanvanklik geterritorialiseer was, word in oomblikke van oorgang gedeterritorialiseer, om in ’n volgende groepering geherterritorialiseer te word.²⁰ Dit is die momente van oorgang, die grys areas van wording wat deur hulle met “vluglyne” (“lines of flight”) in verband gebring word. Maar die aktiewe uitreik na die toekoms kan óf ’n nuut gevormde óf ’n opnuut gevormde territorium tot gevolg hê: die nomaad dra in sy (gedeterritorialiseerde) wordingsproses die spore van die “goeie” en “slegte” van die nog niegerealiseerde groepering met hom of haar saam. Dit kan óf mikro-fascistiese spore, óf spore van bevryding wees – maar wat dit ook al mag wees, die reis eindig in ’n ruimte wat eventueel plek *moet* word. Die reis kan verromantiseer word, maar dit is uiteindelik niks meer as ’n trajek tussen plek en plek nie. Meer konkreet laat Deleuze en Guattari hulle sinies uit oor deterritorialiserings waarvan daar soms veel gewag van gemaak word: deterritorialiserende oppervlakspeletjies is al te dikwels ’n alibi om fundamentele territorialiserings te handhaaf:

But, in any case, there are rules that tell how to take things apart and from which one can’t really tell if submission doesn’t finally conceal the greatest sort of revolt and if combat doesn’t imply the worst of acceptances. (Deleuze & Guattari 1986:82)

The assemblage doesn’t have two sides only. On the one hand, it is segmental,²¹ extending itself over several contiguous segments or dividing into segments that become assemblages in turn. This segmentalization can be more or less rigid or supple. *But suppleness can be as constraining and more crushing than rigidity* [...]. (my kursivering, Deleuze & Guattari 1986:85-86)

¹⁸ Kyk hierbo oor Deleuze en Guattari se siening van taal as handeling, oorgeset synde die performatiwiteit van taal as uitdrukkingsvorm.

¹⁹ Daar kan in hierdie verband nie anders as om na Lacan se bespreking van die Reële van taal te verwys nie. Die Lacaniaanse Reële is ’n gekompliseerde begrip waarvan die interafhanklike samehang met die Imaginêre en Simboliese genuanseerd omskryf moet word. Sien onder meer Van den Berg (2018a en 2018b) vir ’n bondige uiteensetting hiervan.

²⁰ Kyk bv. Deleuze en Guattari (1987:9-10); kyk ook Bogue (1989:104-105).

²¹ Stratifikasies van die groepering wat dan later ook op sigself groepering word/kan word.

Deleuze en Guattari (1987:508-510) verwys uiteindelik na vier tipes deterritorialiserings in hulle werk, wat deur Nail (2017:34-36) soos volg saamgevat word: 1) relatief negatiewe deterritorialiserings wat wel verandering meebring, maar dit ten einde *juis* die bestaande konfigurasie van groeperings in die diachroniese ontwikkeling daarvan te handhaaf; 2) relatief positiewe deterritorialiserings wat wel nie bestaande groeperingskonfigurasies reprodukeer nie, maar tog ook nie 'n nuwe groepering beliggaam nie, dus ambivalent is; 3) absoluut negatiewe deterritorialiserings wat alle groeperings en moontlikhede van 'n nuwe groepering ondermyn en 4) absoluut positiewe deterritorialiserings wat nie (die strukture en aard van) vorige groeperings herhaal nie, maar eerder iets nuuts skep. Uiteindelik is evaluerende waardeoordele misplaas waar dit kom by die deterritorialisering-(her)territorialisering-as; dit is gewoon niks meer as 'n beskrywing van die georganiseerdheid van 'n gegewe groepering nie.

Ten slotte bestaan groeperings by gracie van die *performatiewe herhaling* van die onderskeie dinamikas (hierbo bespreek) wat dit onderlê: wanneer die unieke ligging op die horisontale en vertikale asse 'n iteratiewe gegewe daarvan is, is die groepering ook kenbaar *as* unieke en individuele groepering. Die identiteit van groeperings is dus nie 'n ontologiese gegewe nie, maar veel meer iets wat iteratief (her)bevestig moet word (kyk DeLanda 2016:18; DeLanda 2006:16, 50). Enige groepering het wel die potensiaal om te verander, om te evolueer – maar die performatiewe herhaling as konstante te midde van die diachroniese veranderlikheid en verandering is egter nodig om die unieke identiteit van die groepering territorialiserend te handhaaf. Groeperings is egter ook sinchronies bepaald: enersyds omrede groeperings soms soos boustene aan mekaar gekoppel kan word, of andersyds omdat groeperings mettertyd ook groeperings van groeperings kan word – dit word dan bykans 'n *mise-en-abyme*-effek in terme van 'n herhaling van 'n bepaalde funksionele relasionaliteit tussen die dele op kleiner of groter skaal (mikro- en makro-groeperings) (kyk bv. DeLanda 2006:32). Veral belangrik is egter dat groeperings verskillend gestratifiseer kan word deurdat die dele wat die geheel uitmaak anders kan funksioneer in onderskeie stratifikasies (of vlakke van organisasie) daarvan of,²² alternatiewelik, dat dele van een groepering terselfdertyd deel kan uitmaak van meer as een groepering (kyk o.a. DeLanda 2006:17; DeLanda 2016:3, 16, 17).

Gegewe die komplekse aard van groeperings, waaroor hier bloot 'n paar opsommende opmerkings gemaak is, is Deleuze en Guattari se konseptualisering van sg. mineurletterkundes dalk nie so eenvoudig en simplisties soos wat dit al te dikwels aangebied word nie. Die drieluik wat hierdie letterkundes sou kenmerk, kan nie anders as om teen die agtergrond van hulle konseptualisering van *groeperings* verstaan te word nie – deterritorialisering en kollektiewe waarde is byvoorbeeld reeds hierbo as inherent deel van enige groepering geïdentifiseer. In die tweede gedeelte van hierdie artikel sal gepoog word om *deterritorialisering*, die *politieke aard* van mineurletterkundes en die *kollektiewe uitdrukkingswaarde* daarvan in die lig van die voorafgaande te bespreek.

3. MINEUR- (EN MAJEUR)LETTERKUNDES

Sedert die verskyning van *Kafka: Toward a Minor Literature* (1986 [1975]) word sterk kritiek uitgespreek jeens Deleuze en Guattari se perspektief op en gebruik van Kafka se gedagtes²³

²² Met verwysing na die bespreking van letterkunde hieronder, sou byvoorbeeld beweer kon word dat Afrikaans beide 'n minoriteits- (en mineur) én majoriteits- (en majeure) letterkunde kon wees, afhangende van die gegewe lokale of globale kontekste waarin dit gestel word.

²³ Kyk Kafka se dagboekinskrywings van 25, 26 en 27 Desember 1911 (Kafka 1983:151-155). Kyk ook Edmunds (2010:351-374) vir 'n uitvoerige bespreking van hierdie inskrywings.

rondom pre-WOI Warskouse literatuur in Jiddish.²⁴ Waarskynlik die skerpste kritiek op hulle benadering tot Kafka fokus op hulle korrelasie van linguïstiese eksperimentasie (en die gevolglike ondergrawing van normatiwiteit en normatiewe strukture) met die reaktiewe protes van gemarginaliseerde, empiriese groepe: eersgenoemde sou op 'n vrye, estetiese keuse berus, terwyl laasgenoemde geforseerde reaksie in die drukgang van skeefgetrekte magsrelasies sou verteenwoordig.²⁵ Desnieteenstaande bly mineurletterkundes 'n gewilde invalshoek om na letterkundes te kyk, veral gebruik as 'n gemaklike (want nou bykans geoutomatiseerde) perspektief om 'n verband tussen die deterritorialiserende taalgebruik van spesifieke tekste en die potensiele politieke relevansie daarvan te impliseer.

3.1 Oor deterritorialisering en mineurletterkundes

Die beduidendste uitgangspunt wat Deleuze en Guattari rakende mineurletterkundes onderskryf, is dat letterkundes wat as sodanig geag word, nie noodwendig in 'n klein- of minoriteitstaal geskryf word nie, maar dat dit taal gewoon op 'n *ander* manier implementeer: "A minor literature doesn't come from a minor language; it is rather that which a minority constructs within a major language. But the first characteristic of minor literature in any case is that in it language is affected with a high coefficient of deterritorialization" (Deleuze & Guattari 1986:16; kyk ook Bensmaïa 1986:xvi). Mineurletterkundes is, só gesien, direk eweredig aan 'n tipe taalgebruik wat taalstandaardisering en, literêr gesien, veral standaardisering van (estetiese?) taalgebruik in groot tale, funksioneel ondermyn (kyk bv. Deleuze 1998:5). Per implikasie word mineur dus teenoor majeur opgestel, waar laasgenoemde normatiewe en gestandaardiseerde gebruik van (estetiese) taal verteenwoordig. Aangesien hulle egter vanuit 'n taalperformatiewe perspektief dink, is dit myns insiens duidelik waarom volgens hulle só 'n destabilisering in taal ook reperkussies in sosio-politieke magsverhoudings sou impliseer, of ten minste dan 'n destabiliserende effek op die semioties-gebaseerde werklikheidsbelewenis van magstrukture sou kon fasiliteer: "There is nothing that is major or revolutionary except the minor. To hate all languages of masters" (Deleuze & Guattari 1986:26).

Soos egter hierbo bespreek, is deterritorialiserende potensiaal die interafhanklike keersy van die groeperingsmunt – ook die deterritorialiserende eienskappe van letterkunde neem vorm aan (of eerder: ontvorm of omvorm bestaande vormgewings), in relasie tot bestaande territorialiserings. Daarom is selfs die mees deterritorialiserende letterkundes tog ook 'n dubbeldoor: dit *ver-taal* enersyds die kontekstuele territorium waarin dit geskep word, maar ondergrawe dit terselfdertyd (Deleuze & Guattari 1986:47). Ironies genoeg is die deterritorialiserende aspekte van mineurletterkundes (in samehang met die noodwendige territorialiserende aspekte daarvan) op 'n ander vlak eintlik ook niks meer as die *ver-taling* van die territorium nie: meer spesifiek die strukturele herhaling van die deterritorialisering-(her)territorialisering-dinamika daarvan. Die mineurletterkunde aktiveer gewoon die latente potensialiteite van die groepering (soos hierbo bespreek) maar rig dit dan revolusionêr-polities as die uitreik na 'n nog nie gerealiseerde toekoms, in kritiese nabetraging op dit wat is/was. Hierdie kritiek is

²⁴ Kyk byvoorbeeld Corngold (1994:98); Edmunds (2010:352); Casanova (2004:203-204) en Kaplan (1987:187-198).

²⁵ Kyk Larose en Lapidus (2002:36-47) en Kreuzmair (2010:36-47). Tog benadruk Bogue (1997:106-108) die oorhoofse strekking van wat Deleuze en Guattari se konseptualisering van politiek alles sou kon omvat.

egter inhoudsloos en word slegs as kritiek op die *status quo* geïmpliseer deurdat die (potensiële) bestaan van 'n alternatief die geldigheid van die (werklike) hier en nou, sou bevraagteken.²⁶

Uiteindelik het egter alle “goeie” letterkunde volgens Deleuze 'n mineur toonaard:

To write is certainly not to impose a form (of expression) on the matter of lived experience. Literature rather moves in the direction of the ill-formed or incomplete [...] Writing is a question of becoming, always incomplete, always in the midst of being formed, and goes beyond the matter of any livable or lived experience [...] Writing is inseparable from becoming: in writing, one becomes-woman, becomes-animal or vegetable, becomes-molecule to the point of becoming-imperceptible. (Deleuze 1998:1)

Opmerklik is dat Deleuze en Guattari se fokus hier op *skryf* is, nié op die (kritiese en populêre) resepsie, die kanoniserings of marginalisering, die vertalingspolitiek of verspreiding van literêre werke nie. Om te *skryf* is die (deterritorialiserende) kreatiewe handeling, die oopbreek van versterkte vorme en die uitreik na iets nuuts. Maar in die konteks van groeperings binne groeperings is enige skryfdaad maar één newegeskikte onderdeel en is die rol van die skrywer, selfs al strook hy of sy met die verromantiseerde vergestaltung van die nomaad wat tekste van wording skep, maar 'n funksie in die menige stratifikasies van die groepering.

Kritiek op Deleuze en Guattari se konseptualisering van mineurletterkundes as deterritorialiserend kan kortliks saamgevat word:

- 1) Onderskeie letterkundes, of dan die verskeie literêre groeperings wat die totale “groeperingspakket” verteenwoordig, word nie altyd deur Deleuze en Guattari in *al* die stratifikasies daarvan behandel nie – dit terwyl enige groepering uit verskeie dele bestaan wat bes moontlik in meer as een alternatiewe groepering sou kon funksioneer. As een voorbeeld het die lokaal-globaal-spanning tussen plaaslike en wêreldletterkundes nie net 'n enorme impak op literêre konvensies en gewildheid nie, maar selfs ook via vertaalregte 'n impak op die keuses rakende die (minderheids-)tale waarin werke oorspronklik geskep word. Deterritorialisering word, geprojekteer teen hierdie komplekse wisselwerking van groeperings binne groeperings, effe meer kompleks as wat hulle dit in baie van hul uitsprake aandui: 'n literêre teks of mineurletterkunde kan op een vlak deterritorialiserend wees, maar op 'n ander (her)territorialiserend.
- 2) Hulle siening van letterkunde berus op die verromantisering van die performatiewe skryfdaad, wat die deur dan ooplaat om die skeppende skrywer as draer van 'n nuwe, revolusionêre wêreld te tipeer. Reeds die *interpretasie* van tekste beteken egter dat die leser die gedeterritorialiseerde taal van die teks met betekenis herterritorialiseer. Die problematisering van deterritorialisasie kan nie by die skrywer en die skryfdaad stop nie.
- 3) Hoewel hulle duidelik stel dat mineurletterkunde selde in klein (minoriteits)letterkundes geskep word, word die *presiese* verhouding tussen mineur- en minoriteitsletterkundes nie altyd duidelik gemaak nie. Die hoofrede hiervoor is waarskynlik dat die opstelling klein-groot of minoriteit-majoriteit baie kunsmatig voorkom in kontekste waar *verskeie* tale op *verskeie vlakke* met mekaar meeding om dominansie – Suid-Afrika is hiervan 'n baie goeie voorbeeld.

²⁶ Kyk bv. Deleuze en Guattari (1986:48); kyk ook Deleuze (1998:1). Dit herinner baie sterk aan Adorno se konsep van negatiewe estetika, waardeur kritiek juis skarnier op 'n diskreditering van die uitdrukkingsvorm van die groepering deur nie sinvol daaraan te probeer deelneem nie.

Ter samevatting van die samevatting kan beweer word dat deterritorialisering nie eenduidig positief beoordeel moet word nie, dat dit kompleks gestratifiseerd is en dat die verhouding tussen mineur en minoriteit in die gebruik van die term verreken moet word.

3.2 Oor die politieke aard van mineurletterkundes

Wanneer Deleuze en Guattari oor die politieke waarde van mineurletterkundes besin, moet benadruk word dat dit nie gaan oor skrywers wat met en via hulle literêre werk politieke standpunte inneem of “betrokke” skryf nie. *Littérature engagée* onderskryf *juis* die diskursiewe reëls en riglyne wat enersyds die sinvolle diskoers van sosio-politieke kritiek moontlik maak en andersyds as gemeenskaplike deler dien, waarvolgens ander met hierdie kritiek (soos geartikuleer deur die betrokke skrywer) in gesprek kan tree. Hierteenoor onderskryf Deleuze en Guattari nie die geldigheid van die territorialiserende diskursiewe konteks nie en is dit in die *deterritorialisering* van die uitdrukkingsvorme, dat die abstrakte, politieke waarde volgens hulle sou lê: “We believe only in a Kafka politics that is neither imaginary nor symbolic” (Deleuze & Guattari 1986:7).²⁷ Hulle s’n is ’n revolusionêre politiek sonder inhoud: revolusionêr in die deterritorialiserende sin van die woord, maar inhoudsloos omdat dit ’n “wording” beliggaam wat nog nie konkrete betekenis het nie. Daar is dus volgens hulle benadering ’n verskil tussen *Politiek* en *politiek*: hulle is nie gemoeid met die (makro-)Politieke diskoers as bedryf nie, maar eerder met ’n (mikro-)politiek van die alledaagse – ’n politiek wat weier om die sosio-politieke dinamikas van die Politieke territorium as groepering te bestendig of te repliseer.

Midde-in die onderskeid tussen performatiewe deterritorialisering en (her)territorialisering, Politiek en politiek, revolusionêre politiek en ’n politiek van bestendiging, word dit egter duidelik dat *alles* van die groepering uiteindelik polities relevant is. Ja, mineurletterkundes is per definisie polities van aard,²⁸ maar die territorialiserende bestendiging van majeurletterkundes moet op soortgelyke grondslag as polities relevant geles word:

What in great literature goes on down below, constituting a not indispensable cellar of the structure, here takes place in the full light of day, what is there a matter of passing interest for a few, here absorbs everyone no less than as a matter of life and death. (Deleuze & Guattari 1986:17)

Die graderings van die politieke waarde van onderskeie letterkundes as óf van sentrale belang (mineur) óf ’n terloopse verskynsel op die agtergrond (majeur) bewys egter ’n immerteenwoordige aanwesigheid van politieke veranderlikes in die letterkunde, hoe hierdie politieke waardes ook al geïnterpreteer word. Dit beteken egter dat die politieke waarde van mineurletterkundes *nie as onderskeidende kenmerk of definisie gebruik kan word nie*. *Alles* is polities (altyd op mikro-vlak, dikwels op makro-vlak), met die enigste kwalifisering dat die tipe politieke betekenis wat mineurletterkundes sou beliggaam, oor ’n revolusionêre potensiaal beskik wat binne ’n gegewe groepering uitsonderlik sou wees.

Twee opmerkings kan oor die politieke aard van mineurletterkundes gemaak word: Deleuze en Guattari se vooroordeel ten gunste van die revolusionêre politiek van mineurletterkundes

²⁷ Dit dui natuurlik ook op politiek bedryf met verwysing na Lacaniaanse Simboliese diskursiwiteit en/of Imaginêre bestendiging. Dit is so dat laasgenoemde ’n geweldige belangrike rol speel in terme van identiteitspolitiek, wat dikwels herleibaar is na die identiteitsvorming van minoriteite. Dit is egter nie die politiek wat Deleuze en Guattari met mineurletterkundes bedoel nie.

²⁸ Kyk Deleuze en Guattari (1986:17); kyk ook Polan (1986:xxiv).

is verstaanbaar, maar dit misken tog 'n territorialiserende politiek van die alledaagse (en trouens ook sekere Politieke waardes), wat dikwels 'n uiters belangrike rol speel om die samelewing eties te verskans: dikwels beskerm 'n territorialiserende pragmatiek gemeenskappe teen sosiale onreg of selfs die skending van menseregte. Tweedens ontstaan politieke betekenis rondom tekste dikwels nie in en deur die skeppingsproses nie, maar wel in die resepsie van die werke: hetsy dit om ideologiese redes vir 'n politieke saak geapproprieer word of as politieke affronterend afgewys word. In die diskoers rondom minoriteitsletterkundes speel identiteits-politiek byvoorbeeld dikwels 'n belangrike rol – maar dan veral ook tydens die resepsie van werke. Dit kan politieke betekenis tot gevolg hê, wat nie altyd by die identifisering van politieke potensiaal in die *skryfdaad* inpas nie, hetsy laasgenoemde as revolusionêr-deterritorialiserend of as behoudend-territorialiserend geïnterpreteer word.

Dit is twee aspekte rakende die politieke dinamika van mineurletterkundes wat in die werk van Deleuze en Guattari onderbelig bly. Tog is 'n veralgemenende en uitsluitlike fokus op die politieke waarde van mineurletterkundes al te dikwels 'n verskraling van hulle opmerkings in hierdie verband. Meer produktief sou wees om hulle idees verder te problematiseer, om daardeur soveel te meer die komplekse politieke dinamika van beide mineur- (en minoriteit) en majeur- (en majoriteits)letterkundes te verreken.

3.3 Oor die kollektiewe uitdrukkingswaarde van mineurletterkundes

Die derde en laaste kenmerk van mineurletterkundes sou volgens Deleuze en Guattari behels dat dit noodwendig oor 'n kollektiewe uitdrukkingswaarde beskik: enige uitspraak gerealiseer in hierdie letterkundes, selfs al sou dit individueel en uniek blyk te wees, oorstyg beide die intensies en die artikulasies/uitdrukkings van die spreker/skrywer soos gegrond in sy/haar individualiteit:

The third characteristic of minor literature is that in it everything takes on a collective value. Indeed, precisely because talent isn't abundant in a minor literature, there are no possibilities for an individuated enunciation that would belong to this or that "master" and that could be separated from a collective enunciation. Indeed, scarcity of talent is in fact beneficial and allows the conception of something other than a literature of masters; what each author says individually already constitutes a common action, and what he or she says or does is necessarily political, even if others aren't in agreement. (Deleuze & Guattari 1986:17; Deleuze 1998:3)

Individualisering, ook in terme van skrywerskap, skyn hiervolgens magsrelasies te impliseer – in majeurletterkundes verteenwoordig deur "meerdere", gekanoniseerde skrywers wat "mindere" skrywers op welke wyse ook al domineer of marginaliseer. Daarteenoor sou *hierdie* magsrelasies in mineurletterkundes gesystap kon word deur die feit dat enige uitdrukking outomaties 'n kollektiewe waarde veronderstel. Bogue (2003:108) verwys na 'n moontlike historiese en politieke beweegrede vir Deleuze en Guattari se fokus op kollektiewe ten koste van individuele uitdrukking: dit sou in hulle kritiek op die Westerse kapitalisme se sentraalstelling van die individu gegrond wees, waarvolgens magshebbers die politieke potensiaal van die kollektiewe groep ondermyn deur die kloof tussen subjek en kollektief ideologies te beklemtoon.²⁹

²⁹ Die vraag is egter of 'n homogenisering van individualiteite in alle gevalle noodwendig bo individuele uniekheid gekies moet word.

Dit blyk baie duidelik dat van die drie kenmerke van mineurletterkundes, die politieke aard en die kollektiewe uitdrukkingswaarde daarvan die nouste met mekaar vervleg is: kollektiewe uitdrukkings sou inherent *polities* van aard wees, maar dan wel die deterritorialiserende, revolusionêre weergawe daarvan, soos hierbo bespreek. Desnieteenstaande is “kollektiewe uitdrukkingswaarde” as begrip nie *so* eenduidig nie en kan minstens drie definisies daarvan gegee word:

- 1) Die vorme van uitdrukking, as deel van die horisontale as van enige groepering, *is per definisie altyd kollektief van aard*: dit verwys na die semiotiese en ander vorme en strukture van betekenisgeving en betekenis-toekenning wat onder meer ’n pragmaties-werkbare, diskursiewe konteks vir kommunikasie en interpretasie binne die groepering daarstel (kyk Deleuze & Parnet 1987:51; kyk ook DeLanda 2016:54).³⁰
- 2) Kollektiewe uitdrukkingswaarde dui op die mineurskrywer as nomaad wat deur en in sy werk die *kollektiewe* potensiaal van ’n nog nie gerealiseerde werklikheid (as alternatief tot die *status quo*) beliggaam en bloot nog net impliseer. Dit behels die volle spektrum van die nog nie geaktiveerde potensialiteite van ’n moontlike groepering wat in die wordingsproses van die literêre kunswerk afgelees kan word: die saadjie van die toekoms dra ’n kollektiewe geheel met hom saam. Só verstaan word die mineurskrywer die segsman van ’n kollektief wat nog moet kom (kyk Deleuze & Guattari 1986:60, kyk ook 17-18, 84-85; kyk ook Bogue 2010:7).³¹
- 3) ’n Derde moontlikheid, wat egter wel nie deur Deleuze en Guattari onder die loep geneem word nie, speel in op die spanning tussen kollektiewe uitdrukkingswaarde as resultaat van aktiewe en performatiewe uitings gerealiseer in groeperings, en kollektiewe uitdrukkingswaardes wat bepaalde groepe, byvoorbeeld minoriteite, passief ten dele kan val. Binne die konteks van identiteitspolitiek word kollektiewe uitdrukking nie altyd performatief gebesig nie, maar soms ook passief toegeskryf, wat dan ’n homogenisering veronderstel wat nooit deur die bepaalde groep performatief uitgespeel is nie. Só gesien verteenwoordig kollektiewe uitdrukking ’n bloot passiewe status.³²

Waar die derde definisie verwys na aspekte wat nie altyd deur die konsep van “mineur status” beskryf kan word nie, word dit soveel belangriker om die ander kant van die horisontale as, nl. die politieke en uitdrukkingswaardes van inhoudsvorme aan te dui. Vroeër is verwys na die rol van tegnologie (as inhoudsvorm) wat ook deterritorialiserende gevolge mag inhou – ook met betrekking tot die versteuring of fragmentering van kollektiewe uitdrukking, kan dit ’n beduidende rol speel. Die punt is bloot dat die kompleksiteit van beide politieke waarde en kollektiewe uitdrukking van mineurletterkundes sal baat by ’n nuansering van die konsep *mineur*. My voorstel is om ’n teoretiese model te gebruik waar *mineur* in ’n *mineur-minoriteit-as* verskans word, wat dan opgestel en in wisselwerking gestel word met ’n *majeur-majorieit-as*.

³⁰ Dit beteken dat selfs skynbare meningsverskille bloot die volle spektrum van een enkele groepering se uitdrukkingsvorme realiseer (kyk Deleuze & Guattari 1986:82; Bogue 2003:109) en die *ek* agter die *ons* verdwyn (kyk Deleuze & Guattari 1986:83-84; Deleuze & Guattari 1987:79; Nail 2017:27). Wat egter hier veral belangrik is, is dat soos in die geval van die politieke waarde van mineurletterkundes, kollektiewe uitdrukkingswaarde *geensins as onderskeidende kenmerk of definisie van mineurletterkundes gesien kan word nie*.

³¹ Deleuze (1998:4) beskryf dit op ’n baie verromantiserende wyse.

³² Dit speel dan ook ’n rol in verskeie kontekste, maar dan vernaam in terme van minoriteite en nie mineurgroeperings nie (kyk bv. Bogue 1997:105).

4. 'N TEORETIESE MODEL: MINEUR-MAJEUR-MAJORITEIT-MINORITEIT AS KWARTET-KONFIGURASIE³³

Die daarstel van 'n konseptuele model gegrond op Deleuze en Guattari se teoretisering van mineurletterkundes – maar ook verder toegelig vanuit die groter filosofiese konteks van veral hulle *gesamentlike* oeuvre – verteenwoordig myns insiens 'n uiters produktiewe invalshoek om die sosiologiese en estetiese dinamikas van nie net mineurletterkundes te takseer nie. Hierbo is die drie kenmerke van mineurletterkundes à la Deleuze en Guattari kortliks toegelig, deur onder meer ook die onderbeligte implikasies daarvan uit te wys en selfs enigszins te problematiseer. Myns insiens kan die meeste van die potensieële leemtes in Deleuze en Guattari se werk rondom mineurletterkundes daarna herlei word dat nie al die implikasies van die relasie tussen klein letterkundes en mineur status deur hulle deurdink *en/of* tot uitdrukking gebring word nie. Dit is belangrik dat 'n konseptuele model streng sal hou by Deleuze en Guattari se werk in hierdie verband, veral met betrekking tot hulle verstaan van sosiologiese dinamikas in terme van groeperings – en dan veral hulle verstaan van groeperings in terme van die kruising tussen 'n horisontale (inhoudsvorm-uitdrukkingsvorm) en 'n vertikale (deterritorialisering-(her)territorialisering) as.

Die model wat ek voorstel, is trouens niks meer as 'n aanpassing in terme van 'n duideliker uiteensetting van bogenoemde asse nie: 'n onderskeid word tussen *mineur* en *minoriteit* gemaak, soortgelyk aan 'n onderskeid tussen *majeur* en *majoriteit*. *Minoriteit* en *majoriteit* resorteer beide onder *inhoudsvorme*³⁴ en *mineur* en *majeur* status onder *uitdrukkingsvorme*³⁵ – alles met betrekking tot die *horisontale as* van groeperings. Beide *inhoudsvorme* en *uitdrukkingsvorme* kan egter via die *vertikale as* van groeperings *gedeterritorialiseerd* of *geterritorialiseerd* wees – wat dan implikasies inhou vir beide *minoriteite* en *majoriteite*, deurdat die onderskeie *territorialiserings* en *deterritorialiserings* respektiewelik na 'n *mineur* of *majeur* status as *uitdrukkingsvorm* vertaal kan word.³⁶


Die gevolg is 'n kwartet-konfigurasië van begrippe, wat mekaar interafhanklik impliseer: dit is nie 'n model wat wetmatigheide veronderstel nie, maar eerder poog om hoofstroom-tendense met mekaar te belyn. Verder veronderstel elk van die vier belynings telkens 'n glyskaal, deurdat die inhoudsvorme (*minoriteite* en *majoriteite*) soms modulerings van

³³ Ek gebruik die anglisismes “majoriteit” en “minoriteit” in stede van “klein” of “minderheid” en “groot” of “meerderheid”, aangesien dit myns insiens 'n wyer betekenispektrum impliseer as wat deur die laasgenoemde begrippe gedoen word. Soos in voetnoot 34 aangedui word, is die “grootte” (aantal sprekers en/of aantal publikasies en of/aantal lesers) van 'n bepaalde letterkunde maar een aspek wat bepaal of dit 'n gedomineerde of dominerende posisie inneem.

³⁴ My gebruik van die minoriteit-majoriteit status van letterkunde gaan nie bloot oor die suiwer *kwantifisering* van magsrelasies nie, hoewel ook dit 'n belangrike rol speel: minoriteitsletterkundes moet gesien word as demografies klein en/of gedomineer in terme van die sosio-politiese en/of kulturele en/of ekonomiese kapitaal daarvan; waarteenoor majoriteitsletterkundes telkens die teendeel hiervan veronderstel.

³⁵ Majeur status verwys na 'n normatiewe horison wat 'n kollektief-genormaliseerde standaard vasstel en reguleer – dikwels (inhoudelik) in terme van politieke korrektheid, of goeie smaak, terwyl mineur status die ondergrawing daarvan impliseer, of ten minste divergering van die normatiewe verwagtingshorison.

³⁶ Die politieke aard en kollektiewe uitdrukkingswaarde van mineurletterkundes word nie hier vermeld nie, maar soos by die bespreking daarvan aangedui is, is hierdie twee kenmerke ook nie onderskeidend nie. Dit bly egter steeds relevant in terme van die glyskale wat die konfigurasië belyn.



uitdrukkingsvorme (mineur en majeure status) word (en omgekeerd); of dat die mineur status soms na majeure status neig (of omgekeerd); of die minoriteit na die majoriteit (of omgekeerd). Verder is dit belangrik om daarop te let dat die model nie die verskillende stratifikasies van die (literêre) groepering in ag neem nie: dit is 'n kruissnit van minoriteit-majoriteit-mineur-majeur funksies wat nie die holistiese (of globale) sinchronisme van 'n gegewe groepering en/of groepering van groeperings ten volle verreken nie.³⁷

Deleuze en Guattari was wel deeglik bewus van die kompleksiteite rondom mineur-majeur-minoriteit-majoriteit: hulle verwys in hulle werk onder meer na die dialekte van Quebec (en die verhouding daarvan tot Frans en Engels) en selfs Afrikaans in die koloniale en post-koloniale konteks (kyk Deleuze & Guattari 1987:102). Die duidelikste verband wat hulle trek tussen die minoriteit-majoriteit en die mineur-majeur-asse, is dat minoriteitsletterkundes, in 'n poging om sigself te legitimeer, ironies genoeg juis geneig sou wees om sigself te herterritorialiseer met die normatiewe patrone van majoriteitsletterkundes; terwyl majoriteits-letterkundes veel gemakliker deterritorialisasie fasiliteer:

³⁷ Die magsrelasies wat deur hierdie model geïmpliseer word, kan met redelike gemak op Deleuze se konseptualisering van mag by Nietzsche gekarteer word, waar hy 'n onderskeid maak tussen "magskwantiteite" (wat veranderlikes van dominansie insluit) en "magskwaliteite" (wat ook evaluatiewe en aktiewe en reaktiewe eienskappe insluit): noodwendig sal eersgenoemde met die minoriteit-majoriteit-belyning en laasgenoemde met die mineur-majeur-belyning saamhang (kyk o.a. Deleuze en Guattari 1986:24; Bogue 2003:5, 74; Bogue 2007:20; Bogue 2010:8-9).

Conversely, Afrikaans attained homogeneity when it was a locally minor language struggling against English. Even politically, especially politically, it is difficult to see how the upholders of a minor language can operate if not by giving it (if only by writing in it) a constancy and homogeneity making it a locally major language capable of forcing official recognition (hence the political role of writers who assert the rights of a minor language). But the opposite argument seems more compelling: the more a language has or acquires the characteristics of a major language, the more it is affected by continuous variations that transpose it into a “minor” language. (Deleuze & Guattari 1987:102; kyk ook Deleuze & Guattari 1986:26-27, 86)

Uiteindelik bied die kwartet-konfigurasië volgens my ’n veel sinvoller perspektief op die fenomeen van mineur- (en majeur)letterkundes as om bloot na deterritorialisasie-(her)territorialisasie, die politieke aard en kollektiewe uitdrukkingswaarde van onderskeie letterkundes te verwys. Laasgenoemde twee kenmerke kan maklik in die belynings van die model tuisgebring word, juis deurdat dit relevant vir beide die minoriteit-majoriteit én mineur-majeur asse is – iets wat nie altyd in die besprekings deur Deleuze en Guattari pertinent uitgespel word nie. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe interaksie tussen die konkrete rolspelers van die literêre diskoers en die normatiewe en subversiewe representasies wat dit betrek, verteenwoordig myns insiens trouens ’n veel genuanseerder literatuursosiologiese perspektief as wat menige sisteem- of netwerkanalises kan bied.

5. SLOT

Deleuze en Guattari se konseptualisering van mineurletterkundes is ingebed in die veel digter weefwerk van hulle afsonderlike en gemeenskaplike filosofiese idees. Die kwartet-konfigurasië wat hier voorgestel word, is ’n poging om baie pragmaties ’n kritiese perspektief te omlin, van waaruit die magsrelasies tussen talle elemente van die literêre diskoers beskryf en bedink kan word. Enigiets vanaf kleiner letterkundes se interaksie met die wêreldletterkunde, die spanning tussen globaal en lokaal, die politiek van vertaling(s), die kommersialisering van literêre tendense, die verliterariseerde identiteitspolitiek van gemarginaliseerde groepe, die relasies tussen hoë en polulêre literatuur, die problematisering van literêre betrokkenheid tot die normatiewe omgaan met moeilike verledes, (self-)sensuur en politieke korrektheid, kan in hierdie model te berde gebring word. Om die *duisend* plato’s van hulle denke tot die belynings tussen *vier* konsepte te verwerk is op die oog af intellektuele hubris, maar wat betref die unieke rol van die letterkunde het Deleuze selfs nog verder gegaan: dit is via die mineur status wat enige goeie letterkunde sou tipeer, dat laasgenoemde volgens hom die *een* enkele draer van die belofte van ’n more word.

BIBLIOGRAFIE

- Alliez, Éric. 2015. Structuralism’s Afters: Tracing Transdisciplinarity through Guattari and Latour. *Theory, Culture & Society* 32(5-6):139-158.
- Anker, Willem. 2007. Die nomadiese self: skisoanalitiese beskouinge oor karaktersubjektiviteit in die prosawerk van Alexander Strachan en Breyten Breytenbach. Ongepubliseerde PhD-proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.
- Anker, Willem. 2011. “Spanner in die wat?” – Wopko Jensma en die mineurletterkunde van Deleuze en Guattari. *LitNet Akademies* 8(3):167-194.
- Bensmaïa, Réda. 1986. Foreword: The Kafka Effect. In Deleuze, Gilles en Guattari, Félix. 1986 [1975]. *Kafka: Toward a Minor Literature*. Minneapolis & London: University of Minnesota Press, pp.ix-xxi.

- Bogue, Ronald. 1989. *Deleuze and Guattari*. New York & London: Routledge.
- Bogue, Ronald. 1997. Minor Writing and Minor Literature. *symplokē* 5(1/2):99-118).
- Bogue, Ronald. 2003. *Deleuze on Literature*. New York & London: Routledge.
- Bogue, Ronald. 2007. *Deleuze's Way: Essays in Transverse Ethics and Aesthetics*. Hampshire & Burlington: Ashgate.
- Bogue, Ronald. 2010. *Deleuzian Fabulation and the Scars of History*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Botes, Nina. 2012. "Haar art was befok, haar gap was groovy". Die resepsie van Ronelda Kamfer se *Noudat slapende honde* in Suid-Afrika en die Lae Lande. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*. 19(2):128-163.
- Casanova, Pascale. 2004. *The World Republic of Letters*. Cambridge, Massachusetts; London, England: Harvard University Press.
- Coetzee, Ampie. 2002. Swart Afrikaanse skrywers: 'n diskursiewe praktyk van die verlede. *Stilet* 14(1):149-166.
- Colebrook, Claire. 2002. *Gilles Deleuze*. London & New York: Routledge.
- Corngold, Stanley. 1994. Kafka and the Dialect of Minor Literature. In: *College Literature* 21(1):89-101.
- DeLanda, Manuel. 2002. *Intensive Science and Virtual Philosophy*. London, New Delhi, New York & Sydney: Bloomsbury.
- DeLanda, Manuel. 2006. *A New Philosophy of Society*. London & New York: Continuum.
- DeLanda, Manuel. 2016. *Assemblage Theory*. Edinburgh: University of Edinburgh Press.
- Deleuze, Gilles. 1998 [1993]. Literature and Life. In Deleuze, Gilles. 1998. *Essays Critical and Clinical*. London & New York: Verso, pp.1-6.
- Deleuze, Gilles en Guattari, Félix. 1986 [1975]. *Kafka: Toward a Minor Literature*. Minneapolis & London: University of Minnesota Press.
- Deleuze, Gilles en Guattari, Félix. 1987 [1980]. *A Thousand Plateaus: Capitalism and Schizophrenia*. Minneapolis & London: University of Minnesota Press.
- Deleuze, Gilles en Guattari, Félix. 1994 [1991]. *What is Philosophy?* New York: Columbia University Press.
- Deleuze, Gilles en Guattari, Félix. 2004 [1972]. *Anti-Oedipus: Capitalism and Schizophrenia*. London & New York: Continuum.
- Deleuze, Gilles & Parnet, Claire. 1987 [1977]. On the Superiority of Anglo-American Literature. In Deleuze, Gilles & Parnet, Claire. 1987 [1977]. *Dialogues*. New York: Athlone Press, pp.36-76.
- Edmunds, Lowell. 2010. Kafka on Minor Literature. In: *German Studies Review* 33(2):351-374.
- Genosko, Gary & Young, Eugene B. 2013. Assemblage. In Young, Eugene B. (ed.). *The Deleuze and Guattari Dictionary*. London, New Delhi, New York & Sydney: Bloomsbury, pp.34-37.
- Guattari, Félix. 2010 [1979]. *The Machinic Unconscious*. Cambridge: Semiotext(e).
- Kafka, Franz. 1983. *Tagebücher: 1910-1923*. Frankfurt am Main: Fischer Taschenbuch Verlag.
- Kaplan, Caren. 1987. Deterritorializations: The Rewriting of Home and exile in Western Feminist Discourse. In: *Cultural Critique* 6:187-198.
- Kreuzmair, Elias. 2010. Die Mehrheit will das nicht hören. Gilles Deleuze' Konzept der *littérature mineure*. In: *Helikon, A Multidisciplinary Online Journal* 1:36-47.
- Lambert, Greg. 2013. *A Thousand Plateaus*. In Young, Eugene B. (ed.). *The Deleuze and Guattari Dictionary*. London, New Delhi, New York & Sydney: Bloomsbury, pp.313-315.
- Larose, Karim & Roxanne Lapidus. 2002. Major and Minor: Crossed Perspectives. In: *SubStance* 97(31:1):36-47.
- Latour, Bruno. 2007. *Reassembling the Social: An Introduction to Actor-Network-Theory*. Oxford: Oxford University Press.
- Müller, Martin. 2015. Assemblages and Actor-networks: Rethinking Socio-material Power, Politics and Space. *Geography Compass* 9/1:27-41.
- Müller, Martin and Schurr, Carolin. 2016. Assemblage thinking and actor-network theory: conjunctions, disjunctions, cross-fertilisations. *Transactions of the Institute of British Geographers* 41:217-229.
- Nail, Thomas. 2017. What is an assemblage? *SubStance* 46(1-142):21-37.
- Pakendorf, Gunther. 1993. Kafka, en die saak vir 'n "klein letterkunde". *Stilet* 5(1):99-106.

- Pieterse, H.J. 2017. Variasie en variëteit: 'n Voorlopige verkenning van die voorkoms en funksie van taalvariëteite in *Kaar* (Marlene van Niekerk). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(2-1):369-386.
- Polan, Dana. 1986. Translator's Introduction. In Deleuze, Gilles & Guattari, Félix. 1986 [1975]. *Kafka: Toward a Minor Literature*. Minneapolis & London: University of Minnesota Press, pp. xxii-xxix.
- Stander, A.S. 2012. Taal wat stamel, stotter en struikel: Marlene van Niekerk se *Die sneeuslaper* (2010) as mineurletterkunde. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.
- Van den Berg, Cilliers. 2018a. Die Lacaniaanse Reële in grufilms: Enkele opmerkings oor die "martelporno"-genre. *LitnetAkademies* 15(1).
- Van den Berg, Cilliers. 2018b. Die Lacaniaanse Reële in grufilms: Jennifer Kent se *The Babadook* (2014). *LitnetAkademies* 15(1).
- Van Zyl, Wium. 2005. Swart Afrikaanse Gemeenskapsteater in 'n oorgangstyd: 'n Verslag uit die Wes-Kaap. *Stilet* 17(3):91-103.
- Viljoen, Louise. 2005. Displacement in the literary texts of black Afrikaans writers in South Africa. *Journal of Literary Studies* 21(1/2):93-118.
- Vosloo, Franci. 2014. Vertaling en/as abjeksie: Antjie Krog. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus* 43:359-391.
- Watson, Janell. 2013. Autopoiesis. In Young, Eugene B (ed.). *The Deleuze and Guattari Dictionary*. London, New Delhi, New York & Sydney: Bloomsbury, pp.38-39.
- Young, Eugene B. 2013a. Abstract Machine. In Young, Eugene B. (ed.). *The Deleuze and Guattari Dictionary*. London, New Delhi, New York & Sydney: Bloomsbury, pp. 17-19.
- Young, Eugene B. 2013b. Form of Content. In Young, Eugene B. (ed.). *The Deleuze and Guattari Dictionary*. London, New Delhi, New York & Sydney: Bloomsbury, pp.137-139.
- Young, Eugene B. 2013c. Territory; Territorialization. In Young, Eugene B. (ed.). *The Deleuze and Guattari Dictionary*. London, New Delhi, New York & Sydney: Bloomsbury, pp. 306-312.

Die estetiese ingesteldheid as psigoterapeutiese kwaliteit in 'n hoofsaaklik apatiese, gedigitaliseerde omgewing*

The aesthetic disposition as psychotherapeutic quality in a mainly apathetic, digitalised environment

KARLIEN CONRADIE

Departement Opvoedkundige Sielkunde
Universiteit van Stellenbosch
E-pos: karlienL@sun.ac.za



Karlién Conradie

KARLIEN CONRADIE is 'n dosent en ontlukende akademikus in die Departement Opvoedkundige Sielkunde van die Universiteit van Stellenbosch. Sy is ook 'n opvoedkundige sielkundige. Deur haar navorsing poog sy om meer estetiese wyses van betekenisgeving binne die domein van psigoterapiepraktyk en kurrikulumontwerp te verken en uit te brei. Sy stel belang in die benaderings van die persoonsgesentreerde, gestalt- en eksistensiële psigoterapieë, en in die teoretiese beskouings van die eksistensiële en hermeneutiese fenomenologie. Voorkeurnavorsingsraamwerke sluit kwalitatiewe, interpretatiewe en poëtiese metodologieë van ondersoek in. Sy was verantwoordelik vir die skryf van 'n hoofstuk in die onlangs gepubliseerde akademiese handboek *Insigte uit Opvoedkundige Sielkunde* (Juta)

KARLIEN CONRADIE is a lecturer and emerging academic in the Department of Educational Psychology, University of Stellenbosch. She is also an educational psychologist. Her research is aimed at exploring aesthetical ways of meaning-making in professional development in both psychotherapy practice and curriculum design. She is interested in person-centred, gestalt and existentialist psychotherapies. Her main theoretical orientation draws on existential and hermeneutic phenomenology. Preferred frameworks of inquiry include qualitative, interpretative and personal methodologies. She was the author of a chapter in the recently published academic textbook *Understanding Educational Psychology* (Juta).

* Erkenning word gegee aan die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* vir ruim doktorsale befondsing wat tot die ontwikkeling van hierdie artikel bygedra het.

ABSTRACT***The aesthetic disposition as psychotherapeutic quality in a mainly apathetic, digitalised environment***

*The psychotherapeutic space is characterised by, inter alia, empathetic participation, that is, sensitivity for the problematic nature of the existence and meaning of everything. The aesthetic disposition is a demand made on the therapist to be receptive to **la condition humaine** in an existential manner. In this article, I contend that in the face of an unbridled digital culture, the above-mentioned psychotherapeutic quality may be threatened. Furthermore, I scrutinise the nature of this concern in the light of interwoven theoretical and philosophical approaches, and of examples from poetry and literary prose. It is suggested that the training of postgraduate psychology students in general and educational psychology students in particular who have grown up with digital media ought to be reviewed.*

When online digital media become the predominant tool with which meaning is unlocked and interpreted it probably says something about the way people approach their world epistemologically and ontologically. In this regard, the ever-expanding digital consumerism, characterised by utility and immediacy, increasingly serves as hubris through which humanity appears to be doomed to collapse. This collapse would not necessarily mean the disappearance of Homo sapiens, but rather refers to an impoverishment of the function of language and thought in humankind's pursuit of meaning creation.

Recent research contends that the rapid hybridisation (that is, the fusion of human being and android/machine) to which humankind is exposed occurs at the expense of certain knowledge-gaining and meaning-creating functions. One of these functions is the search for coherence by means of in-depth interpretation frameworks in order to steer away from chaos and fragmentation at the social and personal-psychological levels. Specifically, it concerns the impoverished role of language and thought as vital conditions for the articulation of the fine network of nuances of events and experiences. A predominantly digitalised culture in which the rich register of personal experiences is hardly given a place can lead to the ontology of existence being reduced to filtered, instant experiences and knowledge fragments stripped of their essential nuances.

Another factor contributing to indifference in the context of the psychotherapist's thinking actions is the inherent fragmentation of the profession of psychology. This often makes it difficult for therapists who pursue the humanistic principles of solicitude and endeavour to fathom the greatest depths of humanity, to position themselves simultaneously within various social systems. Gardner believes "an effective counsellor must radically change his or her perspective on a client throughout the day, viewing the client first through the client's own eyes; then through the eyes of a legal authority or insurance entity; and possibly even through the eyes of a particular agency or school, whose own policies may differ widely from the counsellor, client, or payer" (Gardner 2016:88). According to Gardner, the orientation of metamodernism, characterised by continuous movement and reform, can serve as a conciliatory paradigm to deal with fragmentation and conflicting contexts peculiar to psychotherapeutic practice. She illustrates this fragmentation with reference, in particular, to the one-dimensional reliance on "neo-medical strategies" (Gardner 2016:89), namely rigid treatment plans, diagnostic criteria and DSM¹ codes and categories, as opposed to a humanistic approach characterised by human autonomy and integrity. It is suggested that metamodernism as an attitude becomes a way for the educational psychologist of positioning herself in ambivalent environments by means of a to-and-fro movement between conflicting contexts and metaphysical issues related to psychology,

¹ *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders*, published by the American Psychiatric Association. The current manual is the fifth edition (2013).

such as good/evil, male/female, conscious/unconscious, psychological distress/prosperity, rather than a total rejection of boundaries as in postmodernism.

In this article, with reference to several theories in philosophy and psychology, analytical literary discussions and recent information science research findings, I endeavour to gain clarity about how the culture of digital media relates to the need for an aesthetic disposition, specifically as a psychotherapeutic quality. In considering this, I explain how art as a direction indicator of the aesthetic disposition can be applied to advance and enrich the thinking of the psychotherapist and educational psychologist.

KEY WORDS: educational psychology; psychotherapist; aesthetic disposition; ontological grounding; self-transformation; digital-media culture; apathy; attentive presence; empathic sensitiveness; artistry

TREFWOORDE: opvoedkundige sielkunde; psigoterapeut; estetiese ingesteldheid; ontologiese begronding; selftransformasie; digitalemediakultuur; apatie; aandagtige teenwoordigheid; invoelende sensitiwiteit; kunstenaarskap

OPSOMMING

Die psigoterapeutiese ruimte word gekenmerk deur onder andere invoelende deelname, oftewel 'n empatiese gevoeligheid vir die problematiek van die bestaan en betekenis van alles. Die estetiese ingesteldheid word as 'n eis aan die terapeut gestel ten einde op eksistensiële wyse ontvanklik te wees vir *la condition humaine*. In hierdie artikel voer ek aan dat bogenoemde psigoterapeutiese kwaliteit, soos ook te vinde in die opvoedkundige sielkunde, moontlik in die lig van 'n ongebreidelde digitalemediakultuur bedreig word. Ek ondersoek die aard van hierdie kwelling aan die hand van verweefde teoretiese en filosofiese benaderings, sowel as van voorbeelde uit die poësie en letterkundige prosa. Daar word aan die hand gedoen dat die opleiding van sielkundestudente in die algemeen, en studente in opvoedkundige sielkunde in die besonder, wat met digitale media grootgeword het, opnuut in oënskou geneem behoort te word.

Wanneer aanlyn digitale media die oorwegende gereedskap word waarmee betekenis ontsluit en vertolk word, sê dit moontlik iets van die wyse waarop mense hul wêreld epistemologies en ontologies benader. In hierdie opsig dien die steeds uitdyende digitale verbruiksgeoriënteerde bestaan, gekenmerk deur nut/utiliteit en onmiddellikheid, toenemend as hubris waardeur die mensdom tot ondergang gedoem skyn te wees. Hierdie ondergang het nie noodwendig te make met die uitsterwing van *Homo sapiens* nie, maar het eerder betrekking op 'n verarming van die funksie van woord- en taalgebruik en denke in die mens se strewe na betekenisgeving.

Onlangse navorsing wil te kenne gee dat die snelle hibridisering (die mens-masjien-versmelting) waaraan die mensdom blootgestel is, ten koste van sekere kennisverwerwings- en betekenisgevingfunksies geskied. Een van dié funksies is die soeke na samehang deur middel van diepgaande interpretasieraamwerke ten einde weg te beweeg van chaos en versplintering op sosiale en persoonlik-psigiese vlak. Hiervolgens gaan dit veral om die verarmde rol van denke en taal as noodsaaklike lewensmiddele om die fyn netwerk van skakerings van gebeure en belewenisse te artikuleer. 'n Oorwegend gedigitaliseerde kultuur wat nouliks staanplek aan die ryk register van persoonlike ervarings gee, kan daartoe lei dat sinsbetekenis gereduseer word tot gefilterde kitsklare belewenis- en kennisbrokke wat van noodsaaklike nuansering ontdaan is.

In hierdie artikel poog ek om aan die hand van verskeie teorieë in die filosofie en sielkunde, analitiese letterkundebesprekings, en onlangse inligtingswetenskaplike navorsingsbevindinge helderheid te verkry oor die wyse waarop die digitalemediakultuur verband hou met die

behoefte aan 'n estetiese ingesteldheid, spesifiek as 'n psigoterapeutiese kwaliteit. Ter verrekening hiervan verduidelik ek die wyse waarop sekere kunsvorme as rigtingwyser vir die estetiese ingesteldheid die denkhandelinge van die psigoterapeut en opvoedkundige sielkundige kan bevorder en verryk.

Ons wêreld is betrokke op die middels waardeur ons dit benader. Derhalwe is die geskiedenis gedeeltelik die geskiedenis van gereedskap. Daardie ou houtkapper se byl was die bril waardeur hy die wêreld gesien het, en deur die voel van sy steel het hy alles gevoel.

Marthinus Versfeld (2008:46)

1. INDIVIDUASIE AS *A PRIORI*-BEGINSEL

In 1955 het Martin Heidegger 'n toespraak ter herdenking aan die gevierde Duitse komponis en dirigent Conradin Kreutzer gelewer. Daarin bepleit Heidegger die aanwending van deurgekomponeerde denke (teenoor oppervlakkige, versnipperde idees) as 'n voorwaarde vir menslike kreatiwiteit en sublieme skeppingsvermoë (Heidegger 1966). Heidegger se versugting na 'n benadering gekenmerk deur die inengestremde samehang van moontlikhede, eerder as 'n oorwegend instrumentalistiese benadering, moet beskou word binne die tydsgewrig van die toe reeds aanvoelbare wending van moderniteit na postmoderniteit.

Die begeerte om botsende bestaanswerklikhede versoenend saam te snoer in die strewe na individuasie (selfontplooiing, selfwording) is 'n primêre beginsel in die konteks van die Jungiaanse analitiese sielkunde. Ten grondslag hieraan lê 'n inherente ordeningsbeginsel wat deur middel van voortdurende transformasie as die kosmiese self² na vore kom – dus 'n preserverende proses waarin die self, as bron van kreatiwiteit, voortdurend pogings aanwend om deur middel van psigiese ontplooiing (individuasie) die delikate balans tussen teenoorgestelde persoonlikheidsfunksies te handhaaf. Die sisteem van die animus- (manlike) en die anima- (vroulike) argetipe³ dien as voorbeeld hiervan. Hiervolgens hou die manlike beginsel (*logos*) verband met selfgeldende, daadkragtige en rasonele optrede, en die vroulike beginsel (*eros*) met versorging, gevoelvolheid en nuwe lewe (Jung 1953–1978). Die manlike en die vroulike argetipiese sisteem hou geensins verband met rolbeskrywing, geslagstipering en gender nie, maar verwys eerder na die kontraseksuele aspekte aanwesig in sowel mans as vroue. Carl Gustav Jung (1875–1961) stel dit (in vertaling) so: “The ego keeps its integrity only if it does not identify with one of the opposites, and if it understands how to hold the balance between them. This is possible only if it remains conscious of both at once” (1960:par. 425). Individuasie is dus noodsaaklik om van die vrugtelose juk van individualisme of kollektiwisme, vrees en skuld bevry te word, wat meestal die gevolg is van oorientifisering met of ontkenning en onderdrukking van 'n sekere persoonlikheidsfasie of -begeerte. Daar

² In Jungiaanse terme verwys die kosmiese self na die kollektiewe (oorgeërfde ervaringe, verwagtinge, verhoudingspatrone en ontwikkelingsstake) sowel as die unieke (uniekheid van die individu) potensiaal van die menslike psige, wat voortdurend streef na psigiese ontplooiing, met ander woorde heelheid, genesing en groei (Jung 1953–1978).

³ Argetipes, as Jungiaanse oortuiging, funksioneer as universele, oftewel kollektiewe, sisteme wat gekenmerk word deur oorgeërfde, onbewuste psigiese temas, inhoud en ervaringe. Elke argetipe bevat 'n teenpool en het ten doel om 'n balans tussen teenoorstaande persoonlikheidsfunksies te handhaaf. Voorbeelde van bekende argetipes, soos dikwels in sprokies, mites en simbole uitgebeeld, sluit die spanning tussen die goeie en destruktiewe moeder of vader, animus en anima, goedheid en boosheid, en individualiteit en gemeenskaplikheid in (Jung 1953–1978).

word beweer dat die individu juis van sy gedeelde menslikheid (gemeenskaplikheid) bewus word by wyse van erkenning van die eie identiteit en waarde eerder as deur die klakkelose omhelsing van dogmatiese en kulturele wetmatighede, waarby onkritiese waardes, oortuigings en gebruike ingesluit is.

Die lewenslange proses van psigiese individuasie, wat deur die toenemende bewuswording van die gelyktydigheid van teenoorgesteldes (ambivalensie), verrassende moontlikhede en verskillende invloede gekenmerk word, word as 'n eis hiervoor gestel. In navolging van die Jungiaanse denkskool is dit noodsaaklik, want uit die altyd onopgehefde spanning tussen kontraseksuele funksies ontspring vitaliteit en geesteskreatiwiteit.

Die ontologie van wording,⁴ soos beskryf deur Deleuze en Guattari (2004), sluit aan by die eindelose proses van omvormende beweging en oorgange wat deur die spanning tussen heterogeen begrensde ruimtes meegebring word. Bülent Diken (2011:96) beskryf die aard van die ontologiese in- en uittog só:

Everything is a mobile and hybrid (mutable) network, or 'assemblage', a process of interaction and connection between heterogeneous elements. What is significant, however, is that assemblages face two tendencies at once: organisation and disorganisation.

By implikasie is dit dus 'n grensverskuiwende proses met die inherente potensiaal om deur middel van dikwels meedoënlose herorganisering tot alternatiewe, verruimende bestaansdenke te lei. Vir die nadenkende terapeut wat gevoelig vir kosmiese rimpelings is, dien die deurdagte verwerking en besinnende nagaan van inligting, gebeure en gewaarwordinge deur middel van geartikuleerde denke dus as noodsaaklike bestaansbegroning – 'n *a priori*-behoefte van die menslike psige. Deleuze en Guattari (2004) se wordingsbeginsel met betrekking tot die psige sluit aan by wat Mayes (2005) *ontologiese reflektiwiteit* (bepeinsing) noem. Vir die psigoterapeut impliseer ontologiese besinning volgehoue ondersoek, verfyning en artikulasie van kwessies met betrekking tot eie wesenheid, maar ook die beoefening van psigoterapie.

Wat hier ter sake is, is die innerlike potensiaal van die menslike psige om weg te skram van versplintering en ondermynende chaos weens die spanning tussen gelyktydig aanwesige teenstrydighede soos lewe en dood, manlikheid en vroulikheid, die bekende en onbekende, individu en (digitale) kultuur, en so meer. Die voortdurende strewe na nuwe risomatiese samestelle ("assemblages"), oftewel die integrasie van aaneenlopende moontlikhede en onverwagse invloede, gaan om psigiese selfontplooiing, oftewel individuasie. In Jungiaanse terme verwys dit na die universele, dog unieke begeerte van die mens om wesenlike aspekte van die self tot 'n veelkantige heelheid saam te snoer. Dit gaan dus om gelykluidende eggo's: Jung se psigiese integrasie van aaneenlopende ruimtes (innerlik/uiterlik, bewus/onbewus), waarvan die mandala (reëlmattige, meestal sirkelvormige figuur) as argetipiese simbool van die geïntegreerde self dien, en Deleuze en Guattari se voortdurend veranderende "assemblage"/"samestel"-in-wording, waarvan die risoom as simbool dien. Weereens te bespeur is 'n inherente ordeningsbeginsel, oftewel die mens se oeroue hunkering na die vestiging van eie waarde deur diepsinnige en interafhanklike verklaaringsraamwerke – die proses van selftransformasie. Wat gebeur egter as hierdie *a priori*-behoefte van die menslike psige onder druk geplaas word weens 'n antroposentriese samelewingsbestel wat hoofsaaklik gekenmerk word deur instrumentalisme, mag en 'n gepaardgaande gebrek aan invoelende sensitiwiteit? Ontkenning van die aaneenlopende

⁴ Met *wording* bedoel Deleuze en Guattari (2004) die dikwels gelyktydige wyse waarop 'n proses of verhouding opnuut geherorganiseer word deur middel van verval én skepping, in- én uittog, ontsnapping én vestiging.

vervloeiing van alles kom sterk na vore wanneer gemeenskappe en samelewings koorsagtig en met stelligheid keerwalle oprig in die vorm van afgebakende, afgehandelde sake. Daar is geen tyd om stil te vertoef in dikwels onsegbare, hoogs verwikkelde lewensomblikke en -gebeure nie. Só word die individu meer en meer van homself vervreemd en ervaar hy 'n verlies aan eie, inherente skeppingskrag, wat tot dusver sy vryheid as mens moes verseker.

Bestendinging van hierdie begrondingsbegeerte – om op intellektuele wyse te weet en te verstaan – word dikwels deur middel van skeppende denke in taal en beeld omvorm. Sodra die psigoterapeut en die kliënt daarin slaag om gebeure en gewaarwordinge akkuraat te omskryf, word indrukke ingedam en deur middel van woorde omlyn. Gevolglik, soos Marthinus Versfeld (2008) verduidelik, *bestaan* sake van die innerlike wêreld vir die eerste keer en sit dit nie meer op 'n geklampte wyse binne-in die persoon vas nie. Hierdie bestendinging dra tot verdiepte begrip en insig by. Die belangrikheid van artikulasie, samevoeging en samehang word só deur Versfeld (2008:42-43) beklemtoon:

... want alle ware skepping is die skepping van betekenis. As ons wêreld samehangend is, is dit omdat dit wesentlik 'n gedig is, die gesang van die heelal, soos Augustinus dit noem. Die wêreld is 'n psalm wat uit die niks opstyg en die digter is die man wat in die donker waters van die chaos duik om skoon en blink dinge daar te gaan uithaal. Hy stel ook perke aan dinge, want hy weet dat dinge werklik dinge is namate hulle omskryf; en beperk en akkuraat is. Poësie wat nie akkuraat is nie, is nie poësie nie. As die digter dinge nie skoon skaaf nie, dan pas hulle nie.

Ek voer aan dat, in 'n omgewing waar tydsame bestendinging deur middel van 'n sensitief invoelende ingesteldheid nie 'n waarde geag word nie, dit moontlik tot die verarmde denk- en taalvermoë van psigoterapeute kan lei en dat hulle derhalwe in gebreke sal bly om die kompleksiteit van *la condition humaine* op 'n persoonlik geïmpliseerde en genuanseerde wyse te vertolk en verbeeld.

2. APATIE: ONWILLIGHEID OM INTELLEKTUEEL BEMOEI TE WORD

Kennisverwerwing en betekenis skepping is 'n lewenslange en tydsame proses wat invoelende betrokkenheid en aandagtigheid vereis. Weens die vormbaarheid van menslike kennis is dit besonder ontvanklik vir veranderinge en invloede sodat gepaste aanpassings gemaak kan word om voortbestaan in veranderende omstandighede te verseker. Hierdie plooibaarheid dien as 'n evolusionêre funksie en stel die mens keer op keer in staat om die eise wat 'n steeds veranderende omgewing stel, suksesvol te kan hanteer. Een van die mees ingrypende omgewings waarin die mens hom die afgelope paar dekades bevind, is dié van die internet. Die hibriditeit, oftewel die versmelting van mens en masjien, wat hierdie omgewing teweegbring, is waarskynlik nêrens méér sigbaar as in die wyse waarop die betekenis van die wêreld hoofsaaklik deur middel van digitale toestelle benader word nie. Verskeie digters, navorsers, letterkundiges en akademici wys al 'n geruime tyd daarop dat dit veelbetekenende gevolge vir die mens se ingebore psigiese behoefte aan die vooruitbeurende ondersoek van bestaanskwessies inhou. Let op hoe Wilma Stockenström in *By L'Agulhas 'n wandeling* (2007:65-66) dig oor die begeerte om op speurende en diepsinnige wyse aan die historiesiteit van die heelal verbind te wees:

Teen son en skuim loop ek my vas, 'n ruwe
ontmoeting my loop met wind en see. Stryk
ek aan oor skulpiesand, ek hoor dit guds,

sluk en klein borrel. Die glinstervloed
is swaar van plankton, dig van mineraal
en vertellings en vermoedens van wrakke
aan rotse onnaspeurbaar vasgehaak.

Langs my die swartvlerkmeeu, sy drag
dié van vaarder, visser, kenner, sy oog
op my op hierdie sifsagte grens tussen
sand en plant waar ek gespleetoon, hy geweb
gaan, en ek strandrosies bestryk, en hy
hups die moedswil van 'n golf ontwyk,
steeds die oog op my, my kameraad.

Hy styg op aand toe. Hy laat my agter
met geen verweer teen sy afsydigheid
so skielik betoon. Ek wou nog uitvra,
het gemeen ons was maats darem een
vakansie lank. Ek wou nog hoor en opteken
'n geskiedenis wat verbyvaar. Wou peuter,
blootlê, 'n laagwater van monsters.

Ek voel die veeg van die lig van die toring
wat lekkende skulpe en die krap wat salueer,
wat in- en uitspoeling en oervereniging,
wat my en die huise en die versamelde waters
in een kort stelling betrek: dit hier,
kaap van naalde, is die aanvang van 'n afrika
wat nog so vriendelik niks prysgee.

Bykans al die gedigte in Stockenström se bundel *Die stomme aarde* (2007) roep Bernard Stiegler (in Ieven 2012) se standpunt van die hipergeïndustrialiseerde samelewing in gedagte. Met hierdie konsep verwys hy na die toenemende bemerkbaarheid en kommodifisering van alles, insluitende tyd en ruimte. Lynreg teenoor dié verbruikersmentaliteit staan die estetiese ervaring wat so goed vergestalt word in *By L'Agulhas 'n wandeling*: die vergeesteliking, die indrinking, oftewel *aisthēsis*,⁵ van alles. Vir diegene gemoeid met die delikate ontwikkeling van die jong kind, word dit miskien nêrens beter geïllustreer nie as in 'n kind se natuurlike vermoë om op intuïtiewe wyse te verstaan dat hy tegelyk in die omgewing is en die omgewing ook in hom (*unus mundus*). Dit is hierdie geïmpliseerde verweefdheid as ingesteldheid wat mens binne 'n estetiese konteks sou kon vertaal as invoelende sensitiwiteit.

Dit is veral merkbaar in die wyse waarop die jong kind gemaklike oorgange tussen verskillende werklikhede bewerkstellig, asook hoe sy haarself intens kan inleef in haar spel. Quiga en Clegg (2015:464) verwoord die estetiese ervaring soos volg:

⁵ Estetika het betrekking op die Griekse verstaan van *aisthēsis*, wat beteken om gebeure of waarnemings “in te adem/in te drink” (Eco 2004); dit hang af van die individu se vermoë om op ontologiese wyse toeganklik te wees en met verhoogde bewustheid en sensitiwiteit te handel. Stone (2003:34) herinner ons soos volg hieraan: “Remember that aesthetic refers to heightened sensory awareness. It is the opposite of anaesthetic – that is, a dulling or loss of consciousness – not the opposite of ugly.”

...the aesthetic mode of perception entails a full physical engagement of the senses, with aesthetic as respiration connoting a profound receptivity to the spirit of what is being perceived. It is a perception by way of reception that leaves us physically affected and emotionally moved.

Die kleuter en jong kind is meestal van nature aandagtig, diep ontvanklik en een met sy omgewing. Sy gewaarwording is suiwer omdat daar nog geen materiële mededinging of vertroebeling, met inbegrip van kultuur- en godsdiensteologiese inmenging, is nie – dus nog vóór kulturele onderdanigheid en dogmatiese indoktrinasië.

Die afleiding is weereens, soos in die Jungiaanse konteks, dat die mens oor die inherente potensiaal beskik om esteties (sensitief invoelend) georiënteerd te wees. In aansluiting by Versfeld (1982:61): Die jong kind leef nie *vir* homself nie, maar eerder *uit* homself, vanweë die besef dat die natuur (omgewing) in hom is en hy terselfdertyd in die natuur is.

In 'n hipergeïndustrialiseerde samelewing kan die individu egter bykans nie meer ontkom aan die gedurig aanwesige digitale stroom wat op utiliteit, verbruik, onmiddellike beskikbaarheid en uitdrukking (ekspressie), oftewel digitale uitsaaiing gemik is nie. Vir Stiegler word die individu se verlange na sy eie individuasië in sulke omstandighede omvorm tot hoofsaaklik drifte van onmiddellike verbruik (in *Leven* 2012:91). Algaande word 'n werklikheid verkry waarin die rol van begrensing, tydsame omlýning, noukeurige onderskeiding en afbakening meer en meer geringskat word. *Leven* (2012:92) stel dit so:

Whereas individuals are motivated by desire and anticipate a future they themselves are creatively involved with, consumers are motivated by drives, they are almost mechanically compelled to consume. Such a consumer can thus only emerge once the aesthetic ground of individuation has been appropriated, controlled, calculated and thus ultimately destroyed.

Onlangse metastudies gemoeid met die verband tussen die gedurige en snelle oorskakeling tussen verskillende toestelle en aktiwiteite van digitale sowel as nedigitale aard en die kognitiewe funksie van aandagtoespitsing (Kirschner & De Bruyckere 2017; Le Roux & Parry 2017; Loh & Kanai 2016) skets 'n fyn spinnerak van verbandhoudende, dikwels deprimerende, bevindinge. Enkele hiervan is 1) die behoefte om aanhoudend en binne die kortste moontlike tyd op 'n ekspressief visuele wyse gestimuleer te word; 2) die verarmde vermoë om vir langer tydperke op 'n aandagtige en gefokusde wyse te konsentreer; en 3) 'n ongevoeligheid vir nuansering en verdiepte belewenisse. Die spinnekop? 'n Beeld-oorweldigde en oorversadigde visuele kultuur, onvermurbaar in sy ondermynende gulsigheid na hapklaar inligtingsbrokke waarvan kitskyk, kitsvermaak en kitsverstaan die hoofdoel is.

Kritiese en analitiese oordenking gekenmerk deur tydsame ontvouing is egter noodsaaklike vaardighede wat die opvoedkundige sielkundige en psigoterapeut in staat stel om op ondersoekend-besinnende wyse verbeeldingryke afleidings en verhelderende gevolgtrekkings te maak, asook om patrone en verbande te identifiseer. Die onstuitbare vervloeiing tussen mens en internet blyk egter tot die verskraling van mense se vermoë tot dieptepeilings aanleiding te gee. Hierdie eietydse kwessie word deur Ingrid Winterbach in *Vlakwater* (2015) verbeeld wanneer die verteller, Niek Steyn, se intellektuele weetgierigheid en hunkering na verbeeldingrykheid gekniehalter word deur die karakter Karlien Meyer se vergestaltung van 'n onnadenkende, verbruiksgeoriënteerde kultuur, behep met die konstante deel en plaas van ekspressiewe, kitsklaar digitale inligtingsbrokke. Die digitalemediakultuur word nouliks gekenmerk deur tydsame ontvouing, nuansering en ingetoënhed. Intendeel, inhoudelike gehalte weeg kwalik op teen die onmiddellike nutswaarde van kitskyk en -lees. In hierdie

konteks verwys apatie na die ongevoeligheid, die nie-ontvanklik wees vir die “struggle and agony of existence”, soos Edinger dit stel (in Elder & Cordic 2009:77). Hieraan grens meermale die onwilligheid om bemoei te word met kwessies wat dieptepeilings behoef. Dit lei algaande tot ’n algemene afgestomptheid wat die mens verhoed om ontvanklik te wees vir konfrontasie met die eie en met die bestaanswerklikhede van ’n ander. Lynreg hierteenoor staan die estetiese ingesteldheid van invoelende sensitiwiteit, met ander woorde die verskerpte bewustheid van die onbevange vloei van ’n enkele antropomorfe heel(waar)heid.

In die Franse verhaal *Die vallei van die windmeulens* (Blanco & Docampo 2015:6) word ’n weerspieëling gevind van die skending van invoelende betrokkenheid en dus persoonlik geïmpliseerde omgewings:

Die mans, vroue en kinders het van die ou windmeulens vergeet en ook van die wind wat hulle laat draai het. Een oggend het die wind selfs opgehou om te waai. Die inwoners van die vallei het dit nie eers agtergekom nie – hulle het slegs in die Volmaakte Masjiene belanggestel. Van daardie dag af het die windmeulens aan die slaap geraak, hulle arms het roerloos in die lug bly hang.

Insgelyks is die letterkundiges Andries Visagie (2016) en Thys Human (2016) van mening dat *Vlakwater* ’n versinnebeelding van apatie, eiebelang en onbetrokkenheid is. Hierteenoor staan oteenseglik die bemoeienis met bestaanskwessies en invoelende sensitiwiteit. Subtiel wys *Vlakwater* op ’n verlies aan estetiese ingesteldheid en die vermoë om ontroer te word deur verlooptheid, vervallenheid of die “Nothing out of which All may grow” (Jung 1964:par. 149). Teenoor die veiligheid van vlak water staan die dieper waters van estetiese ontvanklikheid wat dit moontlik maak om op ’n eksistensiële wyse ontroer te word.

Dit sluit aan by die Jungiaanse ordeningsbeginsel om by wyse van selftransformasie algaande van die chaos van bestaan los te kom. Versfeld (2008:43) beskryf hierdie psigiese ontvanklikheid en kreatiwiteit soos volg:

Jy moet oor die chaos broei totdat daar ’n sekere chaos in jouself ontstaan. Jy moet jouself ter wille van die klip vernietig en deur jou hande moet daar vorm beide aan jouself en aan die klip gegee word. Deur jou hande bepaal jy jou eie bestaan. Dink staan met hantering in die nouste verband.

Die verband tussen die menslike psige en die kunste word duideliker, veral indien intellektueel stimulerende kuns as ’n dieptestruktuur (Visagie 2016) benut kan word. Sowel die skep as die beleving van kuns veronderstel ’n meesleurende, grensoorskrydende proses waarin konfrontasie met dikwels onbewuste gedagte-inhoude rakende die menslike bestaan moontlik is. In ’n toestand van voortdurende stimulasie en opeengestapelde handeling, meestal in die vorm van flitsende visuele beelde, inligtingsflertse en pretensieuse uitsaaitipekommunikasie, word dit egter moeilik om subtiele wisselinge te onderskei en meerduidighede waar te neem, te konsentreer, terug te staan en in te kyk op eie reaksies. Dit is asof die eise wat deur die uiterlike wêreld gestel word, dit al hoe moeiliker maak om ’n stil, innerlike wêreld te kultiveer.

Kuns as ervaring, en nie slegs as waardering en beoefening nie, kan egter aan die hand van sensories-estetiese eienskappe, naamlik kontemplatiewe stilte, verskerpte sensoriese aandagtigheid, geduld en verbeelding, bydra tot verdiepende insig. Dit vind neerslag in die spontane wyse waarop ’n kunstenaar die objek van bestudering binnegaan en die essensie daarvan deurgrond, oftewel *Einführung*. Dié Duitse konsep verwys na “...the projection of human feeling into art objects” (Jeffers 2009:3); “I transpose myself,” sê Jeffers, “into the inner being of an object and explore its formal character from within, as it were” (2009:3). Die diepgaande

bemoenien met en oorgawe aan gebeure wat deur en om ons vloei, is ook 'n vergeesteliking, dus 'n psigiese verinnerliking, daarvan. Tog is die kunstenaarskap van die psigoterapeut en opvoedkundige sielkundige in gedrang wanneer 'n samelewing merendeels deur uitkomst, spoed en produkte, oftewel “die vulgariteit van die massamens” (Versfeld 1982:90) beheer word.

Die gevoelhede van die psige bly dikwels onverreken weens die eendimensionele en oppervlakkige toeverlaat op “neomediese strategieë” (Gardner 2016:89). Hieronder tel reduserende bevindinge en aanbevelings, statiese en geïsoleerde diagnostiese kriteria, DSM-kodes⁶ en kategorieë. Die letterkunde, teater en poësie slaag gewoonlik beter daarin om die verwickeldheid en gelyktydigheid van ambivalente moontlikhede en onverwagse invloede eie aan die mensheid te openbaar as die beoefenaars van 'n neomediese sielkunde. Wanneer die kapasiteit om ontroer te word afwesig is by die psigoterapeut, is 'n diepgaande peiling van die menslike psige nie moontlik nie, maar alleenlik 'n eng oppervlakkige en miopiese waarneming van die kliënt. Ek probeer die clichématige aard van 'n neomediese benadering soos volg verbeeld:

Persoonsbeeld

Gedurende jou besoek het dit geblyk
uit verkreë resultate
soos behaal op
sistematies geadministreerde subtoetse
en vraelyste dat
beduidende skaalafwykings voorkom
en aanleiding gee
tot 'n ongedifferensieerde profiel
ten opsigte van algemene funksionering.

of is dit bloot versamelde
verstikkende

eensaamheid?

Volgens Jungiaanse oortuigings veronderstel die innerlike en die eksterne wêreld 'n geheel wat voortdurend streef na heelheid. In 'n bemoenienlose samelewing word die innerlike toenemend oorspoel deur 'n ongebreidelde uiterlike, wat die vertroebeling van psigies noodsaaklike grense en ritmes, oorgange en omlýning meebring. 'n Mens sou kon praat van die dominasie van die innerlike (menslike gees) deur die uiterlike (materiële) wêreld. Dus behoort die opvoedkundigesielkunde-student se kapasiteit om dit wat buite is (dit waaraan hy op materiële wyse onderdanig is), te verinnerlik en, nou meer as ooit, aangemoedig en gestimuleer te word deur middel van 'n wordingsgeoriënteerde kurrikulum.

So 'n kurrikulum moet die beduidendheid van die nomadiese heen-en-weer-beweging tussen gelyktydige teenstrydighede as deel van 'n kosmiese heelheid deurgaans beklemtoon. 'n “Tussenin”-ekstase, oftewel platoniese *metaxis*, wat dui op die gelyktydige ervaring van alles én niks (Vermeulen & Van den Akker 2010), is ter sprake. Verskans hierin is die drie wordingsbeginsels wat vir die denkende psigoterapeut en opvoedkundige sielkundige nood-

⁶ *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders*, uitgegee deur die American Psychiatric Association. Die huidige (vyfde) weergawe (2013) van dié handleiding is alom bekend aan psigiaters en sielkundiges.

saaklik behoort te wees. Dit sluit in verwikkelde relasionaliteit (ineengestremgelde moontlikhede, onverwagse invloede, verhoudings), gelyktydigheid (vervloeiing van alles) en invoelende sensitiwiteit. Laasgenoemde wordingsbeginsel is veral onder skoot in 'n verworwe digitale deel-en-plaas-uitsaai-kultuur gekenmerk deur die behepthed met ekspressiewe, goedkoop oplossings, kitsklaar inligtingsbrokke en onmiddellike nutswaarde.

'n Verdere bydraende faktor tot apatie, oftewel onaangeraaktheid in die konteks van die beoefening van opvoedkundige sielkunde en psigoterapie, is die inherente gefragmenteertheid van die praktyk van die sielkunde. Gardner (2016:88) meen dat die doeltreffendheid van 'n sielkundige dikwels afhang van hoe vinnig en naatloos hy sy kliënt in verskillende relasionele, dikwels teenstrydige, sistemiese trajekte kan posisioneer, "...viewing the client first through the client's own eyes; then through the eyes of a legal authority or insurance entity; and possibly even through the eyes of a particular agency or school, whose own policies may differ widely from the counsellor, client, or payer". Gardner meen dat die metamodernisme as versoenende denkraamwerk kan dien om fragmentasie en botsende kontekste eie aan die beoefening van die sielkunde te hanteer, bedoelende dat die metamodernistiese ingesteldheid 'n manier is waarop die sielkundige haarself in ambivalente omgewings kan posisioneer deur middel van 'n heen-en-weer-beweging tussen teenstrydige kontekste en metafisiese vraagstukke eie aan die sielkunde (insluitende goedheid/boosheid, psige/liggaam, manlik/vroulik, bewuste/onbewuste, psigiese nood/welstand) eerder as 'n totale opheffing van grense soos in die postmodernisme.

In hierdie hoedanigheid herinner Visagie (2016:9) ons, na aanleiding van Vermeulen en Van den Akker (2010, 2015), aan die denker Jean-Francois Lyotard se beskouing van postmodernisme: "...'n skip wat vrolik tussen eilande rondreis sonder om ooit aan land te gaan". Die psigoterapeut kan gerieflikheidshalwe verval in haar beskouing van die mens en mensheid as te kompleks, te verstremgel, en dus op so 'n wyse nouliks verantwoordelikheid neem vir die dieptepeilings van kliënte se bewussynsgevoelighede en psigiese behoeftes. In 'n merendeels postmodernistiese bestel bestaan die gevaar dat psigoterapie die uitkomst van tydelike gerief en hedonistiese geluk ten koste van onthutsende innerlike konflik en pynlike individuasie vooropstel. Hierteenoor beklemtoon Deleuze en Guattari se ontologie van wording, sowel as die metamodernisme, voortdurende beweging en verplasing: "Metamodernism moves for the sake of moving, attempts in spite of its inevitable failure; it seeks forever for a truth that it never expects to find" (Vermeulen & Van den Akker 2010:5). Visagie (2016:9) stel dit treffend in sy beskrywing van Ingrid Winterbach se roman *Vlakwater*:

Met *Vlakwater* sluit Ingrid Winterbach aan by die metamodernisme wat die noodsaak vir 'n uitkoms uit die doolhof van die postmodernisme aanvoel en daarna streef om met 'n hernude naïwiteit en optimisme vorentoe te beweeg, maar getemper word deur die afwesigheid van 'n duidelike horison en geskikte diskoerse om 'n nuwe opregtheid sonder meer te omarm.

Tekenend van hierdie denkwysie is dus 'n hernude ywer en persoonlik geïmpliseerde deelname, wat staan teenoor die apatie en onbetrokkenheid wat so kenmerkend van postmodernisme is. Evans (2016:48) beskryf hierdie versoenende ruimte in die konteks van psigoterapie as "a métissage existence that integrates knowing, doing and making, an existence that desires an aesthetic experience found in an elegance of flow between intellect, feeling and practice." Persoonlik geïmpliseerde deelname en bemoeienis veronderstel invoelende sensitiwiteit van die kant van die opvoedkundige sielkundige en psigoterapeut.

3. DIE ESTETIESE INGESTELDHEID: INVOELENDSE SENSITIEWEIT

Evans (2016) verduidelik invoelende betrokkenheid as aandagtige teenwoordigheid gekenmerk deur sintuiglike en intellektuele waarneming, verwondering en onthutsing. Aandagtige teenwoordigheid staan ook in noue verband met die psigoterapeut se eie metafisiese en historiese bewussyn. Hierdie proses van betrokkenheid vorm die grondslag van die opvoedkundige sielkundige se vermoë tot empatie. Woorde, beelde en die gebruik van taal word uiteindelik die lewensmiddele, op sigself bestendige van aard, wat die artikulasie van skakerings van gebeurtenisse en belewenisse moontlik maak, met ander woorde noodsaaklike singewing. Die artikulasie van betekenis dien as 'n uitdrukking van die menslike hunkering na die vestiging van verdigte begripsnetwerke in die volgehoute strewe na verdiepte insig, dit wil sê selftransformasie. By implikasie dui sodanige handeling op 'n etiek van sorgsaamheid, wat empatie en 'n estetiese ingesteldheid vereis in die konteks van 'n veel groter kosmiese syn.

Tot dusver word die estetiese grondslag gekenmerk deur aspekte van sinsbetekenis en die ontologie van wording. Op grond hiervan word die afleiding gemaak dat betekenisgeving afhang van die vaardighede wat deur waagmoedige bepeinsing, ontroering en verbeelding vereis word. Dit verg egter volgehoute oefening, soos Heidegger dit reeds in 1959 stel: "Releasement toward things and openness to the mystery never happen of themselves. They do not befall us accidentally. Both flourish only through persistent, courageous thinking" (1966:56). Ook Dewey (1934), in *Art as Experience*, beklemtoon die wisselwerking tussen die kognitiewe (rasionele besluitneming, aksies) en die affektiewe (outentieke deurlewing) aspekte van belewenis en leer. Verdiepte insig is dus net soveel van deurdagte begroning deur middel van analitiese en kritiese denke afhanklik as van *Gelassenheit* (eksistensiële ontroering of "laat-wees") deur estetiese ontvanklikheid.

Die estetiese oomblik het dus te make met die skoonheid van gewaarwording, en nie met die waardes van mooiheid of vermaak nie. Deur die beoefening of waardering van kuns kan die grens tussen die kognitiewe en die affektiewe dimensies van begrip oorstyg word. Dewey se pleidooi dat kuns (visuele kuns, teater en letterkunde) as 'n groter interpretasieraamwerk vir die meeste ander vakdissiplines kan dien, word geëggo deur die werk van hedendaagse skrywers soos Caracciolo en Weida (2017), Eisner (2001) en Uhrmacher (2009). In navolging van hierdie denkers word vaardighede soos aandagtige teenwoordigheid en invoelende sensitiewe as kernbelangrik beskou vir die beoefening en waardering van enige kunsvorm. Hierin lê dus die vermoë opgesluit om op 'n bewustelike, voortdurend wordende wyse betrokke te wees by die omgewing, wat deur paradoks, ironie en veelvuldige moontlikhede gekenmerk word. Vir die opvoedkundige filosoof Maxine Greene (volgens Gaines 2016) hang wording meestal af van ten minste drie kerneienskappe: kreatiewe denke (vergelykbaar met Heidegger se waagmoedige en kritiese bepeinsing), estetiese bewustheid en persoonlik geïmpliseerde deelname (wat staan teenoor onbewustheid, afsonderlike bestaan en apatie). Vir my as dosent word die uiteindelijke opleiding van verbeeldingryke en sensitief invoelende opvoedkundige sielkundiges juis bevorder deur die doelbewuste insluiting van bogenoemde eienskappe by die teoretiese kurrikulum en by die daaropvolgende psigoterapeutiese praktikum.

4. KUNS AS RIGTINGWYSER VIR DIE PSIGOTERAPEUT

Die beoefening, waardering en ervaring van kuns kan as belangrike rigtingwysers vir die psigoterapeut dien. In byvoorbeeld *Vlakwater* tree Marthinus Scheepers moontlik as sjamaan vir Niek Steyn op. Sy boerdery met varke en sy boekery vol historiese en mitiese figure as

simbole, droombeelde en argetipes help Niek (en die leser) om met dieper lae van die kollektiewe onbewuste gekonfronteer te word. Charelle Koopman as kunstenaar en die Olivier-broers as navorsers verbeeld die bestending en vaslegging van betekenis by wyse van volgehoue kritiese analise, bepeinsing, uitpluising en optekening van gewaarwordinge. Onteenseglik behoort die denkende opvoedkundige sielkundige en psigoterapeut óók hierdie vaardighede deurlopend te beoefen. Ek wil beweer dat die deurtastende bevordering van 'n estetiese ingesteldheid by die opvoedkundige sielkundige en psigoterapeut deur middel van kunsvorme soos die poësie en letterkundige prosa kan bydra om apatie en kortsigtigheid teë te werk te midde van 'n verdorwe digitale kultuur. Dit is in belang van die hedendaagse opvoedkundigesielkunde-student wat van kleins af in 'n digitale kultuur leef, om in opleiding naas die konstruktiewe rol ook die verdorwenheid van digitalisering te bepeins. Die verdorwe digitale kultuur, soos hier bo bespreek, word gekenmerk deur onder andere 'n toestand van voortdurende stimulasie en opeengestapelde handelinge, meestal in die vorm van flitsende visuele stimuli, inligtingsflertse en pretensieuse, dikwels onnadenkende uitsaaitipekommunikasie. Dit ontbreek meestal aan die kreatiewe en inkanterende stilte wat noodsaaklik is vir individuasie.

Die aspekte van sensitief invoelende tussenin-ruimtes en die ongewone (ironie, paradoks, ambivalensie) wat in die oënskynlik gewone opgesluit is, word sagkens in Gustavo Martín Garzo en Beatriz Martín Vidal se *Die geheim van die woud* (Garzo & Vidal 2018) versinnebeeld. Die leser word op atmosfeerryke wyse bekendgestel aan die bedreiging van 'n enkele antropomorfe en kosmiese heelheid (natuur/omgewing, waarheid) en aan die noodsaaklike proses van individuasie deur 'n toenemend verdorwe en verbeeldinglose samelewing. Studente wat in 'n esteties georiënteerde kurrikulum as opvoedkundige sielkundiges en psigoterapeute opgelei word, behoort aktief deel te neem aan die opsporing, bestudering en benutting van soortgelyke boeke, visuele materiaal, kunsuitstallings en teateropvoerings, wat as 'n oorgang van die uiterlike (eksterne omgewing) na die innerlike (psigiese landskap) kan dien. Gepaste materiaal behoort as deel van 'n lees- en leerritueel benut te word ten einde studente bewus te maak van natuurlike ritmes, gesonde grense en die geborgenheid wat deur konsekwentheid en voorspelbaarheid ontlok word. Op so 'n wyse sal die opvoedkundigesielkunde-student beter toegerus word om verwikkelde, selfs teenstrydige, moontlikhede noukeurig waar te neem, en om genuanseerde verbande tussen oënskynlike teenstrydighede te lê. Dit bring my weer by die liggaamlik-sensuele⁷ aspek van leer en ontwikkeling. Dat ons denke, probleemoplossingsvaardighede, kreatiwiteit, verbeelding, inisiatief en emosionele en sosiale insig ontplooi vanuit die fisieke, wat die motoriese, die sensories-perseptuele en aanraking insluit, is lankal deur navorsing bevestig (Johnson 1987; Krantz 1994). Tot dusver het ek probeer aandui dat die oorwegende steun op 'n neomediese benadering, sowel as die toenemende digitalisering van alles, bogenoemde fundamentele aspek van menswees kan oordonder. In die opvoedkundige sielkunde is dit dikwels merkbaar in die wyse waarop studente en terapeute hul afleidings en aanbevelings in verslae formuleer. Dit is uiteraard gebaseer op hul verskillende interaksies met die kliënt. In die nastrewing van sensitiewe invoelendheid behoort die student en terapeut se primêre fokus nie te wees die identifisering van leemtes, sterkpunte, agterstande, veer-

⁷ Met sensuele word bedoel die poëtiese verbeelding en aanbieding van liggaamlikheid. Dit sluit in die verinnerliking of vergeesteliking van die liggaamlike en dit wat uiterlik is, byvoorbeeld tyd, ruimte, handeling en sensories-perseptuele gewaarwording en beleving. Dit weerklink in T.T. Cloete: "Ons leef in 'n sigbare, tasbare liggaam, wat die meeste van sy of haar ervarings transendeer in efemere ontasbare, onsigbare werklikhede deur lief te hê, deur te dink, te voel, te wil, te droom, te glo, te hoop, deur gedigte te skryf, deur ons in te leef in 'n karakter in 'n roman, deur 'n gedig te lees" (2013:41).

kragtigheid of diagnostiese simptome nie. Dit kom miskien later. Ek is van mening dat indien bogenoemde uitkoms die eerste, en selfs enigste, doelwit is, studente en terapeute toegee aan 'n oeroue drang van die mens, naamlik om te domineer, te oorheers, selfs te oorwin (siekte, eensaamheid, depressie, verstoring, gestremdheid, ens.). Hierdie antroposentriese ingesteldheid stem ooreen met die neomediese benadering wat vroeër in hierdie artikel te berde gebring is. Dit sluit aan by Versfeld (1982:87), wat praat van die vulgariteit van die massamens wat die grondbeginsel van alle realiteit ontken: dat alles dit is wat dit is. In die konteks van hierdie artikel kan ons die massamens moontlik gelykstel met die huidige deel-en-plaas-kultuur, ontdaan van kosmiese saamlopendheid en heelheid. Versfeld meen verder dat die mens "... nie dinge aanvaar vir wat hulle is nie, dit wil sê vir wat teenwoordig is op daardie oomblik nie" (1982:87). Dit is egter deur middel van die sensories-sensuele, en dus die sensitief invoelende, wat die student en terapeut in verbinding kan tree met die psigiese – die saamlopendheid van alles. Om dit doelbewus te oefen, gee ek die volgende oefening, geïnspireer deur Joanna Ziegler (in Dalton 2016), aan my studente:

Net soos by blindekontoertekeninge (soos te vinde in die skilderkuns), verwag ek van my studente om op dieselfde tyd en op dieselfde dag vir 'n aantal weke met niedominante idees, uitkomstes en doelwitte voor oë na hul kliënt te kyk. Die fokus is eerder op die kind se liggaamlike bewegings: hoe hande, voete en bene kruis of teen mekaar skuur, en vingers knel, vashou en vryf. Vrae wat hul by wyse van ingekeerde stilte tydens waarneming behoort te bepeins, kan insluit:

- Wat sien jy?
- Wat doen dit aan jou?
- Waardeer en hoe word die wyse waarop jy waarneem, moontlik beïnvloed?

Hierna volg 'n skryfoefening gebaseer op hul waarnemings, wat uiteindelik deur middel van die sensories-sensuele (verinnerliking, die poëtiese) kan bydra tot hul vermoë tot sensitiewe invoelendheid. Só is die (algemeen) liggaamlike van 'n tekenende vyfjarige kind in terapie deur middel van die sensueel-poëtiese *verbygedink*:

Boervoetjies⁸ in mekaar geklomp

geknoopte vingertjies kryt

soos vuurtorings op tekenpapier:

koersvas

SLOT

Die mens se versugting om bestaanskewessies te deurgrond deur middel van diepsinnige en interafhanklike begripsraamwerke staan in noue verband met die universele, dog unieke proses van psigiese individuasie. Hiervolgens is die menslike gees, deur die veelkantige en skeppende self, lewenslank ingestel op die vestiging van eiewaarde en identiteit. Dit noodsaak tydsamheid, stilte en 'n invoelende sensitiwiteit gekenmerk deur die bewustheid van 'n groter, kosmiese werklikheid waarin niks afsonderlik van mekaar bestaan nie, maar eerder paradoksaal in mekaar opgeneem is – dit wat vergiftig, kan ook genees, in die aftakeling lê ook die sublieme. Bogenoemde ingesteldheid word egter onder druk geplaas in 'n antroposentriese samelewings-

⁸ Ontleen aan Antjie Krog se 'n dogtertjie in die tuin (2014:52-53).

bestel waar die klem op die eksterne wêreld van uitsaaiaagtige handelinge, verowering en verbruik val, waardeur gesonde grense, natuurlike ritmes en tydsame rituele verontagsaam word.

Opvoedkundige sielkunde kan nie hierdeur onaangeraak bly nie, want die verlies aan emosionele ontvanklikheid, intellektuele bemoeienis en noukeurige taalformulering – alles nodig om die menslike toestand te help omskryf, in te dam en te omlin – beïnvloed algaande die kwaliteit van die beoefening van die profesie. Juis daarom word die bevordering van 'n sensitief invoelende (dus estetiese) kurrikulum in die opvoedkundige sielkunde wat deur metafore, simbole, verbeelding en fantasie toegang tot die persoonlike sowel as die kollektiewe narratief verleen, selfs meer as vantevore bepleit. Klaskamer-, lees- en skryfrituele aan die hand van ontroerende letterkunde, beeldende kuns, poësie en teater skep die moontlikheid hiervoor. Die sorgvuldige nasporing van gepaste en diepsinnige kreatiewe materiaal in bogenoemde verband behoort die taak van elke opvoedkundigesielkunde-dosent te wees. Voortvloeiend hieruit is die opstel en byhou van gepaste lees- en verwysingslyste met kort verduidelikings van die rol wat dit moontlik kan speel in die ontwikkeling en bevordering van die student se vermoë tot sensitiewe invoelendheid.

Die estetiese ingesteldheid, soos vergestalt in die kunste en gepaardgaande kunstenaarskap, dra by tot die aktivering van diep empatie met die menslike psige. Dit is my standpunt dat die stimulering, bewusmaking en inskerping hiervan by die opvoedkundigesielkunde-student hom beter in staat sal stel om selfontplooiing by die kind in terapie waar te neem en gevolglik aan te moedig.

BIBLIOGRAFIE

- American Psychiatric Association. 2013. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders* (5th ed). Washington, DC: American Psychiatric Association Publishing.
- Blanco, N. & Docampo, V. 2015. *Die vallei van die windmeulens*. (Vertaler N. Stassen). Pretoria: Protea Boekhuis.
- Caracciolo, D. & Weida, C.L. 2017. Introduction. In Caracciolo, D. & Weida C.L. (eds). *The swing of the pendulum: The urgency of arts education for healing, learning, and wholeness*. Rotterdam: Sense Publishers, pp. xvii-xx.
- Cloete, T.T. 2013. *Die ander een is ek*. Bibliofiele uitgawe met beperkte oplaag. Plettenbergbaai: Pooka.
- Dalton, J.E. 2016. Artfully aware: contemplative practice in the classroom. *The International Journal of the Arts in Society: Annual Review* 11:33-40.
- Deleuze, G. & Guattari, F. 2004. *A thousand plateaus: Capitalism and schizophrenia*, Vol.2. London: Continuum.
- Dewey, J. 1934. *Art as experience*. New York: Perigree.
- Diken, B. 2011. Fire as a metaphor of (im)mobility. *Mobilities*, 6(1):95-102. <https://doi.org/10.1080/17450101.2011.532657>. [2 Desember 2017]
- Eco, U. 2004. *On beauty*. London: Secker & Warburg.
- Eisner, E.W. 2001. The role of the arts in educating the whole child. *Grantmakers in the Arts Reader*, 12(3):1-2.
- Elder, G.R. & Cordic, D.D. 2009. *An American Jungian in honor of Edward F. Edinger*. Canada: Inner City Books.
- Evans, K. 2016. A/R/T(HERAPIST)-OGRAPHY: Examining the weave. In Galvin, K.T. & Prendergast, M. (eds). *Poetic inquiry II – Seeing, caring, understanding: Using poetry as and for inquiry*. Rotterdam: Sense Publishers, pp. 100-103.
- Gaines, A.M. 2016. Ambassadors of aesthetic experience: The healing legacy of Maxine Greene. *Teaching Artist Journal*, 14(1):24-29.
- Gardner, L. 2016. Metamodernism: A new philosophical approach to counselling. *Journal of Humanistic Counselling*, 55: 86-97. <https://doi:10.1002/johc.12026>. [29 November 2017]

- Garzo, G.M. & Vidal, B. M. 2018. *Die geheim van die woud*. (Vertaler N. Stassen). Pretoria: Protea Boekhuis.
- Heidegger, M. 1966. *Discourse on thinking*. (Translators J. M. Anderson & E. H. Freund). New York: Harper and Row Publishers.
- Human, T. 2016. Vlakwater. *Tydskrif vir Letterkunde*, 53(2):221-223. Doi:<http://dx.doi.org/10.17159/tvl.v53i2.29>. [4 Desember 2017]
- Ieven, B. 2012. The forgetting of aesthetics: Individuation, technology, and aesthetics in the work of Bernard Stiegler. *New Formations*, 77(5):76-96. Doi:10.3898/NEWF.77.05.2012. [5 Junie 2018]
- Jeffers, C. 2009. On Empathy: The mirror neuron system and art education. *International Journal of Education and the Arts*, 10(15):2-17. <http://www.ijea.org/v10n15/v10n15.pdf>. [10 Junie 2018]
- Johnson, M. 1987. *The body in the mind: The bodily basis of meaning, imagination and reason*. Chicago: University of Chicago Press.
- Jung, C.G. 1953-1978. *Collected Works of C.G. Jung*. Volumes 1-18. London: Routledge.
- Jung, C.G. 1960. The transcendent function. *The structure and dynamics of the psyche* [Vol. 8, *Collected Works of C.G. Jung*. New York: Pantheon Books, pp. 67-91.
- Jung, C.G. 1964. The spiritual problem of modern man. *Civilization in Transition* [Vol. 10, *Collected Works of C.G. Jung*]. (Translator R.F.C. Hull). New York: Pantheon Books, p. 75.
- Kirschner, P.A. & De Bruyckere, P. 2017. The myths of the digital native and the multitasker. *Teaching and Teacher Education*, 67:135-142. doi:<http://dx.doi.org/10.1016/j.tate.2017.06.001>. [2 Desember 2017]
- Krantz, M. 1994. *Child development*. Belmont, California: Wadsworth.
- Krog, A. 2014. *Mede-wete*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Le Roux, D. & Parry, D.A. 2017. In-lecture media use and academic performance: Does subject area matter? *Computers in Human Behaviour*, 77:86-94. doi:<http://dx.doi.org/10.1016/j.chb.2017.08.030>. [30 November 2017]
- Loh, K.K. & Kanai, R. 2016. How has the Internet reshaped human cognition? *The Neuroscientist*, 22(5), 506-520. doi:10.1177/1073858415595005.
- Mayes, C. 2005. The teacher as shaman. *Journal of Curriculum Studies*, 37(3): 329-348. doi:10.1080/0022027041000229396. [6 Desember 2017]
- Stockenström, W. 2007. *Die stomme aarde – 'n keur*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Stone, K. 2003. *Image and spirit. Finding meaning in visual art*. Minneapolis: Augsburg Books.
- Uhrmacher, P.B. 2009. Toward a theory of aesthetic learning experiences. *Curriculum Inquiry*, 39(5):613-636. Doi:10.1111/j.1467-873X.2009.00462.x. [2 Desember 2017]
- Quiga, F. & Clegg, J.W. 2015. Imagine the feeling: An aesthetic science of psychology. *Integrative Psychological and Behavioural Science*, 49:459-477. Doi:10.1007/s12124-014-9284-0. [10 Junie 2018]
- Vermeulen, T. & Van den Akker, R. 2010. Notes on metamodernism. *Journal of Aesthetics and Culture*, 2(1):56-77. Doi:10.3402/jac.v2io.5677. [4 Desember 2017]
- Vermeulen, T. & Van den Akker, R. 2015. Utopia, sort of: A case study in metamodernism. *Studia Neophilologica*, 87(1):55-67, doi: 10.1080/00393274.2014.981964. [4 Desember 2017]
- Versfeld, M. 1982. *Tyd en dae*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Versfeld, M. 2008. *Klip en klei*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Visagie, A. 2016. *Vlakwater* deur Ingrid Winterbach. *LitNet Akademies*. <https://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-vlakwater-deur-ingrid-winterbach/>. [2 Desember 2017]
- Winterbach, I. 2015. *Vlakwater*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Produktiwiteit in die onderwysstelsel: Kan dit deurlopend verbeter?

Productivity in the education system: Can it be improved on a continuous basis?

HJ STEYN, CC WOLHUTER, ZL DE BEER EN D VOS

Fakulteit Opvoedingswetenskappe

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: hennie.steyn@nwu.ac.za

E-pos: charl.wolhuter@nwu.ac.za

E-pos: louw.debeer@nwu.ac.za

E-pos: deon.vos@nwu.ac.za



Hennie Steyn



Charl Wolhuter



Louw de Beer



Deon Vos

HJ (HENNIE) STEYN beklee sedert 1997 die pos van Professor in Vergelykende Opvoedkunde in die Fakulteit Opvoedkunde aan die PU vir CHO. Hy dien vanaf 1999 tot 2000 as rektor van die Potchefstroomse Onderwyskollege en sedert Januarie 2001 tot Desember 2006 as dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit. Altesaam 25 MEd-studente en 11 PhD-studente het hul studie onder sy leiding voltooi. Hy het ook by 19 handboeke as redakteur, outeur en/of mede-outeur opgetree. Verskeie navorsingsprojekte het neerslag gevind in, onder meer, 45 artikels in gesubsidieerde vaktydskrifte en 15 artikels in niegesubsidieerde tydskrifte. Die voorsiening van onderwys met Afrikaans as taal van onderrig en leer was en is deurlopend 'n kernfokus in al sy werk. Hy fokus tans op die effektiewe struktuurfunksionering en produktiwiteitsverhoging van die onderwysstelsel.

HJ (HENNIE) STEYN has held the position of Professor of Comparative Education in the Faculty of Education at the PU for CHE since 1997. He served as Rector of the Potchefstroom College of Education from 1999 to 2000 and as Dean of the Faculty of Education Sciences at the North-West University from January 2001 to December 2006. A total of 25 MEd students and 11 PhD students have completed their studies under his supervision. He also acted as editor, author and/or co-author of 19 textbooks. Various research projects have materialised in, *inter alia*, 45 articles in subsidised journals and 15 articles in non-subsidised journals. The provision of education with Afrikaans as language of teaching and learning was, and continues to be, a core focus in all of his work. He is currently focusing on productivity increase of the education system and the effective functioning of its structure.

| | |
|---|---|
| <p>CC (CHARL) WOLHUTER het aan die Universiteit van Johannesburg, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van Stellenbosch studeer. Hy het sy doktorsgraad in Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is 'n voormalige junior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n voormalige senior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Zoeloeland. Tans is hy Professor in Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Hy was besoekende professor aan Brock Universiteit, Kanada; Mount Union Universiteit, Ohio, Verenigde State van Amerika; die Universiteit van Kreta, Griekeland; die Universiteit van Queensland, Australië; die Universiteit van Modena en Reggio Emilia, Italië; en die Opvoedkunde Universiteit van Hong Kong.</p> | <p>CC (CHARL) WOLHUTER studied at the University of Johannesburg, the University of Pretoria, the University of South Africa and the University of Stellenbosch. His doctorate was awarded in Comparative Education at the University of Stellenbosch. He is a former junior lecturer in History of Education and Comparative Education at the University of Pretoria and a former senior lecturer History of Education and Comparative Education at the University of Zululand. Currently, he is Professor of Comparative and International Education at the North-West University, Potchefstroom Campus, South Africa. He has been a visiting professor at Brock University, Canada; Mount Union University, Ohio, United States of America; the University of Crete, Greece; the University of Queensland, Australia; the University of Modena and Reggio Emilia, Italy; and the Education University of Hong Kong.</p> |
| <p>ZL (LOUW) DE BEER behaal die graad MEd in Onderwysleierskap aan die Universiteit van Pretoria en 'n PhD in Vergelykende Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Na 'n aanvanklike loopbaan as wiskundeonderwyser, departementshoof en, later, adjunkhoof in die onderwys, aanvaar hy in 2013 'n lektoraat in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Skool vir Professionele Studies, aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Hy fokus in sy navorsing op die aard, kenmerke en funksionering van die onderwysstelsels van die BRICS-organisasie, met die doel om deur middel van gerigte vergelykings by te dra tot die verbetering van die onderwysstelsels in die BRICS-lidlande.</p> | <p>ZL (LOUW) DE BEER obtained the degree MEd in Education Leadership at the University of Pretoria and a PhD in Comparative Education at the North-West University, Potchefstroom Campus. After an initial career as a mathematics teacher, department head and, later, vice-principal in the education sector, he accepted a lectureship at the Faculty of Education, School of Professional Studies, at the North-West University (Potchefstroom Campus) in 2013. In his research, he is focusing on the nature, characteristics and functioning of the education systems of the BRICS organisation, with the aim of contributing, through targeted comparisons, to the improvement of education systems in the BRICS member countries.</p> |
| <p>DEON VOS behaal agtereenvolgens die kwalifikasies HOD (1984) aan die Potchefstroomse Onderwyskollege, BA (1988) en BEd (cum laude) aan die destydse PU vir CHO, asook MEd (2005) (cum laude) en PhD (2010) aan die huidige Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Voor sy aanstelling as senior lektor aan die Noordwes-Universiteit se Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Potchefstroomkampus, was hy 'n skoolhoof van 2004 tot 2016. Sy navorsingsfokus is in Onderwysbestuur en -leierskap, maar hy fokus tans op die Vergelykende Opvoedkunde, en spesifiek ten opsigte van onderwysvoorsiening in die BRICS-lidlande, waardeur gepoog word om deur middel van 'n ontleding en vergelyking van die BRICS-onderwysstelsels onderwysvoorsiening in die BRICS-lidlande te verbeter.</p> | <p>DEON VOS successively obtained the qualifications HOD (1984) at the Potchefstroom College of Education, BA (1988) and BEd (cum laude) at the then PU for CHE, as well as MEd (2005) (cum laude) and PhD (2010) at the present North-West University, Potchefstroom Campus. From 2004 to 2016, prior to his appointment as senior lecturer at the Faculty of Educational Sciences of the North-West University, Potchefstroom Campus, he had been a school principal. His research focus is on Education Management and Leadership, but he is currently focusing on Comparative Education, specifically with regard to the provision of education in the BRICS member countries by attempting to improve the provision of education in the BRICS member countries through an analysis and comparison of BRICS education systems.</p> |

ABSTRACT***Productivity in the education system: Can it be improved on a continuous basis?***

In the public and scientific discourse about education in South Africa, it has become commonplace to refer to the poor quality of the South African education system. Another frequently mentioned topic is the discrepancy between the investment from the national budget in South African education and the return on this investment. Therefore, this article will refer to economic principles in an attempt to arrive at a better understanding of productivity in the education system in general, with specific reference to productivity in the South African education system. While the focus on productivity in the education system may possibly be criticised as presenting a narrow neoliberal view of education, it should be emphasised that the neoliberal economic revolution has had a substantial influence globally and contributes, by means of the introduction of particular measures, to greater efficiency in many institutions, such as the use of productivity indices to understand the functioning of a particular institution.

It is pointed out in the article that the primary aim of the national education system is to provide for the educational needs of the target group, namely the citizens of that country. An education system is effective if the education supply provides, in an attainable and sustainable manner, for the actual educational needs of the target group. It follows that the education system is materially and financially efficient if educational needs are provided for in the most affordable manner.

Different role players in the national community have an interest in the output of a particular education system, including, for example, parents, the state, commerce and industry, together with other organisations in the community. To ensure that the education system provides effectively for their educational needs, these role players provide financial and infrastructural resources to the functionaries of the education system. The trust of these role players in the education system is strengthened if they are convinced that the resources will be used in the most attainable, sustainable and affordable manner and that the application of these resources will be towards the primary function of providing education and training on pre-primary, primary, secondary and tertiary levels.

Thus, it is clear that an education system is successful if—

- its elements are integrated in such a manner that it effectively provides for the actual educational needs of the target group;*
- the education interest groups are convinced that the resources they make available are applied in the most attainable and sustainable manner; and*
- the particular education system functions according to the reciprocal relationship between the internal and external trends to ensure that the maximum outputs are realised.*

Productivity is a concept that is rarely used by education practitioners and education researchers in relation to education and the education system. Many educationists may suspect that the use of concepts from the financial and managerial world, such as productivity, input and output, will result in the commercialisation and corporatisation of education systems. However, it is argued in this article that modern commercial and management concepts should be made applicable to the education system in order to ensure a learner-centred education system, which will assist learners in equipping themselves with the required competencies to fulfil their unique roles in life. By focusing on principles such as effectivity and efficiency, the functionaries of the education system will be able to ensure that its beneficiaries have trust in the outcomes of the education system.

In essence, productivity means that one should do as much as possible with the resources available. Therefore, productivity represents the relation between available resources and the outcome of the use to which the resources have been put. The productivity index can be calculated as follows and should be used to improve the operation of a particular education system:

$$P = O/I \text{ [} P \text{ represents the productivity index, } O \text{ the output and } I \text{ the input]}$$

Productivity can be improved by either reducing the input and maintaining the same output, or increasing the output and maintaining the same input, or increasing the output and, at the same time, decreasing the input. Productivity can be improved by working more cleverly, rather than simply working harder.

The endeavour to improve the productivity of the education system should not be a random exercise, but rather a deliberate, planned, continuous and managed project. The first step in this exercise should be a thorough and objective analysis of all elements of the education system and the required actions to change whatever is deemed to be in need of improvement. A second guideline is that productivity improvement should be executed in a balanced manner. The possible positive and negative consequences should be considered in the context of the relevant internal and external trends. The third guideline is that the productivity improvement exercise should be done on a continuous basis and by using uncomplicated indicators involving input and output.

It is important that the information acquired from the productivity exercises should be used in the planning of and budgeting for the education system. The external and internal contextual trends should be concretely acknowledged, especially the internal contextual trend of a reciprocal nature. Another important aspect concerns a thorough analysis of the organisational management structures – the flatter, the better. Particular attention should also be given to the elements of the structure for teaching as a component of the education system in order to find places where productivity should be improved. Regarding the education support services, due consideration should be given to whether it is better to provide the services within the education system or to use qualified external services.

We conclude that a focus on productivity can and should result in improving the operation of education and the education system.

KEY WORDS: Education system, productivity, education productivity, saving in education, outputs of education system, inputs in the education system

TREFWOORDE: Onderwysstelsel, produktiwiteit, onderwysproduktiwiteit, besparing in die onderwys, uitsette van die onderwysstelsel, insette in die onderwysstelsel

OPSOMMING

Die doel van hierdie artikel is om aan te dui hoe onderwysproduktiwiteit binne die raamwerk van die struktuur en funksionering van die onderwysstelsel verbeter kan word en dit te doen met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Daar word aangetoon dat die teikengroep vermag dat die onderwysstelsel op die mees bekostigbare wyse in die onderwysbehoefes van die teikengroep moet kan voorsien. Die onderwysstelsel moet dus materieel-ekonomies en finansiële-ekonomies wees. Daar word aangetoon dat daar genoeg elemente in die onderwysstelsel is wat reeds (selfs op onwetenskaplike wyse) gebruik word om die uitsette en insette van 'n onderwysstelsel te meet. Dit is dus moontlik om die

onderwysproduktiwiteit van die onderwysstelsel te bepaal. Daar word van die funksionariesse en gebruikers van die onderwysstelsel verwag om besliste maatreëls te tref ten einde op 'n volhoubare en bekostigbare wyse in die onderwysbehoefes van die teikengroep te voorsien. Enkele voorbeelde van praktiese maatreëls wat getref kan word om die produktiwiteit van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te verbeter, word in die vooruitsig gestel.

1. INLEIDING

In die openbare sowel as die wetenskaplike diskoers in Suid-Afrika is dit gemeenplaas om te sê dat die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel swak is (Sibanda 2017; Van Wyk 2012). Hierdie beoordeling van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel as van onbevredigende kwaliteit bereik jaarliks 'n crescendo met die bekendmaking van die resultate van die matriekeksamen en ook met die gelyklopende bevraagtekening van die bruikbaarheid van die matriekeksamen (Motau 2017; Stadler 2018). Insoverre hierdie oordeel aan konkrete en spesifieke, meetbare en debatteerbare besprekingspunte gekoppel word, word byvoorbeeld óf matriekuitslae óf resultate van internasionale toetsreekse aangehaal (Anon 2016; Child, Henderson & Macupe 2017). Die probleem is dat hierdie uitslae maar één van die uitkomstes is van 'n komplekse onderwysstelsel met baie ratte. Om 'n sinvolle gesprek te kan voer oor die stand van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel moet meer as net uitslae of toetsresultate in aanmerking geneem en verdiskonteer word. Die aard en omvang van swakplekke in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, en die regstelling daarvan, behels dat die unieke konstruksie en funksionering van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel deeglik begryp moet word en dat verskillende kontekstuele tendense wat 'n invloed op die aard en funksionering van die onderwysstelsel het, in ag geneem moet word.

Die tweede probleem wat aanleiding gegee het tot hierdie artikel, is die diskrepansie tussen onderwysbesteding en -rendement in Suid-Afrika. Van die R1 563,1 miljard wat die Suid-Afrikaanse staatsbegroting in die 2017/18-boekjaar beloop het, is R310,1 miljard aan onderwys toegeken, te wete R232,6 miljard vir basiese onderwys en R77,5 miljard vir nasekondêre onderwys (RSA 2017). Synde 20,54% van die totale Suid-Afrikaanse begroting, verteenwoordig die onderwysbegroting die grootste enkele item van staatsbesteding. Dit verteenwoordig 6,06% van die bruto binnelandse produk wat Suid-Afrika aan onderwys bestee, en volgens hierdie aanwyser plaas dit die land sewe-en-dertigste in die ry van 186 lande wêreldwyd, oftewel in die boonste kwintiel van die gelyste lande ten opsigte van onderwyspandering (Indexmundi 2017). Die buitengewone negatiewe verhouding tussen die hoë (finansiële) inset en lae akademiese uitkomstes, soos gemeet aan deurvloeyers en die openbare eksamens in die primêre en sekondêre skole, is al in omvattende internasionale vergelykende studies as die grootste achilleshiel in die Suid-Afrikaanse onderwys uitgewys (Wolhuter 1998; 2014).

Die artikel is ook die logiese uitvloeiing van vorige navorsing deur die outeurs, sowel individueel as gesamentlik. In die longitudinale navorsingsbevinding insake die produktiwiteitsbydrae van die Grootgroeponderigstrategie is bevind dat die gebruik van 'n spesifieke onderrigstrategie die produktiwiteit, dit wil sê die verlaging van insetkoste en die verhoging van akademiese uitsetprestasie van 'n onderwysstelsel, beduidend kan verbeter (Steyn, Van der Walt & Wolhuter 2016). Dit is duidelik dat die noodsaak van produktiwiteitsverhoging nog nie part en deel vorm van die daaglikse besinning van onderwysmense nie. In hierdie artikel word daarom gepoog om in 'n Suid-Afrikaanse konteks 'n uitklaring en eksplisitering van die begrip "onderwysproduktiwiteit", die meting daarvan en die aanstip van metodes wat gevolg kan word om onderwysproduktiwiteit te verhoog, te bewerkstellig.

Dit het geblyk dat daar onvoldoende data vanuit tersaaklike navorsingsbevindings bestaan insake die bevraagtekening van die aard en omvang van produktiwiteitsverbetering in die onderwysstelsel. Die logiese vertrekpunt was dus om 'n ontleding van die struktuur, naamlik die komponente en elemente, van die fenomeen onderwysstelsel uit te voer en sodoende, aan die hand van die berekeningstabel $P = U/I$ (soos dit in die voorafgaande navorsing gebruik is), vas te stel in watter komponente en elemente daar veral aan produktiwiteitsverbetering gewerk moet word. Die fenomeen-analise is uitgevoer deur die gebruik van die metode van doelgerigte, herhalende en kritiese beredenering (Steyn 2007). Die metode is, onder andere, tipies van die “grounded theory approach... [that] is intended to generate models that can potentially be tested by traditional logico-deductive techniques” (Taber 2000:470) en is, as die aksie van reflektiewe bedinking, saamgestel uit die eklektiese en sinvolle gebruik van verskillende navorsingstegniese, naamlik dié van analise en sintese, induksie en deduksie, waarneming en vergelyking (Bensley 1998:5; Larossa 2005:853; Lloyd Jones 2004:276; Stoker 1961:64). Deur middel van die toepassing van hierdie navorsingsmetode is 'n gefokusde ontleding van die struktuur van die onderwysstelsel gedoen ten einde vir die eerste keer riglyne vir verbetering van produktiwiteit vanuit 'n stelselteoretiese perspektief te voorsien. Sodoende kan met vasberadenheid 'n skerp fokus op die onderwerp van navorsing geplaas word om op geartikuleerde wyse so goed as moontlik te verstaan hoe produktiwiteit in die onderwysstelsel verbeter kan word.

2. PRODUKTIWITEIT IN DIE ONDERWYS – 'N ENG NEOLIBERALE VERTREKpunt?

In die lig van die voorafgaande word met hierdie artikel beoog om lig te werp op die onderwysstelsel in die komplekse struktuur en funksionering daarvan, en om sodoende rigting aan te dui ten opsigte van die verbetering van onderwysproduktiwiteit ten opsigte van die algemene onderwysstelselteorie, maar ook spesifiek ten opsigte van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Sodanige riglyne en berekeningsformule(s) kan dan gebruik word om onderwys in Suid-Afrika te meet en onderwysfunksionarisse en onderwysbelanghebbendes in staat te stel om die uitsette van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel aan die hand van gekontroleerde maatstawwe te monitor, wat dan ook as basis gebruik kan word om die verbetering van die onderwysstelsel te rig.

Alhoewel hierdie bespreking van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vanuit die oogpunt van produktiwiteit (met die twee komponentfaktore van interne effektiwiteit en uitset) as enkele kriterium, as 'n eng neoliberale beskouing van onderwys bevestig sou kon word, kan 'n teenargument vooraf gestel word. Die meesleurende krag van die neoliberale ekonomiese revolusie, wat die afgelope 30 jaar soos 'n tsunami regoor die wêreld getrek het, het inderdaad ook 'n sterk impak op onderwys gehad. Die oordrewe effek daarvan as kontekstuele of vormgewende tendens van onderwysstelsels wêreldwyd kan tereg op baie punte gekritiseer word.¹

In Suid-Afrika is 'n sterk ekonomies-gebaseerde tendens aanwesig, naamlik om die ekonomie vinniger te laat groei (ten einde nypende armoede te verminder), om staatsuitgawes te besnoei en om vermorsing en oneffektiewe aanwending van finansiële hulpbronne te beëindig. Op die wêreldtoneel was een van die opvallende ekonomiese tendense die opkoms

¹ Die besonderhede hiervan val buite die bestek van die artikel, maar in hierdie verband word die belangstellende leser verwys na die publikasie van Van der Walt en Wolhuter (2017).

van Oos-Asië tydens die afgelope driekwarteeu, in die volgorde van eers Japan, daarna Hong Kong, Taiwan, Singapoer, Suid-Korea en China en laastens Viëtnam. Een van die kardinale faktore wat hierdie ekonomiese verrysing van die lande van Oos-Asië verklaar, is belegging in onderwys en, baie belangrik, die doelbewuste aanwending van onderwys om ekonomiese groei te bewerkstellig, asook die bestuur van onderwys volgens neoliberale ekonomiese beginsels (baie van dié lande se teenoorgestelde ideologiese voorkeure ten spyte) (Dung 2004; Hayhoe & Bastid 2004; Hayhoe & Li 2017:44-45).

In die omvattendste geskiedbeskrywing van China se 5 000-jaar onderwysgeskiedenis, naamlik die onlangs verskene boek van Gu Mingyuan (2014), China se mees vooraanstaande Historiese-cum-Vergelykende Opvoedkundenavorser, sluit hy sy rekonstruksie van die onderwysgeskiedenis af met 'n hoofstuk oor die bydrae van die onderwys in die modernisering van China sedert 1979. Die modernisering van die onderwys het gevolg nadat die tydperk van Mao Zedong se Kulturele Revolusie, waartydens onderwysinstellings in China letterlik tot die grond toe afgebreek is, afgeloop het. Hierna moes die nuwe regering van Deng Xiaoping die onderwys van meet af opbou, en het die onderwys gedien as instrument vir die ekonomiese modernisering van die land. Die ekonomiese modernisering was ook die grondmotief vir die nuwe onderwysstelsel. Dit wil voorkom asof Gu Mingyuan die hoofstuk oor die moderne onderwysgeskiedenis van China as 'n aanskouingsles vir onderwysstudente en -navorsers in die res van die wêreld voorhou (Mingyuan 2014:251-268). Hayhoe en Li (2017:46) het inderdaad hierdie faset van onderwys in die Oos-Asië-streek uitgesonder as die een belangrike les wat daaruit geleer kan word, naamlik dat die Oos-Asiese lande daarin geslaag het om hul lande binne een generasie te moderniseer, met onderwysstelsels wat doelbewus beplan is om die ekonomiese oorwegings te ondersteun.

In enkele ander onderwysstelsels elders in die wêreld, soos dié in Wes-Europa of Noord-Amerika, is daar ander oorwegings waaraan voldoen moes word, byvoorbeeld om 'n egalitêre samelewing te skep of om volledige geleenthede te bied vir die ontplooiing van elke kind se individuele moontlikhede. Die ontwikkeling in Oos-Asië het studente, navorsers, kommentators en beplanners van onderwys genoop om nie die sogenaamde gangbare teorieë, soos afhanklikheidsteorieë, wêreldstelselontleding of neokolonialisme, heelhuids en kritiekloos te aanvaar nie. Hierdie gevolgtrekking het ook implikasies vir Suid-Afrika, waar, in sommige kringe, die dekolonialisering van onderwys as die enigste oorweging of enigste legitieme pad in onderwysstelselontwikkeling voorgelê word.

Dus, op grond van die ekonomiese werklikhede van Suid-Afrika en die Oos-Asiese ondervinding met onderwys, word 'n saak uitgemaak vir 'n bevraagtekening van en ondersoek na produktiwiteit in onderwys in Suid-Afrika ten einde dit op die opvoedkundenavorsings-agenda te plaas.

3. DIE PRODUKTIWITEIT VAN DIE ONDERWYSSTELSEL

Die nasionale onderwysstelsel is daardie organisasie wat in die onderwysbehoefte van die landsburgers moet voorsien. Die onderwysstelsel bestaan uit vier komponente, naamlik die onderwysstelselbeleid, die onderwysstelseladministrasie, die onderwyskundige struktuur en die onderwysondersteuningsdienste. Elk van die komponente bestaan op hul beurt weer uit bepaalde elemente. Die onderwysstelsel is suksesvol indien²

² Vir 'n volledig beredeneerde uiteensetting, raadpleeg onder meer Steyn en Wolhuter (2014) en Steyn (2017).

- die komponente en elemente daarvan sodanig geïntegreerd kan funksioneer dat dit op die mees effektiewe wyse in die teikengroep se werklike onderwysbehoefes voorsien;
- die individue en organisasies in die samelewing wat 'n belang het by die onderwys daarvan oortuig is dat die bronne wat hulle beskikbaar stel op die mees haalbare en volhoubare wyse aangewend word;
- die onderwysstelsel materieel-ekonomies en finansieel-ekonomies is; en
- die bepaalde onderwysstelsel deeglik met die wisselwerking tussen die eksterne en interne kontekstuele tendense rekening hou ten einde te verseker dat die maksimum onderwysuitsette of -rendemente gelewer word.

Daar kan dus afgelei word dat 'n onderwysstelsel suksesvol is indien dit produktief is. Produktiwiteit is 'n begrip wat selde deur opvoedkundiges, opvoedkundenavorsers en onderwyspraktisyne met betrekking tot die onderwys en die onderwysstelsel gebruik word. Enersyds is die onderwyswêreld nie daaraan gewoond om die resultate van die onderwys, byvoorbeeld die aantal leerders wat 'n eksamen geslaag het, met die insette wat nodig was om die eksamen te slaag in verband te bring nie. Andersyds word die gebruik van begrippe en praktyke uit die sakewêreld, soos produktiwiteit, daarvan verdink dat dit die onderwysstelsel van die opvoedkundige beginsels sal vervreem. Dit sou daartoe lei dat die onderwysstelsel dan tipies volgens die uitgangspunte van die neoliberalisme sou moes funksioneer. Daar word, in 'n negatiewe konteks, beweer dat die kontemporêre onderwysstelsels gekenmerk word deur die ontstaan van sogenaamde “vocalisation of curricula”, “the emphasis on efficiency and effectiveness”, “emphasis on performativity”, “knowledge... [being] commodified and packaged in accordance with the wishes of the clients, the students”, “quantitative performance and productivity indicators... in accordance with the cost-benefit factor”, “our modern institutions of teaching and learning... [having] become part of the knowledge industry” en “productivity [being] measured in terms of the number of... student registrations and passes... and income-generated” (Conradie 2011; Sparkes 2007; Van der Walt 2017).

Die standpunte van twee groepe onderwyskenners lei telkens tot beduidende verskille wat die onderwysstelsel kan skaad. Aan die een kant is daar die groep wat die “verbesigheidsliking” van die onderwys sien as 'n bedreiging vir hul professionele bevoegdheid en 'n aantasting van hul akademiese vryheid. Soms lyk dit asof daar in hierdie groep kenners is wat dink hulle “weet” die beste vir die leerders, hul ouers en die gemeenskap, en dat hulleself, as kenners, die mees geskikte tipe onderwys en kurrikulum vir leerders kan neerpen. Hierdie standpunte is duidelik nie aanvaarbare standpunte nie. Omdat die onderwysstelsel in die huidige wêreld funksioneer, moet moderne en toepaslike gemeenskaps- en besigheidskonsepte eerder pasklaar gemaak word vir gebruik in die onderwysstelsel. Dit sal bydra tot die versekering dat die onderwysstelsel leerdergesentreerd is. Dit sal ook help om die onderwysgebruikers te oortuig dat die individuele leerders ondersteun word om, volgens hul unieke konteks, die ooreengekome bevoegdheid te verwerf ten einde sodoende hul roeping in die lewe te vervul. Deur middel van die erkenning van die uitgangspunte van effektiwiteit en doelmatigheid kan daar ook sorg gedra word dat die leerders, ouers en gemeenskap vertrouwe het in die onderwysstelsel. Deur die gebruik van besigheidsuitgangspunte in die onderwysstelsel sal daar erkenning verleen word aan die feit dat skole en universiteite reeds, ten goede, soos besigheidsbestuur word (Tommaso 2014:544).

Die basis van die begrip “produktiwiteit” word gevind in 'n tipiese menslike handeling, naamlik dat 'n individu (gewoonlik) alles in werking stel om soveel as moontlik met sy of haar beskikbare bronne uit te rig. Produktiwiteit is dus in wese die ingesteldheid om soveel as

moontlik met beskikbare bronne uit te rig; produktiwiteit behels die verhouding tussen beskikbare bronne en wat daarmee gedoen word. Hierdie produktiwiteit behoort verbeter te word deur slimmer of meer effektief te werk te gaan, eerder as om net harder te werk (Steyn 2017).

In die moderne wêreld verwys produktiwiteit pertinent na die verhouding tussen die uitset van 'n organisasie, soos die onderwysstelsel, en die gepaardgaande inset wat nodig is om die uitset te bewerkstellig en dit word deur middel van 'n produktiwiteitsyfer voorgestel. Die verhouding word groter indien die produktiwiteit verhoog (Hatry 1978; Tangen 2002:2). Die produktiwiteitsyfer word soos volg bereken (Business Dictionary 2015; Pavlina 2005):

$$P = U/I$$

Waar:

P: die produktiwiteitsyfer

U: die uitsette wat gelewer is

I: die insette wat nodig was om die uitsette te lewer

In verskeie gevalle, soos in die geval van die onderwysstelsel, hoef U nie alle uitsette en I nie alle insette te verteenwoordig nie, maar kan slegs spesifiek gekose aanwysers of indikatore gebruik word. Daar moet tussen die belanghebbendes ooreengekom word watter indikatore vir die berekening van U en I gebruik sal word. Besondere sorg moet egter getref word betreffende die bepaling van die berekeningsindikatore en die konsekwente toepassing daarvan (Fox 2004:2).

In die geval van die onderwys kan U bereken word deur, byvoorbeeld, die aantal leerders en hul gemiddelde akademiese prestasie se rekenkundige produk as uitsetfaktore te gebruik, terwyl I die rekenkundige produk van die oorhoofse onderwyskoste en aantal onderrigpersoneel kan verteenwoordig. In die onderwysstelsel word produktiwiteit tans op niegesofistikeerde wyses bevorder, byvoorbeeld deur die invoering van gesentraliseerde regulering en/of die aanwending van maatstafkompetisie, gebaseer op die meting en/of die vergelyking van uitsette tussen verskillende onderwysinrigtings, en/of om die aantal leerders wat 'n bepaalde onderwysinrigting bywoon met die getalle van ander onderwysinrigtings te vergelyk (Hoxby 2004:219). Daar moet ook kennis geneem word daarvan dat die voortdurende hervorming van die onderwysstelsel teen 'n prys kom. Verandering kan die gladde verrigting, en dus die produktiwiteit van 'n onderwysstelsel, ernstig in gedrang bring en daarom moet die nodige maatreëls eksplisiet getref word om die produktiwiteit te beskerm (Vignoles 2009). Laastens moet beklemtoon word dat een van die voorkeuraksies wat gewoonlik geneem word, naamlik die verhoging in die leerder-onderwyser-verhouding, byvoorbeeld deur middel van groter klasse, relatief onproduktief is. Die kostevoordele van meer leerders wat op tradisionele onderrigwyses hanteer word, hou nie op positiewe vlak verband met die onderwysuitsette nie (Vignoles 2009). Gewoonlik word gekla dat die onderwysprestasie en onderwysermotivering in groter klasse swakker is, sodat die vlakke van produktiwiteit verlaag word.

Die produktiwiteitsyfer kan gebruik word om die prestasie en funksionering van die nasionale en die mini-onderwysstelsel te verbeter. Indien dieselfde ooreengekome indikatore gebruik word en op gereelde tye bereken word, kan bepaal word of die produktiwiteit van daardie onderwysstelsel oor die ooreengekome periode verhoog of verlaag het. Op hierdie wyse kan bepaal word watter produktiwiteitswysigings meegebring is deur spesifieke veranderings in die struktuur en funksionering van daardie onderwysstelsel of deur die wyse waarop die invloed van die interne en eksterne kontekstuele tendense hanteer is.


Deur middel van die gebruik van die produktiwiteitsyfer kan die funksionering van 'n onderwysstelsel byvoorbeeld bepaal watter kort kursus vir die indiensopleiding van onder-

wysers gebruik kan word of wat die invloed van die invoering van 'n nuwe kurrikulum in sekondêre skole sal wees.

4. VERBETERING VAN DIE PRODUKTIWITEIT VAN 'N ONDERWYSSTELSEL: PRAKTIESE STAPPE

4.1 Algemene riglyn

Die verbetering van produktiwiteit in die onderwysstelsel is en behoort nie 'n lukrake oefening te wees nie, maar moet 'n doelbewuste, beplande, deurlopende en deeglik bestuurde projek wees. In die eerste plek moet elke element van die tersaaklike onderwysstelsel onder die loep geneem word (sien Figuur 1).



Figuur 1: *Struktuur van die onderwysstelsel (Steyn & Wolhuter 2014:59).*

Dit beteken dat die struktuur en funksionering van alle elemente objektief ontleed moet word en daar bepaal moet word watter stappe geneem kan word om produktiwiteit te verbeter. Die stappe kan die invoering van nuwe strukture of werksywes wees of die beëindiging van bestaande strukture of werksywes behels. 'n Tweede riglyn is dat die oorweging van produktiwiteitsverbetering gebalanseerd moet geskied. Dit beteken dat die huidige stand van produktiwiteit gebalanseerd ontleed en gebalanseerde besluite vir verdere implementering

geneem moet word. Die positiewe en negatiewe gevolge van moontlike besluite moet oorweeg word binne die raamwerk van die tersaaklike interne en eksterne kontekstuele tendense. Die derde riglyn is dat die produktiwiteitsoefening op 'n deurlopende basis gedoen moet word. In die vierde plek is dit ook duidelik dat produktiwiteit verbeter kan word deur óf die uitsette te verhoog en die insette dieselfde te hou, óf die uitsette dieselfde te hou en die insette te verlaag, óf die uitsette te verhoog en die insette te verlaag.

4.2 Algemene kenmerke in onderwysproduktiwiteitsbevordering

Drie kategorieë waardeur onderwysproduktiwiteit verhoog kan word, is geïdentifiseer (US Department of Education s.a.), naamlik die verbetering van studenteprestasie, die verbetering van stelsels, prosesse en hulpbronnvoorsiening en, derdens, die verbetering van menslike hulpbronne. Onder die kategorie wat die verbetering van studenteprestasie ten doel het, word aanbeveel dat aspekte soos bevoegdheidsgebaseerde leer, die verpersoonliking van leer, die gebruik van tegnologie in onderrig en leer, die ontwikkeling van nuwe wyses van studente-ondersteuning en die meer effektiewe aanwending van gemeenskapsbronne ingevoer moet word. Onder die kategorie waarvolgens stelsels, prosesse en hulpbrontoewysings verbeter moet word, word aanbeveel dat die interne samewerking tussen die onderwysstelsel-elemente en die eksterne samewerking tussen die onderwysstelsel en organisasies deurlopend verbeter moet word. Daar word ook voorgestel dat daar 'n verband tussen onderwysstelseluitsette en die kwaliteit van bestuur en die gepaardgaande begrotingstoekenning moet wees. Ten opsigte van die kategorie van die verbetering van menslike hulpbronne word die herorganisering van die onderwyserskorps in meer logies-gestruktureerde vlakke en kategorieë, aanvaarbare onderwysersvergoeding en die ontwikkeling van onderwyserprofessionaliteit en loopbaanontwikkeling ondersoek.

4.3 Die onderwysbegroting

Dit is belangrik dat onderwysowerhede op 'n deurlopende basis toets tot watter mate hulle daarin slaag om die gaping tussen insette en uitsette te vergroot. Die metingsmaatstawwe wat vir hierdie toetsing gebruik word, moet ongekompliseerd van aard wees. Die maatstawwe moet gereeld gebruik word om onderwysbeplanning en beplanningsimplementering, soos die beplanning en implementering van die onderwysbegroting, te rig. Die belangrikheid van prestasiemaatstawwe vir produktiwiteitsverbetering en die gebruik van die onderwysbegroting vir hierdie doel word wyd erken (Boser 2014). Die volgende stelling is ten opsigte van onderwysproduktiwiteit in die Verenigde State van Amerika gemaak: “We need to make sure that schools and districts not only get enough money to serve their student populations but also that they spend those dollars wisely” (Peters 2014). Peters (2014) verwys ook na die navorsing wat deur Boser (2014) gedoen is en beklemtoon dat die verlaging van onderwysproduktiwiteit 'n probleem in die Amerikaanse onderwys bly, met miljarde dollars wat verlore gaan in distrikte met 'n lae kapasiteit ten opsigte van menslike hulpbronne, infrastruktuur en bestuur. Daar word gemeld dat sommige distrikte se bestedingsprioriteite misplaas is. Dit word beklemtoon dat die bevordering van produktiwiteit deur middel van gerigte begrotingstoekenings, beskikbaarheid van ondersteuningspanne en die aanwending van prestasiemaatstawwe ondersteun moet word.


Ten einde produktiwiteit te bevorder moet begrotingsbeplanning en -beheer in die onderwysstelsel versterk en die beskikbaarheid van fiskale data verbeter word. Begrotings- en

ander inisiatiewe vir die kreatiewe verbetering van produktiwiteit moet deurlopend aandag ontvang (Vos 2018:153). 'n Voorbeeld is die ontwikkeling van 'n leerdergebaseerde befondsingsbeleid, waardeur onderwysinrigings wat (- groter -) getalle leerders op meer bekostigbare en produktiewe wyse bedien, bevoordeel word ten opsigte van befonding.

Dit is 'n algemeen bekende feit dat personeeluitgawes een van die grootste kostepunte in enige soort onderwysstelsel, die nasionale onderwysstelsel en die mini-onderwysstelsel is. Die personeelrekening bestaan gewoonlik uit professionele, administratiewe en ondersteuningspersoneel, wat meestal op permanente grondslag aangestel word. In verskeie gevalle word hierdie personeel aangestel op 'n salarisskaal met inkremente, veral ten opsigte van lewenskosteaanpassing, wat jaarliks vanselfsprekend toegeken word sonder dat daar noodwendig aan produktiwiteitsverhoging aandag gegee word (Umalusi 2015:33-51). Dit is terselfdertyd ook baie moeilik om produktiwiteitsverhoging te bewerk in 'n pos waaraan jaar na jaar dieselfde taakooreenkoms gekoppel word, byvoorbeeld dat daar jaarliks van die onderwyser verwag word om kwaliteitonderrig aan die graad 2-klas te voorsien. Besondere maatreëls behoort egter wel getref te word om produktiwiteitsverhoging, in samewerking met alle belanghebbendes, implisiet in die jaarlikse vergrote uitgawe in te bou. Voorbeelde is die sinvolle invoering van tegnologie, en/of om spanonderrig in te voer, en/of om spesiale uitdagende verantwoordelikhede aan personeel te gee, en/of deur middel van die gewone erkenning vir hoogstaande werk, en/of produktiwiteitsbevorderende groeiprojekte (Opstart 2017). Op die administratiewe en ondersteuningsvlakke moet, ten opsigte van ooreengekome verantwoordelikhede, ook spesifieke stappe geneem word om produktiwiteit deurlopend te verhoog, byvoorbeeld deur middel van die stroombelyning van prosesse en prosedures. Verantwoordelike funksionaris in die onderwysstelsel mag nie bloot aanvaar dat die jaarlikse begroting van die onderwysstelsel sal verhoog nie, maar moet doelbewus na verlaging in uitgawes soek, sonder om kwaliteit in te boet.

4.4 Uitkomst van nuwe onderwysbeleid

Ten einde nuwe uitdagings te hanteer word nuwe onderwysbeleid ontwikkel en uitgevaardig. Om suksesvol te wees moet hierdie beleid met die eksterne en interne kontekstuele tendense rekening hou (sien Figuur 2).



Figuur 2: Voorstelling van die kontekstuele tendense wat die aard van 'n onderwysstelsel beïnvloed (Steyn & Wolhuter 2014:151).

Gewoonlik word daar in beleidsontwikkeling nie genoegsaam met hierdie tendense rekening gehou nie. Dit is veral die interne kontekstuele tendens van wederkerige aard wat nie konkreet in ag geneem word nie, en dit kan die gladde funksionering van die onderwysstelsel ernstig benadeel, wat dan weer 'n beduidende negatiewe invloed op produktiwiteit het. 'n Voorbeeld van sodanige beleidsuitvaardiging is die vermeerdering van deurlopende assessering ten einde die kwaliteit van onderwys te verhoog, soos wat dit tans in die primêre skole toegepas word. Deurlopende assessering is 'n erkende en geldige onderrigelement wat die verbetering van kwaliteit akademiese uitsette ondersteun. 'n Onvoorsiene uitkoms van die nuwe beleid was egter dat onderwysers so verstrik geraak het in die gedurige assesseringsprosedures en administratiewe dokumentering van die assesseringsuitkomst dat hul onderrigtaak onder druk gekom het. Die onderwysers kon dus nie voldoende aandag skenk aan hul verantwoordelikheid van konteksskopping, verduideliking, verbandlegging en individualisering in die toepassing van hul onderrigstrategie nie (Spamer 2018; Sethusa 2012:180). Dit het tot 'n verlaging in onderwysermotivering en 'n vermindering in klasgeetyd gelei, wat aanleiding gegee het tot 'n verlaging in produktiwiteit. Produktiwiteitsverlaging kan dus volg deurdat daar nie op 'n gebalanseerde wyse op die bereiking van die maksimum akademiese prestasie (uitset) en die meegaande tydsbesteding (inset) gefokus word nie.

4.5 Die aard van organisasiestrukture


Die aard en funksionering van die element “organisasiestruktuur” van die onderwysstelsel lewer ook verskeie geleenthede vir die verhoging van produktiwiteit in die onderwysstelsel. Een van die neigings in onderwysstelsels, soos in ander groot organisasies, is dat daar soms meer bestuurders is as wat daar funksionele professionele persone is. Die meeste bestuurders wil seker maak dat hulle hul werk korrek uitvoer en daarom stel hulle vir hulself administratiewe ondersteuningspersoneel aan. Dit kan op sigself 'n negatiewe impak op produktiwiteit hê, want die personeeltyd as insetsyfer word verhoog. Die gevolg kan ook wees dat hierdie administratiewe personeel weer soveel druk op die onderrigpersoneel laai dat die uitsette van die onderrigpersoneel benadeel word. Gewoonlik word erken dat die gebruik van platter bestuurstrukture, met erkenning van die beginsel van 'n bestuurspanwydte van ongeveer een tot tien persone, en desentralisasie (nie net delegering nie) van bestuursverantwoordelikhede 'n positiewe bydrae tot produktiwiteit sal lewer.

Platter bestuurstrukture werk op die uitgangspunt dat minder bestuurders op die kern-funksies van die organisasie fokus, terwyl die uitvoeringsverantwoordelikhede, veral in 'n professionele organisasie soos 'n onderwysstelsel of -inrigting, na die operasioneel-professionele personeel afgewentel word. Gedesentraliseerde bestuur bevorder weer die uitgangspunt van die ahandelingsbevoegdheidsdeur meer individue (en groepe), terwyl gepaste beplanning en verslagdoening die gefokusde funksionering van die organisasie ondersteun. Desentralisasie maak dus staat op die verantwoordelikhedsbevoegdheid van die professionele persone in die organisasie omdat oormatige raadpleging, kontrole en verslagdoening die produktiwiteit van al die funksionariese van die organisasie benadeel (Van der Westhuizen et al. 2007:81-91; Vos 2018:130-131). Hierdie maatreëls dra veral by tot tydsbesparing (inset) en gelyklopende kwaliteitsverbetering in bestuursprosesse en -prosedures (uitset).

Bestuurders moet ook seker maak dat al hul aktiwiteite produktiwiteit so goed as moontlik bevorder. Hulle moet, byvoorbeeld, deeglike oorweging skenk aan die aantal en omvang van vergaderings, administratiewe inligting wat verlang word en die balans ten opsigte van beleidsvorming en -implementering.

4.6 Produktiwiteit in onderrig, met die insluiting van onderrigtegnologie

Die komponent “onderwyskundige struktuur” van die onderwysstelsel behoort een van die fokusse van ’n produktiwiteitsontleding te wees, want dit is in hierdie komponent waar beduidende spandering van fondse gedoen word ten einde aan die verwagtings van die teikengroep ten opsigte van akademiese prestasie te voldoen. Dit is belangrik om te onthou dat effektiewe onderwys afhanklik is van effektiewe kommunikasie. Die ontwikkeling van kommunikasie kan soos in Figuur 3 voorgestel word.



Figuur 3: Ontwikkeling van kommunikasie oor die eeue met gekoppelde vaardighede.

Die onderwys funksioneer tans in die derde fase van kommunikasie, en daarom moet al drie elemente van kommunikasie doeltreffend gebruik word en sorg moet gedra word dat die tersaaklike vaardighede (praat, lees en kyk) bemeester word. Dit is veral die goed gekose onderrigtegnologie (Muller 1998) wat met groot sukses gebruik kan word om produktiwiteit te verhoog, deurdat meer leerders gelyktydig bedien kan word en groter individualisering kan plaasvind, terwyl die koste van onderrig verlaag word (Traxler 2015). Ander stappe om te neem is, onder andere, die volgende:

- Die onderriggewer moet meer fasiliteerder wees – hy of sy moet dus nie meer alles self wil doen nie, wat tyd vrystel vir ander aktiwiteite (Bye 2017:4).
- Onderrigspanne behoort die verantwoordelikheid vir onderrig te neem ten einde ervare (duurder) en minder ervare (goedkoper) onderrigpersoneel gesamentlik betrokke te maak (Krammer, Rossman, Gastager & Gasteiger-Klikpera 2018:1).
- Daar behoort meer gebruik gemaak te word van aktiewe leer, byvoorbeeld deur middel van kleingroepwerk, want leerders moet self kan leer (Settles 2009:3-4).
- Die gebruik van portuurassessering, ten einde die tydsintensiwiteit van assessering deur onderriggewers te verlaag (Stanford 2018), moet bevorder word.
- Onderriggewers moet die gebruik van produktiwiteitsvriendelike onderrigstrategieë pertinent ondersoek (Steyn, Van der Walt & Wolhuter 2016).
- Ten opsigte van die voorsiening van onderwysfasiliteite, soos onderrigruimtes en toerusting, is dit belangrik om te onthou dat doeltreffende fasiliteite nie noodwendig luukse fasiliteite, en dus duurder fasiliteite, beteken nie (Owoeye & Yara 2011).

4.7 Die onderwysondersteuningsdienste en produktiwiteitsbevordering

Onderwysondersteuningsdienste verwys na daardie gespesialiseerde nietipiese onderwysdienste wat ingespan word om die kwaliteit van onderwys te verbeter. Hierdie dienste is, byvoorbeeld, die sielkundige dienste, maatskaplike dienste, mediadienste, behuisingsdienste en vervoerdienste (Steyn, Wolhuter, Vos & De Beer 2017:21). Aangesien hierdie dienste gespesialiseerde dienste is, moet onderwysbestuurders seker maak of dit meer produktief is om hierdie dienste in die onderwysstelsel self te voorsien en of dit dalk meer produktief is om hierdie dienste van buite in te kontrakteer.

5. SLOTSOM

Die doel van hierdie artikel was om, binne die konteks van die komplekse struktuur en funksionering van die onderwysstelsel, aan te dui hoe onderwysproduktiwiteit verbeter kan word met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Daar is bevind dat die teikengroep van die onderwysstelsel verwag dat dit op die mees bekostigbare wyse in die onderwysbehoefte daarvan moet voorsien, dus dat dit materieel-ekonomies en finansieel-ekonomies moet wees. Indien die produktiwiteitsyfer bepaal word as $P = U/I$, waar P die produktiwiteitsyfer, U die uitsetsyfer en I die insetsyfer is, is aangetoon dat daar genoeg elemente in die onderwysstelsel is wat reeds (selfs onwetenskaplik) gebruik word om die uitsette en insette van 'n onderwysstelsel te meet. Op formele vlak kan die uitsette gemeet word deur die gebruik van die aantal studente en die sukseskoers van die studente, en die insette word gewoonlik gemeet aan die hand van 'n verhouding tussen die koste en die aantal onderwysers in die stelsel. Op hierdie wyse kan die funksionariese en gebruikers van die onderwysstelsel bepaal watter maatreëls getref moet word om op die mees bekostigbare wyse in die onderwysbehoefte van die teikengroep te voorsien. Daar is ook aan die hand van enkele voorbeelde aangetoon hoe die onderwysstelsel stelselmatig ontleed kan word en voorbeelde van praktiese maatreëls wat getref kan word om die produktiwiteit van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te verbeter, is gegee.

BIBLIOGRAFIE

- Anon, 2016. Government celebrates South Africa's dismal maths and science results. *Business Tech*, 2-16. <https://businesstech.co.za/news/government/145121/government-celebrates-south-africas-dismal-maths-and-science-results/> [1 November 2016].
- Bensley, D.A. 1998. *Critical thinking in Psychology*. Pacific Grove: Brooks/Cole.
- Boser, U. 2014. A district-by-district evaluation of U.S. educational productivity. *Center for American Progress*. <https://www.americanprogress.org/issues/education-k-12/reports/2014/07/09/93104/return-on-educational-investment-2/> [20 February 2018].
- Business Dictionary. 2015. "Productivity". <http://www.businessdictionary.com/definition/productivity.html> [1 November 2015].
- Bye, R.T. 2017. The Teacher as a Facilitator for Learning. 9th International Conference on Computer Supported Education. Norwegian University of Science and Technology, Ålesund, Norway. <https://www.researchgate.net/publication/317108092> The Teacher as a Facilitator for Learning Flipped Classroom in a Master's Course on Artificial Intelligence [26 Oktober 2018].
- Child, K., Henderson R. & Macupe, I. 2017. Passes up but major worries over maths. *Herald Live*. <http://www.heraldlive.co.za/news/2017/01/05/passes-major-worries-maths/> [23 February 2018].
- Conradie, E.M. 2011. Knowledge for sale? The impact of a consumerist hermeneutics on learning habits and teaching practices in higher education. *Koers*, 76(3):423-446.

- Dung, D.H. 2004. Centralism – the dilemma of educational reforms in Vietnam. In McCargo, D. (ed). *Rethinking Vietnam*. London & New York: Routledge Curzon.
- Fox, K.J. 2004. *Problems with (dis)aggregating productivity, and another productivity paradox*. Sydney: University of New South Wales.
- Hatry, H.P. 1978. *The status of productivity measurement in the public sector*. Birmingham: Blackwell.
- Hayhoe, R. & Bastid, M. (eds). 2004. *China's education and the industrialized world: Studies in cultural transfer*. New York: M. Sharpe.
- Hayhoe, R. & Li, J. 2017. Philosophy and Comparative Education: What can we learn from East Asia? In Bickmore, K., Hayhoe, R., Manion, C., Mundy, K. & Read, R. (eds). 2017. *Comparative and international education: Issues for teachers*. Toronto: Canadian Scholars.
- Hoxby, C.M. 2004. Productivity in education: The quintessential upstream industry. *Southern Economic Journal*, 71(2):208-231.
- Indexmundi. 2017. *Government expenditure on education as % of total GDP*. <https://www.indexmundi.com/facts/indicators/SE.XPD.TOTL.GD.ZS> [13 November 2017].
- Krammer, M., Rossmann, P., Gastager, A. & Barbara Gasteiger-Klicpera, B. 2018. Ways of composing teaching teams and their impact on teachers' perceptions about collaboration. *European Journal of Teacher Education*, 41(4). <https://www.tandfonline.com/doi/full/10.1080/02619768>. [26 Oktober 2018].
- Larossa, R. 2005. Grounded theory methods and qualitative family research. *Journal of Marriage and Family*, 67(4):837-857.
- Lloyd Jones, M. 2004. Application of systematic review methods to qualitative research: practical issues. *Journal of Advanced Nursing*, 48(3):271-278.
- Mingyuan, G. 2014. *Cultural foundations of Chinese education*. Leiden: Brill.
- Motau, K. 2017. COSAS “disappointed” with poor EC matric results. *Eye Witness News*. <http://ewn.co.za/2017/01/06/cosas-disappointed-by-poor-eastern-cape-matric-results> [1 November 2017].
- Müller, P. 1998. Tegno-onderwys is hier. *Insig*, Maart:10-11.
- Opstart. 2017. *10 budget friendly ideas for employee incentives*. <https://www.opstart.ca/10-budget-friendly-ideas-employee-incentives/> [27 Oktober 2018].
- Owoeye, J.S., Yara, P.O. 2011. School facilities and academic achievement of secondary school Agricultural Science in Ekiti State, Nigeria. Kampala International University, Kampala, Uganda. *Asian Social Science*, 7(7). <https://pdfs.semanticscholar.org/2bdd/319002005169f5ae0f4d34ce4c82cf381ca1.pdf> [26 Oktober 2018].
- Pavlina, S. 2005. *What is productivity?* <http://www.stevepavlina.com/blog/2005/10/what-is-productivity> [1 November 2015].
- Peters, K. 2014. *Report evaluates educational productivity in Florida, assigns educational return on investment ratings to school districts*. <https://www.americanprogress.org/press/release/2014/07/09/93530/release-report-evaluates-educational-productivity-in-florida-assigns-educational-return-on-investment-ratings-to-school-districts/> [20 February 2018].
- RSA (Republic of South Africa). 2017. *2017 Budget Review*. <http://vm.fi/documents/10623/1982710/Budget+review+2017/9a163ffc-c71b-4487-8088-c6b8f0706b33?version=1.0> [1 November 2017].
- Settles, B. 2009. *Active learning literature survey*. Madison: University of Wisconsin.
- Sethusha, M.J. 2012 *An investigation of the challenges affecting teachers' classroom assessment practices*. Pretoria: Unisa. (Thesis – DEd). http://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/8128/thesis_sethusha_mj.pdf?sequence=1. [26 Oktober 2018].
- Sibanda, L. 2017. Learners' linguistic difficulties in solving mathematical assessments. *African Journal of Research in Mathematics, Science and Technology Education*, 21(1):86-96.
- Spamer, T. 2018. Tyd vir 'n beter leerplan. *Beeld*, 1 November 2018: 17.
- Sparkes, A.C. 2007. Embodiment, academics, and the audit culture: A story seeking consideration. *Qualitative Research*, 7(4):521-550.
- Standler, H. 2018. Is matriek goed genoeg vir werk? *Beeld*, 1 November 2018: 20.
- Stanford University. 2018. *Teaching commons: Peer Assessment*. <https://teachingcommons.stanford.edu/resources/teaching/evaluating-students/assessing-student-learning/peer-assessment>. [26 Oktober 2018].

- Steyn, H.J. 2007. *Die geldigheid van die metode van doelgerigte, herhalende, kritiese beredenering as navorsingsmetode*. Potchefstroom: NWU.
- Steyn, H.J. 2017. Economics driven discourse and education: Productivity increase in the education system? Unpublished paper read at the *Proceedings of the 15th Yearly International Conference of the Bulgarian Comparative Education Society*. Borovets, Bulgaria, June 2017.
- Steyn, H.J. & Wolhuter, C.C. (eds). 2014. *The education system: A comparative education perspective*. Potchefstroom: Keurkopie.
- Steyn, H., Van der Walt, H. & Wolhuter, C. 2016. A self-directed learning approach to large-group teaching: An evaluation. In Mentz, E. & Oosthuizen, I. (eds). *Self-directed learning research: An imperative for transforming the educational landscape*. Durbanville: Oasis.
- Steyn, H.J., Wolhuter, C.C., Vos, D. & De Beer, Z.L. 2017. *Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel: Kernkenmerke in fokus*. Potchefstroom: Keurkopie.
- Stoker, H.G. 1961. *Beginsels en metodes in die wetenskap*. Potchefstroom: Pro Rege.
- Taber, K.S. 2000. Case studies and generalizability: grounded theory and research in science education. *International Journal of Science Education*, 22(5):469-487.
- Tangen, S. 2002. Understanding the concept of productivity. *Proceedings of the 7th Asia Pacific Industrial Engineering and Management Systems Conference (APIEMS2002)*, Taipei.
- Tommaso, A. 2014. The Efficiency of Public Spending on Education: An empirical comparison of European Union Countries. *European Journal of Education*, 49(4):543-557.
- Traxler, J. 2015. A digital 'Arab Spring' for higher education? *University World News*, 24 April 2015, Issue No: 364. <http://www.universityworldnews.com/article.php?story=20150422065437831>. [6 Maart 2018].
- Van der Walt, J.L. 2017. The current business and economics driven discourse and education: Perspectives for around the world. *Proceedings of the 15th Yearly International Conference of the Bulgarian Comparative Education Society*, Borovets, Bulgaria, 20-23 June 2017.
- Van der Walt, J.L. & Wolhuter, C.C. 2017. Die neo-liberale ekonomiese revolusie in onderwys: Die gevaar van ontologiese reduksie. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 53(1-2):281-300.
- Van der Westhuizen, P.C., De Bruyn, P.P., Erasmus, M., Janson, C.A., Mentz, P.J., Steyn, S.C., Theron, A.M.C., Van Vuuren H.J. & Xaba, M.I. 2007. *Schools as organisations*. Cape Town: Van Schaik.
- Van Wyk, D. 2012. Suid-Afrikaanse onderwys in krisis. *LitNet-Akademies*. <http://www.litnet.co.za/suid-afrikaanse-onderwys-in-krisis/> [1 November 2017].
- Vignoles, A. 2009. Education, Training, Skills and an International Perspective. In Marsden, D. (ed). 2011. *Employment in the lean years*. Oxford: Oxford University.
- Vos, D. 2018. The management of resources. In Buthelezi, A.B. & Wolhuter, C.C. (eds). 2018. *Signposts for school management and leadership*. Potchefstroom: Keurkopie.
- Umalusi, 2015. *Indicators report 2008–2013. Council for quality assurance in general and further education and training*. Pretoria: Persequor Technopark.
- US Department of Education. s.a. *Increasing educational productivity: Innovative approaches & best practices*. <https://www.ed.gov/oii-news/increasing-educational-productivity> [20 Februarie 2018].
- Wolhuter, C.C. 1998. Spektroskopie van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel binne die internasionale ry van onderwysstelsels. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 18(1):9-19.
- Wolhuter, C.C. 2014. Weaknesses of South African education in the mirror image of international educational development. *South African Journal of Education*, 34(2). <https://www.ajol.info/index.php/saje/issue/view/11230> [1 November 2017].

Redakteursnota

Navorsing oor ekokritiek en die Afrikaanse letterkunde verteenwoordig ’n opwindende nuwe veld van ondersoek in Afrikaans. Artikels deur Susan Smith en Susan Meyer is reeds in vorige uitgawes van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* geplaas. In die Septemhernommer het Susan Meyer gereageer op Carien Smith se ekokritiese herlees van Riana Scheepers se kortverhaal “Katvoet”, wat in die Junienommer van die tydskrif gepubliseer is. Ons publiseer in hierdie afdeling nog ’n respons deur Reinhardt Fourie; Carien Smith het aangedui dat sy graag in die Maart 2019-nommer op sowel Susan Meyer as Reinhardt Fourie se opmerkings sal wil reageer.

Voortgesette diskoers skep die geleentheid vir teoretiese omlýning van die veld, wedersydse slyping van standpunte en perspektiewe, asook die ontwikkeling van toepaslike terminologie in Afrikaans.

Die redaksie rig hiermee weer eens ’n ope uitnodiging aan belangstellende lesers om deel te neem aan die diskoers oor ekokritiek.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

November 2018

Duiwelsadvokate en die ekokritiek: ’n Respons op Carien Smith se ekokrities-filosofiese benadering tot Riana Scheepers se kortverhaal “Katvoet”

Devil’s advocates and ecocriticism: A response to Carien Smith’s ecocritical-philosophical approach to Riana Scheepers’s short story, “Katvoet”

REINHARDT FOURIE

Departement Engels

Universiteit van Suid-Afrika (UNISA)

E-pos: fourir@unisa.ac.za



Reinhardt Fourie

REINHARDT FOURIE doseer Engelse letterkunde en literatuurwetenskap in die Departement Engels aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA). Hy voltooi tans ’n doktorale ondersoek in vergelykende letterkunde onder leiding van Andries Visagie aan die Universiteit Stellenbosch.

REINHARDT FOURIE lectures on English literature and literary theory in the Department of English Studies at the University of South Africa (UNISA). He is currently completing a doctoral study in comparative literature under the supervision of Andries Visagie at Stellenbosch University.

In 2013 het ek op uitnodiging van *LitNet Akademies* ’n kort essay gelewer oor die stand van omgewingsgerigte literêre studies in Suid-Afrika (sien Fourie 2013). Hierin het ek kortliks toegelig hoe die ekokritiek as ondersoekrigting sedert 2007 al hoe meer bepalend begin word het in die (Suid-)Afrikaanse literatuurstudie. In teenstelling met ander rigtings het ekokritiek sedert sy ontstaan en tot op daardie stadium (2013) taamlik heterogeen gebly. Enersyds is dié eienskap gesien as tot die voordeel van die ontwikkeling van die veld. Andersyds het dit beteken dat ekokritiek beskou kon word as teoreties onderontwikkel.

Ek het daarom indertyd twee vereistes geïdentifiseer waaraan ekokritiek myns insiens sou moes voldoen indien dit in die toekoms as ’n volwaardige ondersoekrigting geken wou word:

Ten eerste moet ekokritiek beter gedefinieer word binne die verskillende dissiplines en met plaaslike spesifisiteite in gedagte. Ondersoeke van dié aard is immers nie beperk tot die studie van letterkunde nie en moet verder reageer op Larsen (2007) se kritiek aangaande die byna eksklusief Anglo-Amerikaanse fokus van vroeë ekokritiese literatuurondersoeke. Ten tweede moet die ekokritiek op grond van sy etiese standpunte deur die grense van die akademie breek deur ’n duideliker bemoeyenis met omgewingskwessies daar te stel;

anders, soos [Buell] (1999:1096) dit stel, “ecocriticism will just be one of those trends that temporarily guarantee an audience, publications, tenure, promotions, and so on. It won’t change things.”

’n Vinnige literatuuroorsig toon dat ekokritiek as onderdeel van die breër Afrikaanse literatuurstudie die afgelope vyf jaar merkbaar gegroei het. Die grootste gros hiervan is die werk van Susan Smith en Susan Meyer. Smith, wat ook bekend is as digter, fokus in haar ondersoekes veral op die poësie (sien Smith 2014; 2016), terwyl Meyer weer ingestel is op die prosa (2013; 2014a; 2014b; 2015; 2016; 2017a; 2017b; 2018a). Ook die bydraes van onder andere Corné Coetzee (2015), Reinhardt Fourie (2016), Carien Smith (2016) en Henriëtte Loubser (2017) kan hierby ingesluit word. Die posisie van ekokritiek binne die kader van die Afrikaanse literatuurstudie is dus beslis stewig gevestig.

Die bogenoemde artikels behandel nie net tekste uit die Afrikaanse literatuur nie, maar in baie gevalle word ook teoretiese benaderings wat elders in die wêreld deur ekokritici gebruik is in die literatuurstudie hier te lande ingevoer, met die gevolg dat daar ’n gesonde verruiming van ’n soort eko-literatuurwetenskap *in Afrikaans* plaasgevind het.

’n Artikel wat natuurlik tot die bogenoemde lys gevoeg kan word, is dié van Carien Smith (2018), wat onlangs in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* verskyn het, waarin sy die kortverhaal “Katvoet” uit Riana Scheepers se gelyknamige bundel vanuit ’n “ekokrities-filosofiese perspektief” benader. Ek wil akkoord gaan met Susan Meyer (2018b) wanneer sy noem dat Smith se bydraes tot die ekokritiese literatuurstudie in Afrikaans van groot waarde is en ek hoop dat haar navorsing op hierdie terrein verder sal verskerp.

Met hierdie essay wil ek ’n paar opmerkings maak betreffende Smith se ondersoek. My oogmerk is nie om Smith se argument as sodanig te weêrlê nie, maar eerder om as ondersoeker die rol van duiwelsadvokaat teenoor die omgewingsgerigte literatuurstudie te speel as deel van die groter gesprek rondom hierdie belangrike veld. Sodoende wil ek weer soos in 2013 kortliks besin oor die moontlike probleme wat teenswoordig verband hou met ekokritiese literatuurstudie, dié rigting se teoretiese begroning en veral ons gebruik daarvan in ons ontledings van belletristiese tekste.

Susan Meyer noem tereg reeds in haar respons op Smith (2018) se artikel dat daar in ’n snel ontwikkelende veld soos die ekokritiek versigtig omgegaan moet word met die gebruik van terminologie (2018b:623). In sekere opsigte is dit nog meer die geval vir navorsers wat hulle bemoei met ondersoekes binne die kader van die Afrikaanse literatuurstudie, omdat daar hier sprake is van nie net ’n teoretiese oordrag en verruiming nie, maar ook van terminologieskepping (en Meyer wys daarop dat terme en idees nie altyd eenvoudig deur vertaling oorgedra kan word nie). Omdat toekomstige ondersoekes waarskynlik hewig sal steun op die pionierswerk van ander navorsers, kan die rimpeleffek hiervan verreikende gevolge hê. Meyer let reeds in hierdie opsig op Smith se artikel en ek gaan daarom nie verder daarop in nie. My fokus berus eerder op sekere aspekte van die argument wat deur Smith in haar analise van “Katvoet” ingespan word en hoe dit as tekenend gelees kan word van die benaderingswyses wat soms neerslag vind in hierdie soort ondersoekes. Soos met die gebruik van teoretiese konsepte kan ook ons benaderingswyses in die ontledings in ons ondersoekes die toon vir toekomstige navorsing aangee en aldus langdurige (positiewe of negatiewe) gevolge inhou vir die veld.

Ter wille van bondigheid beperk ek my kritiek hier hoofsaaklik tot die ontleding van die kortverhaal in Smith se artikel. Sy maak hier veral gebruik van die konsep “natuur” – by tye eksplisiet, maar deurgaans ook implisiet. Sy bespreek hoe die nosie “natuur” alreeds binne die ekokritiek benader is en vestig daardeur die aandag op die binêre teenstelling van die natuur teenoor kultuur waarmee baie ekokritiese studies gemoeid is (2018:318-319). Anders

gestel, behels dit die idee van die mens *teenoor* die natuur (of andersom). Trouens, hierdie netelige digotomie staan sentraal in die ekokritiek.

In haar oorsigtelike bespreking wys Smith op die Bybelse hiërargie tussen mens en natuur as die waarskynlike oorsprong van hierdie beskouing, veral binne Westerse denke en sisteme. ’n Kerneienskap van hierdie dualisme is die idee van die mens as uniek in sy rasonele denke. In navolging van ’n aantal ander ekokritici voer sy aan dat hierdie dualisme gedekonstrueer kan word deur die konsep “natuur” te herdefinieer (Smith 2018:318). Sodanig beskou moet die natuur nie gesien word as passiewe onderdaan van die mens nie en “[word] maniere benodig [...] om die interaksies tussen verskeie verskynsels te verstaan; die interaksies tussen die liggaamlike, materiële, menslike, meer-as-menslike, die diskursiewe en die tegnologiese” (ibid.). ’n Intellektuele ondermyning van hierdie dualisme vereis volgens Smith ’n daadwerklike poging om weg te beweeg van antroposentriese opvattinge oor natuurwesens (tradisioneel in hierdie dualisme die Ander teenoor die mens), waardeur hulle as outonoom en gelyk aan die mens gesien word, sodat ons nie hierdie wesens se eie taal en bedoelinge met groot gevaar (verder) ignoreer nie (ibid.).

In haar ontleding van “Katvoet” voer Smith vervolgens aan dat die “hiërargie tussen die menslike en niemenslike omvergewerp” word in die kortverhaal – met ander woorde die natuur word uitgebeeld as “in ’n gesonde verhouding met die samelewing,” te wees en die verhaal “bevraagteken ongelykheid” tussen die mens, die natuur en diere (2018:321-322). Deur die vrou in die verhaal se nagtelike togte die natuur in “maak sy haarself deel van ’n alternatiewe lewe wat nie as deel gesien word van die lewe wat met rasionaliteit vereenselwig word nie en daarom nie as deel van die menslike beskou word nie” (Smith 2018:322). Smith beskryf die vrou se wandeling as ’n “verdiërliking” en verskeie aksies word gelees as ’n “wegbreek van die rasonele: [die vrou] maak haarself los van die rede, rasionaliteit, die menslike en laat die instinktiewe oorneem” (ibid.).

In hierdie argument is daar vir my ’n logiese gaping wanneer dit teruggevoer word na sommige van die grondliggende vertrekpunte van die ekokritiek. Terwyl Smith tereg wys op die eeueoue problematiese binêre opposisie wat die mens opgelê het tussen sigself en die natuur, is hierdie opposisie diep gewortel in menslike diskoerse oor sy eie idees as *denkende* wese. Die poging om die vrou se “verdiërliking” te beskou as ’n opheffing van dié dualisme, is nie oortuigend nie. Die navorser se gebruik van die nosie “instink,” waarmee bedoel word ’n soort dierlike natuurdrif, ondermyn juis haar argument: Wanneer diere intelligent optree, of optree in hul eie belang of in die belang van hul spesie (met ander woorde só optree dat ons dit binne ’n bepaalde menslike betekenisraamwerk interpreteer) noem die mens dit “instink”. Wanneer mense op soortgelyke wyse optree, noem ons dit egter verskeie ander dinge wat blykbaar ingewikkelder is en nie bloot ’n natuurdrif – ’n instink – is nie (“rasionele optrede”; “selfsug”; “vrygewigheid”; allerhande verskillende emosies; ens.).

Verderaan in die argument word die vrou en die huiskat ook met mekaar vergelyk (Smith 2018:322-323). Die kat word gesien as “verteenwoordigend van die dierlike asook die natuur” – ten spyte daarvan dat die kat makgemaak is, soos die navorser ook erken (Smith 2018:323). Die argument berus hier te veel op die kat as ’n dier wat liminaal bestaan (of selfs ’n liminale bestaan voer) tussen die menslike en dierlike wêreld, sonder dat die idee van ’n *huiskat* en die konvensioneel absolute skeiding tussen mens en natuur enigsins geproblematiseer word. Hier was byvoorbeeld ’n geleentheid om dieper te besin oor hoe die begrip “natuur” herdefinieer kan word – ’n pleidooi van ander ekokritici wat Smith vroeër in haar artikel eggo (2018:314), maar wat sy ongelukkig nie in haar ontleding tot volvoering bring nie.

Dit is ook die seksuele aspekte van die vrou se bestaan wat vir Smith dui op die verhaal se opheffing van die onderskeid tussen mens en dier. Die vrou se nagtelike wandeling lei daartoe dat sy “’n veel vuriger minnares” word (152), wat weereens deur Smith beskou word as ’n “verdieliking” – in so ’n mate dat Smith die interaksie tussen die vrou en haar man as “’n vorm van interaksie tussen ’n dier en ’n mens” lees:

“[Sy] is die vrou wat [haar] minnaar bemin, wat met [haar] tong en vingerpunte ’n *bloedspoor oor sy vel kruip*, [haar] *naels in sy rug slaan*” (152). Verder weet die man dat hy nie sy “nagvrou” kan keer nie (155); in hierdie konteks word die nag met die natuur en die dierlike verbind en die vrou word weereens as dierlik uitgebeeld, ’n wese wat *dierlike impulse en neigings* het wat nie deur die mens beheer kan word nie. (Smith 2018:325; my beklemtoning)

Deurdat die klem gelê word op die sogenaamde “dierlike” aspekte wat hier deur die karakter getoon word, word die binêre opvatting oor onderskeidelik die mens en dier bevestig eerder as weêrlê. Die vrou-dier word voorwaar eksoties. Die seksdaad, in sekere opsigte een van die mees universele ervarings vir mense, maar ook vir baie diere, word iets wat *noodwendig* anders is vir mense as vir diere. Die aanvaarding van hierdie denkwysse verraai ongelukkig juis hoe diepliggend die mens/natuur-dualisme is en sodoende word dit juis bevestig – stellig in die verhaal en in Smith se analise. Hierdeur suggereer ek nie dat verskillende perspektiewe en ervarings in dié verband nie moontlik is nie, maar eerder dat hier argumentatief gereduseer word, eerder as wat nuanses ontdek en verken word.

Dit is nie my bedoeling om teen Smith se ontleding as geheel te argumenteer nie. Eerder wil ek die aandag daarop vestig dat sekere van Smith se interpretasies van Scheepers se verhaal binne die gekose teoretiese raamwerk twyfelagtig is omdat dit enersyds ’n benadering verklap wat steeds binne besondere antroposentriese beskouings van die natuur en mens gesentreer is, en andersyds nie krities genoeg staan teenoor die verhaal wat geanaliseer word nie. ’n Kritieser benadering tot hierdie kortverhaal sou myns insiens verhelderend kon wees. Dit wil sê, die verhaal moes miskien ook benader word as op sigself deels problematies; tekenend van die diepliggende antroposentriese sosiale, kulturele en intellektuele waardes wat die mens dikwels so apaties teenoor die res van die aarde laat staan. Om die verhaal van meet af te lees as ’n “[teks] waar ekokritiek teenwoordig is” of as “[’n prosawerk] met ’n ekokritiese aanslag” (Smith 2018: 320 en 321) lei daartoe dat daar gewoon aanvaar word dat die verhaal reeds ’n uitstekende voorbeeld van die soort verhaal is wat die outeur se argument ondersteun. Dit is egter nie so eenvoudig nie, omdat die mens se werklikheid en ons sinskepping almaardeur deur taal gemedieer word. Taal weerspieël nie bloot iets van die werklikheid nie, maar vorm dit ook. En daarom moet ekokritici konsekwent ’n kritiese standpunt teenoor kreatiewe tekste en ons eie beskouings inneem.

Terwyl daar met reg geargumenteer kan word dat “Katvoet” ons anders kan laat dink en anders kan laat kyk na die verhouding tussen die mens en die natuur, is ook dié verhaal vanuit ’n kritiese perspektief deel van ’n veelvlakkige skubstruktuur wat die mens/natuur-dualisme beklemtoon en weer as dominante diskoers bevestig. Die ekokritiese leser en navorser moet myns insiens daarom juis in velerlei opsigte beoordeelend te werk gaan – as mekaar se en as ons eie duiwelsadvokate – al beteken dit dat ons ook soms problematiese eienskappe van ’n teks met omgewingsgerigte temas strenger moet bejeën.

BIBLIOGRAFIE

- Coetzee, C. 2015. Huisies aan die Rand: Ekokritiek en in die besonder stedelike ekokritiek as lens vir die lees van sewe gedigte met Johannesburg as agtergrond. *LitNet Akademies*, 12(3):1-50.
- Buell, L. 1999. Letter for the Forum on Literatures of the Environment. *PMLA*, 114(5):1090-2.
- Fourie, R. 2013. Is ekokritiek die moeite werd? *LitNet*, 22 Februarie. <https://www.litnet.co.za/is-ekokritiek-die-moeite-werd/> [4 Julie 2018].
- Fourie, R. 2016. Is ekopoësie te maklik bloot belangepoësie? “naggestig” (Dolf van Niekerk) en “quinera” (Susan Smith) in oënskou geneem. *Stilet*, 28(1):45-63.
- Larsen, S.E. 2007. To see things for the first time: Before and after ecocriticism. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap / Journal of Literary Studies*, 23(4):341-73.
- Loubser, H. 2017. Die uitbeelding van omgewingskwessies in Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur: ’n ekokritiese perspektief. Ongepubliseerde PhD-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Meyer, S. 2013. Earth as Home: Nature and Refuges/Living Spaces in Some Afrikaans Narratives. In: Viljoen, H. (red.). *Crossing Borders, Dissolving Boundaries*. Brill: Amsterdam, pp. 113-133.
- Meyer, S. 2014a. “Ons is mense. My kinders hét gesigte.” Die natuurlike omgewing en die konseptualisering van die self in *Karretjiemense* (Carol Campbell). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):675-692.
- Meyer, S. 2014b. Ingeplaaste skryf as vergestaltung van ekosentriese ingesteldheid in Petra Müller se verhaalkuns. *Literator*, 35(2):1-12.
- Meyer, S. 2015. Die allesomvattende materiële dimensie van ons bestaan: aspekte van die nuwe materialisme in *Vuurklip* van Marié Heese. *LitNet Akademies*, 12(2):69-89.
- Meyer, S. 2016. Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: ’n ondersoek na *Boomkastele: ’n sprokie vir ’n stadsmens* (Schalk Schoombie). Deel 1, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2):1200-1212.
- Meyer, S. 2017a. Natuurgesentreerde skryfwerk as ekosisteem: ’n ondersoek na *Boomkastele: ’n sprokie vir ’n stadsmens* (Schalk Schoombie). Deel 2, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(1):154-167.
- Meyer, S. 2017b. Mens-plant-verbintenisse in *Die sideboard* (2014) van Simon Bruinders. *LitNet Akademies*, 14(1):1-26.
- Meyer, S. 2018a. Groen postkolonialisme in *Etosha* (Piet van Rooyen). *Literator*, 39(1):1-9.
- Meyer, S. 2018b. Reaksie op die artikel “’n Ekokrities-filosofiese perspektief op die kortverhaal ‘Katvoet’ (Riana Scheepers)” deur Carien Smith (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 58(2):310-329). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(3):622-626.
- Scheepers, R. 2009. *Katvoet*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Smith, C. 2016. Die vrou, swangerskap en die dier in die kortverhaal “Katvoet” deur Riana Scheepers: ’n fenomenologiese ondersoek. *LitNet Akademies*, 13(2):227-252.
- Smith, C. 2018. “’n Ekokrities-filosofiese perspektief op die kortverhaal ‘Katvoet’ (Riana Scheepers)”. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(2):310-329.
- Smith, S. 2014. Ekokritiek en die nuwe materialisme: ’n ondersoek na die nuwe materialisme in enkele gedigte van Johann Lodewyk Marais uit die bundel *In die bloute* (2012). *LitNet Akademies*, 11(2):749-774.
- Smith, S. 2016. “Landskapverinniging” as sentrale motief in die gedig “tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid” in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2):1213-122.

Oor 'n skryfwyse

In die loop van die saamstel en gereedmaak van hierdie uitgawe van die *TGW* het 'n interessante probleem opgeduik wat ek graag hier wil bespreek. Dit handel oor skryfwyse (dit wil sê oor los en vas skryf), die deel van ons spelreëls wat myns insiens die meeste probleme vir Afrikaansskrywendes oplewer.

Eers 'n treetjie terug: Die woord *kaalvoet*, net so bloots, verskyn vir die eerste maal in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS)* in die derde uitgawe (1921). Op sigself beteken dit nie veel meer as om aan te dui dat die toenmalige Taalkommissie (TK) dit as Standaardafrikaans beskou het en dat dit 'n selfstandige woord is nie. 'n Mens kan nie juis iets oor gebruik en skryfwyse daaruit aflei nie. In die eerste uitgawe van die *AWS* (1917) is gesê:

Wanneer die een of ander woordsoort – behalwe 'n bijvoeglike naamwoord – 'n selfstandige naamwoord nader bepaal, word die twee aaneengeschrywe: **noordpool, seewater, môreson, uitspanplek.**

'n Mens sal dus kan aflei dat “kaalvoetkind” die korrekte skryfwyse moet wees. In die sesde uitgawe (1953) kry *kaalvoet* egter 'n stertjie by: “kaalvoet (*hy loop* —)”, wat dus 'n gebruiksaanduiding byvoeg, naamlik dat *kaalvoet* as 'n bywoord gebruik kan word. In die Deel V (1968) van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* staan daar dat *kaalvoet* 'n byvoeglike naamwoord (b.nw.) en 'n bywoord (bw.) is, en voeg by: “In attributiewe posisie [dus voor die s.nw. – JDM] gewoonlik vas geskryf aan die volgende selfstandige naamwoord [s.nw.]” Die papierweergawe van dié *WAT* gee onder meer die verbindingsvoorbeelde *kaalvoetklonkie* en *kaalvoetseun*. Daarenteen het ID du Plessis in sy 1944-digbundel *Die vlammeende fez* sy bekende gedig “Kaalvoet Klonkie” geskryf.

Eers in die 1991-*AWS* kom nog iets by, naamlik die geïmpliseerde voorskrif dat *kaalvoet* in die attributiewe posisie **los** geskryf word. Die *AWS*-inskrywings lyk nou so:

kaalvoet (*hy loop* —)
kaalvoet seun, -s

Wat het hier gebeur, of is dit maar net 'n TK-nuk om reëls te verander? Laasgenoemde glad nie.

“Kaalvoet seun” bestaan woordsoortelik uit (b.nw. + s.nw.) + s.nw. Die normale skryfpatroon vir sulke kombinasies is om alles vas aan mekaar te skryf, byvoorbeeld *hoëhakskoen, breërandhoed, korttermynplan, blouoognooi, witkopseun, ooptoonsandaal, digitale-erategnologie, opvoedkundigesielkunde-student* (onthou dat 'n koppelteken ook vas skryf is). Daar is hande vol sulke samestellings in Afrikaans en nuwes kan amper na willekeur geskep word.

Die *AWS* noem dié soort samestellings **samestellende samestellings**, waarvan die laaste lid (s.nw.) die kern is wat “beskryf” word deur 'n saamgestelde bepaler, wat in bogenoemde voorbeelde bestaan uit (b.nw. + s.nw.), byvoorbeeld (*hoë* + *hak*) + *skoen* = *hoëhakskoen*.

Soms gebeur dit egter dat so 'n saamgestelde bepaler as 't ware 'n lewe van sy eie aanneem – dalk omdat dit baie algemeen voorkom, dalk omdat die betrokke bepaler hom daartoe leen – en dan soos 'n “gewone” b.nw. en/of bw. begin optree; *kaalvoet, hardekoewewel* en *dikbek*

is tipiese voorbeelde. Hulle kan dan ook predikatief (dus ná 'n koppelwerkwoord soos *is* of *was*) en bywoordelik (dus as bepaling van 'n werkwoord) gebruik word:

- *Die kinders is kaalvoet* (pred.); *Die kinders loop kaalvoet* (bw.); en dus *Die kaalvoet kinders* (attr. los).
- *Die leerders is baie hardekoewawel*; *Die leerders tree hardekoewawel teenoor die onderwysers op*; en dus *Die hardekoewawel leerders*.
- *Die verloorders was maar dikbek*; *Die verloorders storm dikbek van die veld af*; en dus *Die dikbek verloorders*.

Dit gebeur egter nie altyd nie. Dit is byvoorbeeld nie idiomaties om te sê **Die nooi is blouoog* of **Die hoed was breërand* nie; sulke omstelling kort nog iets. Ek kan my ook nie 'n bywoordelike gebruik voorstel nie.

Moderner woorde wat dieselfde proses as *kaalvoet* en sy maats ondergaan het, is *aanlyn* en sy minder bekende teenoorgestelde *vanlyn*. Hoewel 'n mens in korpusse nog talle trefslae van iets soos *aanlynstelsel* of *aanlynregistrasie* sal kry (wat dus 'n aanduiding van die oorspronklike skryfwyse is), is dit vandag baie algemeen om *aanlyn* en *vanlyn* ook predikatief en bywoordelik te gebruik, net soos byvoorbeeld *kaalvoet* of *dikbek*. Dink maar aan iets soos:

- *Ons stelsel is nou weer aanlyn* (pred.); *Hy koop boeke aanlyn* (bw.); en dus 'n *aanlyn stelsel*, *aanlyn aankope*.
- *Die munisipaliteit se stel is al weer vanlyn*; *Die atlete kan slegs vanlyn registreer*; en dus 'n *vanlyn stelsel*, *vanlyn registrasie*.

Sulke gevalle word in die jongste *AWS* (2017) in reël 15.31 bereël. Dit lui: “Wanneer 'n verbinding van 'n byvoeglike plus 'n selfstandige naamwoord in die geheel die waarde van 'n byvoeglike naamwoord of bywoord het, word dit vas geskryf.” Verskeie voorbeelde soos bogenoemde word ter illustrasie daarby gegee en die saak word ook in die opmerkings by die reël verder verduidelik. Die reël moet verstaan word op grond van sy bewoording, die voorbeelde daarby en die toeliggende opmerkings: Kyk ook reël 15.27.

Die probleem wat opgeduik het, het die skryfwyse van *inlyn* + s.nw. behels en wel omdat *inlyn* lyk soos *aanlyn* en *vanlyn* en natuurlik ook 'n bepalende (min of meer “byvoeglike”) funksie het. 'n Paar ondersoekte is gedoen (ek bedank die TK se Suléne Pilon ook vir haar hulp), maar ons kon nie korrekte voorbeelde kry van *inlyn* wat ook predikatief of bywoordelik gebruik word nie – ons het dit slegs in die attributiewe posisie gekry. Daar was wel enkele voorbeelde van gevalle wat “in lyn” (los geskryf) moes wees en 'n ander betekenis het, maar verkeerdelik “inlyn” geskryf is.

Inlyn het klaarblyklik verskillende betekenis, maar hier het dit om die gebruik in rekenaar- of internetverband gegaan.

Die slotsom is dus dat die bepaler *inlyn* steeds vas aan sy kern geskryf moet word, byvoorbeeld *inlynkommunikasiemedia*, ook in ander betekenis, soos *inlynssessilinderenjin* (wat, terloops, myns insiens 'n onnodige komplikasie is; hoekom nie net, soos in die ou dae, “reguit sessilinderenjin” nie?).

Soos 'n oud-TK-voorsitter, wyle prof. Johan Combrink, gesê het: “Spelreëls is nie vir sissies nie!”

JD (TOM) McLACHLAN

Suid-Afrikaanse dramavertalings en -verwerking

Uitnodiging om bydraes in te stuur vir 'n spesiale uitgawe oor Suid-Afrikaanse dramavertalings en -verwerkings. Bydraes kan fokus op enige aspek van dramavertaling en/of dramaverwerking, onder meer:

- Die praktyk van dramavertaling binne 'n (Suid)- Afrikaanse konteks
- 'n Historiese perspektief op Afrikaanse en/of ander Suid-Afrikaanse tale se vertalings/verwerkings van dramas
- Teoretiese benaderings t.o.v. dramavertalings en/of dramaverwerkings
- Dramavertalings en/of dramaverwerkings binne die konteks van Suid-Afrikaanse kunstefeeste

Indien u belang stel, tree asseblief in verbinding met

PROF MARISA KEURIS

E-pos: keurim@unisa.ac.za

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademieskantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelede manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieklik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10-20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

Page fees: There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

Copyright: Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfer te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis: Gister en vandag